

DIE KULTURE VAN GREEFSWALD

Deel I

J F ELOFF

8881

DIE KULTURE VAN GREEFSWALD

'N ARGEOLOGIESE STUDIE VAN DIE YSTER=
TYDPERKKULTURE OP DIE PLAAS GREEFSWALD

DEEL I

J F Eloff

Departement Argeologie
Universiteit van Pretoria

Mei 1979

DANKBETUIGING

Opregte dank en erkentlikheid word betuig teenoor die volgende persone en instansies vir direkte of indirekte hulp in verband met die navorsing op Greefswald.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het 'n groter toekenning vir die navorsing gemaak.

Die Universiteit van Pretoria het finansiële en ander materiële hulp verleen.

Prof. dr. P.J. Coertze, tans professor honorêr, het in die vyftigerjare die Universiteit van Pretoria se verantwoordelikheid ten opsigte van Greefswald herbevestig en daarmee die hervatting van navorsing gestimuleer.

Mnr. A. Meyer, navorsingsassistent in die departement Argeologie, was vir die veldwerk verantwoordelik en het die grootste aandeel in die verwerking en aanbieding van die gegewens gehad.

Mnr. H. Prinsloo, lektor in die departement Argeologie, was met die opgrawings behulpsaam.

Die volgende deskundiges van buite hierdie departement het hulle kennis en tyd tot ons voordeel aangewend by wyse van spesialisteverslae of mondelinge inligting:

Dr. Claire C. Davison, Universiteit van California;
prof. dr. H. de Villiers, Universiteit van die Witwatersrand;
dr. J. Vogel, NFNL (WNNR); mnre. J. van Aardt en P. Loubser, NBNI (WNNR); mev. E. Voigt, dr. I. Rautenbach, dr. A. Kemp en mev. M. Kemp, Transvaal Museum; prof. P.J. Robbertse, mnre. A. Jonker en G. Germishuizen, dept. Algemene Plantkunde, UP; mnr. J. Pienaar en mejj. Retief, Smook en van Hoepen, Navorsingsinstituut vir Plantkunde; mev. E. du Plessis, afd. Plant- en Saadbeheer; mnre. G. Pienaar en J. Becker, dept. Metallurgiese Ingenieurswese, UP; mnr. E. Hanisch, Nasko Museum.

Die volgende persone het ook 'n besondere bydrae gemaak. Mejj. Visser en Prinsloo en mev. Smit, Oudio-visuele diens, UP; mnr. G. Dednam en mej. van der Linde, Rekenaarsentrum, UP.

'n Groot aantal argeologiestudente het met belangstelling en energie aan die opgrawings, laboratoriumwerk en tekenwerk gearbei.

Mev. C. Quinn het die tikwerk gedoen en talle bykomstige take verrig.

Daar is baie ander helpers wie se name hier ook genoem behoort te word. Aan hulle en al die bogenoemdes sê ek nogmaals baie dankie.

Prof. J.F. Eloff
Departement Argeologie
Universiteit van Pretoria
Mei 1979

Die geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing tot die koste van hierdie navorsing word hiermee erken.

Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywers en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

VOORWOORD

Hiermee word 'n verslag aangebied van die argeologiese navorsing wat van 1971 tot 1973 op die plaas Greefswald gedoen is en van die verwerking van die materiaal wat daar ingesamel is. Die navorsing is onderneem met die doel om die gegewens i.v.m. die vroeëre kulture op Greefswald aan te vul en verder ook die kennis i.v.m. die ystertydperk in suidelike Afrika uit te brei.

Die publikasies van Fouché en Gardner en die talle artikels en uitsprake i.v.m. die Greefswaldterreine het twee feite duidelik aan die lig gebring: eerstens, dat die betreklik ongeskonde terreine met hulle diep afsettings en hulle rykdom aan kulturele materiaal asook hul vroeëre assosiasie met sosio-ekonomiese ontwikkelings in suidelike Afrika 'n besondere bydrae tot ons kennis van die ystertydperk kan maak, maar, tweedens, dat daar ernstige leemtes in die gepubliseerde gegewens oor die terreine bestaan a.g.v. tekortkominge in die vroeëre opgrawingsverslae en die onbevestigde afleidings wat gemaak is, veral dié van Gardner.

As gevolg van die leemtes in die gepubliseerde gegewens het argeoloë sowel as leke foutiewe interpretasies gemaak en kon die waardevolle inligting wat in die terreine opgesluit gelê het, nie benut word nie. Daar is toe allerweë gevoel dat verdere navorsing noodsaaklik was.

In 1953 en 1954 het prof. P.J. Coertze en mnr. H.F. Sentker en 'n groep studente van die Universiteit van Pretoria die navorsing i.v.m. Greefswald hervat deur 'n sistematiese opgraving op die sg. Suidelike Terras te doen. Om verskillende redes kon daar egter nie onmiddellik ná 1954 met die werk voortgegaan word nie.

In 1968 het ek met die hulp van 'n groep studente weer op die Suidelike Terras begin werk. In die daaropvolgende twee jaar,

d.w.s. tot 1970, het ons daar voortgegaan, maar dit was duidelik dat ons met die kleinskaalse opgrawings nie die bydrae tot die uitbreiding van kennis i.v.m. die Greefswaldkulture kon maak wat ons in gedagte gehad het nie.

In 1971 het daar egter 'n radikale verandering in die navorsingsopset gekom toe ons met behulp van 'n groter toekening van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 'n intensiewe navorsingsprogram kon loods. 'n Nagraadse argeologiese student, mnr. A. Meyer, is aangestel as navorsingsassistent en hy het gedurende April, 1971, met opgrawingswerk begin. Tot in 1973 was hy jaarliks vir ongeveer vier maande besig met opgrawingswerk, bygestaan deur 'n werkspan van 10 swart arbeiders.

Mnr. Meyer het daarin geslaag om sy werkers in so 'n mate op te lei dat 'n paar van hulle tot bedrewe grawers ontwikkel het wat nie net 'n troffel of 'n kwas kon hanteer nie maar ook belangrike verskynsels kon identifiseer. Ten spyte daarvan het dit besondere eise aan die argeoloog gestel om tegelykertyd aan die een kant saam met sy assistente te graawe en waarnemings te doen en aan die ander kant veldaantekeninge te skryf en sketse te maak. Maar daarby het dit nie opgehou nie. Die aantekeninge en sketse moes daarna gekontroleer word en dit het baie ure van moeitevolle arbeid vereis om te verseker dat die eindproduk sou voldoen aan die eise vir noukeurigheid wat met die aanvang van die projek gestel is.

Die klassifisering en verwerking van die opgegraafde materiaal is in die argeologieselaboratorium met behulp van studente gedoen. Daarbenewens het verskillende deskundiges hulle bereid verklaar om van die argeologiese vondste te bestudeer en verslae daarvoor uit te bring. Mens voel dankbaar dat daar persone is wat ter wille van die bevordering van wetenskaplike kennis bereid is om hulle tyd en energie beskikbaar te stel sonder om materiële vergoeding te verwag. Ongelukkig is sekere inligting te laat ontvang om by die ander gegewens te integreer.

Daar word nie in hierdie verslag daarna gestrewe om 'n volledige beeld van die geskiedenis en lewenswyse van die vroeëre bewoners van Greefswald te verstrek nie. Daarvoor is die opgrawings van 1971 tot 1973 te beperk. Ons glo egter dat die werk wat daar gedoen is, die grondslag vir verdere wetenskaplike navorsing sal lê. Die Greefswaldterreine, met hulle gestratifiseerde afsettings en rykdom aan kulturele materiaal, is van die vrugbaarste terreine in suidelike Afrika om inligting te verskaf oor die ekonomiese lewe, vestigingswyse en kultuurpatroon van gemeenskappe in die ystertydperk en om 'n studie te maak van prosesse soos kultuurkontak en akkulturasie. Die potensiaal sal nog verder benut moet word.

Die verslag wat hier aangebied word, bestaan uit vyf dele. In deel I word o.m. 'n uiteensetting gegee van die sienswyses van argeoloë i.v.m. Greefswald en die werk wat daar gedoen is, daarná word die probleemstelling en metodiek i.v.m. die navorsing verduidelik en dan word die opgrawings beskryf. Deel II word gewy aan 'n beskrywing van die tegniese skeppinge; die klem word gelê op 'n ontleding van die potwerk deur A. Meyer. Deel III bevat eerstens 'n interpretasie van die dierebeendere deur E. Voigt en daarná volg 'n beskrywing van die plantoorblyfsels (waaroor ongelukkig nie veel materiaal verkry kon word nie), 'n beskrywing van die menslike skeletmateriaal en 'n interpretasie van radiokoolstofdatums; ten slotte word 'n samevatting en interpretasie van al die navorsingsgegewens aangebied. Deel IV bevat 'n honderd foto's wat uit 'n groot aantal uitgesoek is wat lig werp op verskillende aspekte van die navorsing. Deel V bestaan uit illustrasies wat gedetailleerde inligting verskaf. Ten einde die omvang van die bundel binne perke te hou, was ons genoodsaak om die oorspronklike illustrasies te verklein.

Met die oog daarop dat die inhoud van die verslag in sy geheel en dié van die verskillende boekdele en hoofstukke maklik gevolg kan word, word aanvanklik 'n algemene inhoudsopgawe van die verslag verstrek; aan die begin van elke boekdeel verskyn daar 'n inhoudsopgawe van die betrokke boekdeel en aan die begin van elke hoofstuk 'n gedetailleerde inhoudsopgawe van die hoofstuk.

ALGEMENE INHOUDSOPGAWE

DEEL I

- Hoofstuk 1. Inleiding tot die navorsing op Greefswald
- Hoofstuk 2. Samevatting van literatuur i.v.m. Greefswald
- Hoofstuk 3. Probleemstelling en metodiek
- Hoofstuk 4. Stratigrafie van die Greefswaldterreine

DEEL II

- Hoofstuk 5. Oorsig van tegniese skeppinge
- Hoofstuk 6. Keramiek

DEEL III

- Hoofstuk 7. Die fauna van Greefswald
- Hoofstuk 8. Plantoorblyfsels; mensbeendere; datering
- Hoofstuk 9. Samevatting en interpretasie

DEEL IV Foto's

DEEL V Sketse

INHOUDSOPGAWE VAN DEEL I

	Bladsy
HOOFSTUK 1. INLEIDING TOT DIE NAVORSING OP GREEFSWALD	1
Historiese oorsig van die navorsing	1
Doel van die Greefswaldopgrawings	6
Die huidige navorsingsprogram	7
Beskrywing van Greefswald	9
Oorsigtelike beskrywing van die terreine	11
HOOFSTUK 2. SAMEVATTING VAN LITERATUUR I.V.M. GREEFSWALD	16
Breë kulturele en ouderdomsverband van die Greefswaldterreine	16
Algemene lewenswyse	21
Tegniese skeppinge en ander materiële oorblyfsels	28
Die fisieke tipes van Greefswald	35
Kritiek i.v.m. die argeologiese werk en probleme i.v.m. bestaande inligting oor die Greefswaldterreine	36
HOOFSTUK 3. PROBLEEMSTELLING EN METODIEK	41
Probleemstelling	42
Metodiek	63
HOOFSTUK 4. STRATIGRAFIE VAN DIE GREEFSWALD= TERREINE	83
Die terrein Suidelike Terras	84
Die terrein K2	191
Die terrein Mapungubwekop	260

HOOFSTUK 1.

INLEIDING TOT DIE NAVORSING
OP GREEFSWALD

	Bladsy
1. ALGEMEEN	1
2. HISTORIESE OORSIG VAN DIE NAVORSING	1
2.1 Voorspel tot die Greefswald-navorsing	1
2.2 Opgrawings 1933-1940	3
2.3 Opgrawings 1953-1954	4
2.4 Opgrawings 1968-1970	5
2.5 Opgrawings 1971-1973	5
2.6 Verdere navorsing op Greefswald	6
3. DOEL VAN DIE GREEFSWALD-OPGRAWINGS	6
4. DIE HUIDIGE NAVORSINGSPROGRAM	7
4.1 Veldwerk	7
4.2 Verwerking en interpretasie	8
5. BESKRYWING VAN GREEFSWALD	9
5.1 Ligging	9
5.2 Klimaat	9
5.3 Geologie	9
5.4 Flora	10
5.5 Fauna	10
6. OORSIGTELIKE BESKRYWING VAN DIE TERREINE	11
6.1 Algemeen	11
6.2 Mapungubwekop	11
6.3 Mapungubwe Suidelike Terras	13
6.4 K2 en K1	14
BIBLIOGRAFIE	15
BYLAES	

HOOFSTUK 1. INLEIDING TOT DIE NAVORSING OP
GREEFSWALD

1. ALGEMEEN

In hierdie inleidende hoofstuk word 'n oorsig gegee van die historiese verloop van die navorsing op Greefswald, die huidige probleemstelling en navorsingsprogram en 'n algemene beskrywing van die terreine. 'n Volledige bespreking van die probleemstelling en metodiek word in hoofstuk 3 aangebied.

Alhoewel 'n verskeidenheid van argeologiese terreine op Greefswald voorkom, word die huidige navorsing beperk tot die terreine Mapungubwekop, die Suidelike Terras en K2, om redes wat in hoofstuk 3 bespreek word.

2. HISTORIESE OORSIG VAN DIE NAVORSING

2.1 Voorspel tot die Greefswald-navorsing

Sedert die verdwyning van die bewoners van K2 en Mapungubwe, is die stilte sporadies verbreek deur mense wat die omgewing binnegekom het. Die mense was hoofsaaklik groep van Venda-, Shona- en Sothoherkoms. Volgens Lestrade dui sekere Bantoeoorleweringe daarop dat die omgewing van Greefswald bewoon is deur lede van die Lea- en Thwamambastamme van Venda-Shonaherkoms so ver terug as wat menseheugenis strek (Fouché 1937:120). Volgens tradisie het 'n Sothogroep sowat 150-200 jaar gelede die bewoning van die gebied oorgeneem. Hierdie mense was oënskynlik onbewus van die bestaan van Mapungubwe en K2 (Fouché 1937:121).

Fouché vermeld egter dat 'n Bantoe-informant, ene Tshiwana, volgens lg. se eie inligting, 'n afstammeling is van 'n kaptein Mapungubwe wat op Mapungubwekop gewoon het (Fouché 1937:8). Dit is nie duidelik hoe korrek hierdie inligting is nie, maar, volgens Lestrade se inligting, moet dit met omsigtigheid bejeën word (Fouché 1937:120). Dit wil egter tog voorkom of sommige swartmense van die omgewing bewus was

van die bestaan van Mapungubwe, en hulle oorleweringe is mettertyd oorgedra aan Blankes.

Aan die einde van die 19e eeu het Blankes die Limpopovallei binnegekom en stories het in omloop gekom oor 'n pot met goud wat verborge was naby die Limpoporivier. Daarbenewens het die kluisenaar Lottering (oftewel Lotrie) na bewering in hierdie tyd goue krale gevind voor die rotsskuiling waar hy gewoon het, sowat 2 km suid van die Limpoporivier. Hierdie skuiling is moontlik die rotsskuiling aan die suidwestelike voet van Mapungubwekop. Die bestaan van dié goud het onder Blankes bekend geraak en hulle belangstelling geprikkel. In 1929 het 'n groepie prospekteerders 'n besoek gebring aan Mapungubwe. Min of meer hierdie tyd het Leo Frobenius ook 'n vlugtige argeologiese ondersoek in die omgewing van Mapungubwe en moontlik selfs bo-op die kop, gedoen, maar geen besondere vondste is gemaak nie (Fouché 1937:4).

Aan die begin van die dertigerjare het die Bantoe-oorleweringe en -bygelowe i.v.m. Mapungubwe asook die stories oor die goud wat daar voorkom, blanke persone aangespoor om na die plek te soek. E.S.J. van Graan, 'n plaasboer en prospekteerder, het van 'n Bantoe-informant verneem van die kluisenaar Lotrie wat voorwerpe op Mapungubwekop gevind het. Op 31 Desember 1932 het 'n Bantoe, ene Mowena, se seun aan Van Graan gewys waar die legendariese Mapungubwe en die opgang na die kruin van die kop is. Van Graan was vergesel van sy seun, C.O. van Graan, en drie ander persone. Bo-op die kop het hulle groot hoeveelhede potskerwe gekry, asook stukke van yster- en goue voorwerpe, glaskrale e.s.m. Op 1 Januarie het hulle die soektog voortgesit en nog maar argeologiese materiaal gevind, o.m. oorblyfsels van 'n mensgeraamte en gedeeltes van goue voorwerpe (Fouché 1937:1-2).

J.C.O. van Graan was destyds 'n student aan die Universiteit van Pretoria. Met die aanvang van die daaropvolgende universiteitsemester het hy die inligting i.v.m. die Mapungubwe

vonds oorgedra aan prof. Leo Fouché wat verbonde was aan die departement Geskiedenis van die universiteit. Die gevolg daarvan was dat prof. Fouché en prof. E.D. Malan van die departement Dierkunde aan die universiteit tesame met 'n klein geselskap gaan ondersoek instel het op Mapungubwe in Februarie 1933. Hulle het hier dieselfde tipes argeologiese materiaal gevind as die Van Graan-geselskap (Fouché 1937:3). Gedurende 13-21 April is 'n opvolgbesoek aan Mapungubwe gebring, opmetings en toetsgate gemaak en die argeologiese rykdom van Mapungubwe terdeë besef.

Die bygelowe en oorleweringe van Bantoes asook die belangstelling van skattejagters het dus aanleiding gegee tot die vind van argeologiese oorblyfsels wat uiteindelik die aandag van wetenskaplikes op Mapungubwe gevestig het. Volgens Fouché was Mapungubwe 'n terrein met onversteurde materiaal en inligting; daarbenewens het Mapungubwe 'n geografiese sleutelposisie ingeneem in die migrasieroetes van vroeëre mense en kon Mapungubwe ook lig werp op die geheime van Zimbabwe. Om hierdie redes is besluit om opgrawings op Mapungubwe te doen (Fouché 1937:4). Die reg om opgrawings te doen, is verkry van die eienaar van Greefswald, mnr. E.E. Collins van Johannesburg, asook van die eienaars van die mineraleregte, die Transvaal Exploring Land and Mineral Company Ltd. In Junie 1933 het die regering die plaas van mnr. Collins aangekoop en opgrawingsregte aan die Universiteit van Pretoria gegee (Fouché 1937:6).

2.2 Opgrawings 1933-1940

Nadat besluit is om die opgrawings op Mapungubwe uit te voer, het die destydse minister van Binnelandse Sake, sy ed. J.H. Hofmeyr, die Argeologiese Komitee van die Universiteit van Pretoria in die lewe geroep wat beheer sou hê oor die werksaamhede i.v.m. Mapungubwe. C. van Riet Lowe (later professor) van die departement van Publieke Werke en Neville Jones van Rhodesië, is aanvanklik versoek om die opgrawingswerk te hanteer, maar nie een van hulle kon op daardie stadium

aan die versoek voldoen nie. In Julie 1933 het prof. Fouché met die hulp van 3 universiteitstudiante, mnre. Quass, Bergsma en du Preez, asook dr. P.W. Laidler, begin met die opgrawingswerk op Mapungubwekop. Finansiële ondersteuning vir die navorsing is verskaf deur die regering, die stadsraad van Pretoria en verskeie private persone.

In 1934 het Neville Jones van Rhodesië met die opgrawings voortgegaan, bygestaan deur J.F. Schofield, en 'n onopgeleide persoon, P.W. van Tonder. Deur die verloop van die winterseisoen is verskeie opgrawings op Mapungubwekop sowel as die Suidelike Terras uitgevoer. Gedurende hierdie tyd is die terrein wat later as K2 bekend geword het, ook opgemerk en enkele toetsopgrawings hier gedoen.

In 1935 is C. van Riet Lowe aangestel as direkteur van die Greefswald-opgrawings. Kapt. G.A. Gardner, wat reeds opgrawingservaring gehad het, is aangestel as veldwerker en P.W. van Tonder as sy assistent. Gedurende die daaropvolgende ses jare is omvangryke opgrawings deur Gardner gedoen op K2 sowel as Mapungubwe. Die Tweede Wêreldoorlog het ná die 1940-veldwerkprogram 'n einde gebring aan die opgrawings en die werksaamhede van die Argeologiese Komitee. A.g.v. verskillende omstandighede in die na-oorlogse tydperk is die werk nie voor 1953 hervat nie.

2.3 Opgrawings 1953-1954

In 1952 is aanvoerwerk vir verdere opgrawings deur prof. P.J. Coertze, hoof van die departement Volkekunde, gedoen. 'n Permanente ruitnet is op die Suidelike Terras uitgemeet en gemerk en in 1953 en 1954 het prof. Coertze en mnr. H.F. Sentker met behulp van studente sistematiese opgrawingswerk op die Suidelike Terras gedoen. Ná 1954 is die opgrawings nie voortgesit nie omdat die materiaal wat d.m.v. die opgrawings ingesamel is eers bestudeer en geïnterpreteer moes word, maar veral omdat Gardner se verslag oor sy opgrawings

van 1935 tot 1940 verwerk moes word vir publikasie.

In 1963 is Gardner se verslag oor die opgrawings van 1935-1940 gepubliseer (Gardner 1963). Die publikasies van Fouché en Gardner het duidelike tekortkominge in die opgrawingswerk en dokumentasie asook in die interpretasie van die gegewens uitgewys en daar is besluit dat verdere navorsing so gou as wat prakties moontlik was gedoen moes word.

2.4 Opgrawings 1968-1970

In 1968-1970 is gedurende die wintervakansies m.b.v. studente gewerk aan 'n kleinere opgrawing op die Suidelike Terras (blok E2 in die Coertze-ruitnet) en twee klein toetsgate op K2. Tydens die uitvoering van hierdie opgrawings het dit duidelik geblyk dat waardevolle inligting in die argeologiese afsettings opgesluit lê.

2.5 Opgrawings 1971-1973

Die noodsaaklikheid van meer omvangryke navorsing, met die klem op noukeurige opgrawings en dokumentasie en die verkryging van detail-inligting, is terdeë besef. Gevolglik is daar op 'n meer intensiewe navorsingprogram besluit. 'n Voltydse veldwerker, mnr. A. Meyer, is aangestel en hy het van 1971 tot 1973 ongeveer 4 maande per jaar met 'n span swart werkers op Greefswald gewerk. Gedurende vakansietye was studente van die departement Argeologie ook behulpsaam met die opgrawings. Op die wyse is daar van 1971 tot 1973 agtereenvolgens op die Suidelike Terras, K2 en Mapungubwekop gewerk en is daar in die daaropvolgende jare klein, aanvullende opgrawings uitgevoer op K2 en die Suidelike Terras. Die onderhawige verslag het betrekking op die opgrawingswerk van 1971 tot 1973, maar belangrike inligting wat daarná verkry is, word hierby ingesluit.

2.6 Verdere navorsing op Greefswald

Gedurende die navorsingsprogram van 1971-1973 en daarna is noukeurige inligting verkry i.v.m. die vertikale opvolging van lae en hulle inhoud. Daar bestaan egter nog talle vrae i.v.m. die horisontale aard van woonlae en hulle inhoud, bv. die vestigingspatroon tydens die verskillende bewoningsfases. In die volgende jare sal daar sywaarts gegrawe word om die verskillende aspekte van die Greefswaldmense se lewenswyse op 'n horisontale vlak te bestudeer. Die verdere verloop van die werk op Greefswald is in die hande van die toekoms.

3. DOEL VAN DIE GREEFSWALD-OPGRAWINGS

'n Kenmerk van die Greefswaldterreine is die besondere rykdom aan kulturele materiaal wat inligting kan verskaf i.v.m. die Middel-Ystertydperkkulture in die gebied tussen Soutpansberg en Bulawayo. Die argeologiese afsettings van hierdie terreine is op plekke besonder diep, bestaan uit 'n digte opeenvolging van lae, bou- en ander strukture en bevat heelwat oorblyfsels van fauna, flora en tegniese skeppinge soos keramiek, metaalwerk en ander materiale. Die toetsopgrawings van 1968-1970 het die wetenskaplike moontlikhede van die terreine duideliker uitgewys.

Die probleemstelling i.v.m. die Greefswaldterreine word in hoofstuk 3 behandel. Dit is egter nodig om in hierdie inleidende hoofstuk die twee vernaamste oogmerke van die huidige navorsing aan te dui.

(1) Hoewel daar vroeër uitgebreide opgrawings op die terreine uitgevoer is, bestaan daar talle onopgeloste probleme en vrae wat nog beantwoord moet word. Dit is veral te wyte aan gebreke in die opgrawings en dokumentasie. Verder het argeologiese metodes gedurende die afgelope dekades in so 'n mate ontwikkel dat verfynde navorsingstegnieke belangrike inligting kan byvoeg tot dié wat d.m.v. vroeëre opgrawings bekom is.

'n Direkte gevolg van die vroeëre opgrawings is dat die behoefte aan materiaal en inligting uit die Greefswaldterreine nie bevredig is nie, maar eerder aangewakker is en die doel van die huidige navorsing is dan om d.m.v. noukeurige opgrawings en dokumentasie die ontbrekende inligting aan te vul.

(2) 'n Spesifieke behoefte is dié aan gedetailleerde inligting wat op 'n presiese en gedetailleerde wyse gedokumenteer is. Die vernaamste vereiste wat derhalwe gestel word aan die navorsing op Greefswald is die beklemtoning van 'n noukeurige navorsingsmetodiek waarvolgens die stratifikasies van die terreine en hulle inhoud bestudeer word.

Die bestudering van 'n terrein ontplooi in twee rigtings, nl. 'n vertikale ondersoek vir die bepaling van 'n stratigrafiese en kulturele chronologie, en 'n horisontale ondersoek vir die bepaling van die vestigingspatroon en die bestudering van die lewenswyse. Vir die Greefswaldondersoek is dit nodig dat 'n eksakte chronologiese raamwerk daargestel word om die ingewikkelde aard van die stratifikasie en kulturele oorblyfsels korrek bloot te lê en te interpreteer. Die omvangryke sywaartse opgrawings met die oog op die bestudering van vestigingswyse en verwante verskynsels wat vir die toekoms beplan word, kan nie aangepak word voordat 'n betroubare chronologiese raamwerk opgestel is nie.

Die huidige navorsingsopset rus dus wydsbeen op die daarstelling van 'n presiese stratigrafiese en kulturele chronologie aan die een kant, en op detailbeskrywings en detailontledings van die inhoud van die lae aan die ander kant.

4. DIE HUIDIGE NAVORSINGSPROGRAM

4.1 Veldwerk

Intensiewe opgrawingswerk is gedoen gedurende die winterseisoene van die jare 1971-1973. Dit is gedoen deur 'n op-

geleide personeellid wat bygestaan is deur 'n span van 10 Bantoes. In 1971 het die arbeiderspan bestaan uit Venda's van kaptein Mphephu uit Venda, in 1972 uit lede van die Ganawastam van kaptein Kibi naby Blouberg en gedurende 1973 is bloot arbeiders in die omgewing van Greefswald gewerf. Gedurende die universiteitsvakansies was 'n groep studente en lede van die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging ook behulpsaam met die opgrawingswerk.

In 1971 is die opgrawingswerk gekonsentreer op die Coertze-Sentker-ruitnet op die Suidelike Terras. Gedurende die 1972-seisoen is die ondersoek toegespits op K2 en tydens die 1973-seisoen op Mapungubwekop, terwyl beperkte opgrawings nog voortgesit is op K2 tydens die studentebesoeke in Julie. Ná afloop van die intensiewe opgrawingswerk van 1971-1973 was daar nog onopgeloste probleme, veral i.v.m. die stratifikasie van K2. Gevolglik is klein, aanvullende opgrawings gedurende die daaropvolgende vakansies gedoen op K2 asook op Mahobe se woonplek op die Suidelike Terras.

Intussen is ekologiese ondersoeke uitgevoer i.v.m. Greefswald. Die huidige fauna van Greefswald is bestudeer deur deskundiges van die Transvaal Museum. Die huidige flora asook ekologiese kenmerke van Greefswald is ondersoek deur die departement Algemene Plantkunde van die Universiteit van Pretoria.

4.2. Verwerking en interpretasie

Die kaarte, plan- en profieltekeninge is in die laboratorium deur studente-assistente oorgeteken. Die sketse word saamgevat in Deel V van die verslag. Die opstel van vondstelyste, beskrywing van artefaktipes en hoeveelhedsbepaling van tipes is eweneens met die hulp van studente-assistente gedoen.

Die ondersoeke wat deur deskundiges uitgevoer word, behels die volgende.

Fauna : mev. E. Voigt, Transvaal Museum.

Flora (saad-identifikasie) : Departement Algemene Plant=
kunde, Universiteit van Pretoria.

Nasionale Herbarium; Afdeling Saadbeheer.

Radiokoolstofdaterings : Dr. J. Vogel, WNNR.

Vloere: mnre. J. van Aardt en P. Loubser, WNNR.

Mensbeendere : Dr. H. de Villiers, U.W.

Glaskrale : Dr. C.C. Davison, Universiteit van Kalifornië,
VSA.

Keramiek : mnr. A Meyer, UP.

Metallurgiese materiaal: Departement Metallurgiese
Ingenieurswese, UP.

5. BESKRYWING VAN GREEFSWALD

5.1 Ligging

Die plaas Greefswald 37 MS is geleë in Noord-Transvaal op die suidelike oewer van die Limpoporivier, reg teenoor die samevloeiing van die Limpoporivier en die Shashirivier. Die Shashi vorm die grens tussen Botswana en Rhodesië.

5.2 Klimaat

Die klimaat van die Greefswald-omgewing is hoofsaaklik subtropies. Dit is in 'n somerreënvalstreek geleë en die gemiddelde reënval is ongeveer 330 mm per jaar. Droogtes is 'n algemene verskynsel tesame met 'n hoë mate van verdamping en vlak gronde met 'n swak waterstookkapasiteit. Die temperatuur is matig gedurende die winters en redelik hoog gedurende die somermaande, veral gedurende Januarie en Februarie (vgl. bylae 1/1).

5.3 Geologie

Greefswald is geleë in die sentrale gedeelte van 'n smal strook Bosveld-sandsteen wat strek oor 'n afstand van sowat 80 km langs die Limpoporivier. Dit het sodanig verweer dat dit rotsagtige koppe en rante vorm met sanderige valleie tussen-in. Die Bosveld-sandsteen vorm deel van die Holkrans-

sandsteen wat die jongste gesteente van die Karoosisteam is (Fouché 1936:3). (Vgl. bylae 1/1). Die Bosveld-sandsteen lê op 'n skaliegesteente wat op plekke in die omgewing fossieldraend is. Dolerietbasalt dring hier en daar deur die sandsteenformasie.

5.4 Flora

Die plantegroei op Greefswald word as die mopanieveld-tipe geklassifiseer. Die mopanieveld lê tussen 28° 40' en 30° 40' O.L., en 22° 07' en 22° 52' SB. Dit kom m.a.w. voor noord van Soutpansberg, verby die Limpoporivier in die noorde en weste, en ooswaarts tot verby Sibasa. Die plantegroei wat op Greefswald voorkom, vertoon 'n verskeidenheid van gemeenskappe wat identifiseerbaar is as gallerybos en ander gemeenskappe, insluitende *Hyphaene crinita*, *Acacia tortilis*, *Acacia nebrownii*, *Kirkia acuminata*, *Colospermum mopane*, *Combretum apiculatum*, *Commiphora* spp, *Acacia ingrescens* e.s.m. (vgl. bylae 1/1).

5.5 Fauna

Die fauna van Greefswald vertoon 'n ryke verskeidenheid. Voor die koms van die Blankes het daar waarskynlik nog 'n groter verskeidenheid van spesies en getalle per spesie voorgekom. Kenmerkende voorbeelde van mammalia sluit die volgende in *Aepyceros melampus* (rooibok), *Tragelaphus strepsiceros* (koedoe), *Tragelaphus scriptus* (bosbok) en *Panthera pardus* (luiperd). (Vgl. bylae 1/2.1).

Die voëllewe sluit o.m. die volgende in: *Francolinus natalensis* (Natalse fisant), *Aquila verreauxi* (witkruisarend), *Haliaetus vocifer* (visarend) en *Turtur chalcospilos* (groenvlekduif). *Struthio camelus* (volstruis) het vroeër in die omgewing voorgekom en word nog aangetref in die aangrensende gebiede in Botswana en Rhodesië. (Vgl. bylae 1/2.2).

6. OORSIGTELIKE BESKRYWING VAN DIE TERREINE

6.1 Algemeen

Die huidige projek het betrekking op drie terreine op Greefswald, nl. Mapungubwekop; die Suidelike Terras aan die suidelike voet van Mapungubwekop en K2. Die terrein K1 wat vlak by K2 geleë is, is vroeër deur Gardner ondersoek. K1 het bloot net 'n ashoop geblyk te wees en is vermoedelik saam met K2 deel van 'n enkele gemeenskap se bewoningspatroon. K1 is tydens die huidige projek buite rekening gelaat omdat dit nie van besondere belang in die huidige probleemstelling is nie. Tussen Mapungubwe en K2 is 'n rotsagtige plato wat bestaan uit gesteentes van die Karoosisteam. Die plato is bekend as Bambandyanalo. (Sommige skrywers verwys na die woonterrein K2 as Bambandyanalo).

Die groot sentrale ashoop op K2 het Gardner herinner aan 'n molshoopvormige tipe terrein in Egipte wat 'n "kom" genoem word. Hy het die benaming toe van toepassing gemaak op twee ashope digby Bambandyanalo. Die woord "kom" is afgekort na "K" en die twee ashoopterreine is onderskeidelik K1 en K2 genoem.

In die omliggende rante en valleie op Greefswald kom 'n verskeidenheid steentydperkterreine voor asook ystertydperkterreine waarvan sommige verwant is aan Mapungubwe en K2. Hierdie terreine vorm egter nie deel van die probleemstelling van die huidige projek nie en word derhalwe in hierdie verslag buite rekening gelaat.

6.2 Mapungubwekop

Mapungubwekop is geleë sowat 2,5 km suidoos van die samevloeiing van die Shashi- en Limpoporivier. Die kop lê op 'n kontoerhoogte van ongeveer 580 m op ruitverwysing $29^{\circ} 23' 20''$ O en $22^{\circ} 12' 40''$ S. (Kaart 1:50 000, 2229AB).

Mapungubwe se lengte is ongeveer 300 m en dit is in 'n sanderige vallei geleë wat omring word deur rotsagtige koppe en kranse wat tot ietwat meer as 50 m hoog is. Mapungubwekop bestaan uit Bosveld-sandsteen, en dit het 'n plat kruin en vertikale kranse wat sowat 30 m hoog is. Die plattegrondvorm van Mapungubwe is langwerpige met 'n breë stomp punt wat in 'n wes-noor-westelike rigting lê; en 'n smal punt wat oos-suid-oos lê. In teenstelling met die omliggende rante en koppe, is Mapungubwe se kruin bedek met 'n omvangryke grondafsetting, bedek met gras maar feitlik geen bome nie. Enkele kort, ruwe, vrystaande klipmuurtjies kom voor op die randgedeeltes van die kop. In die sentrale gedeelte van die grondafsetting kom tekens van terrasvormige klipmure voor.

Mapungubwe kan slegs op enkele plekke bestyg word. Die ver-naamste opgange is die sg. westelike opgang in die vorm van 'n smal skeur met trapsport-gate, en "Mahobe se opgang" bokant die sg. Mahobe se woonplek op die Suidelike Terras.

Klein toetsopgrawings is in 1933 deur Fouché gedoen, hoofsaaklik op die sentrale gedeelte van die kop. Die oorspronklike graf met goue voorwerpe is tydens hierdie geleentheid verder opgegrawe (Fouché 1937:diagram I). In 1934 is groot toetslote deur Jones en Schofield in die sentrale gedeelte van die afsetting ge-grawe. Gedurende die somerseisoen van 1934-1935 het Van Tonder 'n uitgebreide opgrawing uitgevoer in die grafarea en 'n verdere 24 grafte hier opgegrawe (Fouché 1937:diagram I).

Gedurende 1935-1940 het Van Tonder onder leiding van Gardner 'n omvangryke opgrawing gedoen in die afsetting langs die grafarea en op die breë, noordwestelike gedeelte van die kop. Die argeologiese afsetting op die noordwestekant het besonder dik gelê in 'n groot natuurlike holte in die kruin van die kop (Gardner 1963:diagram 5; pp.4,10 e.v.).

Die afsetting op die noordwestelike helfte van Mapungubwekop

is feitlik volledig verwyder deur die vroeëre opgrawers, met uitsondering van 'n klein gedeelte op die rand van die natuurlike holte. Die oorblywende afsetting op die suidoostelike helfte van Mapungubwe is in 'n mate versteur deur Jones en Schofield se toetsslote. Die afsetting is hier veel vlakker as dié wat in die natuurlike holte op die noordwestekant was.

6.3 Mapungubwe Suidelike Terras

Die Suidelike Terras lê teen die suidelike voet van Mapungubwekop en strek oor feitlik die volle lengte van die kop. Die afsettings op die terras is dik opgebou sodat die oppervlakte daarvan hoër lê as die omringende vlakte - vandaar die benaming "terras". Die oppervlakte is bedek met gras maar feitlik geen bome nie. Onderkant die westelike opgang van Mapungubwekop lê enkele groot rotse bymekaar. Tussen-in en teenaan hierdie rotse is oorblyfsels van ruwe klipmuurtjies en kliptrappe wat deel vorm van 'n soort klipgepakte ingang tussen die rotse deur, moontlik 'n "hoofingang" na Mapungubwekop (vgl. Fouché 1937:diagram 1). Agter die rotse, tussen die ingang en die kop het die afsetting besonder dik opgehoop. Verder na die oostekant, nader aan die suidoostelike punt van Mapungubwekop, is daar ook 'n dikker opbouing van die afsetting teenaan enkele groot rotse aan die kop se kant. Terrasmure teenaan die rotse is in die afsetting sigbaar. Dit is hierdie plek wat volgens Bantoe-oorlewering bewoon is deur Mahobe wat 'n afstammeling was van die laaste kaptein wat op Mapungubwekop gewoon het (Fouché 1937:8; diagram 4).

In 1933 het Fouché 'n opgrawing gedoen tussen die rotse en klipmure by die sg. hoofingang. Hierdie opgrawings is in 1933 uitgebrei deur Jones en Schofield wat die area tussen die hoofingang en die kop d.m.v. sywaartse opgrawings blootgelê het. Jones en Schofield het ook 'n reeks toetsslote gegrawe wat vanaf die hoofingang suidweswaarts deur die Suidelike Terras tot by die buiterand sny (Fouché 1937:diagramme 1,3,4). Drie toetsslote is ook gegrawe op Mahobe se woonplek (Fouché 1937:diagram 4).

6.4. K2 en K1

K2 is sowat 1 km suidwes van Mapungubwe geleë op ruitverwysing 29° 22' 57" OL en 22° 13' 03" SB, op 'n kontoerhoogte van ongeveer 530 m. Die terreine lê in 'n kom wat gevorm word deur die omringende Bosveld-sandsteen. Die valleivloer is trapvormig van aard, met 'n hoëre vlak aan die westekant waarop K2 geleë is, en 'n laere vlak aan die oostekant waar K1 voorkom. K1 is slegs 'n ashoop wat deur Gardner in 1934 d.m.v. toets-slotte ondersoek is (Gardner 1963:diagram I).

K2 het die voorkoms van 'n oop, grasbegroeide kol in 'n rotsagtige, ylbeboste omgewing. K2 word by uitstek gekenmerk deur die groot, sentrale ashoop wat 'n groot bult vorm in die sentrale gedeelte van die terrein. Aan die noordekant van die sentrale ashoop is 'n gestapelde kliphoop ("isivivane"). Tekens van bewoning, nl. as, bewoningsafval en hutvloergruis kom ylverspreid voor vanaf die sentrale ashoop weswaarts tot by die groot sandsteenrotse aan die voet van die westelike kranse. Hiervandaan strek die bewoningsoorblyfsels suidwaarts rondom die sentrale ashoop, en daarvandaan in 'n oostelike rigting tot teen die skuins hellings van Bambandyanalo.

Tydens die opgrawings in 1934 het Jones en Schofield die klipmure op Bambandyanalo waargeneem en 'n kort beskrywing daarvan gegee. Die voorkoms van die terrein K2 en spesifiek die aanwezigheid van die groot sentrale ashoop het vir hulle gedui op die bestaan van 'n ou woonterrein (Fouché 1937:19). Op hierdie stadium was die woonterrein nog nie onder 'n spesifieke naam bekend nie en is slegs die Bambandyanalo-terrein genoem. Gardner het dit in 1935 eers die naam K2 gegee.

Jones en Schofield het in 1934 'n toetssloot deur die sentrale ashoop gegrawe asook 'n toetsgat en toetssloot aan die noordekant en noordoostekant daarvan. Teen die helling van Bambandyanalo het hulle toetsslotte gegrawe waarin vier kindergrafte gevind is (Fouché 1937:19-20, diagram 5; Gardner 1963, diagram 1).

In hierdie tyd is skynbaar ook 'n toetssloot in die isivivane gemaak.

In 1935 het Gardner 'n toetssloot (toetssloot nr. 1) deur die groot ashoop op die terrein, wat hy K2 genoem het, gemaak. Verder het hy ook 'n tweede toetssloot (toetssloot nr. 2) en 13 toetsgate op K2 gemaak. Gedurende dieselfde seisoen het hy ook die nabygeleë ashoop aan die suidekant van K2, naamlik K1, ondersoek, maar hy het daarna nie weer op K1 gewerk nie. Vanaf 1936 tot 1939 het Gardner o.m. op die suidwestelike gedeelte van K2 'n omvangryke opgraving uitgevoer (Gardner 1963: diagram I).

BIBLIOGRAFIE

- | | | |
|-------------|------|-----------------------------------|
| Fouché L | 1937 | Mapungubwe. Cambridge. |
| Gardner G A | 1963 | Mapungubwe. Vol. II,
Pretoria. |

BYLAE 1/1

DIE HUIDIGE KLIMAAT, GEOLOGIE EN FLORA
VAN GREEFSWALD

saamgestel deur A T Jönker en G Germishuizen
Departement van Algemene Plantkunde
Universiteit van Pretoria

DIE EKOLOGIESE ASPEKTE VAN
GREEFSWALD

DEPARTEMENT VAN ALGEMENE PLANTKUNDE,
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

A.T. JÖNKER,
G. GERMISHUIZEN
1973

INHOUD

I	KLIMAAT VAN MAPUNGUBWE
II	DIE GEOLOGIE VAN MAPUNGUBWE
III	OPNAMES EN OPNAMEMETODES
IV	'N FISIONOMIESE STUDIE VAN DIE PLANTEGROEI VAN GREEFSWALD

I. KLIMAAT VAN MAPUNGUBWE

Die klimaat van hierdie gebied is hoofsaaklik subtropies. Dit is geleë op 2229 AB aangrensend aan die Limpoporivier in die noorde. Die reënseisoen is hoofsaaklik in die somermaande wat strek vanaf Oktober tot April, met maksimum in Desember. Die hoogste reënvalsyfer vir die gebied was in Desembermaand en wel 76 mm.

Die voorkoms van droogtes is redelik algemeen soos afgelei kan word uit die grafiek.

Die temperatuur van hierdie gebied is redelik hoog met Oktober tot Januarie/Februarie as die maande met die hoogste gemiddelde maksimum temperatuur.

Oor die algemeen kan die winters beskou word as baie matig. Ryp kom selde voor en as dit wel voorkom is dit beperk tot die Limpoporivier-omgewing en sy lope.

Die verdamping oor die algemeen is redelik hoog. As gevolg van die hoë verdamping is die effektiwiteit van 'n enkele reënbui baie laag. 'n Verdere faktor wat bydra tot die lae effektiwiteit is die verskynsel van die redelike vlak gronde met 'n swak stoorkapasiteit.

(Volgens die Weerburoverslag, 1965. Klimaat van Suid-Afrika. Algemene Oorsig. Deel 8 W.B. 28. Pretoria.)


(Weerburo, 1954. Klimaat van Suid-Afrika. Deel I, Klimaatstatistieke. Staatsdrukker.)

(Weerburo, 1965. Klimaat van Suid-Afrika. Deel 9.)

No	Stasie	Breedte	Lengte	Hoogte	Periode (Jare)	Reenval in Millimeters en aantal dae met reën (d)												
						Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des	
808/317	Balerno	22°17'	29°11'	610	16	mm	74,6	75,5	53,6	13,2	3,3	7,9	1,1	1,0	4,9	19,5	42,8	76,0
						d	4	5	3	2	1	1	1	1	1	2	3	5
808/373	Tuscanen	22°13'	29°13'	518	5	mm	84,3	33,0	19,6	17,0	0,0	0,0	6,6	0,0	1,0	7,6	46,7	36,6
						d	4	2	1	1	0	0	1	0	1	1	4	3
808/386	Icon	22°26'	29°13'	616	18	mm	50,0	58,2	40,9	8,4	3,1	5,1	1,6	0,0	3,5	18,7	47,1	55,2
						d	2	3	2	1	1	1	1	0	1	1	3	3
808/390	Bridgewater	22°30'	29°13'	732	29	mm	71,4	82,6	44,2	17,3	6,6	4,6	1,5	0,3	4,2	21,8	50,9	71,0
						d	6	5	4	3	1	1	1	1	1	3	5	6
808/493	Lodewyksvlei	22°13'	29°15'	518	6	mm	98,8	38,6	40,6	30,5	5,3	1,3	6,3	0,0	1,0	23,1	69,3	43,9
						d	3	4	2	1	1	1	1	0	1	1	4	3
808/ 317-433	Gemiddelde na by 5 stasies vir reenval in omgewing van Greefswaldt					mm	75,8	57,6	39,8	17,3	3,6	3,8	3,4	0,5	2,9	18,1	50,2	56,5
						d	4	4	2	2	1	1	1	0	1	2	4	4

GEMIDDELDE MAANDELIKSE REËNVAL IN MM.

VAN STASIES 808/317-433



II. DIE GEOLOGIE VAN MAPUNGUBWE

Uit 'n geologiese oogpunt gesien is die plaas Greefswald 'n area met vele kontraste. Hierdie area word beslaan deur 'n savanna tipe plantegemeenskap, wat afgewissel word deur granietskoppies.

Die rotstipe van hierdie gebied is tipiese sandsteen wat tot die Karoo-sisteem behoort, en sover vasgestel kan word, nie fossileerbaar is nie. Die holkrans sandsteen (cave sandstone) soos dit algemeen bekend staan, is baie maklik verweerbaar en erosie vind maklik plaas.

As gevolg van die invloed van wind en reën word die koppies, bedek met sandsteen, maklik verweer. So is die afgesonderde koppie van Mapungubwe ook bedek met sandsteen wat met verloop van tyd verweer sal word tot hope rots en sand.

(Cpt. GUY A. GARDENER, 1935).

'n Kort Beskrywing van die Mopanie-veld gebied

Volgens die beskrywings van die Mopanie-veld deur o.a. IRVINE (1941), HUTCHINSON (1946) en ACOCKS (1953), resorteer die plaas Greefswald onder die Mopanie-veld.

Die Mopanie-veld gebied noord van die Soutpansberge is geleë tussen $28^{\circ}40'$ en $30^{\circ}40'$ O.L. en $22^{\circ}7'$ en $22^{\circ}52'$ S.B. Die oppervlakte hiervan is 2037,03 vk. km. en strek vanaf die Limpoporivier in die noorde en weste, ooswaarts tot by Sibasa. Die suidelike grense is nog nie duidelik nie.

A.J. LOUW, 1970. 'n Ekologiese Studie van Mopanie-veld Noord van Soutpansberg.

III. OPNAMES EN OPNAMEMETODE

- (1) 'n Lugfoto van die plaas Greefwald is verkry en bestudeer.
- (2) Op die lugfoto kon daar reeds duidelike verskille waargeneem word t.o.v. die topografie, geologie en moontlike plantegroei.
- (3) Die plaas Greefwald is ondersoek en m.b.v. die lugfoto is daar verskillende plantegroegemeenskappe uitgelig.
- (4) In elkeen van hierdie gemeenskappe is 'n aantal opnames gedoen m.b.v. die kwadraatmetode.
- (5) Die aantal kwadrate per gemeenskap is bepaal m.b.t. die grootte van die gemeenskap - in die kleiner gemeenskappe is gemiddeld 5 kwadraatopnames gedoen en in die groter gemeenskappe is gemiddeld 20 kwadraatopnames gedoen.
- (6) In die kwadrate is al die spesies aangeteken onder hoofde van bome, struik en kruide.
- (7) Aan elke soort is 'n waarde gegee, bv. t, 2 of 4 wat die bedekkingswaarde van elke soort weergee.
- (8) Hierdie bedekkingswaardes is volgens die Braun Blanquet metode toegepas.
- (9) Addisioneel op die vorms is spesies net buite die kwadrate aangeteken.
- (10) Verder is die totale % bedekking bepaal en ook die gronddiepte, hoogte bo seespieël, helling, geomorfologie, oppervlakte-erosie, hellingsposisie ens.
- (11) Vir elke plantegroeci-stratum, bv. struiklaag is die bedekking in % afsonderlik bereken.
- (12) In elke kwadraat is 'n verteenwoordigende grondmonster geneem en in plastiekhouders bewaar.

Verwerking van die gegewens

- (1) Eerstens is al die grondmonsters ontleed vir tekstuur, weerstand, pH, reaksies met HCL, grondkleur en % water (vog) in die grond.
- (2) Die opname gegewens is volgens die Braun Blanquet metode verwerk.
- (3) Daar is eerstens 'n rowwe tabel opgestel met die spesiesname van bo na onder aan die linkerkant en die kwadraatnommers van links na regs bo-aan die tabel. Die spesies wat saam in 'n gemeenskap voorgekom het en ook die kwadrate wat daarop van toepassing is, is bymekaar gegroepeer. Byvoorbeeld, kwadrate 1-20 verteenwoordig die gallerybosgemeenskap, en teenoor hulle word die spesies wat daar voorgekom het neergeskryf.
- (4) Nou word eerstens spesies geskuif om sodoende groepe te vorm.
- (5) Nadat die spesies geskuif is word die stande geskuif om groepe te vorm.
- (6) Hierdie proses word herhaal totdat geen verdere verandering in die tabel gemaak kan word nie.
- (7) Die gevolg van hierdie skuiwery is dat daar nou groepe van spesies geassosieer met spesifieke kwadrate na vore kom.
- (8) Hierdie groepe kan nou as afsonderlike gemeenskappe beskou word, of as onderverdelings van 'n gemeenskap.

VERDUIDELIKING VAN DIE TABEL-GEGEWENS

Uit elke grondmonster is twee monsters met 'n bepaalde massa geneem en versadig met water. Hierdie monsters is onderskeidelik onder 'n druk van 'n 1/3 Bar & 15 Bar geplaas vir 24 uur.

Die monsters is verwyder en die massa bepaal. Hierna is die monsters vir 24 uur by 105°C in 'n warmmond geplaas en die massa is weer bepaal. Hierdie massas is onderskeidelik die nat en drocö gewig. Uit hierdie gegewens is die gewig water, gewig grond en % grondvog bereken.

Die pH is met 'n pH-water bepaal. 'n Lesing tussen 0 en 7 beteken 'n suurgrond en 7-14 is 'n alkaliese grond.

Die weerstand is met 'n weerstand-meter bereken en in OHMS uitgedruk. Hoe hoër die weerstand is, hoe swakker is die geleiding — dus ook 'n afname in sout konsentrasie van die grond.

Die grondkleur & tekstuur is volgens internasionale standaarde bepaal met behulp van kleurkaarte en beskrywings.

IV. 'N FISIONOMIESE STUDIE VAN DIE PLANTEGROEI VAN
GREEFSWALD

Vir 'n volledige specieslys word verwys na M.A.N. MÜLLER,
1973 - 'n Sleutel tot die Families en Genera van Greefswald.

Op die plaas Greefswald is 'n aantal plantegroei gemeen-
skappe onderskei, nl.

1. Gallerybos gemeenskap.
2. Hyphaene crinita - Acacia tortilis gemeenskap.
3. Hyphaene crinita gemeenskap.
4. Acacia nebrownii gemeenskap.
5. Kirkia acuminata - Colophospermum mopane gemeenskap.
6. Colophospermum mopane - Combretum apiculatum -
Commiphora spp. gemeenskap.
 - (a) Colophospermum mopane gemeenskap.
 - (b) C. mopane - Combretum apiculatum gemeenskap.
 - (c) C. mopane - Commiphora spp. gemeenskap.
 - (d) Combretum apiculatum - Commiphora spp. gemeenskap.
 - (e) Commiphora spp. gemeenskap.
7. Acacia ingrescens gemeenskap.

1. Gallerybos gemeenskap

Die gallerybos gemeenskap strek oor die hele breedte
van die plaas, al langs die oewers van die Limpoporivier.

Die tiperende species vir hierdie gemeenskap is:

(i) Boomlaag

Acacia albida
Acacia xanthophloea
Acacia schweinfurthii
Croton megalobotrys
Ficus soldanella
Ficus sycomorus
Combretum microphyllum
Xanthocercis sambesiaca
Lonchocarpus capassa
Ziziphus mucronata

Kwadraat	Grondkleur	pH	Weerstand	HCL Reaksie	Tekstuur
96	5 YR ³ / ₁	7,25	510	1	Klei
97	10 YR ³ / ₂	7,35	1 520	1	Sand
98	10 YR ³ / ₂	7,5	900	1	Sand Klei leem
101	10 YR ³ / ₁	6,7	670	1	Sand leem
102	10 YR ³ / ₃	7,3	560	1	Sand leem
103	10 YR ⁴ / ₂	7,35	1 000	1	Sand leem
104	5 YR ³ / ₁	7,25	550	2	Sand leem
105	10 YR ³ / ₁	7,75	1 380	1	Sand klei leem
106	10 YR ³ / ₃	6,95	460	1	Sand klei leem
107	5 YR ⁵ / ₂	7,35	2 200	1	Sand
108	7,5YR ² / ₁	7,15	320	1	Klei
109	7,5YR ² / ₁	7,3	280	1	Klei
110	10 YR ² / ₂	7,45	260	1	Klei
111	7,5YR ² / ₂	7,55	420	1	Klei
112	5 YR ³ / ₂	7,45	410	2	Klei leem
113	7,57 ³ / ₂	7,3	420	1	Sand leem
114	10 YR ² / ₂	7,1	240	1	Sand klei leem
115	5 YR ⁴ / ₃	7,25	500	1	Sand
116	10 YR ³ / ₃	7,3	350	1	Klei
117	7,5YR ³ / ₁	6,55	190	1	Klei leem

Kw	Nat gewig (gram)		Droëë gewig		Hoeveelheid water (gram)		Gewig van grond		% Grondvog	
	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar
96	50,45	47,22	45,83	44,70	4,62	2,55	18,73	16,95	24,66	14,86
97	57,03	54,00	55,34	52,72	1,69	1,28	27,91	24,93	6,05	15,13
98	57,91	53,39	54,08	50,89	3,83	2,50	26,75	23,34	14,31	10,71
101	48,18	46,89	45,91	45,43	2,27	1,46	18,52	18,28	12,25	7,98
102	47,10	47,08	44,60	45,58	2,50	1,50	17,18	17,71	14,55	8,46
103	49,84	50,97	48,22	49,66	1,62	1,31	20,85	21,24	7,76	6,16
104	53,63	57,99	50,59	55,62	3,04	2,37	23,55	28,18	12,90	8,41
105	51,09	52,51	49,30	51,08	1,79	1,43	21,90	23,33	8,17	6,12
106	49,86	61,15	46,24	58,73	3,62	2,42	18,56	20,25	19,50	11,95
107	59,98	64,00	58,88	62,77	1,10	1,23	31,61	35,19	3,47	3,49
108	55,92	53,23	48,42	48,38	7,50	4,85	21,31	20,56	35,19	23,58
109	52,87	56,29	46,03	50,27	6,78	6,02	18,63	22,52	36,39	26,73
110	52,03	50,24	45,40	45,76	6,63	4,48	17,95	18,43	36,93	24,30
111	50,65	52,83	46,40	49,94	4,25	2,89	18,98	22,07	22,39	13,09
112	52,52	50,90	49,96	48,86	2,56	1,94	22,36	21,76	11,44	8,91
113	55,09	56,08	52,54	54,04	2,55	2,04	25,21	26,49	10,11	7,70
114	61,72	57,35	57,17	54,45	4,55	2,90	28,78	27,30	15,80	10,62
115	63,72	65,88	61,77	64,06	1,95	1,82	34,52	35,99	5,64	5,05
116	57,75	51,37	52,64	49,06	5,11	2,31	25,04	21,86	20,40	10,56
117	56,42	51,19	50,00	48,05	6,42	3,14	22,71	20,61	28,26	15,23

(ii) Struik/kruidlaag

Grewia flava
Cocculus hirsutus
Nicotiana glauca
Maytenus sp.
Cyperus sexangularis
Datura innoxia
Argemone schroleuca

Die totale % bedekking in die gallerybos gemeenskap het gewissel vanaf 65% tot 100%. In die meerderheid van die kwadrate het die bedekking gewissel tussen 75% en 85%.

Die soorte met die hoogste individuele bedekkingswaarde was *Ficus soldanella*, *Ficus sycomorus* en *Acacia albida*. Die spesies met die hoogste konstantheidswaardes was

<i>Croton megalobotrys</i>	85%
<i>Combretum microphyllum</i>	100%
<i>Acacia schweinfurthii</i>	50%

Ficus soldanella is deurentyd geassosieer met *Croton megalobotrys*, *Combretum*, *microphyllum* en *Acacia albida*.

Acacia schweinfurthii en *Cocculus hirsutus* is altyd in assosiasie met *Maytenus* gevind.

Die grondbedekking was deurgaans baie swak met *Datura innoxia*, *Nicotiana glauca* en *Epaltes gariepina* die mees opvallende.

2. *Hyphaene crinita* - *Acacia tortilis* gemeenskap

Opvolgend op die gallerybos gemeenskap volg 'n vloedvlakte wat dwarsoor die gebied strek en wissel vanaf 'n sandgrond in die ooste tot 'n sanderige turfgrond tot 'n turfgrond in die weste.

Die oorheersende spesies was *Hyphaene crinita* en *Acacia tortilis*. Beide spesies het 'n konstantheidswaarde

van 100%. Dit is opvallend dat *Hyphaene crinita* meer voorkom op die turfgrond-gedeelte as op die sandgrond-gedeelte. Oor die algemeen is die totale % bedekking op die sanderige grond hoër gewees as op die turfgrond.

Op die turfgrond-gedeelte was *Ximenia americana* en *Salvadora angustifolia* in sterk assosiasie aangetref terwyl op die meer sanderige gedeeltes was *Crewia* spp., *Sericorema remotiflora* en enkele *Colophospermum mopane*-struïke aangetref.

Die grondbedekking is baie swak en het hoofsaaklik bestaan uit *Panicum kalahareense*, *Asparagus* spp. en *Indigofera* spp.

Kw	Nat gewig (gram)		Droë gewig		Hoeveelheid water (gram)		Gewig van grond		% Grondvog	
	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar
73	58,38	58,41	52,07	53,70	6,31	4,71	24,04	26,29	26,24	17,91
74	56,78	58,97	53,46	56,94	3,32	2,03	26,36	29,19	12,59	6,95
75	55,89	56,58	49,58	51,57	6,31	5,01	22,16	23,92	28,47	20,94
76	54,36	52,18	47,14	46,68	7,22	5,50	19,81	19,13	36,44	28,75
77	60,97	57,03	55,18	54,44	5,79	2,59	27,63	27,11	20,95	9,55
78	55,37	62,49	49,86	59,72	5,51	2,77	22,18	21,24	24,84	13,04
79	59,92	50,82	52,64	47,43	7,28	3,39	25,22	19,78	28,86	17,13
80	60,30	56,16	52,50	52,15	7,80	4,41	25,07	24,36	31,11	18,10
83	64,25	63,26	55,32	57,26	8,93	6,00	28,21	29,44	31,65	20,38
84	58,07	55,80	51,91	52,17	6,16	3,63	24,31	24,62	25,33	14,74
85	57,52	52,70	54,22	51,21	3,30	1,49	26,83	24,06	12,29	6,19
86	57,83	59,27	55,12	57,74	2,71	1,53	28,08	30,30	9,65	5,04
87	57,66	59,28	55,25	57,70	2,41	1,58	27,83	30,05	8,65	5,18
88	52,81	52,70	51,65	51,37	1,19	1,33	24,33	23,93	4,89	5,55
89	55,13	55,26	52,09	53,50	3,04	1,76	24,69	25,75	12,31	6,83
90	55,55	56,96	51,95	54,61	3,60	2,35	24,66	27,17	14,59	8,64
91	53,81	57,46	49,94	55,03	3,87	2,43	22,83	27,20	16,95	8,93
92	58,22	58,86	55,44	57,30	2,78	1,56	28,01	29,51	9,92	5,28
99	55,08	54,77	49,09	51,99	5,95	2,78	21,66	24,34	27,46	11,42
100	58,78	52,80	51,66	49,57	7,12	3,23	20,06	22,02	35,49	14,66

Rwaddraat	Grondkleur	pH	Weerstand	HCL Reaksies	Tekstuur
73	10 YR ² /2	7,35	590	1	Klei
74	10 YR ² /2	7,45	1 650	1	Sand leem
75	7,5YR ² /1	6,7	260	1	Klei
76	7,5YR ² /1	6,85	315	1	Klei
77	10 YR ² /2	7,55	850	1	Klei
78	10 YR ² /1	7,05	510	1	Klei
79	10 YR ³ /1	7,05	340	1	Klei
80	5 YR ³ /1	7,4	300	1	Klei
83	7,5YR ² /2	7,3	390	1	Klei
84	5 YR ³ /1	7,15	426	1	Klei
85	5 YR ³ /1	7,05	900	1	Sand leem
86	5 YR ³ /3	7,65	1 356	1	Sand klei leem
87	5 YR ³ /3	7,3	1 110	1	Sand leem
88	2,5YR ³ /1	7,55	1 400	1	Sand leem
89	10 YR ² /2	7,1	1 380	1	Sand klei
90	7,5YR ² /2	7,25	1 560	1	Sand leem
91	10 YR ² /2	7,15	1 900	1	Klei
92	5 YR ³ /1	6,95	3 500	1	Sand klei leem
99	10 YR ² /2	6,85	220	1	Klei
100	10 YR ² /2	7,1	280	1	Klei

3. *Hyphaene crinita* gemeenskap

Langs 'n ou rivierloop, heeltemal verwyderd van die Limpoporivier, in die *Colophospermum mopane* gemeenskap, is hierdie *Hyphaene* gemeenskap aangetrof. Dit beslaan 'n klein oppervlakte en word gekenmerk deur *Hyphaene crinita* wat konstant voorkom. Combretum imberbe met 'n konstantheidswaarde van 60% kom ook volop voor terwyl daar enkele verteenwoordigers is van *Croton megalobotrys*, *Zizuphus mucronata* en *Maytenus* spp. Die totale % bedekking is redelik hoog (75 - 100%) met die uitsondering van een kwadraat (30%). Die kruid en struiklaag het 'n baie lae bedekkingswaarde (1 - 15%) waaronder *Panicum maximum* en *Grewia* spp. die volopste voorkom.

Kwadraat	Grondkleur	pH	Weerstand	HCL Reaksie	Tekstuur
8	7,5 Yr $\frac{2}{1}$	7,35	470	3	Sand leem
9	7,5 Yr $\frac{2}{1}$	7,75	910	1	Sand leem
10	5 Yr $\frac{2}{1}$	7,15	430	2	Sand leem
11	5 Yr $\frac{3}{3}$	7,85	1380	2	Klei leem
12	2,5 Yr $\frac{3}{3}$	7,5	780	2	Sand

Kw	Nat gewig (gram)		Droë gewig		Hoeveelheid water (gram)		Gewig van water		% Grondvog	
	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar
8	47,54	50,21	44,90	47,98	2,64	2,23	17,51	20,83	15,07	10,70
9	49,47	56,66	46,08	54,97	3,39	1,69	18,40	16,49	18,42	10,24
10	49,83	43,52	46,50	41,85	3,33	1,67	19,23	14,27	17,31	11,70
11	51,86	52,15	49,80	50,81	2,06	1,34	22,43	22,39	9,18	5,98
12	47,75	50,36	46,64	49,45	1,11	0,91	19,31	21,90	5,74	4,15

4. *Acacia nebrownii* gemeenskap

Op die brak gedeeltes tussen die *Acacia tortilis* kom klein gemeenskappe van *Acacia nebrownii* voor. Hierdie is feitlik suiwer stande van *A. nebrownii* geassosieer met *Lycium* spp., *Acacia erubescens* en *Boscia* spp. Die totale % bedekking is baie laag en die gemeenskappe bestaan slegs uit struikagtige verteenwoordigers.

Kwadrat	Grondkleur	pH	Weerstand	HCL Reaksie	Tekstuur
81	7,5 Yr $\frac{2}{3}$	8,2	1380	2	Sand leem
82	5 Yr $\frac{3}{1}$	8,15	1370	3	Sand leem

Kw	Nat gewig (gram)		Droëë gewig		Hoeveelheid water (gram)		Gewig van grond		% Grondvog	
	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar
81	60,25	56,31	56,16	52,24	4,0	2,07	28,83	26,69	13,87	7,75
82	63,94	65,60	60,38	63,42	3,56	2,18	33,13	35,35	10,74	6,16

5. *Kirkia acuminata* - *Colophospermum mopane* gemeenskap

Hierdie gemeenskap word gekenmerk aan *Kirkia acuminata* met 'n bedekkingswaarde van 51 - 75%. *Colophospermum mopane* wat ook konstant in al die kwadrate aanwesig is, het 'n baie lae bedekkingswaarde en is meestal in die struikvorm. *Commiphora* spp. kom ook volop voor (konstantheidswaarde 100%) met 'n relatief lae bedekkingswaarde.

Die kruidlaag is baie goed verteenwoordig met 'n bedekkingswaarde wat wissel tussen 10% en 60%. Die tiperende kruidsoorte is *Xerophyta*, *Melhania* spp., *Barleria* spp. en *Ipomoea adenoides*.

Kwadrat	Grondkleur	pH	Weerstand	HCL Reaksie	Tekstuur
3	2,5 Yr $\frac{4}{4}$	6,5	3,450	1	Sand leem
4	2,5 Yr $\frac{4}{4}$	7,5	950	3	Sand
5	5 Yr $\frac{4}{4}$	7,15	2,100	1	Sand leem
6	5 Yr $\frac{3}{3}$	6,75	1,770	1	Sand
7	2,5 Yr $\frac{3}{2}$	7,1	1,110	1	Sand leem

Kw	Nat gewig (gram)		Droëë gewig		Hoeveelheid water (gram)		Gewig van grond		% Grondvog	
	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar
3	54,79	52,27	52,85	51,46	1,94	0,81	25,74	23,64	7,53	3,42
4	54,75	52,76	52,12	51,18	2,63	1,58	24,73	24,03	10,63	6,57
5	48,08	45,98	46,68	45,34	1,40	0,64	19,35	17,79	7,23	3,59
6	57,25	58,25	55,49	57,12	1,76	1,43	28,07	26,93	6,27	4,82
7	57,12	57,65	54,80	55,97	2,32	1,68	27,51	28,53	8,43	5,88

6. *Colophospermum mopane* - *Combretum opiculatum* -
Commiphora spp. gemeenskap

Die 3 tiperende spesies vir hierdie gemeenskap kom konstant in al die stande voor. Alhoewel die bedekkingswaarde relatief laag is (30 - 45%) word 'n groot verskeidenheid van soorte aangetref o.a. *Terminalia punioides*, *Sesamothamnus* sp., *Solanum* spp., *Boscia* spp. en *Acacia* spp.

Die grond is baie vlak (10 - 20 cm diep) en klipperig. Die kruidlaag is baie goed verteenwoordig en maak in die meeste gevalle 40 - 50% van die totale bedekkingswaarde uit. Kenmerkend onder die kruidlaag is *Solanum* spp., *Melhania* spp., *Evolvulus* sp., *Indigofera* spp. en *Blepharis* sp.

Hierdie gemeenskap kan onderverdeel word in 'n aantal kleiner gemeenskappe wat meer tiperend is.

Kwadraat	Grondkleur	pH	Weerstand	HCL Reaksie	Tekstuur
150	5 Yr $\frac{2}{4}$	6,85	1,720	1	Sand leem
149	5 Yr $\frac{3}{3}$	6,75	2,125	1	Sand
63	5 Yr $\frac{2}{4}$	6,8	1,650	1	Sand leem
43	2,5 Yr $\frac{3}{3}$	7,55	2,450	1	Sand leem
45	5 Yr $\frac{2}{4}$	6,85	1,840	1	Sand leem
46	5 Yr $\frac{2}{4}$	6,75	1,490	1	Sand leem

Kw	Nat gewig (gram)		Droë gewig		Hoeveelheid water (gram)		Gewig van grond		% van Grondvog	
	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar
43	65,97	70,03	62,08	67,64	3,89	2,39	34,39	40,19	11,31	5,94
45	60,45	67,96	56,17	64,83	4,28	3,13	28,48	37,38	15,02	8,37
46	61,40	61,07	58,38	58,90	3,02	2,17	30,96	31,03	9,75	6,99
63	58,34	57,77	54,26	55,50	4,08	2,27	26,97	28,06	15,12	8,08
149	61,70	57,00	60,29	56,98	1,41	0,02	32,87	29,33	4,28	0,06
150	63,64	60,00	61,96	59,04	1,68	0,96	32,41	31,71	5,18	3,02

6. (a) *Colophospermum mopane* gemeenskap

In hierdie gemeenskap is *Colophospermum mopane* die dominante spesies, geassosieer met *Terminalia* spp., *Commiphora* spp. en *Combretum apiculatum*.

In die suid-westelike gedeelte van die plaas, wat bestaan uit 'n diep sandgrond, kom *C. mopane* voor geassosieer met *Terminalia sericea*. Die deel word gekenmerk aan 'n baie lae kruidbedekking met die grassoorte die mees opvallende kruidsoort.

In die ander gebiede (gemeenskappe) waar die grond vlakker is en ook meer klipperig kom *Terminalia pumoides*, *Commiphora* spp., *Combretum apiculatum* en *Dichrostachys cirerea* voor. Opvallend is dat hierdie spesies almal struikvorme is in teenstelling met boomvorme in die diep sandgrond gedeelte. Die kruidlaag is baie beter verteenwoordig met die gevolg dat hierdie vlakker gronde 'n beter bedekking het. Die mees opvallende kruide is o.a. *Barleria* spp. *Geigeria burkei*, *Hibiscus* sp., *Indigofera* spp. en *Abutilon* spp.

Teen die suid-oostelike hellings was die voorkoms van *Sansevieria aethopica* opvallend.

Die totale % bedekking was meestal 40 - 50% waarvan die boomlaag die grootste deel uitgemaak het.

Kw	Nat gewig (gram)		Droë gewig		Hoeveelheid water (gram)		Gewig van grond		% Grondvog	
	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar
1	57,23	60,01	54,69	58,13	2,54	1,88	27,42	30,55	9,26	6,15
2	57,15	57,37	55,34	56,08	1,81	1,29	27,74	28,53	6,52	4,52
13	62,22	72,52	61,04	71,66	1,18	0,86	33,36	44,22	3,53	1,94
14	58,29	53,93	57,37	53,42	0,92	0,51	30,12	25,35	3,05	2,01
15	57,27	57,84	56,31	57,25	0,96	0,59	28,71	29,70	3,34	1,98
24	57,40	56,47	55,50	50,18	1,90	1,29	28,08	27,70	6,76	4,65
25	53,92	57,53	52,49	56,46	1,43	1,07	25,45	29,02	5,61	3,68
26	59,83	53,82	58,09	52,97	1,74	0,85	30,49	25,77	5,70	3,29
27	61,80	60,21	60,73	59,53	1,07	1,75	33,62	31,71	3,18	5,51
28	55,68	51,52	54,41	50,82	1,28	0,70	27,31	23,07	4,68	3,03
38	62,53	61,49	60,37	60,15	2,16	1,34	33,10	32,57	6,52	4,11
39	57,38	61,45	56,16	60,43	1,22	1,02	29,12	32,99	4,18	3,09
54	66,23	70,75	65,29	69,88	0,94	0,87	37,86	42,09	2,48	2,06
56	69,30	66,53	66,54	64,94	2,76	1,59	38,94	37,74	7,08	4,21
57	65,87	62,24	62,36	60,39	3,51	1,85	34,94	32,74	10,04	5,65
58	65,99	60,32	64,17	59,35	1,82	0,97	36,80	30,93	4,94	3,13
61	69,30	75,32	68,13	74,51	1,17	0,81	40,45	36,03	2,89	2,24
93	62,96	59,88	60,31	58,46	2,65	1,42	33,06	30,39	8,01	4,67
94	61,04	72,07	59,16	70,94	1,88	1,13	31,48	32,46	5,97	3,48
95	58,31	57,18	56,68	56,32	1,63	0,86	29,29	29,17	5,56	2,94
129	56,80	53,28	52,09	50,40	4,71	2,88	24,67	22,53	19,09	12,78
130	54,59	50,87	51,80	49,38	2,79	1,49	24,38	21,90	11,44	6,80

kwadraat	Grondkleur	pH	Weerstand	HCL Reaksie	Tekstuur
1	5 YR ³ / ₄	6,9	2 650	3	Sand klei leem
2	5 YR ³ / ₄	7,5	940	1	Sand leem
13	5 YR ³ / ₃	6,9	4 250	1	Sand leem
14	2,5YR ³ / ₃	6,3	3 750	1	Sand
15	5 YR ³ / ₄	6,3	4 650	1	Sand leem
24	5 YR ³ / ₄	7,2	2 350	1	Sand leem
25	5 YR ³ / ₃	7,05	2 300	1	Sand
26	5 YR ³ / ₃	6,25	2 450	1	Sand leem
27	5 YR ³ / ₆	6,65	4 800	1	Sand
28	5 YR ³ / ₆	7,15	3 500	1	Sand
38	5 YR ³ / ₁	7,6	1 690	3	Sand leem
39	7,5YR ⁴ / ₂	6,65	3 075	1	Sand leem
54	5 YR ³ / ₄	6,65	6 650	1	Sand
56	5 YR ² / ₄	6,95	3 050	1	Sand leem
57	2,5YR ² / ₃	7,9	1 460	1	Sand leem
58	2,5YR ² / ₄	7,65	2 850	1	Sand
61	2,5YR ³ / ₄	7,4	1 500	1	Sand
93	7,5YR ³ / ₂	7,2	2 650	1	Sand
94	10 YR ³ / ₃	6,85	3 100	1	Sand
95	10 YR ³ / ₃	7,05	3756	1	Sand
129	5 YR ³ / ₁	6,95	760	3	Klei leem
130	7,5YR ³ / ₃	7,65	340	1	Sand

6. (b) *Colophospermum mopane* - *Combretum apiculatum*
gemeenskap

In hierdie gemeenskap neem *C. apiculatum* 'n onder-
geskikte posisie in t.o.v. *C. mopane*. Alhoewel *C.*
apiculatum in elke kwadraat aanwesig was, het hy 'n baie
lae bedekkingswaarde en is dit hoofsaaklik die struik-
vorme wat voorkom. Die bedekkingswaarde van *C.*
apiculatum was nooit hoër as 5% nie, i.t.m. *C. mopane*
wat tot 50% van 'n kwadraat bedek het.

Oor die algemeen was die grondtipe 'n redelike diep
sandgrond, maar wanneer dit verander na 'n klipperige
struktuur met 'n afname in gronddiepte, het *Commiphora*
spp. meer volop voorgekom, asook *Grewia* spp. en *Solanum*
spp.

Die kruidbedekking het gewissel tussen 1 - 20% en
is gekenmerk deur verskeie grassoorte, *Melhania* sp. en
Hermannia spp.

Kw	Nat gewig (gram)		Droë gewig		Hoeveelheid water (gram)		Gewig van grond		% Grondvog	
	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar
50	64,53	65,73	62,94	64,34	1,59	1,39	35,69	36,27	4,45	3,83
51	60,71	63,90	59,33	62,71	1,38	1,19	32,04	35,27	4,30	3,37
52	62,27	67,11	61,36	66,23	0,91	0,88	33,81	38,90	2,69	2,26
53	62,66	65,38	61,44	64,52	1,22	0,86	34,19	36,45	3,56	2,35
55	64,12	63,61	63,05	62,77	1,07	0,84	35,36	35,32	3,02	2,37
59	61,91	61,98	60,81	61,15	1,10	0,83	33,38	33,36	3,29	2,48
60	59,80	75,42	58,86	74,42	0,94	1,00	31,18	35,94	3,01	2,78
67	60,31	57,36	57,60	55,59	3,71	1,77	30,00	28,39	12,36	6,23
68	59,68	58,03	56,78	56,28	2,90	1,75	29,68	28,53	9,77	6,13
72	66,92	63,05	65,73	62,32	1,19	0,73	37,70	34,91	3,15	2,09
144	64,54	65,89	61,30	63,94	3,24	1,95	33,70	36,39	9,61	5,35
145	62,10	57,75	60,16	56,74	1,94	1,01	32,87	28,67	5,90	3,52
147	54,51	58,62	53,20	57,46	1,31	1,16	25,95	29,39	5,04	3,94

Kwadraat	Grondkleur	pH	Weerstand (OHMS)	HCL Reaksies	Tekstuur
50	5 YR ³ / ₁	7,2	1 290	2	Sand
51	5 YR ² / ₃	7,2	1 750	1	Sand leem
52	2,5YR ³ / ₃	7,1	3 750	1	Sand leem
53	5 YR ² / ₃	6,9	3 350	1	Sand leem
55	5 YR ² / ₃	6,7	3 950	1	Sand
59	5 YR ² / ₄	7,45	3 800	1	Sand
60	5 YR ³ / ₄	6,9	2 650	1	Sand
67	5 YR ⁴ / ₂	7,3	820	1	Sand
68	7,5YR ³ / ₁	7,7	1 270	1	Sand leem
72	5 YR ³ / ₄	6,65	2 900	1	Sand
144	5 YR ² / ₄	7,05	2 650	1	Sand
145	7,5YR ³ / ₃	6,55	1 580	1	Sand
147	2,5YR ³ / ₃	7,2	2 550	1	Sand

6. (c) *Colophospermum mopane* - *Commiphora* spp. gemeenskap

Hierdie gemeenskap kan onderverdeel word op grond van die helling in

- (i) 'n gebied met geen helling nie. Hier kom 'n groot aantal *Commiphora* spp. voor maar met 'n relatief lae bedekkingswaarde. Die grondtipe is 'n klipperige sandgrond met 'n maksimum diepte van 20 cm. In assosiasie met die dominantes word veral *Grewia* spp., *Cordia* spp. en *Solanum* spp. aangetref. Die kruidlaag is relatief goed verteenwoordig veral *Indigofera* spp., *Barleria* spp. en *Hibiscus* spp. *C. mopane* is hoofsaaklik in 'n struikvorm;
- (ii) teen noordfront hellings waar minder *Commiphora* spp. voorkom maar met 'n hoër bedekkingswaarde. Veral *C. mollis* en *C. tenuipetiolata* is opvallend. *C. mopane* gaan hier oor na die boomvorme en word veral geassosieer met *Terminalia prunioides*. Die kruidlaag stem baie nou ooreen met die op die gelykgronde behalwe dat die aanwesigheid van grassoorte hier meer opvallend is, wat moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat daar minder vertrapping teen die hellings is. Die totale % bedekking is ook hoër as in die vorige geval.

Kw	Nat gewig (gram)		Droëë gewig		Hoeveelheid water (gram)		Gewig van grond		% Grondvog	
	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar
42	65,10	65,16	59,58	61,68	5,52	3,48	32,21	33,26	17,13	10,46
44	61,69	62,43	58,62	60,58	3,07	1,85	31,20	32,58	9,83	5,67
47	62,75	58,79	57,12	55,55	5,63	3,24	29,52	28,35	19,07	11,42
49	63,25	58,13	58,75	56,23	4,54	1,90	31,35	28,48	14,48	6,67
64	58,46	57,37	53,23	54,48	5,23	2,89	25,68	27,15	20,36	10,64
128	61,08	59,78	57,25	57,94	3,83	1,84	29,83	30,46	12,83	6,04
143	67,73	65,54	64,32	63,84	3,41	1,70	37,05	36,26	9,20	4,68
146	66,16	74,00	61,13	71,27	5,03	2,73	33,45	32,79	15,03	8,32
148	69,61	68,17	65,64	66,13	3,97	2,04	38,21	38,34	10,38	5,32

Kwadraat	Grondkleur	pH	Weerstand	HCL Reaksie	Tekstuur
42	5 YR ³ /2	8,15	1 206	2	Sand
44	5 YR ² /4	7,5	2 800	1	Sand leem
47	10 YR ² /2	8,05	1 260	3	Sand klei leem
49	7,5YR ² /3	7,7	2 450	1	Sand leem
64	5 YR ³ /1	7,5	1 370	2	Sand leem
128	10 YR ³ /4	8,1	1 450	3	Sand klei leem
143	2,5YR ³ /4	7,45	3 500	1	Sand leem
146	7,5YR ² /3	6,05	1 420	1	Sand leem
148	5 YR ² /4	7,6	2 550	1	Sand leem

6. (d) *Combretum apiculatum* - *Commiphora* spp. gemeenskap

Net soos die vorige gemeenskap (6(c)) kan hier 'n onderverdeling gemaak word t.o.v. die helling.

- (i) Op die gelykgrond area is *Commiphora* spp. oorheersend sowel in aantal as in bedekking. *C. apiculatum* het 'n baie lae bedekking en kom slegs as struikvorme voor. *T. prunioides* & *Boscia albitrunca* kom baie sterk geassosieerd voor met 'n konstantheidswaarde van 65% en 60% onderskeidelik. *Ochna* spp. kom ook taamlik volop voor.

Die kruidlaag bestaan hoofsaaklik uit *Barleria* spp., *Indigofera* spp. en *Hypoeštes* spp. wat , meestal onder die struike en bome voorkom en so doende kom daar groot oop kaal areas tussen die bome voor;

- (ii) teen die hellings is minder *Commiphora* spp. terwyl *C. apiculatum* oorgaan na boomvorme en gevolglik 'n hoër bedekkingswaarde het. Opvallend is dat veral *Albizia* spp. en *Dichrostachys cinerea* goed geassosieerd voorkom. Die totale % bedekking is hoër as op die gelykgrond met 'n meer eweredige verspreiding van die kruide in die kwadrate. In beide gevalle is dit 'n klipperige sandgrond met 'n gemiddelde diepte van 10 cm.

Kw	Nat gewig (gram)		Droëë gewig		Hoeveelheid water (gram)		Gewig van grond		% Grondvog	
	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar
29	64,68	63,44	60,99	61,71	3,69	1,73	33,57	34,23	10,99	5,05
30	59,56	61,25	56,41	59,34	3,15	1,91	29,16	31,27	10,80	6,10
40	63,00	61,96	59,45	59,98	3,55	1,98	31,90	32,65	11,12	6,06
41	66,02	68,31	60,88	65,10	5,14	3,21	33,77	37,28	15,22	8,61
48	62,86	57,60	60,33	56,56	2,51	1,04	32,91	28,69	7,62	3,62
62	67,83	61,81	63,80	60,11	4,03	1,70	36,38	32,46	11,07	5,23
65	63,50	66,81	59,49	64,66	4,01	2,15	32,12	36,24	12,48	5,93
66	60,72	61,47	56,15	59,23	4,56	2,24	28,78	31,75	15,84	7,05
69	66,37	60,49	62,46	58,76	3,91	1,73	35,36	31,01	11,05	5,57
70	65,74	66,69	61,20	64,34	4,54	2,35	33,51	36,89	13,54	6,37
71	61,42	58,05	57,80	56,08	3,62	1,97	30,43	27,66	11,89	7,12
131	53,73	56,81	50,21	53,43	3,52	3,38	22,61	25,88	15,56	13,06
132	67,04	62,94	64,03	61,86	3,01	1,08	36,00	34,45	8,36	3,13
133	61,47	65,01	58,17	62,70	3,30	2,31	30,90	35,12	10,67	6,57
137	64,64	55,34	59,93	53,15	4,71	2,19	32,33	25,60	14,56	8,55
142	51,39	57,94	48,91	55,40	2,48	2,54	21,87	27,96	11,33	9,08

Kwadraat	Grondkleur	pH	Weerstand	HCL Reaksie	Tekstuur
29	5 YR ² / ₄	6,8	3 100	1	Sand leem
30	10 YR ³ / ₄	7,15	3 250	1	Sand leem
40	7,5YR ² / ₃	6,45	2 950	1	Sand leem
41	5 YR ² / ₄	6,75	1 720	1	Sand klei leem
48	5 YR ² / ₄	5,95	2 550	1	Sand leem
62	2,5YR ² / ₄	6,75	3 350	1	Sand leem
65	5 YR ² / ₄	6,85	3 625	1	Sand leem
66	5 YR ³ / ₃	7,45	2 725	1	Sand leem
69	5 YR ³ / ₃	7,05	1 840	1	Sand leem
70	5 YR ² / ₄	6,65	2 200	1	Sand leem
71	5 YR ² / ₄	7,25	3 750	1	Sand leem
131	7,5YR ² / ₁	7,25	540	2	Sand leem
132	5 YR ² / ₄	5,9	6 000	1	Sand leem
133	5 YR ² / ₃	7,2	1 900	1	Sand leem
137	7,5YR ² / ₄	7,05	-1 190	1	Sand leem
142	10 YR ² / ₂	6,05	540	2	Sand leem

6.(e) *Commiphora* spp. gemeenskap

Hierdie gemeenskap is uitsluitlik beperk tot die hellings. In assosiasie met die *Commiphora* spp. kom veral *Terminalia punioides* voor met 'n konstantheids-waarde van 100%. Kenmerkend vir hierdie gemeenskap is die teenwoordigheid van *Albizia* spp. en *Dichrostachys cinerea* in meeste van die kwadrate. *Grewia* spp. en *Solanum* spp. het ook 'n hoë konstantheidswaarde. Die kruidlaag het 'n gemiddelde bedekkingswaarde van 10% met die mees opvallende soorte, nl. *Abitulon* sp., *Barleria* spp., *Evolvulus* spp. en *Hibiscus* spp.

Die grond is deurgaans 'n baie vlak klipperige sandgrond.

Kw	Nat gewig (gram)		Droëë gewig		Hoeveelheid water (gram)		Gewig van grond		% Grondvog	
	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar
31	55,92	56,54	53,76	55,22	2,16	1,32	26,43	26,67	8,17	4,94
32	57,37	55,14	54,60	53,57	2,77	1,57	27,33	25,99	10,13	6,04
33	64,51	62,45	60,96	60,64	3,55	1,81	33,27	33,19	10,67	5,45
34	63,10	57,56	58,76	55,72	4,34	1,84	31,37	28,57	13,83	6,44
35	61,65	57,00	59,13	55,67	2,52	1,33	31,53	28,47	7,99	4,67
36	59,42	64,94	57,30	63,31	2,12	1,65	29,90	35,56	7,09	4,64
37	57,38	58,45	53,85	56,04	3,53	2,41	26,45	28,29	13,34	8,57
127	55,22	55,07	51,78	52,94	3,44	2,13	24,35	25,15	14,12	8,46
138	54,47	58,83	50,90	55,92	3,57	2,91	23,86	28,48	14,96	10,21
140	52,58	54,68	49,70	52,64	2,88	2,04	22,59	24,82	9,73	8,21
141	61,84	58,58	58,04	55,73	3,80	2,85	30,67	27,31	12,38	10,43

Kwadraat	Grondkleur	pH	Weerstand	HCL Reaksie	Tekstuur
31	7,5YR ³ / ₃	7,7	1 520	3	Sand leem
32	7,5YR ² / ₃	7,8	1 240	1	Sand leem
33	5 YR ⁴ / ₁	7,3	2 650	1	Sand leem
34	7,5YR ³ / ₃	8,05	1 650	3	Sand leem
35	2,5YR ³ / ₂	7,45	1 450	1	Sand leem
36	5 YR ³ / ₄	7,55	1 650	1	Sand leem
37	7,5 ³ / ₃	7,65	750	3	Sand leem
127	7,5YR ² / ₃	7,55	740	1	Klei leem
138	7,5YR ² / ₂	7,75	650	1	Sand leem
140	7,5YR ² / ₃	7,4	330	1	Sand leem
141	5 YR ³ / ₁	6,6	590	1	Sand leem

7. *Acacia nigrescens* gemeenskap

Hierdie gemeenskap kan onderverdeel word in

(i) 'n gelykliggende deel, sonder enige helling.

Hierdie gemeenskap bestaan hoofsaaklik uit suiwer stande van *A. nigrescens* met enkele struikagtige *Grewia* spp., *T. prunioides* en *Boscia* spp. Die kruidlaag is baie swak verteenwoordig met *Heliotropium* spp. en *Barleria* spp. die mees algemeen. Die grondtipe is 'n taamlike diep sandgrond.

(ii) 'n deel wat net beperk is tot die hellings. In hierdie gemeenskap speel *A. nigrescens* 'n minder belangrike rol en ander soorte soos *C. apiculatum*, *A. tortilis*, *Croton grtissimus* en *C. imberbe* kom meer algemeen voor. Die kruidlaag is baie swak verteenwoordig en die opvallendste spesies is *Melhania* spp., *Hermannia* spp., *Kahoutia* sp. en *Asparagus* spp.

Die grond is 'n klipperige sandgrond wat oor die algemeen taamlik vlak is.

Kw	Nat gewig (gram)		Droë gewig		Hoeveelheid water (gram)		Gewig van grond		% Grondvog	
	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar	$\frac{1}{3}$ Bar	15 Bar
16	52,27	51,52	51,27	51,97	1,00	0,45	23,85	24,10	4,19	1,86
17	55,49	51,35	54,13	50,66	1,36	0,69	27,09	23,22	5,02	2,97
18	59,11	63,08	58,21	62,21	0,90	0,87	30,18	34,76	2,98	2,50
19	53,09	61,45	52,17	60,50	0,92	0,95	25,13	33,06	3,66	2,87
20	67,74	60,67	63,42	60,00	1,32	0,67	36,32	32,25	3,63	2,07
21	57,28	57,66	56,36	57,00	1,02	0,66	29,26	29,25	3,48	2,25
22	57,56	56,31	56,28	55,55	1,28	0,76	28,86	27,68	4,43	2,74
23	57,48	58,01	56,42	57,22	1,06	0,79	28,73	29,81	3,68	2,65
118	68,29	60,70	65,85	59,46	2,44	1,24	38,56	32,02	6,32	3,87
119	63,19	63,37	59,91	61,37	3,28	2,00	32,36	34,04	10,13	5,87
120	62,68	58,39	60,66	57,10	2,02	1,29	35,55	29,28	6,02	4,40
121	59,03	60,0	54,30	57,66	4,73	3,24	27,03	30,08	17,49	10,77
122	61,09	62,21	59,46	60,94	1,63	1,27	23,49	33,19	6,93	3,82
125	54,48	51,36	47,34	47,08	7,14	3,38	19,31	20,57	36,97	16,43
126	58,79	56,19	54,66	53,68	4,13	2,51	27,24	26,20	15,16	9,58
139	58,64	54,65	55,42	52,10	3,22	2,55	27,73	24,65	11,61	10,34

Kwadraat	Grondkleur	pH	Weerstand (OHMS)	HCL Reaksies	Tekstuur
16	2,5YR ³ / ₃	6,95	3 650	1	Sand
17	2,5YR ² / ₄	7,2	5 250	1	Sand leem
18	5 YR ³ / ₃	6,65	2 400	1	Sand
19	7,5YR ³ / ₂	6,45	2 300	1	Sand
20	5 YR ² / ₄	6,6	5 200	1	Sand
21	5 YR ³ / ₃	7,05	4 050	1	Sand
22	5 YR ² / ₄	6,9	2 500	1	Sand
23	5 YR ³ / ₄	6,9	1 950	1	Sand
118	5 YR ³ / ₁	6,8	3 600	1	Sand
119	5 YR ³ / ₁	6,75	1 920	1	Sand leem
120	5 YR ² / ₃	7,25	2 550	1	Sand leem
121	10 YR ² / ₃	7,45	1 730	1	Sand klei leem
122	7,5YR ³ / ₂	7,95	1 700	1	Sand leem
125	10 YR ² / ₂	7,15	420	1	Klei
126	5 YR ³ / ₂	6,65	680	1	Sand leem
139	7,5YR ² / ₂	7,1	1 060	1	Sand

BYLAE 1/2

DIE HUIDIGE FAUNA VAN GREEFSWALD

saamgestel deur

1. Die mammalia: I L Rautenbach,
Transvaal Museum
2. Voëls : A C & M I Kemp,
Transvaal Museum

1. LIST OF MAMMALIA FROM GREEFSWALD

I L Rautenbach
Zoologist
Transvaal Museum

Hippopotamus amphibius	-	hippopotamus
Loxodonta africana	-	elephant
Phacochoerus aethiopicus	-	warthog
Tragelaphus strepsiceros	-	kudu
Potamochoerus porcus	-	bushpig
Tragelaphus scriptus	-	bushbuck
Connochaetes taurinus	-	blue wildebeest
Aepyceros melampus	-	impala
Oreotragus oreotragus	-	klipspringer
Redunca fulvorufula	-	mountain reedbuck
Sylvicapra grimmia	-	grey duiker
Raphicerus campestris	-	steenbok
Raphicerus melanotis	-	grysbok
Kobus ellipsiprvmnus	-	waterbuck
Taurotragus oryx	-	eland
Equus burchelli	-	zebra
Papio ursinus	-	baboon
Panthera pardus	-	leopard
Acinonyx jubatus	-	cheetah
Panthera leo	-	lion
Viverra civetta	-	civet
Felis libyca	-	Cape wild cat

continued ..

<i>Felis serval</i>	- serval cat
<i>Canis mesomelas</i>	- black-backed jackal
<i>Mungos mungo</i>	- banded mongoose
<i>Felis caracal</i>	- lynx
<i>Otocyon megalotis</i>	- bat-eared fox
<i>Ictonyx striatus</i>	- polecat
<i>Hystrix africae-australis</i>	- porcupine
<i>Orycteropus afer</i>	- aardvark
<i>Thryonomys swinderianus</i>	- cane rat
<i>Rhinolophus hildebrandi</i>	- Hildebrandt's horseshoe bat
<i>Epomophorus crypturus</i>	- Peter's epauletted fruit bat
<i>Epomophorus wahlbergi</i>	- Wahlberg's epauletted fruit bat
<i>Acomys spinosissimus</i>	- spiny mouse
<i>Aethomys namaquensis</i>	- rock rat
<i>Aethomys chrysophilus</i>	- African (bush) rat
<i>Elephantulus myurus</i>	- naked-tail elephant-shrew
<i>Lepus saxatilis</i>	- scrub hare
<i>Galago crassicaudatus</i>	- grand galago
<i>Galago senegalensis</i>	- lesser galago
<i>Heterohyrax brucei</i>	- yellow-spotted dassie
<i>Procavia capensis</i>	- rock hyrax
<i>Cercopithecus aethiops</i>	- vervet monkey
<i>Totera leucogaster</i>	- bushveld gerbil
<i>Genetta rubiginosa</i>	- rusty spotted genet
<i>Helogale parvula</i>	- dwarf mongoose
<i>Paraxerus cepapi</i>	- tree squirrel
<i>Herpestes sanguineus</i>	- slender mongoose
<i>Pedetes capensis</i>	- spring hare

<i>Lepus capensis</i>	- Cape hare
<i>Nycteris thebaica</i>	- Egyptian slit-faced bat
<i>Rhinolophus darlingi</i>	- Darling's horseshoe bat
<i>Pronolagus crassicaudatus</i>	- Natal red hare

2. LIST OF BIRDS FROM GREEFSWALD

A C and M I Kemp
Ornithologists
Transvaal Museum

Green-backed Heron	Speckled Mousebird (a)
Hammerkop	Red-faced Mousebird
Hededa	Pied Kingfisher
Egyptian Goose	Giant Kingfisher
Black Eagle	Brown-hooded Kingfisher (s)
Tawny Eagle	White-fronted Bee-eater
Hawk Eagle	Little Bee-eater
Martial Eagle	Lilac-breasted Roller
Bataleur	Hoopoe
Fish Eagle	Red-billed Hoopoe
African Goshawk	Scimitar-billed Hoopoe
Gabar Goshawk	Grey Hornbill
Banded Gymnogene	Red-billed Hornbill
Rock Kestrel	Yellow-billed Hornbill
Crested Francolin (s)	Black-collared Barbet
Natal Francolin	Pied Barbet
Swainsons Francolin	Crested Barbet (a)
Helmeted Guineafowl	Greater Honeyguide (h)
Black Crake	Lesser Honeyguide (s)
African Jacana	Cardinal Woodpecker (s)
Kittlitz's Plover (s)	Bearded Woodpecker
Three-banded Plover	Sabota Lark (s) (a)
Blacksmith Plover	Wire-tailed Swallow
White-crowned Plover	Lesser Stripe-breasted Swallow

Greenshank	Rock Martin (s)
Wood Sandpiper (s)	Fork-tailed Drongo
Cape Dikkop	Black-headed Oriole
Double-banded Sandgrouse (s)	Black Tit (s)
Red-eye Dove	Arrow-marked Babbler (s)
Cape Turtle Dove	Black-eyed Bulbul (s)
Laughing Dove (t)	Terrestrial Bulbul (s)
Emerald-spotted Dove	Yellow-breasted Bulbul (s)
Green Pigeon (s)	Groundscraper Thrush
Rock Pigeon	Familiar Chat (s)
Meyer's Parrot	Mocking Chat (s)
Grey Loerie	Heuglin's Robin (s)
Klaas's Cuckoo (s)	White-throated Robin (s)
White-browed Coucal (s)	White-browed Scrub Robin (s)
Scops Owl (t)	Crombec (t)
Pearl-spotted Owl (t)	Yellow-bellied Eremomela
Spotted Eagle Owl (h)	Burnt-necked Eremomela (s)
Giant Eagle Owl	Grey-backed Bush Warbler (s)
Little Swift	Rattling Cisticola
Palm Swift	Tawny-flanked Prinia (s)
Black-chested Prinia (s)	Blue-Grey Flycatcher (s)
Grey Tit Babbler (s)	Marico Flycatcher
Chin-spot Flycatcher	African Pied Wagtail
Brubru	Puff-back Shrike (t)
Three-streaked Tchagra	Boubou Shrike (s)
Orange-breasted Bush Shrike (s)	Grey-headed Bush Shrike (s)
Long-tailed Shrike (s)	White Helmet Shrike (s)

Red-billed Helmet Shrike	Cape Starling
Long Tailed Starling (s)	Red-winged Starling
Collared Sunbird	White-bellied Sunbird (s)
Marico Sunbird (s)	Yellow-White-eye
Buffalo Weaver	Grey-headed Sparrow (s)
Yellow-throated Sparrow (s)	Spectacled Weaver (s)
Red-headed Weaver	Melba Finch (s)
Common Waxbill	Blue Waxbill (s)
Red-billed Firefinch (s)	Jameson's Firefinch (s)
Yellow-eyed Canary (s)	Golden-breasted Bunting
Rock Bunting (s)	

(s) - Study skin
(h) - Heard
(t) - Trapped specimen
(a) - Alcohol specimen

	Bladsy
<u>HOOFSTUK 2.</u>	
<u>SAMEVATTING VAN LITERATUUR I.V.M. GREEFSWALD</u>	
1. INLEIDING	16
2. BREË KULTURELE EN OUDERDOMSVERBAND VAN DIE GREEFSWALDTERREINE	16
2.1 K2	16
2.2 Mapungubwekop en die Suidelike Terras	18
3. ALGEMENE LEWENSWYSE	21
3.1 Algemene tipering van die Leopard's Kopje-kultuurkompleks	21
3.2 K2	22
3.2.1 Akkerbou en veeherdery	22
3.2.2 Die jag- en versamelbedryf	23
3.2.3 Handel	23
3.2.4 Mynbou en metaalbewerking	24
3.2.5 Vestigingswyse	24
3.2.6 Godsdienst en rituele gebruike	24
3.2.7 Taal	25
3.3 MAPUNGUBWE	25
3.3.1 Akkerbou en veeherdery	25
3.3.2 Die jag- en versamelbedryf	26
3.3.3 Handel	26
3.3.4 Mynbou en metaalbewerking	27
3.3.5 Vestigingswyse	27
3.3.6 Godsdienst en rituele gebruike	28
3.3.7 Taal	28
4. TEGNIESE SKEPPINGE EN ANDER MATERIËLE OORBLYFSELS	28
4.1 Algemeen	28
4.2 K2	28
4.2.1 Strukture	28
4.2.2 Keramiek	29
4.2.3 Metallurgiese oorblyfsels	29
4.2.4 Artefakte van been, ivoor, skulp en volstruiseierdop	30
4.2.5 Glasware	30
4.2.6 Klipartefakte	30
4.2.7 Menslike geraamtes	30
4.2.8 Fauna	31
4.2.9 Flora	31
4.2.10 Ander oorblyfsels	31

	Bladsy
4.3 MAPUNGUBWE	31
4.3.1 Strukture	31
4.3.2 Keramiek	32
4.3.3 Metallurgiese oorblyfsels	33
4.3.4 Artefakte van been, ivoor, skulp en volstruiseierdop	33
4.3.5 Glas en porselein	33
4.3.6 Klipartefakte	34
4.3.7 Menslike geraamtes	34
4.3.8 Fauna	34
4.3.9 Flora	34
5. DIE FISIEKE Tipes VAN GREEFSWALD	35
5.1 K2	35
5.2 MAPUNGUBWE	35
6. KRITIEK I.V.M. DIE ARGEOLOGIESE WERK EN PROBLEME I.V.M. BESTAANDE INLIGTING OOR DIE GREEFSWALDTERREINE	36
6.1 Algemeen	36
6.2 Opgrawingswerk en dokumentasie van die stratifikasie	37
6.3 Beskrywing en ontleding van die vondstemateriale	37
6.4 Bepaling van die lewenswyse, breëre kulturele verband en ouderdom van die Greefswaldmense	38
BIBLIOGRAFIE	39

HOOFSTUK 2. SAMEVATTING VAN LITERATUUR IN VERBAND
MET GREEFSWALD

1. INLEIDING

Sedert die ontdekking van die Greefswaldterreine deur Blankes in die vroeë dertigerjare, is 'n groot en uiteenlopende verskeidenheid van feite, standpunte, bespiegeling, kritiek en probleme i.v.m. die Greefswaldoorblyfsels gepubliseer deur 'n aantal skrywers. 'n Wye spektrum van kultuurfasette, ouderdomsmoontlikhede en beskrywings van die raskundige verwantskap van die Greefswaldbewoners het in die proses ter sprake gekom.

Die goue voorwerpe wat in assosiasie met mensegeraamtes op Mapungubwe-kop gevind is, is steeds 'n middelpunt van openbare belangstelling. Vanuit wetenskaplike kringe is heelwat belangstelling gevestig op die kulturele en fisies-antropologiese vondstemateriale wat in die bewoningsafsettings voorkom. Dit blyk baie duidelik uit talle publikasies dat Mapungubwe en K2 'n belangrike rol vervul in die argeologie van Suidelike Afrika.

In hierdie samevatting van literatuurverwysings i.v.m. Greefswald word eerstens aandag gegee aan die breë kultuuridentiteit en kultuurverwantskappe van die Greefswaldmense binne geografiese verband. Hierbenewens word ook kennis geneem van die algemene lewenswyse van die Greefswaldmense asook spesifieke vondstemateriale wat lig werp op kulturele gebruike. Tweedens word aandag gegee aan die fisies-antropologiese verwantskap van die Greefswaldmense. In die derde plek word kortliks gewys op kritiek en probleme i.v.m. die werk wat tot dusver m.b.t. K2 en Mapungubwe gedoen is.

2. BREË KULTURELE EN OUDERDOMSVERBAND VAN DIE GREEFSWALDTERREINE

2.1 K2

Schofield het m.b.v. tipologiese beskrywings en vergelykings van die K2-potwerk probeer om die kulturele identiteit van K2 vas te stel (Schofield 1937:38-44). Die potwerk wat gedurende 1934 op K2 opgegrawe is, is deur Schofield as die sg. klas M2-keramiek beskryf. Dit

stem volgens hom ooreen met potwerk van Zimbabwe, wat deur Caton Thompson beskryf is (Schofield 1937:42,43). Schofield stel sy standpunt o.m. soos volg. "This class of pottery has generalized resemblances to Caton Thompson's class A, which we might expect if both wares were made by different branches of the same people" (Schofield 1937:42). Schofield sien ook verder sekere ooreenstemminge tussen die klas M2-potwerk en potware van die Natalse kus.

Ooreenstemmende kenmerke van die M2-potwerk en potwerk van Serowe, wat moontlik met die Mangwato verbind kan word, asook ooreenstemminge met potwerk van Buispoort naby Zeerust, wat Schofield met die Hurutshe verbind, lei tot Schofield se verbintenis van K2 met die Sotho (Schofield 1937:42).

In teenstelling met Schofield se gevolgtrekkings, assosieer Gardner K2 met 'n Hottentot-gemeenskap, om verskeie redes (Gardner 1955, 1956, 1963). Gardner se argumente word egter weerlê deur Walton (Walton 1956a:27) en Fagan (Fagan 1970:190).

Na Gardner se mening is K2 teen die einde van sy bewoningstydperk deur 'n Bantoe-gemeenskap bewoon (Gardner 1963:23). Volgens Fagan is die korrektheid hiervan nog nie bepaal nie vanweë 'n gebrek aan voldoende vondste (Fagan 1970:178).

Op Gardner en Schofield se assosiasie van K2 met histories bekende volke, volg Robinson en Summers se identifikasies van argeologiese ystertydperk-kulture, waarby die Greefswaldterreine ingeskakel is. Robinson het naamlik die Leopard's Kopje-kultuurkompleks in Rhodesië geïdentifiseer en beskryf (Robinson 1959b; 1965b; 1966). Robinson verdeel die Leopard's Kopje-kultuur chronologies in drie fases, nl. fase 1 of "Zhizo", fase 2 of "Mambo Hill" en fase 3 of "Woolandale". (Vgl. ook Huffman 1974:8).

Summers verbind K2 met die Leopard's Kopje-kompleks: "...it is now clear that the site K2 is a Leopard's Kopje mound, similar to others known in Rhodesia; it falls chronologically and culturally into the "Mambo Hill" phase (Leopard's Kopje 2)" (Summers 1970:161).

In 'n meer onlangse publikasie word die indeling van die Leopard's Kopje-chronologie deur Huffman gewysig en verfyn (Huffman 1974). Huffman beskou Robinson se fase 2 van Leopard's Kopje as die eerste werklike fase wat hy fase A noem. Volgens hom vertoon hierdie fase 'n noordelike of "Mambo"-vertakking en 'n suidelike of "Bambandyano"-vertakking

(Huffman 1974). K2 verteenwoordig die suidelike vertakking. Huffman verbind K2 met die voorouers van die huidige Kalanga omdat die geografiese verspreiding van die Leopard's Kopje-kompleks ooreenstem met dié van negentiende-eeuse Kalanga, asook 'n deurloopenheid van potwerk van K2 tot die negentiende-eeuse Kalanga. Huffman kom daarom tot die gevolgtrekking dat die Leopard's Kopje-mense een of ander vorm van "Kalanga" gepraat het (Huffman 1974:131).

In teenstelling met hierdie opvatting van Huffman is die standpunt van Fagan dat die taalkundige identiteit van ystertydperk-gemeenskappe nie m.b.v. argeologiese inligting bepaal kan word nie (Fagan 1970:190).

Dit blyk uit Summers se gegewens i.v.m. die Leopard's Kopje-chronologie (Summers 1970:161-163) dat die Leopard's Kopje-fase, waarby K2 ingesluit word, in die suidweste van Rhodesië en die aangrensende gedeelte van die Limpopovallei voorgekom het gedurende die tydperk 700 n.C. tot 1050 n.C. (Summers 1970:162, 170-171). K2 is gedateer 1050 n.C. (Gardner 1963:82). Summers vermeld gedateerde terreine wat tot dieselfde kulturele verband as K2 behoort, nl. die terrein Leopard's Kopje naby Khami, wat gedateer is op 700 ± 110 n.C.; Tshangula Cave wat gedateer is op 830 ± 90 n.C. en Thaba zika Mambo, wat gedateer is op 870 ± 100 n.C. (Summers 1970:171). By implikasie wil dit gevolglik voorkom of K2 een van die jonger terreine van hierdie fase van die Leopard's Kopje-kultuurchronologie is en geleë is in die suidelike randgedeelte van die verspreidingsgebied daarvan.

Huffman se geografiese plasing van die Leopard's Kopje-kulturfase waartoe K2 behoort, stem min of meer ooreen met dié van Summers. Huffman maak egter 'n verdere indeling daarvan, soos volg (Huffman 1974:111,117).

- (i) 'n Noordelike "Mambo"-variant ("facies") wat voorkom in die omgewing van Plumtree en Bulawayo gedurende die tydperk 845 ± 85 n.C. tot 1090 ± 95 n.C.
- (ii) 'n Suidelike Bambandyanaló-(K2)-variant wat voorkom vanaf Gwanda suidwaarts tct in die Limpopovallei, gedurende die tydperk 1040 ± 45 n.C. tot 1130 ± 50 n.C.

2.2 Mapungubwekop en die Suidelike Terras

Mapungubwe bestaan uit twee komponente, nl. Mapungubwekop en die Suidelike

Terras aan die voet van Mapungubwekop; beide is grootliks jonger as K2 (Fagan 1970:191).

Volgens Schofield het twee afsonderlike, oorvleuelende kultuurgroepe Mapungubwe gelyktydig bewoon, nl. die mense wat die klas M2-potwerk gemaak het en dié wat die klas M1-potwerk vervaardig het. Die M1-potwerk is volgens Schofield soortgelyk aan Caton Thompson se klas ZB2-potwerk uit die tweede bewoningsfase van Zimbabwe. Schofield vermeld kenmerke in hierdie potwerk wat hy met die Shona verbind (Schofield 1937:36-38, 41-43; 1948:106-108; Jones 1937:27-28).

Alhoewel daar verskille bestaan tussen die materiële goedere van Zimbabwe en Mapungubwe, sien Schofield benewens ooreenstemminge in potwerk ook ooreenstemminge in ander vondstemateriale soos goue voorwerpe, ander metaalvoorwerpe, spintolle, kleifiguurtjies e.s.m. (Schofield 1948:108).

Gardner identifiseer ten opsigte van sekere potwerkkenmerke 'n chronologie van vier opeenvolgende kulture op Mapungubwekop (Gardner 1963:65-66, 81-82, 233) soos volg.

(i) Teen 1250 n.C. is die Hottentot-gemeenskap op K2 vernietig deur 'n Bantogroep, waarna Mapungubwe vanaf 1250 n.C. tot 1300 n.C. bewoon is deur 'n gemengde Hottentot- en Nguni-gemeenskap. Die einde van hierdie eerste bewoningsfase word gekenmerk deur 'n prominente brandpuinlaag oor die terrein.

(ii) Vervolgens is Mapungubwe vanaf 1300 n.C. tot 1450 n.C. bewoon deur 'n Sotho-gemeenskap. Die beëindiging van hierdie bewoningsfase word eweneens gekenmerk deur 'n prominente brandlaag oor die terrein.

(iii) Vanaf 1450 n.C. tot 1750 n.C. het 'n Vendagroep hulle op Mapungubwe gevestig.

(iv) Teen 1750 n.C. tot 1800 n.C. is Mapungubwe weer eens deur 'n Hottentot-gemeenskap bewoon. Teen 1825 het die bewoning van Mapungubwe finaal tot 'n einde gekom.

Schofield se identifikasie van twee potwerktradisies op Mapungubwe weerspreek egter Gardner se chronologiese indeling van bewoningsfases. Hy identifiseer slegs twee basiese potwerktradisies, klas M1 en klas M2 (Schofield 1937:36). In die onderste lae is M2 oorheersend, maar dit neem in verhouding af in die

boonste lae terwyl M1 onder in die minderheid is maar M2 dan in die boonste lae verdring (Schofield 1948:107).

Volgens Fagan bewys Gardner se stratigrafiese profiele nie noodwendig die betekenisvolle onderbrekings wat Gardner sien in die bewoning van Mapungubwe nie. Fagan meld in hierdie verband voorts dat Schofield se potwerkchronologie vir Mapungubwe geen aanduidings gee van 'n belangrike onderbreking in die gevestigde kultuur op Greefswald nie. 'n Geleidelike verfyning van potwerk kom voor, asook 'n verryking in die Mapungubwe-kultuur tydens die finale fases van die bewoning van Mapungubwekop: "The probability is, therefore, that the Hill was occupied by a single community, whose culture was gradually diversified and improved as the imprint of the M1 people upon the region became stronger" (Fagan 1970:193).

Fagan aanvaar nie Gardner se verbintenis van Mapungubwe met 'n Hottentot-groep nie. Hy dink dat Gardner se interpretasie beïnvloed is deur Galloway se klassifikasie van die menslike skeletmateriaal. Hy voer ook verder aan: "But even if we accept Gardner's conclusion, it is hard to believe that a group of Hottentot pastoralists would be capable of adapting themselves to such a radically different economy and material culture as that of the Bantu occupants of Mapungubwe. There is every indication that the hill was settled throughout its history by Iron Age peoples, who were probably speaking a Bantu language" (Fagan 1970:195). Fagan wys egter daarop dat daar geen tekens van 'n Vendakultuur op Mapungubwe gevind is nie (Fagan 1970:196).

Robinson se identifikasie van die Leopard's Kopje-tradisie van suid-westelike Rhodesië (Robinson 1959b, 1965b, 1966) in terme van potwerk-kenmerke is gevolg deur opgrawings op verskeie Rhodesiese terreine, na aanleiding waarvan die Leopard's Kopje-tradisie ingedeel is in drie opeenvolgende fases, nl. Zhizo, Mambo en Woolandale.

Summers het Mapungubwe verbind met die "Woolandale" of derde fase van die Leopard's Kopje-chronologie. Volgens Summers het die "Mambo"- of tweede fase tesame met die middel-fase van Zimbabwe ontwikkel in die Woolandale-fase, wat op sy beurt tesame met 'n vreemde invloed ontwikkel het in die Mapungubwe-vorm (Summers 1970:162).

Volgens Huffman se aanbieding van die Leopard's Kopje-kultuur beskou hy

Robinson se derde fase, nl. die Woolandale-fase van die Leopard's Kopje-chronologie, slegs as die tweede fase, nl. die fase B van die chronologie. Huffman verdeel hierdie fase in 'n noordelike vertakking ("facies") wat hy "Woolandale" noem, en 'n suidelike vertakking, wat hy "Mapungubwe" noem (Huffman 1974:118, 129, 131).

Soos reeds vermeld, stem Huffman (Huffman 1974:111) en Summers (Summers 1970:162) se aanduidings van die algemene geografiese verspreiding van die Leopard's Kopje-oorblyfsels min of meer ooreen. Volgens Huffman kom die Woolandale-vertakking van die Leopard's Kopje-kultuur voor noord en noordwes van Gwanda, in die omgewing van Plumtree en Bulawayo terwyl die Mapungubwe-variant versprei is vanaf die omgewing van Gwanda suidwaarts tot in die Limpopovallei (Huffman 1974:111).

Radiokoolstofdaterings plaas hierdie fase van die Leopard's Kopje-kultuur in die tydperk vanaf die 12de tot die 15de eeue (Summers 1970:170-171; Huffman 1974:117). Die datums wissel van 1380 ± 60 n.C. en 1420 ± 95 n.C. vir Mapungubwe, tot 1160 ± 95 en 1280 ± 95 n.C. vir Mapila Hill en 1250 ± 40 n.C. vir Mtanye. Woolandale is gedateer op 1310 ± 90 n.C.

3. ALGEMENE LEWENSWYSE

3.1 Algemene tipering van die Leopard's Kopje-kultuurkompleks

In die bestaande literatuur bestaan daar nêrens spesifieke en duidelik omlynde beskrywings van die lewenswyses van die K2- en Mapungubwemense nie, hoofsaaklik omdat die herwinning van inligting en vondstemateriale van die terreine tot dusver baie onvolledig en onakkuraat gedoen is. Die enigste afleidings in hierdie verband is in algemene, nie-spesifieke terme gebaseer op 'n klein aantal vondste en waarnemings van navorsers i.v.m. die Greefswaldterreine; en op die bestaande kennis van die Leopard's Kopje-kompleks in sy geheel.

Die Greefswaldterreine en die breëre Leopard's Kopje-verband daarvan word as 'n tipiese Ystertydperk-kultuur beskryf. Summers definieer die Ystertydperk soos volg: "The name "Iron Age" has been given to a series of post-Stone Age industries in Rhodesia. The industries themselves vary very considerably, but all are characterized by the use of iron for

tools and weapons. Unlike the sequence in Europe and the Near East, that of south-central Africa shows no copper- or bronze-using stage between the stone and iron using phases" (Summers 1970:157).

Summers meld in hierdie verband dat die Leopard's Kopje-terreine in goudryke gebiede voorkom en die argeologiese industrie is wat die meeste met mynbou geassosieer word (Summers 1970:161). Huffman huldig egter die volgende mening "...and Leopard's Kopje need not have been a mining, culture, but rather mining would have been simply an addition to the mixed farming economy" (Huffman 1974:121). Fagan tipeer die Leopard's Kopje-kultuur eweneens soos volg: "The latter are associated with definite evidence of a mixed farming economy, iron working, and mud-hut building" (Fagan 1970:190).

Die lewenswyse van die K2- en Mapungubwemense word deur Fagan m.b.t. ekonomiese bestaanswyse as gemengde boerdery getipeer. "This agricultural economy is a typical Iron Age subsistence pattern of the period" (Fagan 1970:194).

3.2 K2

3.2.1 Akkerbou en veeherdery

Die enigste aanduidings wat tans bestaan i.v.m. akkerbou-aktiwiteite op K2, is die manna waarvan Gardner in sy vondstelyste melding maak (Gardner 1963:94-108). Volgens Gardner was die latere bewoners van K2 'n Nguni-groep met 'n primitiewe pikbou-kultuur (Gardner 1963:81). Fagan meld dat Gardner nie hierdie latere bewoners se oorblyfsels in die boonste lae beskryf het nie en sy stelling gevolglik nog nie bewys kan word nie (Fagan 1970:178).

Die mense wat K2 bewoon het voor die koms van die Bantogroep was, volgens Gardner, veeherders wat waarskynlik hulle rykdom bepaal het in terme van hulle getal lewende vee (Gardner 1963:28 en hulle dieet het bestaan uit melk en vleis (Gardner 1963:27). Gardner vermeld in sy vondste-opgawe verskeie oorblyfsels van beeste en skape (Gardner 1963:94-132).

Huffman wys daarop dat die oorblyfsels van beeste volop voorkom op Leopard's Kopje-terreine, insluitende K2; en dat groot veetroppe 'n

'n belangrike rol gespeel het in die Leopard's Kopje-gemeenskappe (Huffman 1974:119).

Fagan is van mening dat tekens van akkerbou op K2 moontlik misgekyk is. Volgens hom toon die K2-potwerk ooreenstemminge met dié van Leopard's Kopje in suidelike Rhodesië. Omdat K2 derhalwe tot die Leopard's Kopje-verband behoort, moet die Leopard's Kopje-ekonomie ook op K2 weerspieël word, nl. o.m. gemengde boerdery (Fagan 1970:190).

Volgens Huffman het die beklemtoning van veeherdery nie noodwendig gedui op 'n totale veeherders-ekonomie nie, aangesien verkoolde sade van sekere Leopard's Kopje-terreine dui op akkerbou, terwyl maalklippe wat moontlik te doen het met die fynmaak van graan ook op Leopard's Kopje-terreine voorkom (Huffman 1974:119). Hy is ook van mening dat sekere kenmerke van die Leopard's Kopje-potwerk indirek kan dui op die aanwesigheid van akkerbou. In die noordelike ("Mambo")-variant van hierdie fase van die Leopard's Kopje-kultuur is verskeie oorblyfsels van beeste en skape of bokke sowel as die oorblyfsels van gedomestikeerde plantsoorte op verskillende terreine gevind. Oorblyfsels van beeste en graan kom ook voor op terreine van die suidelike ("Bambandya-nalo") variant van die Leopard's Kopje-kultuur (vergeelyk Huffman 1974).

3.2.2 Die jag- en versamelbedryf

In die beskikbare navorsingsverslae (Fouché 1937; Gardner 1963) bestaan daar feitlik geen inligting oor die jag- en versamelbedryf van die K2-mense nie. In Gardner se vondstelyste bestaan daar, met uitsondering van verwysings na ivoor en sekere skulpsoorte, geen gewens i.v.m. geïdentifiseerde wilde fauna- en flora-soorte nie. Op ander Leopard's Kopje-terreine is heelwat vondste van wilde spesies gemaak en word deur Huffman vermeld (Huffman 1974:69-72, 74).

3.2.3 Handel

Daar bestaan nie veel inligting i.v.m. die handelsaktiwiteite van die K2-mense nie. Die enigste aanduidings van handel op K2 is die aanwesigheid van klein glaskrale. Volgens Beck (Gardner 1963:32) is die krale moontlik afkomstig van Indië. Schofield meen dat die krale tekens is van direkte handelskontak met die Arabiere en Portugese (Schofield

1938:365-371). Robinson beskou spesifiek die Arabiere as die verskafers van die glaskrale wat op K2 gevind is (Robinson 1959a). Die aanwezigheid van seeskulpe dui volgens Gardner op handelskontak met die Ooskus (Gardner 1963:31).

3.2.4 Mynbou en metaalbewerking

Geen spesifieke gegewens i.v.m. mynbou- en metaalbewerking op K2 is tot dusver ingewin nie. Gardner maak slegs melding van metaalslak op K2, asook 'n aantal gebruiksartikels van koper en yster (Gardner 1963). Volgens Gardner het die latere bewoners van K2, wat hy as 'n Bantogroep identifiseer, wapens en ander voorwerpe van koper en yster gehad. In die dieper woonlae op K2, wat Gardner met 'n Hottentotgroep verbind, kom daar volgens hom nie veel metaalvoorwerpe voor nie (Gardner 1963:30-31). Fagan verbind K2 met die Leopard's Kopje-kultuur wat juis deur metaalbewerking gekenmerk word (Fagan 1970:190). Summers assosieer ook die Leopard's Kopje-industrieë spesifiek met mynbou (Summers 1970:161) en stel sy opvatting soos volg: "Leopard's Kopje now proves to have been a fairly wealthy industry; both "Mambo Hill" and "Woolandale" (Leopard's Kopje 2 and 3) were gold producers" (Summers 1970:163).*

3.2.5 Vestigingswyse

Gardner se beskrywings i.v.m. die vestigingswyse van die K2-mense (Gardner 1963) word deur Fagan opgesom: "Captain Gardner was immediately struck by the absence of baked mud floors in the lower levels of K2, and concluded that the inhabitants had lived in much more impermanent structures made of grass, wood, and skins, a characteristic of Hottentot pastoralists" (Fagan 1970:180). Fagan verduidelik egter verder dat gepleisterde boustrukture moeilik gevind kan word in die vroeë ystertydperk-industrieë en dat die afwesigheid daarvan in die dieper lae van Gardner se opgrawings nie beskou kan word as deurslaggewende inligting nie. Fagan is van mening dat die boustrukture tog elders op die terrein kan voorkom (Fagan 1970:180).

3.2.6 Godsdienste en rituele gebruike

Talle grafte is op K2 gevind, maar skrywers het tot dusver nie uitsprake gemaak oor die godsdienstige of rituele betekenis daarvan nie. Gardner

*Vgl. ook Huffman 1974:121.

maak sekere algemene beskrywings daarvan (Gardner 1963). Hy verduidelik dat die mense van K2 hulle dooies naby die wonings begrawe het en dat grafte ook onder gruisvloere aangetref is, hoewel dit nie duidelik is of hierdie verskynsel toevallig is nie (Gardner 1956:55).

Die sg. dierebegrafnisse wat deur Gardner beskryf word, kan volgens Wilson vergelyk word met resente gebruike onder die Venda en ander Bantogroepe (Wilson 1969:175). Gardner wys op talle gelowe en rituele gebruike i.v.m. veediere elders in Afrika wat moontlik na K2 kon versprei het (Gardner 1963:58-59). Huffman meen ook dat die dierebegrafnisse 'n rituele betekenis kan hê (Huffman 1974:119).

3.2.7 Taal

Die moontlikheid vir die bestudering van taalgebruik in die Ystertydperk word deur Fagan opgesom: "It is and always will be impossible from archaeological evidence alone to say whether the K2 people, or any other Iron Age people for that matter, were Bantu- or click-speakers" (Fagan 1970:190).

Lestrade is van mening dat die Sotho die reeds aanwsige Shona of Venda in die omgewing van Mapungubwe kon verdring het sowat 150 tot 200 jaar gelede (Lestrade 1937:120-121).*

Huffman wys daarop dat die meeste Leopard's Kopje-mense 'n vorm van Kalanga kon gepraat het omdat die geografiese verspreiding van die Leopard's Kopje-kultuur ooreenstem met dié van Kalanga, omdat Kalanga skynbaar vir 'n lang tyd reeds hier bestaan en omdat daar, na Huffman se oordeel, 'n aaneenlopendheid bestaan in die ontwikkelingsgang van die K2-potwerk tot die 19de eeuse Kalanga-potwerk (Huffman 1974:123).

3.3 MAPUNGUBWE

3.3.1 Akkerbou en veeherdery

Daar bestaan nie veel inligting oor die akkerboubedryf van die Mapungubwe-mense nie. Gardner maak in sy vondstelyste melding van verskeie klein klipstrukture wat hy "granary foundations" noem, asook manna wat opgegrawe is (Gardner 1963:133-167). Huffman wys daarop dat maalklippe wat waarskynlik vir die fynmaak van graan gebruik is, asook klipstruktuurtjies

*Hierdie mening van Lestrade het nie meer enige betekenis nie, want dit is nou bekend dat die Greefswaldkulture vroeër as 200 jaar gelede reeds vanuit daardie gebied verdwyn het.

waarop graanhouders moontlik gerus het, algemeen voorkom op Leopard's Kopje-terreine (Huffman 1970:119). Enkele sade wat van Mapungubwe afkomstig is, is geïdentifiseer as gedomestikeerde gewasse (Pole-Evans 1937:31). Curzon maak melding van beestipes wat op Mapungubwe aangehou is (Gardner 1963:29).

Die ekonomiese bestaanswyse van die Mapungubwemense is volgens Fagan gebaseer op gemengde boerdery: sorghum en kafferboontjies is verbou en beeste sowel as kleinvee is op betreklike groot skaal aangehou. Fagan beskou dit as die kenmerkende ekonomiese bestaanswyse gedurende daardie stadium van die Ystertydperk (Fagan 1970:194).

3.3.2 Die jag- en versamelbedryf

Gardner maak in sy vondstelyste melding van skulp, diere-tande en -been=dere van enkele wilde faunasoorte (Gardner 1963:133-167), maar sê verder nie veel oor die ekonomiese bestaanswyse van die Mapungubwemense nie. Die sade van enkele wilde plantspesies is ook geïdentifiseer (Pole-Evans 1937:31). Fagan het die indruk gekry dat die bene van wilde diere minder voorkom as dié van mak vee, wat volgens hom 'n aanduiding is dat die jag=bedryf minder belangrik was op hierdie tydstop (Fagan 1970:194).

Daar bestaan heelwat meer gegewens oor die wilde fauna en flora van die Leopard's Kopje-terreine in Rhodesië (vergelyk Huffman 1974).

3.3.3 Handel

Na Fagan se oordeel het die Mapungubwemense heelwat natuurlike ru=materiale in die Limpopovallei benut vir handelsdoeleindes, soos byvoorbeeld ivoor en koper van Messina (Fagan 1970:194).

Die aanwesigheid van glaskrale en Sjinese porselein op Mapungubwe is 'n bewys van kontak tussen die Mapungubwemense en Arabiese of Portugese handelaars (Robinson 1959a:87; Fagan 1971). Fagan vermoed dat Mapungubwe die mees suidelike grens van die Karanga-invloedsfeer moes gewees het en wys daarop dat die Karanga gedurende die 14de eeu aktief handel gedryf het met die Arabiere (Fagan 1971). M.b.t. inge=voerde tekstielware is Huffman van mening dat die Arabiere die weefkuns na die binneland kon gebring het (Huffman 1971:17).

3.3.4 Mynbou en metaalbewerking

Op Mapungubwe is 'n verskeidenheid van metallurgiese oorblyfsels gevind wat daarop dui dat metaalbewerking 'n belangrike rol in die mense se lewenswyse gespeel het. 'n Verskeidenheid van yster-, koper- en goue voorwerpe, asook minstens een bronsvoorwerp is gebruik as gereedskap, ornamente, seremoniële voorwerpe e.s.m. Talle metaal-eksemplare is ondersoek deur Weber en Pearson (vergelyk Fouché 1937). Oorblyfsels van metaalslak en klei-blaaspype (Fouché 1937) getuig van metallurgiese bewerkingstegnieke.

Volgens Summers was Mapungubwe 'n belangrike sentrum vir mynbou en metaalbewerking in Transvaal: "Mapungubwe played a vital part in spreading a knowledge of metals into South Africa. Around the flank of the Waterberge and over the Transvaal Highveld went the prospectors, looking for copper and tin, which they found in quantity at Rooiberg and elsewhere and sent it to Mapungubwe" (Summers 1967:696). Volgens Fagan het die Mapungubwemense 'n leidende aandeel gehad in die kopermyne van Messina (Fagan 1970:194). Dit wil voorkom of alle fases van die Leopard's Kopje-kultuur gekenmerk is deur die ontginning van goud en koper (Summers 1970:160).

Volgens Summers was die mense van Leopard's Kopje fases 2 en 3 in Rhodesië goudprodusente, terwyl die mense van Mapungubwe goudgebruikers was (Summers 1970:163). Fagan betwyfel die moontlikheid dat goud op Mapungubwe bewerk is (Fagan 1970:194).

3.3.5 Vestigingswyse

Die bewoners van Mapungubwe was 'n gevestigde gemeenskap, soos duidelik aangedui word deur die talle oorblyfsels van klipmure, paal- en klei-hutte en ander strukture wat deur die vroeëre opgrawers beskryf is (Fouché 1937; Gardner 1963). Die huidige kennis van vestiging op Mapungubwe word baie kortliks deur Fagan saamgevat: "Traces of elaborate daga

structures were found by all investigators. These included houses with courtyards, huts with verandahs, and more simple structures" (Fagan 1970:194).

3.3.6 Godsdiens en rituele gebruike

Die enigste definitiewe tekens van godsdiensstige of rituele gebruike was die grafte op Mapungubwe. Geen duidelike beskrywings daarvan is egter deur die vroeë navorsers gemaak nie. Mapungubwe was moontlik 'n belangrike rituele sentrum (Fagan 1970:196).

3.3.7 Taal

Volgens Fagan gee argeologiese inligting geen aanduidings van die tale wat deur ystertydperk-mense gepraat is nie (Fagan 1970:190). Fagan kom nogtans tot die gevolgtrekking "There is every indication that the Hill was settled throughout its history by Iron Age peoples, who were probably speaking a Bantu language" (Fagan 1970:195). Hy wys daarop dat Schofield sekere Shonakenmerke sien in die Mapungubwe-potwerk, terwyl Shonakenmerke ook voorkom in Zimbabwe-potwerk wat met Mapungubwe-potwerk ooreenstem (Fagan 1970:195), m.a.w. albei die terreine word met Shonasprekendes verbind.

Lestrade maak melding van sekere Bantoe-oorleweringe wat betrekking het op 'n Kalanga-hoofman van wie 'n regiment met die naam "Mapungubwe" in die omgewing van die huidige Greefswald gestasioneer was (Lestrade 1937:121). Huffman voer ook verskeie redes aan waarom die meeste Leopard's Kopje-gemeenskappe na sy mening een of ander vorm van Kalanga gepraat het (Huffman 1974:123).

4. TEGNIËSE SKEPPINGE EN ANDER MATERIËLE OORBLYFSELS

4.1 Algemeen

'n Volledige bespreking van die gegewens wat i.v.m. die vondstemateriaal van Greefswald gepubliseer is, is nie hier ter sake nie. Vir die doeleindes van die huidige ondersoek word slegs 'n opsomming verstrekk van die tegniese skeppinge en ander materiële oorblyfsels wat lig werp op die mense van Greefswald en hulle lewenswyse.

4.2 K2

4.2.1 Strukture

Gardner kon geen tekens van woonhutte of ander woonstrukture kry nie en spreek

die vermoede uit dat die K2-mense gewoon het in ligte, tydelike skerms van stokke, gras of velle (Gardner 1963:27).

Jones bespreek die klipmure op Bambandyanalorant kortliks (Jones 1937:19) hoewel hy hulle nie definitief met K2 verbind nie. Die enigste klipbouwerke wat met K2 in verband staan, is die opgestapelde kliphope ("izivivane") waarvan een op K2 voorkom en 'n tweede naby K2 geleë is. Gardner gee geen duidelike beskrywing van die kliphope nie en spekuleer slegs oor die moontlike betekenis daarvan, o.m. dat dit moontlik verband hou met die Heitzi-Eibib-kultus van die Hottentotte (Gardner 1963:70-73).

Gardner vermeld vuurmaakplekke wat bestaan uit klippe wat in 'n regopstaande posisie naby mekaar ingeplant is en volgens hom behoort tot die sg. "Hottentot"-bewoningsfase van K2 (Gardner 1963:27,38).

4.2.2 Keramiek

'n Verskeidenheid van keramiek-voorwerpe is op K2 gevind (Fouché 1937; Gardner 1963). Groot hoeveelhede keramiekhouders kom algemeen voor in die argeologiese afsettings asook, in 'n mindere mate, kleifiguurtjies van mense en diere, kraalvormpies, lepels, krale en enkele ander voorwerpe.

Schofield het 'n tipologiese indeling en beskrywing gemaak van die potwerk van K2 en dit klas M2 genoem (Schofield 1937; 1948). Hy het die keramiekhouders t.o.v. hulle vorms ingedeel in 'n tipereeks van bakke, bekere, bekerbakke, geskouerde potte, sfeervormige potte en boepenspotte (vgl. Schofield 1937: 38,39; plate XXIII-XXXI).

Gardner het ook 'n tipologiese klassifikasie gemaak van keramiekhouders soos potte, bakke en bekere en hy beskryf ook kleifiguurtjies en ander voorwerpe (Gardner 1963:60-64, 94-132, 36-37; plate XXII-XXV, XXIX-LIV, LX).

4.2.3 Metallurgiese oorblyfsels

Daar bestaan feitlik geen inligting oor die metallurgiese materiaal van K2 nie. Volgens Gardner het die K2-bewoners nie veel metaalvoorwerpe gebruik nie, met uitsondering van die Bantogroep wat later op K2 ingetrek het en 'n primitiewe pikbou-kultuur beoefen het (Gardner 1963). Gardner noem die aanwesigheid van verskillende eksemplare van koperen yster (Gardner 1963:30-31;

94-132; plaat XXVIII): metaalslak, yster- en koperringe, koperdraad, yster-assegaailemme, ysterdissels, 'n ysterboor, ysterpiklemme en verskeie ongeïdentifiseerde yster- en koper-oorblyfsels.

4.2.4 Artefakte van been, ivoor, skulp en volstruiseierdop

Gardner het verskeie artefakte van been en ivoor op K2 gevind. Hy identifiseer die voorwerpe as else, naalde, pylpunte en -tussenskagte, skraap-, poleer- of graveer-instrumente, armbande, ringe en lepels. Krале is ook gemaak van volstruiseierdop en skulp (Gardner 1963:31, 94-132; plate XXVII, XXVIII).

4.2.5 Glasware

Die enigste glasware is krале wat veral by menslike geraamtes gevind is. Die krале is hoofsaaklik klein, ingevoerde handelsglaskrале en ook verskeie tuisgemaakte, groot "tuinroller"-krале.

Beck gee kortliks aandag aan sekere tipes krале wat afkomstig is van Bambandyanaló (K2) waar dit in assosiasie met grafte gevind is (Beck 1937:103-108;) so ook Schofield (Schofield 1938:346).

Van Riet Lowe het m.b.v. 'n spektroskopiese ondersoek van die glaskrале 'n indeling van tipes gemaak (Van Riet Lowe 1955) wat later deur Gardner bespreek word (Gardner 1963:32-33). Gardner maak daarbenewens ook sy eie indeling en beskrywing van die krале in terme van kleur, vorm, grootte ens. wat hy dan verbind met 'n chronologie van "Vroeë", "Middel"- en "Laat-Mapungubwe" (Gardner 1963:33-35).

4.2.6 Klipartefakte

'n Klein hoeveelheid klipartefakte van K2 word kortliks deur Gardner geïdentifiseer: klein spoelklippies ("isifuba"-klippies), hamerklippe, slypklippe, gegroefde klippe, kappers, poleerklippe, klippe met tekens van afwerking of gebruiksverwering (Gardner 1963:35-36, 94-132; plaat XXIX).

4.2.7 Menslike geraamtes

'n Aantal grafte met menslike oorblyfsels is op K2 gevind. Jones beskryf 4 kindergrafte wat aan die voet van Bambandyanaló voorkom het (Jones 1937:19;

diagram 5; plate XI, XII). Gardner beskryf 70 grafte, waarvan byna almal dié van onvolwasse persone was (Gardner 1963:39-51; diagramme 2, 4, plate XI-XX). Die dooies is normaalweg in 'n saamgetrekte posisie op hulle sykante begrawe en omring deur kleipotte, potskerwe of klippe, asook krale. Sommige ge=raamtes het geen grafgoedere by hulle gehad nie (Gardner 1963:8).

4.2.8 Fauna

Die oorblyfsels van mak sowel as wilde diere kom op K2 voor maar is nie duidelik beskryf nie. Brink maak opmerkings oor slaggewoontes en ander ver=skynsels wat hy opmerk i.v.m. beesbeendere op K2 (Gardner 1963:28-29). Gardner vermeld skeletgedeeltes van skape en beeste wat deur hom opgegrawe is (Gardner 1963:94-132). Olifanttande was op K2 in gebruik (Gardner 1963:31). 'n Tand van 'n wildevarc (Gardner 1963:98) asook die skulpe van Achatina, Unio, Natica, Cardium, Cypraea en Nacre (Gardner 1963:94-132) is gevind.

4.2.9 Flora

Gardner noem in sy vondstelyste verkoolde mannaaad wat gevind is (Gardner 1963: 94, 95, 98, 108).

4.2.10 Ander oorblyfsels

Gardner vermeld ook twee ander opvallende verskynsels by K2, nl. holtes of putte in die grond en dierebegrafnisse. 'n Hele aantal holtes is gevind waarin houtskool, glaskrale, potskerwe, gebrande been ens. aangetref word. Gardner deel hulle soos volg in: "The pits were 32 in number and have been recognised as follows: 13 cooking pits, 14 kiln or pottery firing pits, 3 uncertain and 2 containing beast burials"(Gardner 1963:37).

Sowat 6 dierebegrafnisse is deur Gardner op K2 gevind (Gardner 1963:54-59; diagramme 2, 4; plate XXI, XXII). Die dierebegrafnisse word gekenmerk deur die beendere van diere wat saam met hoeveelhede potwerk begrawe is.

4.3 MAPUNGUBWE

4.3.1 Strukture

Prominente oorblyfsels van hutte en ander boustrukture kom algemeen op Mapungubwe voor. Jones vermeld 'n konsentrasie hutte wat blootgelê is op die Suidelike

Terras (Jones 1937:16; plate VIII, IX; diagram 4). Die hutte het bestaan uit harde vloere ("cement floors"); mure van pale en klei; trappe en lae opbouings of muurtjies ("curbs") kom voor.

Jones maak melding van hut-oorblyfsels en harde vloere op Mapungubwekop (Jones 1937:13-14, plaat VII) en Gardner illustreer oorblyfsels wat hy beskou as 'n "hut complex" in die groot holte ("great depression") op Mapungubwekop (Gardner 1963; plate VIII, IX). Die algemene kenmerke van hierdie hut-oorblyfsels is paal-en-kleimure met sirkelvormige planvorms, veranda's, gruisvloere en lae muurtjies of opbouings soortgelyk aan dié op die Suidelike Terras wat deur Jones beskryf word.

Jones beskryf ook vrystaande klipmure en terrasmure van klip wat voorkom op Mapungubwekop en op die Suidelike Terras (Jones 1937:13,15,17,18,20 e.s.m.). Klein klipsirkels of klipplattvorms kom ook voor en word beskryf as staanplekke vir graanhouers (Jones 1937:16). Vyselklippe wat in woonvloere vasgebou is, kom ook voor (Jones 1937:16).

4.3.2 Keramiek

Schofield het die klas M2-potwerk van K2 ook op Mapungubwe gevind en daarbenewens 'n vreemde tipe wat hy klas M3 noem (Schofield 1937). Hy gee verder 'n beskrywing van die potwerk wat algemeen op Mapungubwe voorkom en wat van die klas M2 van K2 verskil. Hy noem hierdie tipe potwerk klas M1 (Schofield 1937: 36-38; plate XVII-XXII; 1948:101-108). In die M1 tipereeks onderskei Schofield vlak bakke, diep bakke, geskouerde potte, boepenspotte, subsferiese bakke en bekerbakke.

Die aanwesigheid van M1- en M2-potwerk word deur Schofield soos volg opgesom: "At Mapungubwe, Class R2 pottery (or, as Schofield called it, M1) was found in relatively enormous quantities Throughout the excavations on Mapungubwe Hill, R2 pottery was found in conjunction with a very different type of ware that occurred in increasing quantities with the depth of the excavation. Thus, for the first foot (0.30 m) of the excavation, 91.5% of the pottery found belonged to Class R2, 4.8% belonged to this second type (provisionally called Class M2), and 3.7% was indefinite; but in the seventh foot (1.8-2.4 m) the proportions were respectively 33.7%, 51.7% and 14.6%" (Schofield 1948:107).

Gardner het ook 'n klassifikasie van potte gemaak (Gardner 1963:63-65; plate LIX, XXV, LV-LIX) en hy het hulle ingedeel in 'n vertikale chronologie in stratigrafiese verband (Gardner 1963:65-66; plaat LXI).

Jones verwys na ander keramiese voorwerpe soos kleifiguurtjies van diere, spin=tolle, blaaspype, lepels en ongeïdentifiseerde voorwerpe (Jones 1937:14,16,18; plaat XV).

4.3.3 Metallurgiese oorblyfsels

Stanley gee in 'n kort verslag 'n beskrywing van metaalslak wat van Mapungubwe afkomstig is (Stanley 1937a:30) en bespreek ook werkstegnieke en ander gegewens i.v.m. voorwerpe van koper, brons en goud wat op Mapungubwe gevind is (Stanley 1937b:117-118). Die goue voorwerpe van Mapungubwe word ook bespreek deur Weber (Weber 1937:114-116) en Pearson (Pearson 1937:116-117). Beck behandel ook kortliks die krale van goud en koper (Beck 1937:108-110). Die metaal=voorwerpe wat behandel word, is hoofsaaklik krale, draadwerk, spiraalgedraaide bande, plaatwerk, spykers, slak e.s.m. Gardner verskaf 'n lys van metaalvoor=werpe wat op Mapungubwe gevind is (Gardner 1963:133-168). Jones maak ook melding van metaalwerk wat opgegrawe is (Jones 1937:14-18, 25; plaat XVI).

4.3.4 Artefakte van been, ivoor, skulp en volstruiseierdop

'n Opvallende kenmerk van die boonste woonlae is die aanwesigheid van groot getalle pylpunte en tussenskagte ("linkshafts") wat deur Gardner beskryf en bespreek word (Gardner 1963:68-70; plate XXVII, LXII). Gardner vermeld in sy vondstelyste 'n aantal voorwerpe van been, skulp, volstruiseierdop en ivoor (Gardner 1963:133-166). Jones maak ook melding van dergelike voorwerpe (Jones 1937:14-16, 25-26; plaat XVI).

4.3.5 Glas en porselein

'n Hoeveelheid glaskrale van Mapungubwekop en die Suidelike Terras word t.o.v. hulle kleur, grootte, chemiese en ander kenmerke bespreek deur Beck (1937:103-108) en Schofield (1938:341-346). Van Riet Lowe gee in sy spektroskopiese ontleding van die glaskrale van Greefswald o.m. ook aandag aan dié van Mapungubwe (Van Riet Lowe 1955). Gardner bespreek die klassifikasie van Van Riet Lowe en maak o.m. ook sy eie klassifikasie van die krale volgens kleur, grootte e.s.m. (Gardner 1963:32-35). Gardner plaas die kraaltipes wat hy

onderskei in 'n chronologie wat hy onderverdeel in "Vroeë", "Middel-" en "Laat-Mapungubwe".

Jones verwys na twee stukkies Sjinese porselein wat deur Hobson getipeer is as materiaal uit die Laat-Sung periode wat dateer uit die 12de tot 14de eeue n.C. (Jones 1937:14, 26; plaat XVI).

4.3.6 Klipartefakte

Jones (1937:26) en Gardner (1963:133-167) maak melding van 'n aantal klipgebruiksartikels wat op Mapungubwe en die Suidelike Terras gevind is, nl. maalklippe, skuurklippe, hamerklippe, slypklippe, poleerklippe e.s.m.

4.3.7 Menslike geraamtes

Op Mapungubwekop is sowat 24 menslike skelette in grafte gevind. Jones meld dat die skelette in 'n saamgetrekte houding op hulle sykante gelê het, met glaskrale, kleipotte en metaalringe as grafgoedere (Jones 1937:15; plaat IX).

4.3.8 Fauna

Die skelet-oorblyfsels van beeste word deur Curzon beskryf: "... it is clear that the Mapungubwe folk possessed cattle of the Afrikander and Sanga types ... Sanga, best represented in South Africa and usually possessing a cervicothoratic and muscular hump. It is derived by the mating of the Hamitic longhorn and the lateral-horned Zebu" (Gardner 1963:29). Gardner vermeld in sy vondstelyste 'n aantal ongeïdentifiseerde skeletgedeeltes, die tand van 'n wilde vark, stukkies volstruiseierdop en skulpe wat geïdentifiseer is as *Unio*, *Natica*, *Cypraea*, *Nerita*, *Cardium*, *Cimoneta*, *Venus*, *Achatina*, e.s.m. (Gardner 1963:133-167).

4.3.9 Flora

Gardner maak melding van manna wat van Mapungubwe afkomstig is (Gardner 1963: 137, 142, 148, 162, 167). Verskeie plantsade is ook geïdentifiseer deur Pole-Evans, nl. *Sclerocarya caffra*, *Pseudocadia zambesiaca*, *Grewia* sp., *Vigna sinensis*, *Andropogon sorghum* en waarskynlik ook *Citrullus* sp. (Pole-Evans 1937:31).

5. DIE FISIEKE Tipes VAN GREEFSWALD

5.1 K2

Op K2 is die oorblyfsels van 74 menslike skelette gevind, waarvan 37 ontleed kon word. Galloway het die skelette as 'n San-Boskop-tipe geïdentifiseer. Hy sien verskillende kenmerke in die skelette (Galloway, 1959:120).

- (1) Boskop-kenmerke
- (2) San-kenmerke
- (3) Ongeïdentifiseerde kenmerke
- (4) Mediterreens-Kaukasoïede kenmerke

Galloway kon geen negroïede kenmerke in die skelette van K2 waarneem nie. Huffman wys later daarop dat talle ystertydperk-skelette voorheen geklassifiseer is as San, Boskop of San-Boskop, maar dat die skeletmateriaal d.m.v. resente herklassifikasies feitlik alles as Negroïed geïdentifiseer is (Huffman 1974:121-122).

Rightmire het 6 skedels van K2 asook 9 skedels wat tentatief met die Leopard's Kopje-kompleks van Rhodesië geassosieer word, as Negroïed geklassifiseer (Rightmire 1970). Hy verklaar dan verder: "Nearly all the subfossil remains fall within the multivariate ranges of variation calculated for the several modern African groups. In view of this, attempts to discern in such material a variety of "types" or "strains" (e.g., "Bush-Boskop", "Kakamas", "Gerontomorph", "Europoid", etc.) might better be discarded in favor of a classification based on Bushman, Hottentot and Negro categories only. Multiple discriminant analysis demonstrates the existence of no other separate groups among the crania examined." (Rightmire 1970:147).

5.2 MAPUNGUBWE

Op Mapungubwe is sowat 24 skelette gevind, waarvan 11 ondersoek kon word vir identifikasiedoeleindes. Galloway het die Mapungubwe-skedels vergelyk met 55 negroïede (Basoeto-) skedels (Galloway 1937). Hy kom tot die gevolgtrekking dat die Mapungubwe-skelette 'n gestabiliseerde San-Boskoptipe is (Galloway 1937:160) met bykomende negroïede-kenmerke wat wissel van 10% tot 20% (Galloway 1937:159). Galloway sluit sy ondersoek van die Mapungubwe-skelette af met die stelling: "Mapungubwe represents a homogeneous Boskop-Bush population

physically akin to the post-Boskop inhabitants of the coastal caves" (Galloway 1937:162).

Rightmire se herklassifikasie van die K2-skelette as negroïed, sowel as die identifikasie van talle ander Leopard's Kopje-skelette as 'n Negroïede fisiese tipe, het daartoe aanleiding gegee dat Galloway se klassifikasie van die Mapungubwe-skelette nie deur die jongere skrywers aanvaar word nie. Huffman skryf hierdie meningsverandering toe aan die volgende faktore:

"Two main factors account for this reversal: (A) early identifications were based on small and poorly documented comparative collections; and (B) the early type concept that was used emphasized individual elements of a single person and did not describe a breeding population" (Huffman 1974:122).

Huffman maak verder melding van 116 Leopard's Kopje-skelette wat gedurende die afgelope 40 jaar opgegrawe is, insluitende 32 skelette wat afkomstig is van vindplekke wat as Mapungubwe-tipe terreine geïdentifiseer is. Volgens hom word hierdie skelette almal beskou as verteenwoordigers van negroïede gemeenskappe (Huffman 1974:122).

6. KRITIEK I.V.M. DIE ARGEOLOGIESE WERK EN PROBLEME I.V.M. BESTAANDE INLIGTING OOR DIE GREEFSWALDTERREINE

6.1 Algemeen

K2 en Mapungubwe word deur talle skrywers beskou as besonder belangrike terreine in die argeologie van suidelike Afrika. Verskeie deskundiges is egter die mening toegedaan dat die navorsing wat tot dusver i.v.m. die Greefswald-oorblyfsels gedoen is, onvoldoende is. Die algemene gevoel van die ystertydperk-navorsers oor die bestaande gegewens i.v.m. Greefswald word waarskynlik die duidelikste opgesom deur 'n stelling wat Fagan maak: "The Greefswald sequence is of vital importance to students of South African history. But until more excavations and laboratory work are carried out, our knowledge of this fascinating region must remain tragically incomplete" (Fagan 1970:198).

Heelwat kritiek word deur sekere skrywers uitgespreek, terwyl sommige meer navorsing t.o.v. veldwerk en laboratoriumwerk bepleit. Die kritiek op die werk en die probleme i.v.m. Greefswald kan kortliks soos volg opgesom word.

6.2 Opgrawingswerk en dokumentasie van die stratifikasie

Die vernaamste opgrawingswerk is in 1934 gedoen deur Jones en Schofield (Fouché 1937) en vanaf 1935 tot 1940 deur Gardner (Gardner 1963). Alhoewel grootskaalse opgrawings in hierdie tyd gedoen is, bestaan daar feitlik geen gegewens oor die stratigrafie van die gedeeltes wat opgegrawe is nie.

Die grawingsmetodes was ook van so 'n aard dat geen noukeurige opsporing en bestudering van lae en mensgemaakte strukture gedoen kon word nie. Gardner verduidelik dat hy die afsettings in arbitrêre lae van 12 duim dik verwyder het (Gardner 1963:3). Die lae is m.b.v. pikke, grawe en kruitwaens verwyder (vgl. Gardner 1963; plaat III). Gardner verduidelik dat hy dit onmoontlik gevind het om al die grond wat opgegrawe is, te sif. Daarom het hy slegs die grond na aan geraamtes, vloere, vuurmaakplekke e.s.m. gesif (Gardner 1963:6). Jones het feitlik dieselfde gedoen (Jones 1937:13).

Caton Thompson dring spesifiek aan op meer volledige beskrywings van grafte, tesame met sketse of foto's (Caton Thompson 1939:329). Fagan (Fagan 1970:197) sowel as Inskeep (Inskeep 1969:34) is van mening dat die Greefswald-opgrawings so onbevredigend is dat nuwe opgrawings hier gedoen behoort te word. Fagan verwag dat 'n groot opgrawing op die Suidelike Terras heelwat inligting behoort op te lewer (Fagan 1970:198).

Inskeep stel sy beskouing van die werk wat op Greefswald gedoen is, soos volg: "The evidence of the two adjacent sites, Mapungubwe and Bambandyanalo, in the Northern Transvaal, has been confused and befogged from the very beginning. The earlier field investigations carried out from 1933 to 1935, suffered from lack of detailed recording and publication, whilst the later excavations may be described as thoroughly bad" (Inskeep 1969:33).

6.3 Beskrywing en ontleding van die vondstemateriale

Omdat die insameling van vondstemateriale in die opgrawings onvolledig is en dié wat wel versamel is nie in presiese stratigrafiese verband gedokumenteer is nie, kon geen intensiewe ondersoek van die onderskeie vondste gedoen word nie.

Die enigste omvattende ondersoeke oor vondste is dié van Galloway i.v.m. die menslike skeletmateriaal van Mapungubwe (Galloway 1937) en K2 (Galloway 1959), Schofield se klassifikasie van die potwerk van die terreine (Schofield 1937; 1948)

en Van Riet Lowe se beskrywing van die glaskrale (Van Riet Lowe 1955).

Die skelette wat deur Galloway as San-Boskop geklassifiseer is, is volgens Morant (Morant 1939:336) in so 'n swak bewaarde toestand dat slegs nie-metriese, subjektiewe en ontoetsbare waarnemings daarvan gemaak kon word. Inskeep wys daarop dat die meeste van die skelette dié van onvolwasse persone was en gevolglik nie geskik was vir ontledings nie (Inskeep 1969:33). Morant meen ook dat die Boskop fisiese tipe nog so onbekend is dat die toekennings van terme soos San-Boskop ens. neerkom op ongewenste spekulasie t.o.v. byna onbekende fisiese tipes (Morant 1939:340). Galloway se tipologiese klassifikasie-metode word ook nie deur latere navorsers aanvaar nie (Rightmire 1970; Huffman 1974).

'n Betroubare indeling van die Greefswald-potwerk is, volgens Inskeep, moeilik omdat daar 'n gebrek is aan gedetailleerde stratigrafie en 'n volledige ontleding van pottipes (Inskeep 1969:34). Hy meen dat slegs 'n herbestudering van die oorblywende afsettings meer duidelikheid sal gee oor die keramiek-tradisies van K2 en Mapungubwe en hulle onderlinge verwantskap (Inskeep 1969:34). Fagan lê klem daarop dat die stratigrafie van die potwerk op K2 en Mapungubwe in detail bestudeer moet word (Fagan 1970:197).

Met verwysing na die potwerk-chronologie in die stratifikasie op Mapungubwe beoordeel Summers die werk wat tot dusver gedoen is soos volg: "... undoubtedly changes took place in the pottery and in the general cultural assemblage, but the descriptions given by Gardner are so unsatisfactory that nothing but a complete re-examination of the evidence and some fresh digging will unravel the mess into which we have been plunged" (Summers 1967:694).

6.4 Bepaling van die lewenswyse, breëre kulturele verband en ouderdom van die Greefswaldmense

Omdat die opgrawingswerk en laboratorium-ondersoeke i.v.m. die vondstemateriale heelwat gebreke toon, is daar weinig gegewens bekend oor die lewenswyse van die Greefswaldmense, in besonder die ekonomiese bestaanswyse wat 'n belangrike rol speel in ystertydperknavorsing. Fagan wys daarop dat daar byna niks bekend is oor die ekonomiese lewe van die K2- en Mapungubwemense nie (Fagan 1970:197). Hy sê verder dat die verwantskap tussen die laaste bewoners van K2 en die vroegste bewoners van Mapungubwekop opgeklaar moet word (Fagan 1970:197-198).

BIBLIOGRAFIE

- A.J.P.A. : American Journal of Physical Anthropology.
J.A. H. : Journal of African History.
O.P.N.M.S.R. : Occasional Papers. National Museum of Southern Rhodesia.
S.A.A.B. : South African Archaeological Bulletin.
S.A.J.S. : South African Journal of Science.
T.R.S.S.A. : Transactions of the Royal Society of South Africa.
- Beck, H.C. 1937 : The beads of the Mapungubwe district. In: Fouché, L. (red.): Mapungubwe. Cambridge.
- Caton-Thompson, G. 1939 : Mapungubwe. In: ANTIQUITY, vol. XIII
- Fagan, B. 1970 : The Greefswald sequence: Bambandyanalo and Mapungubwe. In: Fage, J.D.; Oliver, R. (red.): Papers in African Prehistory. Cambridge.
- do 1971 : Zambia and Rhodesia. In: Shinnie, P.L.: The African Iron Age. London.
- Fouché, L. 1937 : Mapungubwe. Cambridge.
- Galloway, A. 1937 : The skeletal remains of Mapungubwe. In: Fouché, L. (red.). Mapungubwe. Cambridge.
- do 1959 : The skeletal remains from Bambandyanalo. Johannesburg.
- Gardner, G.A. 1955 : Mapungubwe 1935-1940. S.A.A.B. vol. X, nr. 39.
- do 1956 : Mapungubwe and Bambandyanalo. In: S.A.A.B. vol. XI, nr. 42.
- do 1963 : Mapungubwe. Vol. II. Pretoria.
- Huffman, T.N. 1971 : Cloth from the Iron Age in Rhodesia. ARNOLDIA, vol. 5, nr. 14.
- do 1974 : The Leopard's Kopje Tradition. Museum Memoir no. 6. Salisbury.
- Inskeep, R.R. 1969 : The archaeological background. In: Wilson, M. (red.): The Oxford History of Southern Africa, vol. I. Oxford.
- Jones, N. 1937 : The 1934 expedition. In: Fouché, L. (red.): Mapungubwe. Cambridge.
- Lestrade 1937 : Report on certain ethnological investigations in connection with the archaeological discoveries at Mapungubwe. In: Fouché, L. (red.): Mapungubwe. Cambridge.
- Mason, R. 1962 : The prehistory of the Transvaal. Johannesburg.
- Morant, G.M. 1939 : Mapungubwe. ANTIQUITY, vol. XIII.
- Pearson, R. 1937 : Gold from Mapungubwe. In: Fouché, L. (red.). Mapungubwe. Cambridge.

- Pole-Evans, I.B. 1937 : Report on vegetable remains from Mapungubwe. In: Fouché, L. (red.): Mapungubwe. Cambridge.
- Rightmire, G.P. 1970 : Iron Age skulls from Southern Africa re-assessed by multiple discriminant analysis. A.J.P.A., vol. 33, nr. 2.
- Robinson, K.R. 1959a: Four Rhodesian Iron Age sites: a brief account of stratigraphy and finds. O.P.N.M.S.R. nr. 22A.
- do 1959b: Khami Ruins. Cambridge.
- do 1965a: A note on Iron Age Sites in the Zambezi valley and on the escarpment in the Sipolilo district, Southern Rhodesia. ARNOLDIA, vol. 1, nr. 27.
- do 1965b: The Leopard's Kopje Culture: a preliminary report on recent work. ARNOLDIA, vol. 1, nr. 25.
- do 1966 : The Leopard's Kopje Culture, its position in the Iron Age in Southern Rhodesia. S.A.A.B., vol. XXI, nr. 81.
- Schofield, J.F. 1937 : The pottery of the Mapungubwe district. In: Fouché, L. 1937 (red.): Mapungubwe. Cambridge.
- do 1938 : A preliminary study of the prehistoric beads of the Northern Transvaal and Natal. T.R.S.S.A. Vol. XXVI.
- 1948 : Primitive pottery. Kaapstad.
- Stanley, G.H. 1937a: Report on slag. In: Fouché, L. (red.). Mapungubwe. Cambridge.
- do 1937b: Mapungubwe metallurgical material. In: Fouché, L. (red.): Mapungubwe. Cambridge.
- Summers, R. 1967 : Iron Age industries of Southern Africa, with notes on their chronology, terminology, and economic status. In: Bishop, W.W.; Clark, J.D.: Background to evolution in Africa. Chicago.
- do 1970 : The Rhodesian Iron Age. In: Fage, J.D.; Oliver, R.A. 1970 (red.): Papers in African Prehistory. Cambridge.
- Van Riet Lowe, C. 1955 : The glass beads of Mapungubwe.
- Walton, J. 1956a: Mapungubwe and Bambandyanalo. S.A.A.B., vol. XI, nr. 41.
- do 1956b: African Village. Pretoria.
- Weber, M. 1937 : Notes on some ancient gold ornaments. In: Fouché, L. (red.). Mapungubwe. Cambridge.
- Wilson, M. (red.). 1969 : The Oxford history of Southern Africa, vol. I. Oxford.

HOOFSTUK 3.

PROBLEEMSTELLING EN METODIEK

	Bladsy
1. INLEIDING: die argeologiese potensiaal	41
1.1 Stratifikasie	41
1.2 Rykdom aan argeologiese materiaal	42
2. PROBLEEMSTELLING	42
2.1 Bepaling van die aard, onderlinge verband en breëre konteks van die Greefswaldkulture	43
2.1.1 Identifikasie van kulture	43
(a) Algemeen	43
(b) Tipering van lewenswyse	44
(c) Bepaling van verwantskap	45
2.1.2 Beskrywing van vondste	48
(a) Algemeen	48
(b) Bouwerk	49
(c) Metallurgie en metaalvoorwerpe	49
(d) Krале	50
(e) Artefakte van skulp, been en ivoor	51
(f) Klipartefakte	52
(g) Keramiek	53
(h) Fauna	55
(i) Flora	57
2.2 Ouderdom en chronologie	58
2.3 Geografiese verspreiding	60
2.4 Fisieke kenmerke van die Greefswaldmense	61
3. METODIEK	63
3.1 Algemeen	63
3.2 Opgrawingsmetodiek	63
3.2.1 Volgorde waarin die terreine bestudeer is en plasing van die opgrawings	63
3.2.2 Opmeet en uitleg	68
3.2.3 Opgrawing	70
3.2.4 Dokumentasie	71
3.2.5 Benaming en numerering	72
3.3 Bestudering van vondstemateriale	75
3.3.1 Algemeen	75
3.3.2 Bouwerk	76
3.3.3 Metallurgiese materiaal	76

	Bladsy
3.3.4 Krале	77
3.3.5 Artefakte van skulp, been en ivoor	77
3.3.6 Klipartefakte	78
3.3.7 Keramiek	78
3.3.8 Fauna	78
3.3.9 Flora	79
3.3.10 Mensbeendere	79
3.3.11 Datering	80
3.4 Opsomming van sekere besonderhede	80

HOOFSTUK 3. PROBLEEMSTELLING EN METODIEK

1. INLEIDING : die argeologiese potensiaal

Die terreine op Greefswald beskik oor 'n besondere potensiaal vir die bestudering van die ystertydperk in suidelike Afrika. Dit is naamlik geleë in die feit dat hulle twee eienskappe besit wat selde by terreine van die ystertydperk aangetref word, t.w. gestratifiseerde afsettings en 'n rykdom aan argeologiese materiaal.

1.1 Stratifikasie

Die vernaamste terreine op Greefswald, nl. K2, Mapungubwekop en die Suidelike Terras, lê elkeen oor 'n wye area uitgesprei en bevat heelwat bewoningsoorblyfsels van opeenvolgende mense-gemeenskappe. Die bewoners het 'n verskeidenheid van oorblyfsels nagelaat in die vorm van veekrale, hutkomplekse, klipmure en oorblyfsels van daaglikse lewensaktiwiteite.

Die terreine is nie net groot in sywaartse omvang nie, maar vertoon op plekke ook diep afsettings wat getuig van òf langdurige òf intensiewe bewoning. Die diepte van die afsettings wissel van sowat 1 meter tot soveel as 5 tot 6 meter. Die afsettings is oor die algemeen duidelik gestratifiseerd en vertoon soms 'n ingewikkelde opeenvolging van lae met boustrukture en ander bewoningsverskynsels. Uit die stratifikasie kan 'n chronologie van woonlae of -fases bepaal word.

Die afsettings van die Greefswaldterreine is derhalwe van so 'n aard dat hulle uitnemend geskik is vir stratigrafiese studies. Die huidige ondersoek is dan ook ingestel op die maksimale benutting van die stratigrafiese potensiaal van die terreine. Daarmee word bedoel die maksimum kwalitatiewe insameling en interpretasie van materiaal en gegewens uit spesifieke gedeeltes van elke terrein. Die kwantitatiewe opgrawingswyse, waarvolgens groot massas grond tydens die vroeë opgrawings verskuif is, word vermy omdat belangrike materiaal en inligting a.g.v.

die aanwending van robuuste opgrawingsmetodes verlore gegaan het.

Gedurende die omvangryke opgrawings van die dertigerjare is feitlik geen dokumentasie van die stratifikasie gedoen nie. Dit is belangrik dat 'n duidelike stratigrafiese raamwerk daar gestel word vir die argeologiese materiaal van die komplekse stratifikasie van die terreine.

1.2 Rykdom aan argeologiese materiaal

'n Opvallende eienskap van die Greefswaldterreine is die groot hoeveelheid kulturele materiaal wat in die afsettings voorkom. Benewens die vaste strukture, soos verskillende soorte hutte en klipmure, kom verkoolde plantsade, mense- en dierebeendere, keramiekware, glaskrale en ander kultuurgoedere voor wat die aard en betekenis van verskeie lewensfasette weerspieël. Hierdie materiaal kan binne laagverband herwin en gedokumenteer en gevolglik binne 'n betekenisvolle konteks beskikbaar gestel word vir studiedoeleindes.

Die afsettings van die verskillende terreine op Greefswald bied dus die moontlikheid om die kenmerke van 'n ryke verskeidenheid argeologiese materiaal te beskryf, hul kulturele konteks vas te stel en 'n chronologiese opvolging te bepaal.

2. PROBLEEMSTELLING

Die rede waarom verdere navorsing op Greefswald nodig geag word, vloei voort uit die volgende oorwegings:

(a) Daar bestaan 'n behoefte aan goedge dokumenteerde feitelike inligting oor die kulture van Greefswald waaruit 'n rekonstruksie gemaak kan word van hul spesifieke kenmerke, chronologie, onderlinge verband en breë verwantskap.

(b) Die inligting en afleidings van vroeëre navorsers behoort gekontroleer en uitgebou te word.

Met hierdie behoeftes en oogmerke in gedagte, is die doel van die navorsingsprojek om, d.m.v. die insameling en dokumentasie van detailinligting en die bestudering van die vondste met 'n groter mate van objektiwiteit en volledigheid as wat tot dusver gedoen is, feitelike gegewens te bekom wat lig sal werp op:

1. die kulturele identiteit van die verskillende mensegemeenskappe van Greefswald;
2. die ouderdom en chronologie van die kulture;
3. die onderlinge verwantskap tussen die kulture;
4. die breëre verband van die kulture;
5. die raskundige verband van die mense.

Met die bogenoemde as basiese doelwit, moet 'n gedetailleerde ondersoek van die kulturele afsettings en hulle inhoud gedoen word. Die oogmerke wat in verband daarmee in gedagte gehou word, word hieronder uiteengesit.

2.1 Bepaling van die aard, onderlinge verband en breëre konteks van die Greefswaldkulture

Met die bestudering van die kulturele materiaal van die Greefswaldterreine word, in die eerste instansie, daarna gestrewe om (i) die betrokke kulture te identifiseer en hul onderlinge sowel as breëre verband te bepaal en (ii) die vondste sodanig te beskryf dat hulle konteks en attribute aangedui word en dat die interpretasies van ander skrywers getoets kan word.

2.1.1 Identifikasie van kulture

(a) Algemeen

Die identifikasie van die Greefswaldkulture word in die eerste plek gedoen deur die tipering van die kulture as spesifieke lewenswyses met kenmerkende gebruike en tegnieke. In die tweede plek word die argeologiese verwantskap van die Greefswaldkulture bepaal, en wel in terme van herkenbare tradisies wat geassosieer word met dié van ander kulture. In verband met

die bepaling van verwantskap word die ooreenstemming in potwerk-tipereekse as die belangrikste kriterium beskou.

Identifikasie van kulture word m.a.w. vanuit twee uitgangspunte benader, nl. tipering van lewenswyse en bepaling van kulturele verwantskap.

(b) Tipering van lewenswyse

Die karakterisering van die Greefswaldkulture as spesifieke lewenswyses behels hier in besonder die bepaling van die ekonomiese bestaanswyse en tegnologie van die Greefswaldmense. Dit vorm die basiese kriteria waarvolgens die kulture geïdentifiseer en met mekaar vergelyk word.

Die Greefswaldkulture val binne die konstellasie van ystertydperkulture in suidelike Afrika. Volgens die aard van die reeds opgegraafde materiaal blyk dit dat die ekonomiese lewe van die K2- en Mapungubwemense gebaseer was op akkerbou, veeherdery, die jag- en versamelbedryf, metaalbewerking en handel. Die ekonomiese lewe van die Greefswaldmense is die kultuuraspek wat die duidelikste verteenwoordig word deur materiële oorblyfsels in die grond en waarvolgens die Greefswaldoorblyfsels as dié van ystertydperkulture geïdentifiseer word.

In samehang met die bedryfsvorme staan ook die identifisering van boustrukture wat opgerig is vir bewoning, berging van goedere of ander doeleindes. Dit kom neer op die bepaling van die attribute en moontlike funksies van die strukture. Vir die doel van die huidige projek word nie 'n studie gemaak van die vestigingspatroon, d.w.s. die uitleg van die woonterreine nie omdat dit 'n omvattende taak en 'n spesifieke werkswyse sal verg wat gebaseer is op grootskaalse sywaartse opgrawings. (Die bestudering van die vestigingspatroon vorm die sentrale tema van die opgrawingsprogram wat ná die huidige volg).

Benewens die bedryfsvorme en boustrukture van die Greefswaldbe-

woners word ook aandag gegee aan enige materiaal of inligting wat lig kan werp op kultuuraspekte soos godsdiens en ritueel, sosiale struktuur, politieke verband e.s.m. Lg. kultuurfasette is grootliks nie-stoflik van aard en kan daar net in 'n mindere mate afleidings in hierdie verband gemaak word. 'n Oogmerk van die huidige ondersoek is dus om die Greefswaldkulture so te tipeer dat hulle met argeologiese sowel as etnologiese kulture vergelyk kan word en sodoende kan die posisie van Greefswald binne die breëre Afrika-konteks met groter duidelikheid bepaal word.

(c) Bepaling van verwantskap

Hiermee word bedoel die aanhorigheid van die Greefswaldkulture aan kulture wat aan die argeologie of die etnologie bekend is. In hierdie verband moet egter eers gewys word op verskille tussen die benaderingswyses van navorsers wat tot dusver betrokke was by die identifisering en verwantskapsbepaling van die Greefswaldkulture.

(i) Identifikasie deur assosiasie met histories-bekende etniese groepe

Die navorsers van die dertigerjare het die Greefswaldterreine direk geassosieer met histories-bekende etniese groepe. Fouché het die Mapungubwe-oorblyfsels beskryf as 'n "ancient Bantu civilization on the Limpopo". Gardner het die vroeëre K2-bewoners beskou as 'n Hottentotgemeenskap en 'n uiteindelijke bewoning van die terrein deur 'n Bantogemeenskap. Gardner was van mening dat Mapungubwe (na die "verwoesting" van K2 deur die Bantoe) agtereenvolgens in 4 fases bewoon is deur onderskeidelik 'n vermengde Hottentot- en Ngunigroep, gevolg deur 'n Sothogroep, daarna deur 'n Vendagroep en uiteindelik weer 'n Hottentotgemeenskap (Gardner 1963:82). Volgens Schofield het die keramiek van K2 behoort tot 'n vertakking van die Sotho en dié van Mapungubwe tot die Shona (Fouché 1937:54-55). Hierdie afleidings is nie op voldoende feite gebaseer nie.

Streng gesproke is benaminge soos "Nguni", "Shona" en "Sotho" taalkundige begrippe wat nie op hierdie stadium met die materiële oorblyfsels van die Greefswaldterreine verbind kan word nie. Taalkundige gegewens word nuttig gebruik in die gevalle waar resente kulture en prehistoriese oorblyfsels d.m.v. taalmetodiek aanmekeargeknoop kan word. Hierdie moontlikhede geld tot dusver nog nie in die geval van die Greefswaldprobleem nie. Daar bestaan tans ook nie voldoende historiese, etnohistoriese of etnologiese gegewens op grond waarvan die Greefswaldoorblyfsels met spesifieke etniese groepe verbind kan word nie. Die Taalkunde, Geskiedenis en Etnologie kan in sekere gevalle van groot waarde wees vir die opklaring van die voorhistoriese oorblyfsels. Hierdie vakrigtings word egter nie betrek by die huidige ondersoek nie aangesien dit omvattende navorsing vereis wat nie ingepas kan word in die opset van die huidige navorsingsprogram nie. Die huidige projek is basies 'n opgrawingsondersoek.

(ii) Identifikasie deur assosiasie met fisieke tipes

'n Faktor wat bygedra het tot die identifikasie van die vroeë K2-mense as "Hottentot" was die identifikasie van die menslike skeletmateriaal. Volgens Galloway se klassifikasie van die skelette was die bewoners van K2 'n suiwer San-Boskop-tipe (Galloway 1959:118-125). Hierdie klassifikasie het Gardner beïnvloed om die K2-oorblyfsels as "Hottentot" te beskou.

Elf skelette wat van Mapungubwekop afkomstig is, is deur Galloway ondersoek en beskryf as San-Boskop met 'n geringe Negroïede bymenging (Fouché 1937:127-167).

Daarteenoor beskryf latere skrywers die Greefswaldskelette as Negroïed, veral n.a.v. 'n herklassifikasie deur Rightmire (Rightmire 1970). Daar bestaan gevolglik teenstrydighede i.v.m. die raskundige klassifikasie van die Greefswaldskelette en moet duidelikheid oor hierdie saak nog verkry word. 'n Verdere probleem i.v.m. die verwantskapsbepaling van die Greefswaldmateriaal vanuit 'n fisies-antropologiese oogpunt is dat 'n

spesifieke menstipe nie integraal verbind is aan 'n spesifieke kultuurtype nie. Die verskeidenheid van kulture en fisieke tipes in Afrika tydens die verloop van talle millennia is so kompleks en gediversifiseerd van aard dat daar nie noodwendig 'n verband tussen fisieke tipes en kultuurvorme bestaan nie.

Alle menslike skeletmateriaal van K2 en Mapungubwe wat tydens die huidige opgrawings gevind word, word ondersoek om die raskundige aanhorigheid van die Greefswaldmense te probeer vasstel, maar nie om die verwantskap van hulle kultuur daardeur te identifiseer nie.

(iii) Argeologiese identifikasie

Die derde benaderingswyse is suiwer argeologies van aard. Die verwantskapsbepaling van die terreine word hier gebaseer op die tipologiese kenmerke van die keramiekware wat die duidelikste identifikasiemiddel vorm in die geval van die ystertydperkulture. Vir identifikasiedoeleindes word die kulturele oorblyfsels hier dan gesien as 'n versameling van materiale of tegniese skeppinge met sekere duidelik definieerbare en meetbare tipologiese of tegnologiese attribute. Die tipologiese kenmerke van die keramiekware plaas die Greefswaldterreine binne die verband van die Leopard's Kopje-industrieë van Rhodesië.

Met verwysing na Gardner se verslag oor die Greefswaldterreine (Gardner 1963) verbind Summers die K2-oorblyfsels met die "Mambo Hill"-fase van die Leopard's Kopje industrieë. Summers noem dit Leopard's Kopje fase 2 (Fage, Oliver 1970:161). Huffman beskryf egter hierdie fase as Leopard's Kopje "Phase A" wat bestaan uit twee vertakkinge, nl. 'n noordelike "Mambo facies" en 'n suidelike "Bambandyanalo facies". Volgens Huffman verteenwoordig die K2-keramiek die suidelike vertakking.

Volgens Robinson toon die latere keramiek (klas M1) van Mapungubwe 'n mate van verwantskap met die klas 3-keramiek van Zimbabwe (Summers, Robinson 1961:216). Summers wys egter daarop dat die

geografiese verspreiding van terreine met ooreenstemmende keramiek eerder daarop dui dat Mapungubwe deel vorm van die "Woolandale" fase van die Leopard's Kopje-kompleks, met 'n bymenging van 'n onbekende element. Summers noem dit Leopard's Kopje fase 3 (Fage & Oliver 1970:161-162). Huffman beskou hierdie fase as Leopard's Kopje "Phase B" wat bestaan uit twee vertakkinge, nl. 'n noordelike "Wollandale facies" en 'n suidelike "Mapungubwe facies". Die suidelike vertakking word vanselfsprekend verteenwoordig deur die latere klas M1-potwerk van Mapungubwe (Huffman 1974:109-118).

In argeologiese terme kan 'n betreklik noukeurige bepaling gemaak word van die verwantskap van die Greefswaldterreine met terreine elders in suidelike Afrika. Die verwante terreine is oor die algemeen nog nie deeglik opgespoor en ondersoek nie, maar dié wat reeds gevind is, kom duidelik voor in die gebied wat vanaf die Limpopovallei noordwaarts strek tot by die Matopo's en Bulawayo in Rhodesië. Zimbabwe is buite hierdie verspreidingsgebied geleë. Vir die doeleindes van die huidige ondersoek sal die algemene keramiekverwantskap van die Greefswaldterreine in breë trekke aangedui word met die doel om Mapungubwe en K2 in 'n wyer geografiese verband en dieper kultuureleperspektief te plaas.

2.1.2 Beskrywing van vondste

(a) Algemeen

Die beskrywing van die vondste sal daarop ingestel wees om, eerstens, die konteks van die materiaal aan te dui en, tweedens, artefaktipes en ander materiële oorblyfsels te identifiseer wat lig werp op die karaktertrekke van die betrokke kultuur. 'n Deurtastende studie waarin elke klas tegniese skeppinge in tipe-reekse ingedeel en die aard, herkoms, funksie en ander kenmerke daarvan ontleed word, word nie oorweeg nie. Dit sal 'n volwaardige projek met aanvullende sywaartse opgrawings en spesialisestudies vereis en sal nie binne die bestek van die huidige navorsingsprogram onderneem kan word nie behalwe waar dit 'n

essensiële vereiste vir die identifikasie van kulture of vir die bepaling van verwantskap of chronologie is.

Die vondste wat vir die huidige projek van belang is, is die identifiseerbare tegniese skeppinge, menslike skeletmateriaal en oorblyfsels van die fauna en flora.

(b) Bouwerke

Bouwerke sluit alle vaste strukture in wat gemaak is van pale, klei, klip, gruis of ander materiale. Dit is strukture wat 'n deel gevorm het van die vestigingspatroon en het 'n funksie vervul in die verloop van die daaglikse lewensaktiwiteite.

Die bestudering van die vestigingspatroon asook die gepaardgaande probleemstelling en werksmetodiek vorm, soos reeds gesê, nie deel van die huidige ondersoek nie. Die huidige opgrawingsonderneming is ingestel op die beskrywing en interpretasie van die opeenvolgende lae en hulle inhoud.

Die bouwerke soos hutte, woonvloere, klipmure ens. vorm 'n integrale deel van 'n gevestigde gemeenskap se algemene lewenswyse. Presiese beskrywings daarvan in stratigrafiese verband is derhalwe van belang vir die huidige ondersoek. Aangesien die strukture a.g.v. die opgrawingsproses vernietig word, is akkurate beskrywings daarvan 'n belangrike oogmerk in die huidige probleemstelling.

(c) Metallurgie en metaalvoorwerpe

Die metaalbewerkingsbedryf het 'n belangrike rol gespeel in die lewenswyse van die Greefswaldmense. Die totale opset van metallurgiese tegnologie en tipologie asook die funksies van die metaalartefakte bied 'n uitgebreide studieveld wat nie volledig binne bestek van die huidige navorsing gedoen kan word nie. Die probleem is om tans eers vas te stel in watter mate metaalbewerking met verloop van tyd deur die Greefswaldmense beoefen is en watter betekenis dit oor die algemeen in hulle alledaagse bestaan gehad het.

Daar bestaan onsekerheid oor die mate waarin metaalbewerking en metaalartefakte in die K2-kultuur aanwesig was. Gardner, wat die grootskaalse opgrawings op K2 uitgevoer het, was van mening dat metaalware eers teen die einde van die bewoning op K2 in betekenisvolle mate gebruik is, en wel deur die Bantoe wat K2 uiteindelik bewoon het, waarvandaan hulle oorgeskuif het na Mapungubwe (Gardner 1963:30-31). Aan die een kant bestaan dus die mening van Gardner dat die vroeëre K2-kultuur 'n Hottentotkultuur was en daarby sy bewering dat die Hottentot in geen betekenisvolle mate oor metaaltegnologie of metaalartefakte beskik het nie (Gardner 1963). Aan die ander kant word die K2-kultuur deur huidige argeoloë as 'n Bantoe-kultuur beskou en word Gardner se interpretasie van K2 as 'n Hottentot-oorblyfsel nie aanvaar nie.

In die geval van Mapungubwe word die aanwesigheid van metaalbewerking algemeen aanvaar. Ongelukkig is die belangstelling in die verlede hoofsaaklik gekonsentreer op die goue voorwerpe, trouens dit vorm tans nog 'n populêre onderwerp in bespiegelinge en vrae i.v.m. Mapungubwe.

Daar bestaan gevolglik op die oomblik 'n behoefte aan metallurgiese vondste wat in 'n presiese laagverband op K2 en Mapungubwe gevind en gedokumenteer is. Alleen d.m.v. die presiese stratigrafiese assosiasie van die metaalvoorwerpe en afleidings i.v.m. hulle onderskeie funksies kan 'n beeld gevorm word van die rol wat metaalbewerking gespeel het in die onderskeie Greefswaldkulture. Dit is die doel van die huidige ondersoek. 'n Metallurgiese ondersoek van die materiaal sal vanselfsprekend daaruit voortvloei.

(d) Krale

'n Opvallende kenmerk van die Greefswaldterreine is die groot hoeveelheid krale wat in die afsettings voorkom. Die krale is vervaardig uit glas, metaal, volstruiseierdop, skulp en klei. Met uitsondering van die klein handelskrale is alle krale waarskynlik plaaslik vervaardig. Die funksie van die krale kon

slegs gewees het om te dien as liggaamsversiering en as grafgoedere, maar dit is verder ook moontlik dat Mapungubwe 'n sentrum vir die verhandeling van glaskrale kon gewees het.

Verskillende ondersoeke is reeds uitgevoer op die handelskrale en die sg. "tuinroller"-krale en gegewens i.v.m. die vorm, kleur en ander eienskappe van die krale is beskikbaar gestel (Fouché 1937; Van Riet Lowe 1955; Gardner 1963). 'n Groot leemte in die gegewens oor die glaskrale is die feit dat daar nie 'n duidelike aanduiding van die stratigrafiese posisie van die verskillende soorte krale bestaan nie. Gevolglik kan hulle betekenis in die chronologie van Greefswald nie presies bepaal word nie.

Omdat 'n verskeidenheid van glaskrale by talle ystertydperkterreine aangetref word en bloot net dui op ruilhandel met handelaars vanuit die buiteland, is die krale nie belangrik vir die opklaring van die huidige probleemstelling nie. Hulle kan egter inligting verskaf i.v.m. die veranderinge in die handelspatroon en by implikasie op moontlike veranderinge in die ekonomiese bedrywighede en politieke betekenis van Greefswald. 'n Probleem is dat daar min gesaghebbende gegewens beskikbaar is oor die herkoms, vervaardigers en handelaars van die verskillende soorte krale wat by Greefswald voorkom.

Vir die doeleindes van die huidige navorsing word gelet op die aanwesigheid van die verskillende soorte krale in die onderskeie strata om sodoende die benutting daarvan as liggaamsversiering, grafgoedere of ruilmiddel in die verskillende bewoningsfases van Greefswald aan te dui. 'n Chemiese ontleding van die glaskrale sal hopelik by die verslag ingesluit word om meer konkrete inligting te verkry oor die eienskappe van die krale.

(e) Been- en ivoorartefakte

'n Klein hoeveelheid van hierdie tegniese skeppinge kom op al die terreine voor. Oor die algemeen verskaf die vorm van die

artefakte aanduidings van die verskillende doeleindes waarvoor hulle gebruik is. Voorwerpe soos naalde en else dui vanselfsprekend op alledaagse bedrywighede soos naaldwerk. Vir die doeleindes van die huidige ondersoek word in hierdie kenmerke van die betrokke artefakte belang gestel. Die inligting van Gardner sal gekontroleer moet word i.v.m. die prominente aanwesigheid van been- of ivoor-pylpunte en -tussenskegte ("linkshafts") in die boonste woonlae van Mapungubwe. Volgens Gardner dui die groot hoeveelhede van hierdie voorwerpe op die gebruik van die Khoisan-tipe pyl en boog wat verband hou met die aanwesigheid van 'n Hottentotgemeenskap op Mapungubwe (Gardner 1963:68).

(f) Klipartefakte

Vir beskrywingsdoeleindes word 'n onderskeid gemaak tussen vaste klipstrukture en los, beweegbare klipvoorwerpe.

Vaste klipstrukture soos klipmure, platvormagtige strukture en vyselklipstrukture vorm deel van die woonvloere en vestigingswyse van die terreinbewoners. Die klipstrukture word derhalwe saam met hutoorblyfsels en dergelike verskynsels in 'n stratigrafiese verband beskryf. (Vgl. hoofstuk 4).

Enkelvoudige, los, beweeglike klipartefakte het in 'n mindere mate 'n rol gespeel in die alledaagse lewenswyse van die Greefswaldmense en het waarskynlik geen betekenisvolle invloed op die karakter van die Greefswaldkulture gehad nie. Losstaande klippe met vyselholtes, kleinerige klippe met skuurmerke of klein holtetjies, spoelklippies e.s.m. dui op die gebruik van klippe om harde plantvoedsel fyn te maak, hutvloere glad te vryf, speletjies e.s.m.

Vir die doeleindes van die ondersoek word aandag gegee aan algemene tipologiese of gebruikskenmerke van die klippe met die doel om die moontlike funksies daarvan tydens die verskillende bewoningsfases vas te stel.

(g) Keramiek

Benewens die goud en mense-geraamtes van die Greefswald-terreine is die keramiekware die materiaal wat reeds baie aandag van argeoloë ontvang het. Gardner en Schofield is die enigste persone wat op Greefswald opgrawingswerk gedoen het wat self beskrywings en interpretasies van die keramiekware gemaak het. Beide navorsers het die Greefswaldkeramiek direk met resente of histories bekende etniese groepe verbind in 'n poging om die kultuurverband van die Greefswaldterreine te verklaar. Schofield assosieer die Klas M2-keramiek van K2 met die Sotho en die Klas M1-keramiek van Mapungubwe met die Shona (Fouché 1937:45). Volgens Gardner behoort die keramiek van K2 tot 'n Hottentotgroep (Gardner 1963:60-67).

Die probleem met hierdie identifikasie van Schofield en Gardner is egter dat die Greefswaldoorblyfsels nog nie so volledig en objektief beskryf is dat 'n korrekte identifikasie daarop gebaseer kan word nie. Hierbenewens bestaan daar nie voldoende feite op grond waarvan die kulturele verwantskap van K2 en Mapungubwe sonder meer deurgevoer kan word na die histories bekende Hottentot of die resente Sotho of Shona nie.

Die mees akkurate benadering tot die Greefswaldprobleem is om eers presiese beskrywings van die oorblyfsels te maak en dan op die basis van hierdie beskrywings 'n identifikasie van die Greefswaldkulture in presiese argeologiese terme te doen. Keramiek was tot dusver die enigste kriterium wat met 'n mate van sukses deur argeoloë aangewend kon word vir die identifisering en vergelyking van ystertydperkulture en dit sal ook in die geval van Greefswald aangewend moet word. Hierdie benaderingswyse is reeds deur Robinson, Garlake, Summers en Huffman gevolg.

Robinson het keramiekware opgegrawe op terreine in die suidweste van Rhodesië en die tipologiese kenmerke daarvan o.a. met dié van Greefswald vergelyk. Dit blyk dat keramiekware van Matsheumhlope suid van Bulawayo ooreenstem met dié van K2;

en keramiek van Mtetengwe noord van Beitbrug met die M1-ware van Mapungubwe (Robinson 1959a). Verskillende Rhodesiese terreine met keramiek wat ooreenstem met dié van Greefswald, is mettertyd beskryf (vgl. hoofstuk 2). Die breëre kultuurverband van die Greefswald-oorblyfsels het egter eers duidelik begin word met die eerste beskrywing van die Leopard's Kopje-kultuur deur Robinson (Robinson 1959b) en die latere chronologiese indeling van die Leopard's Kopje-industriekompleks (Robinson 1965b) (vgl. hoofstuk 2).

Summers het aanvanklik 'n afsonderlike indeling gemaak, nl. sy AB-klassifikasie van die ystertydperk in Rhodesië en Transvaal, maar dit uiteindelik laat vaar (Summers in Fage & Oliver 1970:157-171; Huffman 1974:7). Summers het hierna uitgebrei op Robinson se klassifikasie van die Leopard's Kopje-kompleks (Summers in Fage & Oliver 1970:161-162) deur o.m. die Greefswaldterreine daarby in te sluit soos volg.

K2 behoort tot Leopard's Kopje fase II (Mambo Hill-fase); 'n vermenging van die Mambo Hill-fase met Zimbabwe Periode III lei tot die ontwikkeling van Leopard's Kopje fase III ("Woolandale"-fase, wat op sy beurt vermeng het met 'n onbekende kulturelement om sodoende die "Mapungubwe Hill facies" te laat ontstaan. Die Klas M1-keramiek van Mapungubwe is dus 'n verwante vorm van Leopard's Kopje fase III.

Die klassifikasie van die Leopard's Kopje-kompleks is deur Huffman in 'n gewysigde en uitgebreide vorm aangebied (Huffman 1974) soos volg.

Hy beskou Leopard's Kopje fase II as Leopard's Kopje fase A wat bestaan uit 'n noordelike vertakking ("Mambo facies") en 'n suidelike vertakking ("Bambandyano facies"). Die Klas M2-keramiek van K2 vorm deel van die "Bambandyano facies". Hy deel Leopard's Kopje fase III in as Leopard's Kopje fase B wat uit 'n noordelike vertakking ("Woolandale facies") en 'n suidelike vertakking (Mapungubwe facies) bestaan. Die Klas M1-keramiek van Mapungubwe vorm deel van die "Mapungubwe

facies". Huffman is van mening dat die "Woolandale facies" in die noorde ontstaan het uit die "Mambo facies" terwyl die "Mapungubwe facies" in die suide uit die "Bambandyanalo facies" ontwikkel het (Huffman 1974:114).

Die algemene beeld wat tot dusver van die Greefswaldkulture opgebou is, is dat K2 en Mapungubwe 'n deel gevorm het van die Leopard's Kopje-kompleks van suidwestelike Rhodesië. Die probleem met die indelings van Summers en Huffman is dat beide gebaseer is op algemene ooreenstemminge t.o.v. potvorm, versierings e.s.m. 'n Nadere beskouing van die tipologiese eienskappe van die betrokke keramiekware bring ook 'n verskeidenheid van verskille aan die lig wat nie deur die bestaande indelings bevredigend verklaar kan word nie.

Die herkoms van die keramiek van K2 is op hierdie stadium nog nie duidelik nie en so ook die verwantskap tussen die Klas M2-keramiek van K2 en die Klas M1-keramiek van Mapungubwe. Die moontlikheid dat die Klas M1 uit die Klas M2 ontwikkel het en die kulturele invloede wat van buite af kon ingewerk het op sodanige ontwikkeling, moet ook nog ondersoek word. Benewens chronologiese ontwikkeling en beïnvloeding van buite, moet die verwantskap van die Greefswaldmateriaal met kontemporêre verwante keramiekvorme binne 'n geografiese verspreidingsgebied in groter detail bestudeer word as wat tot dusver gedoen is.

Die oogmerk van die huidige ondersoek is om d.m.v. 'n gedetailleerde beskrywing en ontleding van sekere tipologiese attribute die karaktertrekke van die Greefswaldmateriaal op 'n eksakte wyse vas te stel, enige veranderinge te identifiseer, die verwantskap tussen die twee Greefswaldtradisies te bepaal en dan die verwantskap van die Greefswaldmateriaal met ouer, kontemporêre en jonger keramiektradisies in oënskou te neem.

(h) Fauna

Daar bestaan nog nie veel inligting oor die groot hoeveelhede faunamateriaal wat op die Greefswaldterreine voorkom nie.

Die materiaal wat hoofsaaklik voorkom in die vorm van bene, tande en horingkerns, verteenwoordig vermoedelik 'n verskeidenheid van wilde en gedomestikeerde spesies wat 'n rol gespeel het in die jag- en versamelbedryf en die veeherdersbedryf van die Greefswaldmense.

In die bestaande navorsingsverslae word melding gemaak van beeste wat deur die Greefswaldmense aangehou is (Gardner 1963:28-29). Volgens Gardner het die K2-mense beeste en skape aangehou (Gardner 1963:5). Hy is van mening dat die K2-mense uitsluitlik 'n dieet van melk en vleis gevolg het (Gardner 1963:27). A.S. Brink maak sekere afleidings i.v.m. die slaggewoontes m.b.t. beeste, terwyl Curson tot die slotsom kom dat die Mapungubwemense Afrikaner- en Sanga-tipe beeste aangehou het (Gardner 1963:28-29).

Probleme wat bestaan i.v.m. die beskikbare inligting i.v.m. die aanwesigheid van beeste op die Greefswaldterreine is die volgende.

(i) Brink se afleidings i.v.m. sekere slaggewoontes van die Greefswaldmense is vermoedelik gebaseer op skedelgedeeltes en ander beendere wat selektief uit die afsettings verwyder is. 'n Studie van volledige beenversamelings binne betekenisvolle laagverband sal die slaggewoontes en ander gebruike van die Greefswaldmense veel duideliker stel.

(ii) Die aan- of afwesigheid van veetipes gedurende sekere tydperke in die onderskeie Greefswaldkulture is nog nie duidelik bepaal nie.

(iii) Die gebruik van beeste vir stapelvoedsel of ander doeleindes moet nog vasgestel word.

Benewens die probleme en tekort aan inligting i.v.m. die beeste van die Greefswaldmense, bestaan daar feitlik geen inligting oor die aanwesigheid van ander gedomestikeerde diere nie. Daar is ook feitlik geen inligting beskikbaar oor die verbruik van wilde spesies nie. Gardner maak slegs in sy vondstelyste melding van enkele horingkerns en ander oorblyfsels van skape en

wilde fauna-soorte (Gardner 1963:94-168).

Vir die doeleindes van die huidige verslag word gepoog om 'n deursneebeeld te verskaf van die aanwesigheid van gedomestikeerde en wilde fauna en die rol wat hulle gespeel het in die ekonomiese lewe van die Greefswaldmense.

(i) Flora

Daar bestaan tans nog nie veel inligting oor die aard en verbruik van plantemateriaal in die Greefswaldkulture nie. Die enigste bestaande wetenskaplike gegewens i.v.m. plantemateriaal is 'n verslag oor 'n ondersoek wat deur Pole-Evans uitgevoer is op sade wat gevind is in 'n opgraving (JS 2b) op die Suidelike Terras (Fouche 1937:31). Hy het o.a. 'n gedomestikeerde graansoort geïdentifiseer as een of ander soort kafferkoring (Andropogon Sorghum).

Gardner maak ook hier en daar in sy vondstelyste melding van graan wat hy identifiseer as manna ("millet") (Gardner 1963:94-167). Volgens Gardner het die manna op K2 voorgekom tot op 'n diepte van drie voet (Toetssloot 2, 1935) en by Mapungubwe op 'n diepte van 5 voet. Platformagtige klipstrukture wat deur Gardner as "granary foundations" beskou word, kom volop by Mapungubwe voor en dui by implikasie op die verbouing en opstoor van graan (foto van 'n "granary foundation" in Fouché 1937:plaat IX, 3).

Daar bestaan nog heelwat behoeftes en probleme i.v.m. die beskikbare inligting oor die plantemateriaal van die terreine.

(i) Die inligting is op 'n klein hoeveelheid sade gebaseer wat vermoedelik in 'n verkoolde toestand gevind is en die stratigrafiese verband van die sade is nie duidelik beskryf nie.

(ii) Pole-Evans se identifikasie van die graansaad is nie baie spesifiek nie. Verder ook is die sade wat hy in sy lys aangee, uit die boonste lae van die Suidelike Terras (opgraving JS 2b) afkomstig en verteenwoordig nie 'n monster uit verskillende woonlae nie.

(iii) Gardner se identifikasie van die sade wat hy opgegrawe het, is oënskynlik nie deur 'n deskundige ondersoek nie en dit is goed moontlik dat sommige van sy "manna" in werklikheid sorghum is.

(iv) Robuuste opgrawingsmetodes het tot gevolg gehad dat plante-oorblyfsels nie altyd opgemerk is nie. Daar bestaan gevolglik twyfel oor Gardner se afleiding dat die vroeëre K2-mense nie akkerbou beoefen het nie, omdat hy geen graan=saad in die diepere late gevind het nie (Gardner 1963:5,8).

Dit is derhalwe nodig dat die plante-oorblyfsels uit al die terreine binne laagverband ingesamel word en dan kan die aard en verbruik van mak en wilde plantsoorte in die lewenswyse van die Greefswaldmense vastestel word.

2.2 Ouderdom en chronologie

(a) Algemeen

Die bepaling van die ouderdom en chronologie van die Greefswaldterreine moet uiteraard gedoen word in samehang met die stratigrafie van die terreine en die kultuurtipering van die oorblyfsels.

(b) Ouderdom

Die ouderdomsbepaling van die Greefswaldterreine is reeds op tweërleiwyse uitgevoer, nl. absolute datering deur die radio=koolstofmetode en relatiewe datering deur 'n vergelyking van die Greefswaldmateriaal met dié van verwante chronometies-gedateerde terreine in Rhodesië te tref.

Die bestaande radiokoolstofdatums vir Greefswald is die volgende (Gardner 1963:82):

een datum van K2: 1055 \pm 65 n.C.;

twee datums van Mapungubwe: 1388 \pm 60 n.C.; 1449 \pm 50 n.C.

Gardner was van mening dat die datums van Mapungubwe nie heeltemal korrek is nie en dat die terrein in werklikheid effens

jonger is (Gardner 1963:82).

Volgens Schofield is die potwerk van Mapungubwe verwant aan dié van Zimbabwe se tweede fase wat hy met die Shona verbind. Fase 2 het volgens hom geduur vanaf 1500 tot 1825 n.C. (Fouché 1937:60-61).

Verskeie skrywers vergelyk die datums en argeologiese inhoud van die Greefswaldterreine met dié van verwante terreine in Rhodesië (Garlake 1968; Summers in Fage & Oliver 1970; Huffman 1974: e.a.). Die vergelyking van die datums berus op die drie bg. datums wat van Greefswald verkry is.

Die probleme wat tans bestaan i.v.m. die datering van Mapungubwe is hoofsaaklik die volgende.

- (i) Die stratigrafiese verband van die gedateerde materiaal is nie duidelik nie.
- (ii) Die aard van die gedateerde materiaal is onderhewig aan foutmoontlikhede: die radiokoolstofgehalte van sorghumsaad kan 'n datering affekteer, terwyl houskool uit 'n vuurmaakplek afkomstig kan wees van dooie hardehout wat veel ouer is as die laag waarin dit gevind is.
- (iii) Die enkele datum van K2 is nie gekontroleer deur aanvullende datums nie.
- (iv) Die datums wys nie die ouderdomsverband tussen K2 en Mapungubwe uit nie, bv. die moontlikheid dat die eindbewoning van K2 saamgeval het met die aanvangsbewoning van Mapungubwe.
- (v) Die begin en die einde van die Greefswaldterreine is nie gedateer nie.

(c) Chronologie

Die bepaling van die chronologiese verband van die Greefswaldterreine word gebaseer op die radiokoolstofdaterings van die onderskeie stratifikasies. Die probleme wat gevolglik bestaan i.v.m. die radiokoolstofdaterings affekteer die bepaling van

die chronologiese verband van die kulturele materiaal. Daar bestaan gevolglik twyfel oor die volgende.

- (i) Dit is nie duidelik of die Greefswaldkulture oor 'n lang tydperk eenvormig gebly het of oor 'n kort tydperk verandering ondergaan het nie.
- (ii) Die skakeling tussen K2 en Mapungubwe.
- (iii) Die skakeling tussen die Greefswaldterreine en verwante terreine elders.
- (iv) Die presiese posisie van die Greefswaldterreine in die genealogie van die Leopard's Kopje-kompleks kan derhalwe nog nie korrek vasgestel word nie. Daarom is dit ook nie duidelik of die K2- en Mapungubwe-oorblyfsels verskillende tydsfases in 'n enkele ontwikkelingslyn of gediversifiseerde ontwikkelingslyne verteenwoordig nie.

Hierdie probleme beklemtoon die behoefte aan 'n reeks chronometriese daterings van verskillende bewoningsvlakke in al drie terreine.

2.3 Geografiese verspreiding

Die geografiese verspreiding van die kultuurkompleks waartoe die Greefswaldterreine behoort, is in breë trekke beskryf deur Summers (Fagan & Oliver 1970) en Huffman (Huffman 1974).

Die probleem is egter dat die omskrywing van daardie geografiese gebied gebaseer is op algemene potwerk-kenmerke waarvolgens dit nie moontlik is om die kenmerke van streeksvariante duidelik uit te wys nie. Dit is dus nodig dat die geografiese verspreiding van streeksvariante van veral keramiek-kenmerke geïdentifiseer word en dat daar 'n chronologie met behulp van chronometriese daterings vasgestel word. Ongelukkig sal dit nie binne die bestek van die huidige navorsingsprojek gedoen kan word nie.

2.4 Fisieke kenmerke van die Greefswaldmense

(a) Algemeen

Die identifikasie van die raskundige verband en herkoms van die Greefswaldmense word o.m. bemoeilik deur die toestand van bewaring van die Skeletvondste, die getal individue wat ondersoek is, die metodes en benaderingswyses van die navolgers, die heersende opvattinge en interpretasie i.v.m. die raskundige indelinge van historiese en voorhistoriese bevolkingsgroepe en die beskikbaarheid van vergelykbare materiaal.

Op Mapungubwe is gedurende 1933-1935 'n totaal van 24 skelette opgegrawe waarvan 11 in so 'n toestand was dat hulle fisies-antropologies bestudeer kon word. Op die K2-terrein het Gardner gedurende die jare 1935-1940 'n totaal van 74 skelette opgegrawe waarvan 37 ontleedbaar was.

(b) Beskrywing en identifikasie van die skeletvondste

Die Greefswaldskelette is hoofsaaklik by twee geleenthede ondersoek: vroeër deur Galloway wat aanvanklik die elf skelette van Mapungubwe gedoen het (Fouché 1937) en daarna die skelette van K2 (Galloway 1959), en later 'n herklassifikasie deur Rightmire (Rightmire 1970).

Galloway het in sy werksmetodiek gebruik gemaak van 'n kombinasie van morfologiese en metriese beskrywings, uitgaande van die standpunt dat die metriese gegewens 'n wyse is waarvolgens morfologiese kenmerke meer presies weergegee kan word; mate kan morfologiese studies egter nie vervang nie en baie morfologiese kenmerke kan buitendien nie d.m.v. mate gemeet word nie (Galloway 1950;132). D.m.v. die studie van die metriese en nie-metriese morfologiese kenmerke en groei-morfologie van die Greefswaldskelette het Galloway bepaal dat die skelette van K2 'n homogene San-Boskoppgemeenskap verteenwoordig en dié van Mapungubwe 'n San-Boskoppgemeenskap met 'n maksimum bymenging van 20% negroïede kenmerke (Fouché 1937; Galloway 1959).

Destyds is diverse ystertydperkskelette wat in Rhodesië gevind is, eweneens deur verskeie kenners geïdentifiseer as San, Boskop of San-Boskoptipes (Huffman 1974:121-122).

In die huidige tyd word die San-Boskopgroepering van die skeletmateriaal verwerp om die volgende redes: die bg. identifikasies was arbitrêr van aard; hulle kon nie 'n "breeding population" doeltreffend beskryf nie; hulle was gebaseer op klein, swak-gedokumenteerde, vergelykende versamelings; en die tipe-begrip t.o.v. rassekenmerke het klem gelê op individuele kenmerke van 'n enkele individu i.p.v. beskrywings te gee van 'n "breeding population" (Huffman 1974: 122).

Die herklassifikasie van die Greefswaldskelette d.m.v. 'n ontleding van die veelvoudige onderskeidende kenmerke ("multiple discriminant analysis") van die materiaal deur Rightmire plaas die Greefswaldmense in die kader van die Bantoeneger (Rightmire 1970). Volgens Huffman is altesaam 116 skelette van verwante (Leopard's Kopje) terreine in Rhodesië gedurende die afgelope 40 jaar as hoofsaaklik negroïed geklassifiseer (Huffman 1974:122).

Die huidige probleemstelling is daarop ingestel om die teenstrydige identifikasies van die Greefswald fisieke tipes op te klaar d.m.v. die volgende.

(i) Die sorgvuldige opgrawing, dokumentasie en behandeling van skelette om sodoende eksemplare in 'n beter toestand tot beskikking van antropoloë te stel.

(ii) Die beskrywing, ontleding en vergelyking van die skeletoorblyfsels d.m.v. metodes wat tans as die mees geskikte beskou word.

3. METODIEK

3.1 Algemeen

In die bespreking van die probleemstelling van die huidige opgrawings is gewys op die basiese oogmerke, nl. die volgende.

- (i) Noukeurige opgrawing en dokumentasie van die aardlae ten einde konteks en chronologie te bepaal.
- (ii) Bestudering van vondstemateriale met die oog op die bepaling van die identiteit en verwantskap van die Greefswald-kulture en die lewenswyse van die mense.

Die navorsingsmetodiek is by die bg. oogmerke aangepas. Daar word deurgaans gestrewe na noukeurigheid, detailinligting en akkurate dokumentasie. In die lig daarvan en verder ook a.g.v. die beperkte tyd (3 terreine moet in 3 grawingsseisoene bestuurde word), word daar nie omvangryke opgrawings gedoen nie. Op geselekteerde plekke op elke terrein word blokke afgepen wat selde groter as 3 m x 3 m elk is en dié word dan tot op die steriele bodem gegrawe. Die klem val op vertikale graving ten einde chronologie en kulturele verandering vas te stel. (Die blootlegging van groot oppervlaktes d.m.v. horisontale graving sal ná die huidige projek 'n aanvang neem).

In die volgende beskrywing word eerstens 'n uiteensetting gegee van die opgrawingsmetodiek met inbegrip van die dokumentasie. Daarna word 'n verduideliking gegee van die bestudering van die vondstemateriale.

3.2 Opgrawingsmetodiek

3.2.1 Volgorde waarin die terreine bestudeer is en plasing van die opgrawings

- (a) Volgorde van terreine (vgl. sketsfig. 2; foto 1)

Op grond van inligting wat tydens vroeëre opgrawings op die Greefswaldterreine bekom is, word allerweë aanvaar dat K2 die

die oudste terrein is en dat Mapungubwekop en die Suidelike Terras daarna min of meer gelyktydig bewoon is.

Om verskeie redes is besluit om eers opgrawings op die Suidelike Terras te doen, daarna op K2 en dan op Mapungubwekop. Die hoofrede vir hierdie volgorde was dat daar op K2, maar veral op Mapungubwekop, reeds soveel van die afsettings verwyder is dat die oorblywende afsettings besonder waardevol was. Op die Suidelike Terras is egter nog nie omvattende opgrawings gedoen nie. Verder is dit 'n groot terrein, dit is goed gestratifiseer en dit bevat 'n ryke verskeidenheid argeologiese materiaal. Nuttige stratigrafiese inligting kon dus eers hier verkry word en die opgrawings- en dokumentasiemetodes kon hier beproef en ontwikkel word. Hierna kon die kosbare oorblywende afsettings van K2 en Mapungubwekop met groter insig en doeltreffendheid opgegrawe word. In 1971 is opgrawings op die Suidelike Terras gedoen, in 1972 op K2 en in 1973 op Mapungubwekop.

(b) Volgorde en plasing van opgrawings binne elke terrein

(i) Suidelike Terras (vgl. sketsfig. 3; foto's 3 en 6)

Waarnemings op die oppervlak was van min waarde om die vestigingswyse en kulturele komponente van die terrein vas te stel. Die terrein is hoofsaaklik plat en die grondoppervlakte vertoon 'n eenvormige grysbruin, asagtige afsetting.

Die enigste riglyne vir die plasing van opgrawings op die terrein was

(aa) dat die veronderstelde hoof-ingang na die kop, d.w.s. die groot rotse met terrasmuurtjies en trappe, vroeër 'n fokuspunt op die terrein moes gewees het, en

(bb) dat klipmure wat in vroeëre toets-sloot-opgrawings waargeneem is, moontlik die "hoofingang" gedeeltelik as halfsirkels omsluit. Dit is dus waarskynlik dat die vestigingswyse op die Suidelike Terras by die topografie van die kop en Suidelike Terras aangepas was en derhalwe met die hoofingang as fokuspunt, halfsirkelvormig verder uitgekring het (vgl. sketsfig. 3).

Die mees logiese wyse waarop die stratifikasie hier dus bestudeer kon word, sou wees om 'n snit van die buiterand van die terrein na die hoofingang te maak, soos die toetsloot JS z(a) van 1934. Omdat die grawe van 'n toetsloot deur die ganse afsetting baie tyd in beslag sou neem, is besluit om gebruik te maak van 'n reeks toetsblokke. Hierdie blokke is gegrawe as 'n reeks wat strek vanaf die 1953-54 en 1968-70-opgrawings tot by die hoofingang. Dit is dus 'n soort gebroke snit deur die terrein. Op dié wyse kan ook die gegewens wat in 1953-54 en 1968-70-opgrawings versamel is, by die stratigrafie van die res van die terrein ingeskakel word.

'n Groot ruitnet is in 1953 reeds tydens die Coertze-Sentker-opgrawing oor 'n groot deel van die Suidelike Terras uitgemeet. Die 1953-54 en 1968-70-opgrawings is volgens hierdie ruitnet gedoen en die 1971-opgrawings is toe daarvolgens voortgesit. Die blokke wat straalsgewyse vanaf die vroeëre opgrawings (buitrand van die terrein) na die hoofingang (fokuspunt van die terrein) vir opgrawingsdoeleindes gekies is, is blokke F4, H5 en K8.

Aan die agterkant van die groot rotse en trappe van die hoofingang, d.w.s. tussen die ingang en die kop, strek die afsetting nie oor 'n wye gebied nie, maar dit is baie diep. Die opgrawers van die dertigerjare het die boonste deel van die afsetting verwyder en toetskagte gesink tot op rotsbodem (Fouché 1937:diagramme 1,3). In 1971 is 'n gedeelte van hierdie vroeëre opgrawings oopgemaak en bestudeer. Dit het geblyk dat daar direk op rotsbodem 'n laag gebrande hutmuurpuin voorkom, dat 'n besonder dik asgrondlaag bo-op die hutpuinlaag lê en dat soliede mosterdgeel gruisvloere die dik asgrondlaag bedek. Daar is besluit dat 'n verdere opgrawing hier nie veel aanvullende inligting sou oplewer nie.

Die afsetting by die sg. Mahobe-opgang het prominente aandag ontvang van die vroeëre opgrawers en hier is dus in 1974-75 'n aanvullende opgrawing gedoen. Omdat die bg. bestaande ruitnet nie tot hier strek nie, is hierdie "Mahobe"-opgrawing bloot

MST 1 genoem. Sodoende is die oostelike eindpunt van die Suidelike Terras ook ondersoek.

(ii) K2 (vgl. sketsfig. 5 en 97; foto's 4 en 5)

'n Studie van die terrein-oppervlakte sowel as die wande van Gardner se ou opgrawings dui daarop dat K2 uit ses komponente bestaan, en daar is aan hulle almal aandag gegee (vgl. sketsfig. 97).

Komponent 1. Oorblyfsels van 'n beeskraal wat bestaan uit 'n dik laag witterige organiese materiaal (klaarblyklik beesmis). Die grootste gedeelte van die kraal is vroeër deur Gardner opgegrawe. Die oorblywende afsetting lewer min kulturele materiaal op; gevolglik is 'n opgrawing hier nie nodig geag nie. 'n Snit is egter teen die noordelike wand van Gardner se opgrawing gemaak om gestratifiseerde materiaal vir datering te verkry.

Komponent 2. 'n Bewoningsarea wat soliede gruisvloere en gebrande hutmuurpuin bevat. Dié area begin aan die suid-oostekant van die beeskraal en strek boogvormig in 'n noord-oostelike en noordelike rigting tot teen die hang van Bambandyanalo. Twee opgrawings is in hierdie area gedoen, nl. Rn 2 en Ts 4.

Komponent 3. Die groot, sentrale ashoop wat gedeeltelik bo-oor die beeskraal lê. Opgrawing Ts 3 is in die ashoop gedoen.

Komponent 4. Ashoop-afsettings wat om die woonarea opgebou het. Hulle kom voor vanaf die suidwestelike rand van die K2-terrein en strek verby die oostekant van die woonarea tot aan die noordelike punt van die woonarea. In die suidwestelike eindpunt van die ashoop-afsettings is opgrawing Ts 5 en in die noordelike uiteinde is Ts 6 gedoen.

Komponent 5. Stukke van soliede, afgewerkte gruisvloere en gebrande hutmuurpuin kom voor aan die noordoostekant van K2 teen die helling van Bambandyanalo. Aan die oostekant, waar die grondoppervlakte min of meer gelyk lê, is gebrande hutpuin in die wande van Gardner se toetsgate nrs. 12 en 13 (1935) gevind, maar die afsetting bevat so min argeologiese materiaal dat geen opgrawing hier gedoen is nie. Verder noord, redelik

hoog op teen die skuinste is tekens van 'n soliede gruisvloer opgemerk. Derhalwe is opgraving Rn 1 hier uitgevoer. Daarbenewens word Rn 1 hier geplaas omdat die ashoop-area (komponent 6) laer af teen die helling m.b.v. opgravings Ts 1 en Ts 2 bestudeer sou word en daar waarskynlik 'n kulturele verband tussen dié twee terreinkomponente bestaan.

Komponent 6. Dit is die ashoop-afsetting aan die ooste, noord-ooste- en noordekant van K2 teen die helling van Bambandyanalo onderkant die woonarea (komponent 5). Ts 1 en Ts 2 is hier gegrawe aan die noordoostekant van die terrein, sodat die verband met die woonarea hoër op teen die helling vasgestel kan word. Omdat daar in die omgewing van Ts 2 'n aantal grafte deur die vroeëre opgrawers gevind is, is d.m.v. die plasing van Ts 2 gepoog om menslike skeletmateriaal, geassosieerde kulturele materiaal en inligting i.v.m. begrafniswyse te verkry. 'n Verdere rede waarom menslike skeletmateriaal sowel as kulturele materiaal hier in situ bestudeer moes word, was spesifiek om Gardner se stelling te kontroleer dat 'n Bantoe-groep teen die einde van K2 se bewoningstyd hier gewoon het en fisies en kultureel van die eintlike K2-mense verskil het.

Vermoedelik het daar teen die hellings aan die westekant van K2 ook bewonings- en ander aktiwiteite plaasgevind aangesien daar glaskrale en potskerwe voorkom. Die argeologiese oorblyfsels was hier egter so min dat daar besluit is dat opgravings nie geregverdig sou wees nie.

Die terrein K1 naby die oostekant van K2 (vgl. sketsfig. 2; foto 4) is slegs 'n ashoop met potskerwe, bene en ander afvalmateriaal. Omdat dié ashoop die gewone K2 kulturele materiaal bevat en geen aanvullende inligting kan verskaf nie, is 'n opgraving nie hier gedoen nie.

(iii) Mapungubwekop (sketsfige. 2, 3; foto's 1,2,3)

Die enigste diep afsetting op Mapungubwe is op die noordwestelike gedeelte van die kop geleë. Hier verbreed die kop en vorm die plat kruin 'n groot holte, die sg. "great depression"

(Gardner 1963:19). In hierdie holte het 'n dik afsetting opgebou en was die langste, volledigste chronologie van lae dus hier geleë. Gardner het tydens sy opgrawings feitlik die totale afsetting verwyder. Slegs aan die noordwestekant van die groot holte het 'n klein deel van die dik afsetting behou gebly. Opgrawing Mk 1 is dus hier uitgevoer sodat 'n studie van die stratifikasie op die kop gedoen kan word.

Aan die suidoostekant van Gardner se opgrawing, d.w.s. tussen Gardner se opgrawing en die middel van die kop, is 'n groot-skaalse opgrawing in 1934-35 deur Van Tonder gedoen. 'n Aantal grafte, o.m. met goue goedere, is daar gevind. In die sykante van hierdie opgrawing is dit duidelik sigbaar dat die afsetting selde meer as 'n meter diep is en dat slegs die latere vloertipes wat in die Suidelike Terras se boonste lae gevind is, in hierdie vlak afsetting op die kop voorkom. Die grafte het vermoedelik tipiese Mapungubwepotwerk bevat. Hierdie gegewens dui daarop dat die bewoners van Mapungubwepotwerk tydens die laaste fase van die kop se bewoning hulle dooies begrawe het in die vlak afsetting wat op hierdie stadium op die klipplate voorgekom het. Opgrawings Mk 2 en Mk 3 is aan weerskante van die Van Tonder-opgrawing gedoen.

Opgrawing Mk 2 is gedoen in die strokie wat oorgebly het tussen die opgrawings van Gardner en Van Tonder. Daar is egter tydens die opgrawing van Mk 2 bevind dat die afsetting nie veel argeologiese materiaal bevat nie. Dit het ook geblyk dat die boonste lae tydens vroeëre opgrawings reeds verwyder is. Opgrawing Mk 2 het dus nie veel nut gehad nie en is vir beskrywingsdoeleindes buite rekening gelaat.

Opgrawing Mk 3 is gedoen aan die oostelike rand van Van Tonder se opgrawing waar verskeie vloergedeeltes in die wandprofiel opgemerk is.

3.2.2 Opmeet en uitleg

Op die Suidelike Terras is daar, met uitsondering van opgrawing

MST 1, gebruik gemaak van die ruitnet wat in 1953 uitgelê is (vgl. sketsfig. 3). Die vaste meetpunt waarvandaan alle dieptemate geneem is, is die zerovlak op die suidwestelike hoek van die ruitnet. Hierdie zerovlak is nie die hoogste of laagste horisontale vlak van die terrein nie. Teoreties is die zerovlak dus in die afsetting geleë. Alle dieptemate wat vanaf hierdie vlak opwaarts geneem word, is derhalwe met 'n + teken vooraf aangedui. Daarteenoor is alle mate vanaf die zerovlak afwaarts gemeet word, met 'n - teken voorafgegaan in die stratigrafiese beskrywings.

Tydens die uitleg en gebruik van die ruitnet en dieptemate in 1953-54 is gebruik gemaak van die destyds bestaande Engelse matestelsel, nl. duime en voete. Hierdie stelsel is tydens die 1968 - 70 opgrawings nog gebruik. Tydens die huidige opgrawings (blokke F4, H5 en K8) is die bestaande "Engelse" ruitnet en zerovlak om praktiese redes gebruik, maar alle mate is tydens die opgrawing m.b.v. die metrieke stelsel geneem. M.a.w. alle mate is in meters en sentimeters geneem sodat beter aansluiting gevind sou word by die res van die huidige opgrawings wat alles m.b.v. die metrieke matestelsel gedoen sou word.

Opgrawing MST 1, wat later op die "Mahobe"-woonplek gedoen is, is genommer in ooreenstemming met die stelsel wat in 1973 bo-op Mapungubwekop gevolg is, m.a.w. dit het sy eie opgrawingsnommer gekry. Die benaming MST 1 beteken Mapungubwe Suidelike Terras, opgrawing 1.

In die geval van K2 en Mapungubwekop het daar geen ruitnette bestaan wat van nut kon wees vir die huidige opgrawings nie. Omdat daar geen uitgebreide horisontale opgrawings vir die huidige projek beplan is nie, is aanvanklik geen groot, allesomvattende ruitnette oor hierdie Greefswaldterreine uitgelê nie. Sodanige ruitnette sou buitendien eers later uitgemeet kon word wanneer die volle omvang van die betrokke argeologiese afsettings m.b.v. beperkte opgrawings vasgestel is. Die meeste van die opgrawings op hierdie twee terreine het aangesluit by die opgrawings wat in die dertigerjare gedoen is.

Na afloop van die 1972-opgrawings is daar egter so 'n groot ruitnet oor K2 uitgelê. Die redes daarvoor was dat die werklike omvang van dié terrein bekend geword het en omdat so 'n ruitnet noodsaaklik was vir die afmerk en aandui van die veelvoudige komponente van die terrein, opgrawings ens. op die terrein self en op kaarte. Hierdie groot ruitnet is verdeel in blokke van 15 m x 15 m wat onderverdeel kan word in blokke van 5 m x 5 m of 3 m x 3 m.

Intussen is die opgrawings op K2, Mapungubwekop en die sg. Mahobe se woonplek uitgelê as klein toetsslote en klein ruitnette. Elk van hierdie beperkte opgrawings is dan onafhanklik van die ander uitgelê en onderverdeel in blokke van òf 2 m x 2 m òf 3 m x 3 m vir kontroledoeleindes.

3.2.3 Opgrawing

(a) Indeling van lae

Alle opgrawings voor 1971 is d.m.v. arbitrêre laagindeling gedoen, d.w.s. in lae van bv. 12" en 6" in dikte, ongeag die natuurlike sigbare stratifikasie van die afsettings.

Die afsettings is in die meeste gevalle egter baie duidelik sigbaar gestratifiseerd. Daarby is die stratifikasie dikwels ingewikkeld van aard, met 'n verskeidenheid van onderverdelings en stygende en dalende oppervlaktes. Die gebruik van bog. arbitrêre grawingsmetode het die nadeel dat dit die lae nie akkuraat opvolg en dokumenteer nie, dat 'n laag horisontaal deurgesny word sodat 'n geheelbeeld daarvan moeilik gevorm kan word en dat die kulturele inhoud met dié van ander lae gekontamineer word.

Daarteenoor het die indeling en opgrawing van die lae volgens die sigbare stratifikasie dié voordeel dat die lae veel akkuraat opgevolg kan word, dat 'n geheelbeeld daarvan gevorm kan word en die argeologiese vondste uit die betrokke laag nie gekontamineer word met dié van ander lae nie. Daarom word daar

reg van die begin af, d.w.s. vanaf 1971 tydens die opgrawings op die Suidelike Terras, van hierdie opgrawingsmetode gebruik gemaak.

'n Arbitrêre indeling van lae is net gebruik wanneer 'n natuurlike stratifikasie nie visueel waargeneem kon word nie en wanneer 'n sigbaar gestratifiseerde laag so dik geword het dat dit onderverdeel moes word.

(b) Detail

'n Groot tekortkoming van die vroeëre grootskaalse opgrawings is die gebrek aan detail-inligting en aan gegewens i.v.m. die konteks van voorwerpe. Daarom is daar deurgaans tydens die huidige opgrawings klem gelê op detail-gegewens en die bepaling van konteks. Kleinere vondste soos beendere, potskerwe, vloergedeeltes ens. is met troffels en kwaste blootgelê en in situ gelaat vir dokumentasiedoeleindes. Klem is gelê op die stratigrafiese verband van sodanige vondste sowel as die onderlinge verband tussen lae. Los potskerwe, bene ens. wat verspreid deur die laag voorkom, wat geen spesifieke stratigrafiese betekenis het nie en die opgrawingswerk vertraag, is egter saam met die grond verwyder om gesif te word.

3.2.4 Dokumentasie

Slegs een opgeleide persoon was beskikbaar om alle fasette van die opgrawingswerk te beheer en verskeie take alleen uit te voer. Daarom is die metode van optekening so aangepas dat inligting op die vinnigste manier akkuraat en geïntegreerd gedokumenteer kan word. Sketsplanne van opgrawings, lae, profiele ens. is volgens skaal op grafiekpapier geteken en genommer. Aan detail-vondstemateriaal is spesifieke nommers toegeken. Om tyd te bespaar, is notas op die skets en langs die kantlyn op die sketsvel gemaak. Op hierdie wyse kon detail-inligting en die gestratifiseerde verband van vondste gedokumenteer word sonder onderbreking van die grawingswerk.

3.2.5 Benaming en numerering. Dit behels (a) terreinbenaming; (b) benaming en numerering van opgrawings; (c) numerering van blokke en lyne; (d) numerering van lae; (e) numerering van detail in 'n laag.

(a) Terreinbenaming

Die reeds bestaande name van die onderskeie terreine is behou, nl. K2, Mapungubwekop (afkorting Mk) en Mapungubwe Suidelike Terras (afkorting MST). Die platovormige rant tussen Mapungubwe en K2 word steeds Bambandyanalo genoem.

Soos reeds vermeld, het Gardner die argeologiese oorblyfsels teen die helling van Bambandyanalo verbind met 'n Bantogroep wat volgens hom kultureel verskil het van die res van K2. Daarom is aan hierdie oorblyfsels die benaming K2B toegeken (afkorting vir K2 Bambandyanalo) om 'n voorlopige onderskeid tussen onderdele van die terrein te maak. Hierdie benaming was later egter van geen praktiese nut nie en is nie meer gebruik nie. Die letters K2B kom dus op 'n paar pakkies en foto's en in die veldaantekeninge voor, maar dit kan vir praktiese doeleindes buite rekening gelaat word.

(b) Benaming en numerering van opgrawings

(i) Suidelike Terras (vgl. sketsfig. 3)

Op die Suidelike Terras is bloot die bloknommers van die bestaande ruitnet gebruik, in hierdie geval F4, H5, K8. T.o.v. die latere opgrawing, nl. MST 1 wat buite die ruitnet val, is gebruik gemaak van die beginsel wat toe reeds op die kop gebruik is, nl. 'n eie opgrawingsnommer wat saamgestel is uit die afkorting van die terrein gekombineer met die syfernommer van die opgrawing.

(ii) K2

Tydens die opgrawings op die terrein K2 was daar nie 'n bestaande ruitnet wat die totale terrein ingesluit het nie. M.b.v. die

toetsopgrawings is die aard en omvang van die terrein eers bepaal. Eers teen die einde van die opgrawingsprogram kon 'n bruikbare ruitnet oor die terrein uitgelê word (vgl. sketsfig. 5; terreinkaart van K2). Voordat hierdie ruitnet uitgemeet is, is die opgrawings ooreenkomstig die tipe opgrawing aangedui as Ts (afkorting vir toetssloot); Tg (afkorting vir toetsgat) of Rn (afkorting vir klein ruitnet). Hierdie afkortings is gekombineer met 'n chronologiese reeks van syfernommers, bv. Rn 1, Rn 2, Ts 1, Ts 2, Ts 3 ens. Hierdie stelsel het egter praktiese probleme veroorsaak, bv. 'n toetsloot het later a.g.v. opgrawingsuitbreidings in 'n ruitnet verander; te veel nommerstelsels maak die hele opset onnodig ingewikkeld, ens. Daarom is daar tydens die daaropvolgende opgrawings op Mapungubwekop 'n vereenvoudigde stelsel gebruik (vgl. "Mapungubwekop" hieronder) wat meer doeltreffend was.

(iii) Mapungubwekop

Tydens die opgrawings op Mapungubwekop is 'n eenvoudige nommerstelsel gebruik wat prakties doeltreffend was as daar nie reeds 'n allesomvattende ruitnet met die gebruikelike bloknommers bestaan nie. In die geval van die losstaande toetsopgrawings buite ruitnetverband is bloot net 'n afkorting van die terrein naam gekombineer met 'n spesifieke syfernommer wat net op 'n spesifieke opgrawing betrekking het. Sodoende word al die opgrawings, ongeag watter tipe dit is, ingesluit in 'n enkelvoudige reeks van nommers wat net met daardie spesifieke terrein verbind kan word. Sodoende kan verwarring met opgrawings op ander terreine ook voorkom word. Die opgrawings op Mapungubwekop is derhalwe genoem Mk 1, Mk 2 en Mk 3.

(c) Numerering van blokke en lyne

In die geval van die ruitnet wat vroeër op die Suidelike Terras uitgemeet is, is elke blok as 'n geheel genommer, d.w.s. elke blok is genommer met 'n spesifieke kombinasie van 'n letter en 'n syfer. 'n Reeks A-blokke is chronologies genoem A1, A2, A3; of 'n reeks l-blokke is chronologies genoem A1, B1, C1 ens.

(vgl. sketsfig. 3). Probleme word hier ondervind met die numerering van die sye of profiele van die blokke, omdat die lengte- en breedtelyne van die opgrawing nie spesifiek genommer is nie (vgl. die algemene verduidelikings i.v.m. blokke F4, H5 en K8).

Vir die huidige opgrawings is aan die lengtelyne van 'n opgrawing letternommers toegeken en die breedtelyne syfernommers (vgl. ook "Opmeet en Uitleg"). 'n Bloknommer is dan 'n kombinasie van die letternommer en syfernommer wat onderskeidelik die eerste twee sye van die blok vorm, bv. A4. (Vgl. die algemene verduidelikings wat by elke opgrawing se beskrywings ingesluit word, bv. opgrawings Ts 1 en Rn 2 op K2 en opgrawing Mk 1 op Mapungubwe).

(d) Numerering van lae

Namate lae van bo na onder gegrawe is, is elke laag chronologies 'n syfernommer toegeken, bv. 1, 2 ens. In die gevalle waar 'n laag onderverdeel is in "sublae", is die onderverdelings met klein Romeinse syfers genommer bv. 3(i), 3(ii), 3(iii) ens.


Wanneer die interpretasie en rekonstruksie van die lae gedoen is en die ontwikkeling van die afsetting bespreek is, is die ontwikkelingsfases van die lae van oud na jonk bespreek, d.w.s. van onder na bo. In hierdie geval is verwys na die laagnummers wat tydens die opgrawing toegeken is. Dié laagnummers is dan, waar nodig, saamgevat onder die term hooflaag. 'n Voorbeeld hiervan is dus "die oudste (onderste) hooflaag bestaan uit lae 11, 10 en 9; die tweede oudste hooflaag bestaan uit lae 8 en 7" ens.

(e) Numerering van detail in 'n laag

In die geval van die eerste drie opgrawings wat gedoen is, nl. blokke F4, H5 en K8, is aan strukturele verskynsels in 'n laag elk 'n syfer- of letternommer toegeken. Dit is so gedoen sodat daar m.b.v. dié nommer na 'n spesifieke detail in die laag ver-

wys kan word vir beskrywingsdoeleindes. So bv. is na klip=strukture in 'n laag verwys as strukture "d", "x", "y" ens. Vloere is 'n "v"-simbool toegeken (afkorting vir vloer) en is dan genommer van bo na onder in elke afsonderlike blok, bv. vloere V1, V2, V3 ens. Hierdie metode was egter nie bevre= digend nie. Met uitsondering van dié op die foto's, is hierdie nommers in die finale verslag toe verander na die meer doel= treffende nommerstelsel wat inskakel by die stelsel wat ná 1971 op K2 en Mapungubwe gebruik is. Die ou detailnommers ver= skyn tans dus slegs in die veldaantekeninge en op foto's wat op blokke F4, H5 en K8 betrekking het.

Ter wille van gedetailleerde beskrywings asook beheer oor en deeglike integrasie van gegewens, opgrawingswerk, dokumentasie, administrasie van vondste, maklike verwysings ens. is die vol= gende detail-nommerstelsel in gebruik geneem en word dit deur= gaans in die huidige verslag gebruik. Die detail in 'n laag, bv. 'n potskerf, vloer of muurfondasie is genommer d.m.v. 'n enkele reeks syfernummers wat net op daardie laag en blok betrkking het. In 'n volgende laag of aangrensende blok is die detail-materiaal weer van "1" af genommer. Elke detail is derhalwe genommer met 'n kombinasie van die betrokke bloknommer, laagnummer en detailnummer, soos die volgende voorbeeld van detailnummer A3.7.8 aandui.



3.3 Bestudering van die vondstemateriale

3.3.1 Algemeen

Ondersoeke wat uitgevoer word op die vondste wat d.m.v. die huidige opgrawings gevind is, is daarop gemik om inligting te verskaf oor die algemene karakterisering van die Greefswald= kulture en die identiteit van die Greefswaldmense. Aandag is

derhalwe spesifiek gegee aan die vondste wat 'n weergawe moontlik maak van kulturfasette soos veeherdery, akkerbou en ander aspekte van die mense se ekonomiese lewe, breëre kulturele verband, ouderdom en geografiese verspreiding van die betrokke kulture.

3.3.2 Bouwerk

Vanweë die aard en omvang van boustrukture word dit as 'n integrale deel van die stratifikasie ondersoek (vgl. hoofstuk 4). Die boustrukture en verwante stratigrafiese verskynsels is in situ in die stratifikasie blootgelê en beskryf, op skaal geteken en gefotografeer. Hierdie gegewens word as deel van die hoofstuk oor stratigrafie (hoofstuk 4) aangebied.

Monsters van hutmuurklei en vloere word vir ontledingsdoelendes bewaar. 'n Spesialiste-ondersoek van uitgesoekte vloermonsters word deur die WNNR gedoen (vgl. hoofstuk 5) omdat die aard van die materiaal en spesifiek die kleur van die vloere moontlikhede geskep het vir 'n stratigrafiese indeling van sekere hooflae. In hoofstuk 5 word 'n rekonstruksie van huttypes ingesluit.

Verkoolde hutmuurpaaltjies verskaf in baie gevalle goeie materiaal vir radiokoolstofdaterings (vgl. hoofstuk 8) en is in sekere gevalle vir die doel gebruik, veral omdat dit ongekontameneerde monsters is wat deel vorm van vaste strukture wat ook direk met belangrike vondstemateriale geassosieer kan word. Eksakte daterings van sekere horisonne, boustrukture en ander tipe identifiseerbare materiale kan sodoende in verskillende bewoningsfases verkry word.

3.3.3 Metallurgiese materiaal

Die metallurgiese materiaal wat in die afsettings voorkom, is voorwerpe of oorblyfsels daarvan wat vervaardig is uit goud, koper, en yster. Koper- en ysterslak asook stukkies kleiblaaspyp of potskerwe met tekens van metaalslak daaraan kom voor. Alhoewel al hierdie materiaal kenmerkende verskynsels in die afsettings van die terreine is, is daar min volledige of identifiseerbare metaalvoorwerpe gevind.

Tipologiese en tegnologiese kenmerke van die metaalvondste behoort inligting te verskaf oor die aard en funksie van metaalartefakte in die Greefswaldkulture. Die hoeveelheid metaalartefakte wat behoue gebly het is egter so klein dat daar nie 'n volledige beeld van die Greefswaldmense se aanwending van metaalartefakte opgebou kan word nie.

D.m.v. 'n klassifikasietabel word die metaalartefakte ingedeel volgens materiaal en tipe (waar so iets bepaalbaar is) en m.b.v. metallurgiese ontledings word gegewens i.v.m. die Greefswaldmense se metaaltegnologie verskaf (vgl. hoofstuk 5).

3.3.4 Krale

Krale van been, ivoor, skulp of volstruiseierdop word saam met diverse artefakte van hierdie materiale behandel in hoofstuk 5. Aangesien die rol wat hierdie soorte krale in die Greefswaldkulture gespeel het, betreklik beperk was, word slegs 'n kort beskrywing daarvan gemaak. Krale wat uit klei vervaardig is, asook kleivorms van die plaaslik vervaardigde tuinrollerglaskrale, word in hoofstuk 6 aangedui. Die verskeidenheid van glaskrale wat in die afsettings voorkom, word in tipologiese groepe ingedeel volgens grootte en kleur. Met hierdie indeling as basis word 'n klassifikasie gemaak van krale van die onderskeie terreine om sodoende 'n algemene verspreidingspatroon van die kraaltipes in die stratifikasie vas te stel (vgl. hoofstuk 5). Ter aanvulling van die tipologiese klassifikasie word 'n chemiese ontleding van die glaskrale gedoen en word 'n interpretasie van die gegewens gemaak (vgl. hoofstuk 5).

3.3.5 Artefakte van skulp, been en ivoor

Benewens krale is daar 'n verskeidenheid van artefakte wat in die alledaagse lewe van die mense gebruik is. 'n Tipologiese klassifikasie en afleiding i.v.m. die moontlike funksies van hierdie voorwerpe word gemaak. Aandag word spesifiek gegee aan die opvallende aanwesigheid van die pylpunte en tussen-

skagte ("linkshafts") wat volgens Gardner in die boonste lae van Mapungubwe voorkom. Die pylgedeeltes word beskou in samehang met die aard van die boustrukture en ander vondstemateriale.

'n Tipologiese klassifikasie van die beenartefakte en 'n aanvullende ontleding word in die hoofstuk oor die fauna gedoen deur Voigt (vgl. hoofstuk 7).

3.3.6 Klipartefakte

Die klipartefakte wat in die afsettings voorkom, word geklassifiseer t.o.v. vorm, grotte, afwerking en gebruikslitasie (vgl. hoofstuk 5). D.m.v. afleidings oor die moontlike funksies van die voorwerpe word probeer om die betekenis daarvan in die lewenswyse van die Greefswaldmense vas te stel.

3.3.7 Keramiek

'n Volledige uiteensetting van die werksmetode i.v.m. die keramiekondersoek word by die keramiekverslag ingesluit (vgl. hoofstuk 6). Die keramiekondersoek is hoofsaaklik 'n studie van sekere tipologiese kenmerke van die keramiekware. Die metodiek i.v.m. die keramiekondersoek is kortliks die volgende.

(i) Beskrywing van die keramiektipes volgens tipologiese kenmerke.

(ii) 'n Identifikasie van die verskillende keramiektradisies op die Greefswaldterreine volgens kriteria wat i.v.m. soortgelyke tradisies in Rhodesië gebruik is.

(iii) 'n Studie van die ooreenkomste en verskille tussen die onderskeie keramiektradisies op Greefswald.

3.3.8 Fauna

Groot hoeveelhede dierebeendere kom in die afsettings voor. Die bestudering daarvan word op twee vlakke uitgevoer.

1. Ontleding van die materiaal in die argeologiese afsettings en afleidings i.v.m. die aard en betekenis van die betrokke fauna in die lewe van die Greefswaldmense (hoofstuk 7).

2. Identifikasie van huidige fauna (hoofstuk 2). By wyse van 'n vergelyking tussen die huidige en voorhistoriese fauna kan daar afleidings gemaak word i.v.m. die ekologiese kenmerke van die Greefswaldomgewing tydens die bewoning daarvan deur die Greefswaldmense.

3.3.9 Flora

Klein hoeveelhede verkoolde sade van mak en wilde plante kom in die woonlae voor en verskaf belangrike gegewens oor die rol wat die plante in die bestaanswyse van die Greefswaldmense gespeel het. Die bestudering van die floramateriaal word op twee vlakke uitgevoer as volg.

1. 'n Identifikasie van verkoolde sade wat in die woonlae voorkom (vgl. hoofstuk 8). Op hierdie wyse word inligting verkry oor die akkerbou- en versamelbedryf van die Greefswaldmense asook die besondere plantsoorte wat daarby betrokke was.

2. 'n Studie van die huidige plantegroei (vgl. hoofstuk 2). By wyse van vergelyking tussen die huidige en voorhistoriese flora kan daar afleidings gemaak word i.v.m. die ekologiese kenmerke van die omgewing tydens die bewoning daarvan deur die Greefswaldmense.

3.3.10 Mensbeendere

Met die huidige ondersoek word die volgende oogmerke nagestreef.

1. Sorgvuldige opgrawing en dokumentasie van menslike skelette. Sekere opgrawings is op so 'n wyse op die terreine geplaas dat die maksimum moontlikhede vir die vind van grafte benut kan word (vgl. hoofstuk 4: opgrawings Ts 2 en Ts 5 op K2).

2. Beskrywing en identifikasie van die skeletmateriaal deur 'n deskundige (vgl. bylae 8/2).

3.3.11 Datering

Die datering van die Greefswaldterreine word toegespits op die volgende (vgl. hoofstuk 8).

1. Bepaling van die ouderdom van die terreine en hulle bewoningstydperk. Op hierdie wyse kan hopelik duidelikheid verkry word oor die tydsverhouding tussen K2 en Mapungubwe, nl. die moontlikheid dat òf die eindbewoning van K2 saamgeval het met die aanvangsbewoning van Mapungubwe, òf dat die bewoning van K2 beëindig is voor die aanvang van die bewoning op Mapungubwe.
2. 'n Vergelyking van die ouderdomme van die Greefswaldterreine met dié van verwante terreine in aangrensende geografiese gebiede. Die materiaal wat gebruik word vir die radiokoolstof-daterings is hoofsaaklik houtskool wat uit onversteurde lae verkry is. Waar moontlik, word die verkoolde muurpaaltjies van afgebrande hutte as C14-monsters gebruik.

3.4 Opsomming van sekere besonderhede

Vir die gerief van die leser word 'n opsomming gemaak van die besonderhede i.v.m. opmeting, opgraving en dokumentasie.

(a) Opmeting

Op die Suidelike Terras is gebruik gemaak van die Coertze-Sentker-ruitnet met uitsondering van die later opgraving MST 1 waar gebruik gemaak is van die stelsel wat in 1973 op Mapungubwe-kop gebruik is. Die Coertze-Sentker-ruitnet is ingedeel in 12vt-blokke met 'n horisontale meetvlak (zerovlak) waarvandaan opwaarts gemeet is m.b.v. metrieke mate wat voorafgegaan word deur 'n + teken (bv. + 30 cm) en afwaarts gemeet word met metrieke mate wat voorafgegaan word deur 'n - teken.

Op K2 is 'n reeks beperkte opgrawings gedoen wat in die onderskeie dele van die terrein aansluit by opgrawings wat in die dertigerjare gedoen is, maar Gardner se ruitnet is nie as

basis vir ons opmetings gebruik nie. Later is 'n omvattende ruitnet oor K2 uitgelê om sodoende die veelvuldige komponente van die terrein op 'n grondplan te kan aandui

Op Mapungubwe is ook, om praktiese redes, nie van Gardner se ruitnet gebruik gemaak nie.

(b) Opgraving

Lae is ingedeel en bestudeer volgens die waarneembare stratifikasie. Baie dik lae of lae wat nie sigbaar gestratifiseerd is nie, is onderverdeel in 15 cm diktes vir kontrole-doeleindes. Tydens die opgrawings is klem gelê op die sorgvuldige blootlegging van detailmateriaal.

(c) Dokumentasie

Die dokumentasiesisteen is sodanig uitgevoer dat 'n enkele persoon alle fasette van die stratigrafiese ondersoek vinnig tot in fyn besonderhede kan aanteken. Sketse van kaarte, planne en profiele is op skaal op grafiekpapier geteken en aantekeninge is langs die kantlyn geskryf. In die finale verslag is die sketse as 'n afsonderlike boekdeel aangebied met 'n bygaande nommerstelsel om die naslaan van gegewens te vergemaklik. So ook word foto's in 'n afsonderlike boekdeel aangebied ter aanvulling van die woordelike beskrywings en van die sketse.

Die volgende name en nommers word i.v.m. dokumentasie gebruik.

(i) Terreinbenaming: K2, Mapungubwekop (afkorting Mk) en Mapungubwe Suidelike Terras (afkorting MST) met die plato Bambandyanalolo tussen Mapungubwe en K2.

(ii) Numerering van opgrawings: Op die Suidelike Terras is die bloknommers van die Coertze-Sentker-ruitnet gebruik, behalwe die opgraving by Mahobe se plek wat MST 1 genoem is. Op K2 was daar aanvanklik geen allesomvattende ruitnet nie, en is die simbole Ts 1, Ts 2 e.s.m. gebruik vir die reeks toetslote en die simbole Rn 1 en Rn 2 vir die klein ruitnette. Op Mapungubwe=

kop is die numerering van die opgrawings vereenvoudig na 'n kombinasie van die terreinsimbool Mk (vir Mapungubwekop) en 'n reeksnommer vir elke opgrawing, bv. Mk 1, Mk 3 ens.

(iii) Numerering van blokke en lyne: Die Coertze-Sentker-ruitnet op die Suidelike Terras maak nie voorsiening vir die numerering van lyne nie, en die nodige aanpassing is in die verband gedoen. Vir alle ander opgrawings is die lengtelyne alfabeties genommer en die breedtelyne syfernummers toegeken. 'n Bloknommer is 'n kombinasie van 'n alfabetiese en 'n syfernommer.

(iv) Numerering van lae: Lae is van bo na onder m.b.v. syfernummers aangedui, nl. 1, 2 ens. Laagonderverdelings is m.b.v. klein Romeinse syfers uitgewys, bv. 3(i), 3(ii) ens. Die verskillende bewoningsfases of hooflae is van onder na bo as die "oudste", "tweede hooflaag" ens. beskryf.

(v) Numerering van detail: Aanvanklik is alfabetiese simbole, bv. "x", gebruik om individuele verskynsels aan te dui. Uiteindelik is egter 'n kombinasie van die blok-, laag- en detailnommer gebruik om individuele verskynsels aan te dui, bv.

A3.7.8

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
1. ALGEMEEN	83
2. DIE TERREIN SUIDELIKE TERRAS	84
2.1 Algemeen	84
2.2 Blok F4	85
2.3 Blok H5	125
2.4 Blok K8	153
2.5 Opgraving MST 1	182
3. DIE TERREIN K2	191
3.1 Algemeen	191
3.2 Opgraving Rn 1	191
3.3 Opgraving Rn 2	192
3.4 Opgraving Ts 1	201
3.5 Opgraving Ts 2	207
3.6 Opgraving Ts 3	221
3.7 Opgraving Ts 4	229
3.8 Opgraving Ts 5	252
3.9 Opgraving Ts 6	257
4. DIE TERREIN MAPUNGUBWEKOP	260
4.1 Algemeen	260
4.2 Opgraving Mk 1	261
4.3 Opgraving Mk 3	305

HOOFSTUK 4. STRATIGRAFIE VAN DIE GREEFSWALDTERREINE

1. ALGEMEEN

Die hoofstuk bestaan uit 'n beskrywing van die argeologiese lae wat op die Greefswaldterreine blootgelê is - hulle op-eenvolging, aard en inhoud. Ten opsigte van elke opgraving word iedere laag afsonderlik beskryf en daarna volg 'n interpretasie van die afsetting as geheel. Die beskrywing van die vondste en die breëre interpretasie van die aard, inhoud en onderlinge sowel as wyere verband van die verskillende terreine verskyn in latere hoofstukke. Dit is vanselfsprekend dat die woordelikse beskrywings in samehang met die sketsfigure (boekdeel V) en foto's (boekdeel IV) gelees moet word.

Die terreine word beskryf in die volgorde waarin hulle opgegrawe is, nl. eerstens die Suidelike Terras, daarna K2 en laastens Mapungubwekop.

HOOFSTUK 4. STRATIGRAFIE VAN DIE GREEFSWALDTERREINE

1. ALGEMEEN

Die hoofstuk bestaan uit 'n beskrywing van die argeologiese lae wat op die Greefswaldterreine blootgelê is - hulle op-eenvolging, aard en inhoud. Ten opsigte van elke opgraving word iedere laag afsonderlik beskryf en daarna volg 'n interpretasie van die afsetting as geheel. Die beskrywing van die vondste en die breëre interpretasie van die aard, inhoud en onderlinge sowel as wyere verband van die verskillende terreine verskyn in latere hoofstukke. Dit is vanselfsprekend dat die woordelikse beskrywings in samehang met die sketsfigure (boekdeel V) en foto's (boekdeel IV) gelees moet word.

Die terreine word beskryf in die volgorde waarin hulle opgegrawe is, nl. eerstens die Suidelike Terras, daarna K2 en laastens Mapungubwekop.

2. DIE TERREIN SUIDELIKE TERRAS

2.1 Algemeen (vgl. sketsfig. 3; foto 6)

Die fokuspunt van die Suidelike Terras, nl. die sg. "hoofingang" tussen die groot rotsblokke aan die voet van die westelike opgang, is in 'n groot mate opgegrawe deur Jones, Schofield en andere in die dertigerjare. Oor die toetsloot (JS 2(b)) wat hiervandaan regdeur na die buiterand van die Suidelike Terras gegrawe is, is baie min gegewens beskikbaar. Die enigste opgrawings waarvan betreklik volledige en sistematiese inligting beskikbaar is, is diè van Coertze en Sentker in die suidwestelike hoek van die ruitnet wat hulle oor die westelike deel van die Suidelike Terras uitgelê het.

Om 'n duidelike begrip van die bewoning van die Suidelike Terras in ruimte en tyd te verkry, sou die opgrawing van 'n aaneenlopende sloot soos JS 2(b) die beste resultate opgelewer het, maar dit was duidelik dat dit nie moontlik sou wees om 'n gedetailleerde opgrawing van so 'n omvang in 'n gravingseisoen van vier maande te voltooi nie. Gevolglik is daar besluit om m.b.v. 'n reeks blokke in die Coertze-Sentker-ruitnet 'n onderbroke snit deur die Suidelike Terras te maak. Drie blokke is gegrawe wat gerangskik is vanaf die Coertze-Sentker-opgrawings tot by die groot rotsblokke by die "hoofingang". Blok F4 is gegrawe redelik na aan die afsetting wat deur Coertze en Sentker verwyder is, daarna blok H5 wat nader aan die "hoofingang" lê en laastens blok K8 wat vlak by die groot rotse geleë is.

Omdat die sg. Mahobe-woonplek, verder oos op die Suidelike Terras, prominente aandag gekry het van vroeëre navorsers en omdat feitlik geen inligting i.v.m. daardie opgrawings beskikbaar is nie, is opgrawing MST 1 hier gedoen.

2.2 BLOK F4.

Algemeen (vgl. sketsfig. 3; sketsfig. 7a: plan van opgrawing; foto's 6,7)

Volgens die bestaande ruitnetstelsel op die Suidelike Terras is elke blok in sy geheel genommer, maar nie die sykante of hoeke van elke blok nie.

Die hoeke van blok F4 is derhalwe genommer volgens 'n nommerstelsel wat aangepas is by die ruitnet, nl.: hoeke EF/34; EF/45; FG/34 en FG/45. Hierdie nommers is noodsaaklik vir die presiese oriëntasie van die blok. Vir beskrywingsdoeleindes word die vier hoeke gerieflikheidshalwe die volgende genoem: EF/45 word P; EF/34 word Q, FG/34 word R; FG/45 word S. I.p.v. 'n omslagtige benaming soos profiel FG/34-EF/34 word dan slegs die benaming profiel R-Q gebruik.

Hoek P word aangedui m.b.v. 'n ysterpen in sement. Hierdie pen word as basispunt gebruik en alle horisontale en vertikale metings daarop gebaseer. 'n Blok grond van 30 cm x 30 cm word om die sementblok gelaat om dit te ondersteun.

Die basislyn word gespan op 'n hoogte van 40 cm bokant die 0-vlak d.w.s. op + 40 cm. Die hoogte van die huidige grondoppervlakte bokant die 0-vlak is + 30,5 cm in hoeke P, Q en S en + 34 cm in hoek R.

In 1953 het H. Sentker die blok gedeeltelik opgegrawe (vgl. sketsfig. 7a; foto 7). Die huidige opgrawing van die blok word derhalwe hierby aangepas. Sentker het die blok vanaf lyn PQ na lyn RS in drie ewewydige stroke ingedeel wat hy onderskeidelik stroke L, M en R genoem het. Hy het slegs strook L (d.w.s. die strook langs lyn QR) opgegrawe tot op 'n diepte van ongeveer - 87 cm.

Sedert 1953 het die wande van die opgegraafde gedeelte ingeval. So=doende is Sentker se middelste strook (strook M) grootliks beskadig en hierdie gedeelte word dus verwyder.

Die rand van die onbeskadigde, oorblywende gedeelte in die binnekant van die blok word aangedui deur lyn Y-Z. Hierdie gedeelte word opgegrawe vanaf lyn Y-Z tot teen lyn P-S (vgl. sketsfig. 7a; foto 7).

Hierdie onbeskadigde gedeelte word vir beskrywingsdoeleindes genoem

strook YZ-PS. Dit word opgegrawe tot op die horisontale vlak waar Sentker opgehou het met die opgraving van strook L, d.w.s. tot op - 87 cm. Hiervandaan verder word blok F4 opgegrawe in sy volle omvang, d.w.s. 366 cm x 366 cm (12 voet vierkant).

Laag 1 (vgl. sketsfig. 9)

Laag 1 is die boonste laag van die afsetting. Omdat dit 'n baie dik laag is, word dit onderverdeel in arbitrêre lae wat elk hoogstens 15 cm dik is. Die arbitrêre lae volg mekaar vertikaal op en is van bo na onder bekend as lae 1(i); 1(ii); en 1(iii).

Laag 1(i)

Dieptemate

Die laag se oppervlakte lê op die volgende dieptes

hoeke Z, P en S	:	+ 30 cm
hoek Y	:	+ 29 cm

Die basis van die laag is 'n arbitrêre skeiding op 'n konsekwente diepte van + 15 cm.

Algemene beskrywing

Die boonste deel van die laag het 'n grysbrown kleur maar laer af word dit minder grys en bruiner van kleur. Die laag bestaan uit fyn, sagte sandgrond met humus (bv. plantwortels). Heelwat fyngebreekte potskerwe kom voor. Min been en houtskool kom voor.

Laag 1(i) vorm die verweerde oppervlakte van die afsetting. Dit is waarskynlik die rede waarom die potskerwe so fyn gebreek is.

Laag 1(ii)

Dieptemate

Die laag se oppervlakte is deurgaans op + 15 cm. Die basis van laag 1(ii) lê vanaf lyn PZ tot in die middel van strook YZ-PS op 'n aslaag bekend as laag 2. Hiervandaan verder tot aan lyn YS verdik laag 1 na

onder en word hier dus op die zerovlak (0 cm) verder onderverdeel. Die laag wat sodoende arbitrêr van laag 1(ii) afgesonder word, lê dus onder die zerovlak en word genoem laag 1(iii) (vgl. sketsfig. 9: profiel SP).

Algemene beskrywing

Laag 1(ii) bestaan uit grysbruin, fyn, sagte sandgrond. Die grond het dieselfde voorkoms as dié van laag 1(i). Waar laag 1(ii) direk op laag 2 lê, is daar 'n konsentrasie van klippe en bene wat lê in die basis van laag 1(ii) en in die oppervlakte van laag 2. Die lengte-deursnee van die klippe wissel van 5 cm tot 20 cm. Omdat daar nie met sekerheid vasgestel kan word of hierdie klippe en potskerwe behoort tot laag 1(ii) en of dit deel van laag 2 vorm nie, word dit apart gehou en genoem Basis laag 1(ii). Die rangskikking van die klippe, potskerwe en bene vorm 'n onreëlmatige patroon en is bloot net afvalmateriaal. Dit is nie sigbaar in profiel SP nie.

In laag 1(ii) is daar meer bene en potskerwe as in laag 1(i), hoewel die houtskool min is.

Laag 1(ii) is 'n voortsetting van laag 1(i).

Laag 1(iii)

Die laag strek vanaf wand YS tot in die middel van strook YZ-PS.

Dieptemate

Die laag se oppervlakte is deurgaans op die zerovlak (0 cm). Die basis van die laag lê op 'n diepte wat wissel van 0 cm in hoeke Y en S tot - 15 cm elders. Die dikte van die laag wissel van 1 cm tot 9 cm.

Algemene beskrywing

Die basis van die laag is baie ongelyk en lê op 'n grys aslaag, nl. laag 2.

Laag 1(iii) bestaan uit dieselfde fyn, sagte, grysbruin sandgrond as laag 1(ii). In die middel van die laag is daar 'n konsentrasie van kleinerige klippe en enkele bene. Dit is 'n voortsetting van 'n kon-

sentrasie wat direk daarbo in laag 1(ii) voorgekom het. Hierdie materiaal lê in die basis van laag 1(ii) en gedeeltelik in die oppervlakte van laag 2. Dit word dus afsonderlik gehou en genoem Basis laag 1(iii).

Laag 1(iii) vorm 'n voortsetting van laag 1(ii).

Opsomming van laag 1

Lae 1(i), 1(ii) en 1(iii) vorm saam 'n enkele laag of stratum. Dit is die boonste laag van die afsetting en laag 1(i) vorm die verweerde oppervlakte van die afsetting.

Laag 1 is 'n duidelik herkenbare laag hoewel die skeiding tussen lae 1 en 2 nie 'n skerp lyn vorm nie.

Laag 1 is 'n grysbruin, humusryke laag wat bestaan uit sagte, fyn sanderige grond. Dit bevat heelwat fyn gebreekte potskerwe en 'n klein hoeveelheid houtskool en been.

Heelwat klein, gruisagtige klippies kom voor, soms in konsentrasies maar gemeng met los grond.

Laag 1 is betreklik dik; dit bereik 'n maksimum dikte van ongeveer 45 cm.

Laag 2 (vgl. sketsfige. 7b, 9; foto 8)

Laag 2 is 'n grys aslaag wat strek oor die hele strook YZ/PS. Die laag word baie dik in die rigting van lyn YS en word derhalwe verdeel in 'n vertikale reeks arbitrêre lae, nl. lae 2(i), 2(ii), 2(iii) en 2(iv).

Laag 2(i) (vgl. sketsfig. 7b; foto 8)

Die oppervlakte van laag 2(i) is baie ongelyk.

Dieptemate

Die laag se oppervlakte is op die volgende dieptes:

hoeke Z en P : - 2 cm
hoeke Y en S : 0 cm .

Algemene beskrywing

Vanaf lyn PZ tot in die middel van strook YZ-PS lê laag 2(i) direk op 'n taamlik harde rooibruin laag, nl. laag 3. In die rigting van lyn YS daal die basis van laag 2 skuins afwaarts; daarom word laag 2(i) hier net tot op 'n arbitrêre diepte gegrawe d.w.s. - 15 cm. (Vgl. sketsfig. 9: profiel SP).

Die laag bestaan uit sagte, fyn, gryskleurige asgrond.

Detail

- F4.2(i).1 Skedeldak
- F4.2(i).2 Horing
- F4.2(i).3 Skedelfragment
- F4.2(i).4 Gedeelte van 'n rugstring met stuitjiebeen.

Al hierdie voorwerpe, nl. F4.2(i).1-4 kom saam met klippe, potskerwe en nog bene voor in 'n konsentrasie. Die konsentrasie word vir opgrawingsdoeleindes genoem laag 2(i) X.

Heelwat houtskool, bene en potskerwe kom voor.

Laag 2(i) vorm die boonste deel van 'n ashoop. Dit word t.o.v. kleur en struktuur duidelik onderskei van laag 1 hoewel die skeidslyn nie baie skerp is waar die twee lae by mekaar aansluit nie.

Die skedel- en rugstringgedeeltes is afvalmateriaal en vorm waarskynlik nie deel van 'n sg. "dierbegraving" nie.

Laag 2(ii) (vgl. sketsfig. 9: profiel SP)

Laag 2(ii) strek vanaf wand YS tot ongeveer 220 cm daarvandaan waar dit doodloop teen laag 3 wat van onder af opwaarts styg.

Dieptemate

Laag 2(ii) se oppervlakte is op 'n diepte van - 15 cm en die basis op - 30 cm. Albei is arbitrêr bepaal.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit fyn, sagte asgrond wat wissel van liggrys langs lyn PS tot grysbruin langs lyn YZ.

Die gedeelte van laag 2(ii) wat geleë is direk onder laag 2(i)X, word veiligheidshalwe afsonderlik opgegrawe en genoem 2(ii)X. Dit word gedoen omdat die skeiding tussen lae 2(i) en 2(ii) 'n arbitrêre verdeling is.

2(ii)X bestaan uit sagte, fyn, liggrys asgrond. Langs lyn YZ is dit baie sag en bevat baie houtskool, been, potskerwe en klippe wat 'n onreëlmatige verspreiding in die laag vertoon.

Laag 2(ii) is 'n voortsetting van laag 2(i). Dit is dus 'n ashoop= laag met huishoudelike afvalmateriaal, nl. been, potskerwe ens.

Laag 2(iii) (vgl. sketsfig. 9: profiel SP)

Laag 2(iii) strek vanaf lyn YS tot ongeveer 170 cm daarvandaan waar dit doodloop teen laag 3 wat van onder af opwaarts styg.

Dieptemate

Die oppervlakte van die laag is op - 30 cm en die basis op - 45 cm. Albei is arbitrêre verdelings.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit baie sagte, fyn, liggrys asgrond. Verskeie klippe, groot stukke been en potskerwe kom uit hierdie laag. In die basis van die laag, naby lyn YS is kolle wit as en 'n swart gebrande kol. Die swart gebrande kol is waarskynlik 'n vuurmaakplek en bevat as, baie houtskool, verkoolde sade en potskerwe.

Laag 2(iii) is 'n voortsetting van laag 2(ii).

Laag 2(iv) (vgl. sketsfig. 9: profiel SP)

Laag 2(iv) strek vanaf wand YS tot ongeveer 110 cm daarvandaan waar dit doodloop.

Dieptemate

Die oppervlakte lê op - 45 cm. Die basis is langs lyn YS op - 56 cm.

Algemene beskrywing

Laag 2(iv) is arbitrêr geskei van laag 2(iii). Laag 2 lê direk op laag 5(a) en kan duidelik van laag 5(a) onderskei word hoewel die skeidslyn nie baie skerp is nie omdat die grond van die twee lae op die ontmoetingsvlak effens vermeng geraak het.

Laag 2(iv) bestaan uit sagte, fyn, grysgesgrond.

Laag 2(iv) is 'n voortsetting van laag 2(iii) en vorm 'n gedeelte van die basis van laag 2.

Opsomming van laag 2

Laag 2 is 'n ashoop wat bestaan uit sagte, fyn, grysgesgrond.

Heelwat groot bene kom voor. Stukke skedeldak, bladbene en rugwerwels is kenmerkende verskynsels in hierdie laag.

Potskerwe, klippe en heelwat houtskool kom voor en vertoon 'n onreëlmatige verspreiding deur die laag.

Die oppervlakte van laag 2 is ongelyk en lê op dieptes wat wissel van + 2 cm tot - 15 cm. Langs lyn YS is laag 2 op sy dikste en lê die basis daarvan op - 56 cm. Vanaf lyn ZP lê laag 2 op laag 3 tot waar lg. doodloop. Hiervandaan verder lê laag 2 op laag 5(a) tot aan lyn YS.

Laag 3 (vgl. sketsfig. 9: profiel SP)

Laag 3 strek nie oor die hele strook YZ/PS nie. Dit strek vanaf lyn PZ tot ongeveer 65 cm vanaf lyn YS waar dit dan doodloop. Die oppervlakte van die laag lê op - 16 cm in hoeke Z en P.

Die dikte van die laag wissel baie. Die laag word onderverdeel in arbitrêre lae 3(i), 3(ii) en 3(iii).

Laag 3(i) (vgl. sketsfig. 9)

Dieptemate

Die oppervlakte van laag 3(i) styg en daal heelwat en is baie ongelyk. Die hoogste punt is op - 8 cm en die basis 'n arbitrêre skeiding op - 15 cm.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit bruin grond en rooibruin kluite. Die grond is baie hard in teenstelling met die sagte, fyn struktuur van laag 2. Laag 3(i) lewer uiters min kulturele materiaal op - enkele glaskrale, stukkies been en potskerwe kom voor.

Laag 3(i) vorm klaarblyklik die boonste deel van die puin van 'n afgebrande hut.

Laag 3(ii) (vgl. sketsfig. 9)

Dieptemate

Die oppervlakte van laag 3(ii) is 'n arbitrêre skeiding op - 15 cm. Die basis van laag 3(ii) is 'n arbitrêre skeiding van laag 3(iii) op - 30 cm. Laag 3(ii) strek vanaf lyn PZ tot ongeveer in die helfte van strook YZ/PS.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit geelbruin, sanderige grond. Dit is sag met harde kolle hier en daar. Verskeie fyngebreekte beentjies en stukkies potskerf kom voor asook heelwat stukkies houtskool - effens meer as in laag 3(i), waarskynlik omdat laag 3(ii) groter in omvang is. Twee groot klippe van 8 cm en 18 cm in lengtedeursnit kom uit laag 3(ii). Stukke gebrande hutklei kom voor.

Laag 3(ii) is 'n voortsetting van laag 3(i).

Laag 3(iii) (vgl. sketsfig. 9)

Laag 3(iii) strek vanaf wand PZ tot hoogstens 120 cm daarvandaan waar dit doodloop.

Dieptemate

Die oppervlakte van laag 3(iii) is 'n arbitrêre skeiding van laag

3(ii) op 'n diepte van - 30 cm. Die basis van laag 3(iii) lê in hoek Z op 'n vloer (wat genoem word F4.4(opp.).1) op 'n diepte van - 43 cm. Waar laag 3(iii) nie op hierdie vloer lê nie, word sy basis ook op - 43 cm gehou.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot geelbruin, fyn, sanderige grond met stukke gebrande hutklei. Die stukke gebrande hutklei is normaalweg geelbruin van kleur en het in baie gevalle 'n plat, gladgevryfde oppervlakte of parallelle groewe (paalmerke) aan die een kant.

Oor die algemeen is die grond nie baie hard nie. Heelwat houtskool en verkoolde sade kom voor. Potskerwe, bene en kraletjies is skaars.

Laag 3(iii) is 'n voortsetting van laag 3(ii)

Opsomming van laag 3

Laag 3 is die puin van 'n afgebrande hut. Dit is 'n hoop geelbruin tot pienkbruin sandgrond met baie stukke gebrande muurklei. Die laag kom hoofsaaklik voor vanaf lyn PZ tot in die middel van strook YZ-PS. Die hoogste punt van die oppervlakte lê op - 8 cm en die basis min of meer op - 43 cm.

Laag 4 (vgl. sketsfige. 7c, 9; foto 9)

Die strukturele eienskappe van laag 4 wissel van plek tot plek. Om hierdie rede word die laag onderverdeel in lae 4(a), 4(b) en 4(c).

Laag 4(a)

Dieptemate

Die oppervlakte van laag 4(a) lê in hoek P op - 44 cm. Die basis is op 'n maksimum diepte van - 80 cm.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit grysbruin grond met as, baie houtskool en heelwat stukke gebrande hutmuurklei. Die laag lê op vloer F4.6(opp.).1.

Laag 4(a) is die puin van 'n afgebrande hut. Oorblyfsels van hierdie

puin kom voor in laag 3.

Laag 4(b) (vgl. sketsfige. 7c, 9)

Die laag bestaan uit 'n vloer (F4.4(opp.).1) en 'n grondlaag onder hierdie vloer.

Detail van laag 4(b)

F4.4(opp).1 (vir opgrawingsdoeleindes genoem vloer VI ; vgl. foto 9).

Die vloer lê op 'n diepte wat wissel van - 38 cm tot - 45 cm. Die planvorm is onreëlmatig. Dit bestaan uit fyn, mosterdgeel gruis, het plek-plek 'n gladgevryfde oppervlakte en is nie baie hard nie. Dit wissel in dikte van 1 cm tot 2 cm.

F4.4(b).1 Dit is 'n laag pienkbruin sandgrond wat 'n basis vorm vir vloer F4.4(opp.).1. Daarom word die laag en die vloer as 'n eenheid opgegrawe, nl. laag 4(b). Die laag lê bo-op 'n ander vloer wat genoem word F4.5(a).1 en wat later in laag 5(a) beskryf word.

Laag 4(c) (vgl. sketsfige. 7c, 9)

Dieptemate

Die oppervlakte is op ongeveer - 45 cm. Die basis lê op ongeveer - 57 cm.

Algemene beskrywing

Laag 4(c) strek vanaf die rand van vloer F4.4(opp.).1 tot naby lyn YS waar die laag doodloop. Laag 4(c) bestaan uit ligbruin tot pienkbruin, harde, fyn sand. Dit is klaarblyklik 'n voortsetting van laag 4(b), maar kan ook nie duidelik onderskei word van laag 3 nie. Laag 4(c) lê op 'n duidelike pienkbruin sandlagie wat die oppervlakte van laag 5(a) vorm. Langs wand PS loop laag 4(b) dood teen struktuur F4.4(c).1.

Detail

F4.4(c).1 (vgl. sketsfige. 7c, 9; foto 11). Dit is 'n konsentrasie

regopstaande, langwerpige klippe met bene en die twee helftes van 'n kleipotjie daartussen.

Die klippe is regop ingeplant in laag 5 maar behoort tot laag 4(c) want die bene en potwerk daartussen behoort duidelik tot laag 4. Die langste klip is ongeveer 40 cm lank en sy boonste punt lê op 'n diepte van - 44 cm. Die twee helftes van die kleipotjie lê teenmekaar op 'n diepte van - 46 cm teenaan die bopunt van een regopstaande klip.

Onder die potjie, op 'n diepte van - 57 cm, en elders tussen die regopstaande klippe, is daar 'n konsentrasie van bene. 'n Opvallende kenmerk van die beenkonsentrasie is dat dit bestaan uit 'n aantal bladbene, rugwerwels, stukkies ribbebeen en ander bene. Die diere waarvan die bene afkomstig is, was ongeveer so groot soos 'n bok of skaap.

Die potjie lê nie direk op die bene nie, want daar is 'n lagie los, pienkbruin, sanderige grond tussen die potjie en die bene daaronder. Die lagie is ongeveer 5 cm dik.

Die grond tussen die regopstaande klippe, potjie en bene is sagte, los, pienkbruin tot ligbruin sanderige grond wat plek-plek korrelagtig van aard is. Houtskool kom ook voor.

Direk onder die bene lê 'n dun lagie gryns asgrond, as en houtskool wat eintlik die oppervlakte van laag 5(a) vorm en dus 'n duidelike skeiding is van laag 4(c).

Opsomming van laag 4

Laag 4 bestaan uit die volgende. Eerstens die puin van 'n afgebrande hut (laag 4(a)) in hoek P.

Tweedens, laag 4(b). Dit is vloer F4.4(opp.).1 wat met sy sandbasis tot teenaan die hutoorblyfsels (laag 4(a)) lê en dus met die hut geassosieer word. Die vloer is 'n dun, mosterdgeel gruisvloertjie.

Derdens, laag 4(c). Dit bestaan uit pienkbruin sandgrond wat waarskynlik die grondoppervlakte was langs die hut waarvan die oorblyfsels "laag 4(a)" genoem word. Ongeveer 160 cm vanaf hierdie hut

(langs lyn PS), is struktuur F4.4(c).1 wat bestaan uit regopstaande klippe met 'n gebreekte kleipot en beendere daartussen.

Nêrens kan daar 'n duidelike skeidslyn waargeneem word tussen lae 3 en 4 nie. Beide lae vorm deel van dieselfde hooflaag of -stratum.

Laag 5 (vgl. sketsfige. 7d, 7c, 9; foto 10)

Laag 5 strek oor die volle strook YZ-PS behalwe waar dit doodloop teen die hutpuin van laag 4(a) wat steeds afwaarts strek in hoek P.

Laag 5 word op grond van strukturele eienskappe onderverdeel in twee lae waarvan die een op die ander lê, nl. lae 5(a) en 5(b).

Dieptemate

Die oppervlakte van laag 5 lê op die volgende dieptes:

hoek Z	:	- 51 cm
hoek Y	:	- 56 cm
hoek S	:	- 52 cm
hoek P	:	- 62 cm

Laag 5(a) (vgl. sketsfige. 7d, 9)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin grond met as en stukke gebrande sande-rige klei. Heelwathoutskool kom voor asook wit askolle langs lyn YZ. Groot potskerwe en stukke been kom voor.

Naby lyn Y-S is die grond meer asagtig en 'n aantal onreëlmatig verspreide klippe kom hier voor.

Detail (vgl. sketsfige. 7d, 9)

F4.5(a).1 (vir opgrawingsdoeleindes genoem vloer V2). Dit is 'n mosterdgeel gruisvloer in hoek Z. Dit strek tot teenaan die hutpuin van laag 4(a). Die vloer is 1 cm tot 2 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 52 cm tot - 56 cm. Die vloeroppervlakte is glad afgewerk. Die vloer lê onder laag 4(b) en op die oppervlakte van laag 5(a).

F4.5(a).2 (vgl. sketsfig. 7d; foto 10). Dit is 'n groepie regopstaande, langwerpige klippe (tot 35 cm lank) naby lyn PS. Die klippe dring afwaarts tot in laag 5(b). Die grond tussen die klippe is ligbruin met min bene en potskerwe.

Opsomming van laag 5(a)

Laag 5(a) skep die indruk dat dit 'n ietwat deurmekaar laag is met 'n mengsel van pienkbruin sandgrond, stukkies gebrande hutklei, houtskool en mosterdgeel gruis. Nader aan lyn YS is die laag sag en asagtig met groot, onreëlmatig verspreide klippe.

Naby lyn PS, langs die hutpuin van laag 4(a), is klipstruktuur F4.5(a).2 wat bestaan uit 'n aantal regopstaande klippe.

Langs lyn PS het laag 5(a) in sy oppervlakte 'n dun, pienkbruin sandgrondlagie wat hier 'n skeiding van laag 4(c) aandui. Laag 5(a) het stukke gebrande hutklei, geel gruis en ietwat meer houtskool as laag 4(c) direk daarbo. Verder is daar nie 'n duidelike, konsekwente verskil tussen laag 5(a) en laag 4(c) nie.

Laag 5(b) (vgl. sketsfige. 7e, 9; foto 10)

Laag 5(b) strek oor die volle strook YZ-PS behalwe waar dit doodloop teen laag 4(a) wat steeds afwaarts strek. Laag 5(b) veroon duideliker strukturele kenmerke as laag 5(a) en word onderverdeel in laag 5(b)(i) en 5(b)(ii).

Laag 5(b)(i)

Die laag strek vanaf lyn SY tot ongeveer 130 cm daarvandaan.

Dieptemate

Oppervlakte	hoek Y	: - 69 cm
	hoek S	: - 62 cm
Basis	hoek Y	: - 75 cm
	hoek S	: - 77 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit sagte, grysbruin asgrond. Dit is baie sag en los

en bevat heelwat houtskool. In die basis van die laag word die grond op plekke harder en mosterdgeel gruisakorrels kom voor. In die basis kom ook 'n laag geelbruin sandgrond voor wat plek-plek rooi gebrand is. Groterige klippe, potskerwe en bene lê onreëlmatig verspreid in die laag en is klaarblyklik net huishoudelike afvalmateriaal.

Daar kan nie 'n definitiewe skeidslyn tussen lae 5(b)(i) en 5(a) bespeur word nie - struktureel stem die twee lae met mekaar ooreen.

Detail

F4.5(b).1 (vgl. sketsfig. 7e; foto 10). Dit is 'n harde, pienk-bruin sandstrook met 'n onreëlmatige planvorm. Dit lê om die rand van laag 5(b)(i) en skei lae 5(b)(i) en 5(b)(ii) sodoende van mekaar.

F4.4(c).1 Die regopstaande klippe van struktuur F4.4(c).1 dring afwaarts deur tot in laag 5(b)(i), is waarskynlik in hierdie laag ingeplant en hoort tot laag 4(c).

Laag 5(b)(ii) (vgl. sketsfige. 7e, 9)

Laag 5(b)(ii) lê op dieselfde horisontale vlak as laag 5(b)(i) en word van lg. laag geskei deur sandstrook F4.5(b).1. Laag 5(b)(ii) strek hiervandaan tot teenaan die hutpuin van laag 4(a) en lyne PZ en YZ.

Dieptemate

Oppervlakte wissel van - 63 cm tot 69 cm.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit redelik sagte, ligbruin tot grysbruin sandgrond. Brandkolle en as kom voor op die oppervlakte van die laag. Die laag lê direk op 'n gruisvloer, nl. F4.6(opp).1. Min kulturele materiaal kom voor. 'n Cowrieskulp kom voor ± 80 cm vanaf lyn PS en 70 cm vanaf lyn PZ.

Detail van laag 5

F4.5(a).2 (vgl. sketsfige. 7d, 7e; foto 10). Dit is die klipstruk=

tuur, bestaande uit 'n tiental langwerpige regopstaande klippe wat reeds in laag 5(a) beskryf is en afwaarts deurdring tot in laag 5(b).

F4.5(b).2 (vgl. sketsfige. 7e, 9). Dit is 'n dik bank fyn, mosterdkleurige gruis in hoek Z. Dit het 'n plat, onafgewerkte oppervlakte op 'n diepte van - 66 cm. Die gruisbank lê op vloer F4.6(opp.).1, strek langs lyn YZ tot 72 cm vanaf punt Z en langs lyn PZ tot teen laag 5(b)(iii). Dit lê ook teen laag 4(a).

Opsomming van laag 5(b)

Laag 5(b) bestaan uit twee gedeeltes, nl. 5(b)(i) en 5(b)(ii) wat horisontaal langs mekaar lê en van mekaar geskei word deur sandstrook F4.5(b).1 (vgl. sketsfig. 74).

Laag 5(b)(i) bestaan uit sagte, grysbruin asgrond en bevat huishoudelike afvalmateriaal soos bene, potskerwe en klippe wat onreëlmatig verspreid deur die laag lê. Laag 5(b)(i) kan nie duidelik onderskei word van laag 5(a) daarbo nie.

Laag 5(b)(ii) bestaan uit ligbruin sandgrond met min kulturele materiaal en toon brandkolle op die oppervlakte. Laag 5(b)(ii) bevat nie soveel gruiskorrels, as, gebrande kleistukke, bene ens. as laag 5(a) nie. Nogtans smelt die twee lae saam op plekke en kan 'n skeiding nie met die blote oog waargeneem word nie. Laag 5(b)(ii) lê op vloer F4.6(opp.).1.

Lae 5(b)(i) en 5(b)(ii) vorm saam met laag 5(a) deel van 'n basiese stratum en kan duidelik onderskei word van laag 6 daaronder.

Laag 6 (vgl. sketsfige 7f, 7g, 9; foto's 12-17)

Algemene beskrywing

Laag 6 is 'n gedeelte van 'n woonvloer. Dit is 'n komplekse laag wat van plek tot plek verskille toon in sy samestelling en verskeie strukture insluit. Naby hoek S bestaan die laag uit heelwat puinagtige grond en word hier as laag 6(a) beskryf vir opgrawingsdoeleindes. Detail wat in die boonste deel van die laag aangetref word, word

veiligheidshalwe afsonderlik genommer met die afkorting opp. (vir oppervlakte) bv. F4.6(opp.).1.

Detail uit die basis word aangedui met die afkorting B (vir Basis) bv. F4.6(B).1.

Detail

F4.6(opp.).1 (vgl. sketsfig 7f; foto 13). (Vir opgrawingsdoel= eindes genoem V3). Dit is 'n vloer met 'n onreëlmatige planvorm en strek oor 'n groot deel van die blok. Dit bestaan uit fyn, mosterdgeel gruis en is hard gekonsolideer. Die vloer toon tekens van 'n gladgevryfde oppervlakte. Dit wissel in dikte van 4 cm tot 12 cm. In die rand van die vloer kom 'n halfmaanvormige onderbreking voor ongeveer 70 cm vanaf lyn PS en 160 cm vanaf lyn YS. In hierdie onderbreking, onder die horisontale vloervlak, is klipstruktuur F4.6(B).5 aangetref. Wit as lê hier langsaan op die vloer. Die vloer lê op 'n diepte wat wissel van - 70 cm tot - 89 cm. By hoek P lê 'n lagie sandgrond op die vloer.

F4.6(opp.).2 (vgl. sketsfige 7f, 7g). Dit is 'n muurtjie wat bestaan uit hard gekonsolideerde, fyn, mosterdgeel gruis. Dit lê op vloer F4.6(B).3 d.w.s. die basis daarvan lê op 'n diepte van - 86 cm. Die oorspronklike bokant daarvan bestaan nie meer nie en die huidige bokant (bestaan uit 'n stukkende, onafgewerkte oppervlakte) lê op - 63 cm. Dit het naastenby 'n driehoekige planvorm. Die een hoek is ongeveer 120 cm vanaf lyn QR en 68 cm vanaf lyn PQ: daarvandaan het dit 'n glad afgewerkte vertikale sykant wat effens geboë na buite vertoon en 'n ronde hoek vorm 200 cm vanaf lyn QR en 60 cm vanaf lyn PQ. Hiervandaan loop die gladgevryfde sykant tot teen lyn PQ, ongeveer 196 cm vanaf hoek Q. Die agterkant is ru en word gestut deur afvalmateriaal wat bestaan uit sagte grysbruin asgrond met gruiskorrels en bene.

F4.6(opp.).3 (vgl. sketsfig. 7f; foto 12). (Vir opgrawingsdoelein=

eindes genoem struktuur X). Dit is 'n ronde kol harde, pienk- tot ligbruin sand in die oppervlakte van vloer F4.6(opp.).1. Die oppervlakte daarvan lê op - 77 cm, dit is geleë 4 cm vanaf lyn PS en 80 cm vanaf lyn PZ. Dit het 'n deursnit van ± 70 cm. Die oppervlakte van die struktuur bestaan uit harde sand met 'n vertikale silindriese gat in die middel. Buite-om bestaan dit uit 'n sirkelvormige band van baie harde sand, 5 cm breed, in die vorm van 'n soort voering. Binne hierdie band bestaan die struktuur ook uit harde, pienkbruin sand wat egter bruiner van kleur is as die band; en 'n naat kan duidelik gesien word tussen die band en die sand daarbinne. (Dit is gedeeltelik beskadig deur 'n rysmiernes). In die middel daarvan is die silindervormige gat, ± 26 cm in deursnee. Die gat dring afwaarts tot op 'n groot vyselklip met 'n holte in die bokant daarvan. Die silindriese gat is geleë reg bokant die holte. Uit die boonste deel van die gat kom sagte grysbruin asgrond (4 cm dik) en dieper af pienkbruin, sanderige grond. Die harde sandoppervlakte van struktuur F4.6(opp.).7 is op plekke swart gebrand. Die struktuur behoort baie duidelik tot vloer F4.6(opp.).1 want die vloer is baie netjies tot teenaan die struktuur gemaak.

Die klip met die holte, waarskynlik 'n vyselklip, d.w.s. waarin materiaal fyngemaak is, is geleë op 'n diepte van - 86 cm d.w.s. 10 cm onder die oppervlakte van die harde sandstruktuur (vgl. sketsfig. 7g). Die klip is ± 45 cm breed. Die gat in die klip is 14 cm wyd, word nouer na onder en is 5 cm diep. Plantreste kom in hierdie gat voor en is waarskynlik deur die rysmiere daar gelaat. Die klip staan bo-op 'n plat klip in 'n gat wat gegrawe is tot op 'n diepte van - 113 cm, en is rondom vasgepak met kleiner stutklippe. Die sandgrond tussen die klippe is sag, los en ligbruin van kleur.

F4.6(B).1

(vgl. sketsfige. 7f, 7g, 9). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V4.Q). Dit is 'n stuk mosterdgeel gruisvloer in

des genoem 6(a)). Dit is 'n kol pienkbruin sandgrond met as en bevat heelwat gebrande hutpuin, houtskool, bene en ook enkele los klippe. Dit word grootliks omsluit deur vloer F4.6(opp.).1. Nader aan hierdie vloer bestaan F4.6(opp.).3 uit harde, pienkbruin sandgrond met gruis en enkele kleinerige klippies. Die oppervlakte van F4.6(opp.).3 lê op dieptes wat wissel van - 75 cm tot - 84 cm.

F4.6(opp.).4 (vgl. sketsfig. 7f; foto 13). Dit is 'n vlak slootjie 10 cm tot 12 cm breed in vloer F4.6(opp.).1. Dit het naastenby 'n halfmaanvormige planvorm en lê min of meer onder die rand van die gebrande hutpuin (laag 4(a)). Hoewel die slootjie nie deur die vloer dring nie en geen tekens van paaltjies bevat nie, is dit moontlik deel van 'n fondasiesloot vir 'n muur wat later afgebrand en laag 4(a) gevorm het.

F4.6(opp.).5 (vgl. sketsfig. 7f; foto 14). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem struktuur (d)). Dit is 'n sirkelvormige klipstruktuur wat behoort tot vloere F4.6(opp.).1 en F4.6(B).2 want lg. vloere loop duidelik tot vas teenaan die klipstruktuur. Die struktuur se hoogste punt is op - 66 cm; op - 90 cm dring dit deur vloer F4.6(B).2 tot in die volgende laag laer af (laag 7). Die klipstruktuur is geleë 85 cm vanaf lyn QR en 110 cm vanaf lyn PQ. Dit staan \pm 20 cm hoog en is 90 cm in deursnee. Dit bestaan uit langwerpige klippe wat vertikaal in die grond ingeplant is. 'n Plat klip lê bo-op. Uit die struktuur kom los, ligbruin sandgrond met enkele potskerwe en 'n paar stukke been.

F4.6(opp.).6 (vgl. sketsfige. 7f, 7g; foto 12). Dit is twee stukke skedeldak en 'n gehawende onderkaak wat lyksoos dié van 'n menslike kind. Dit kom voor in die oppervlakte van F4.6(opp.).3 in die grond tussen stukke gebrande hutklei. Die kakebeen lê op 'n diepte van - 84 cm, 73 cm van lyn PS en 30 cm van lyn SY.

F4.6(opp.).7 (vgl. sketsfige. 7f, 7g; foto 13). (Vir opgrawingsdoel=

hoek Q. Die planvorm daarvan is onreëlmatig, die dikte 3 cm tot 4 cm en die diepte daarvan wissel van - 87 cm tot - 90 cm.

F4.6(B).2 (vgl. sketsfige. 7f, 7g). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V4.) Sentker het in 1953 sy opgrawing van die linkerkantste strook van blok F4 gestaak op 'n diepte van - 81 cm op 'n vloer wat volgens hom oor die hele strook gestrek het. Hierdie vloer is 'n mosterdgeel gruisvloer en kom ook voor in die res van blok F4. Dit word genoem F4.6(B).2. Onder die basis van laag 6(a) is oorblyfsels daarvan sigbaar en hier lê die vloer op 'n diepte van - 88 cm. Waar vloer F4.6(B).2 onder vloer F4.6(opp.).1 lê, vertoon dit geen afgewerkte oppervlakte nie en smelt die twee vloere grootliks saam tot 'n enkele, baie harde mosterdgeel vloer wat 10 cm tot 11 cm dik is. Op 'n paar plekke word die twee vloere egter van mekaar geskei deur 'n dun lagie sagte, pienkbruin sand wat tot 2 cm dik is en 'n enkele potskerf bevat.

F4.6(B).3 (vgl. sketsfige. 79, 9). Dit is 'n stuk mosterdgeel gruisvloer met swak afgewerkte gryswit oppervlakte. Dit is geleë langs lyn PQ en strek daarvandaan tot onder gruismuur F4.6(opp.).2. Die planvorm daarvan is onreëlmatig, die dikte 2 cm en dit lê op 'n diepte wat wissel van - 84 cm tot - 88 cm.

F4.6(B).4 (vgl. sketsfig. 7g; foto 15). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem u). Dit is 'n klipstruktuur en is geleë teenaan lyn PS, ongeveer 100 cm vanaf lyn RS. Dit bestaan uit 'n aantal klippe wat teen die wand van 'n gat uitgepak is en 'n plat klip op die bodem van die gat. Sommige klippe is klein - selfs tot 5 cm in deursnee. Die hoogste punt van die struktuur is op 'n diepte van - 110 cm. Die plat klip op die bodem lê op - 124 cm. Die bokant van die struktuur is 60 cm in deursnee en dit is ongeveer 25 cm diep. Die grond in die struktuur wissel van sagte, ligbruin sandgrond tot rooibruin, harde stukke grond. Die klippe lyk nie gebrand nie en daar is nie kulturele materiaal in die struktuur nie. Hoewel die struktuur deur vloere F4.7(i).1 en F4.7(ii).1 dring, lyk dit of die struktuur behoort tot laag 6 en geleë is in 'n ver-

steuring deur die rand van vloer F4.6(opp.).1.

F4.6(B).5 (vgl. sketsfig. 7g; foto 16). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem struktuur w). Dit is 'n klipstruktuur wat geleë is in 'n halfmaanvormige onderbreking in die rand van vloer F4.6(opp.).1. Die struktuur bestaan uit 'n plat klip wat lê op die bodem van 'n gat en 'n aantal klippe wat in 'n halfsirkel om die plat klip regop staan teen die wand van die gat. Die halfsirkel van regopstaande klippe is 70 cm in deursnee, die hoogste punt daarvan is op - 109 cm en die plat klip lê op - 111 cm. Die gat is gegrawe tot op 'n laerliggende gruisvloer (vloer F4.7(ii).2). (Die vloer het hier 'n swart gebrande oppervlakte met 'n dun lagie as daarop.)

In die struktuur is harde, rooi sandgrond met 'n rysmiernes. Die klippe is nie swart gebrand nie en geen tekens van as kom voor nie. Die struktuur het vermoedelik vroeër bestaan uit 'n volle sirkel van regopstaande klippe met 'n plat klip onder in die middel. Die struktuur behoort klaarblyklik tot laag 6 en word geassosieer met vloer F4.6(opp.).1.

F4.6(B).6 (vgl. sketsfig. 7g; foto 17). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem struktuur y). Dit is 'n klipstruktuur wat geleë is 55 cm vanaf lyn RS en 82 cm vanaf lyn PS. Dit bestaan uit 'n plat klip (diepte - 120 cm) in die bodem van 'n gat en 'n aantal klippe wat daaromheen teen die wand van die gat uitgepak is tot bo (hoogste punt - 97 cm). Die deursnee van die struktuur is 52 cm. In die struktuur is sagte, ligbruin sandgrond en donkerbruin, gebrande grondkluite. Die klippe is nie gebrand nie en as kom nie voor nie.

Opsomming van laag 6

Laag 6 is 'n woonvloer, bestaande uit mosterdgeel gruisvloere, tekens van 'n afgebrande hut, twee (moontlik drie) verskillende soorte klipstrukture en huishoudelike afvalmateriaal.

Verskillende vloergedeeltes kom voor en behoort skynbaar tot dieselfde woonoppervlakte. Die grootste vloer, nl. vloer F4.6(B).2 is later

hernu deur 'n vloer (F4.6(opp.).1) wat bo-oor gelê is en gedeeltelik met F4.6(B).2 saamsmelt.

Die gruismuurtjie (F4.6(opp).2) het deel gevorm van 'n boukonstruksie maar is later gedeeltelik afgebreek. Op punt P het 'n hut gestaan wat uiteindelik afgebrand het.

Klipstruktuur F4.6(opp).5, bestaan uit regopstaande langwerpige en ander klippe met 'n plat klip wat bo-op lê, het 'n platvormagtige voorkoms. Die struktuur het moontlik as 'n platvorm, staanplek of voetstuk gedien.

Klipstruktuur F4.6(opp.).7 is 'n klip met 'n holte bo-in (moontlik 'n klip vir die fynstamp van huishoudelike materiaal "vyselklip") wat in vloer F4.6(opp.).1 ingebou is. Die klip is geplaas in 'n gat, met kleiner klippe onder en aan die kant gestut, en uiteindelik bo afgerond met 'n harde, sirkelvormige voering bo-op wat slegs die "vyselholte" van die klip oopgelaat het.

Klipstrukture F4.6(B).4, F4.6(B).5 en F4.6(B).6 was vermoedelik oorspronklik soortgelyk aan struktuur F4.6(opp.).7. Later is die groot "vyselklip" uitgehaal en het slegs die stutklippe agtergebly in 'n gat wat met grond opgevol is.

Die area waarin strukture F4.6(B).4 en F4.6(B).6 voorkom, het later oordek geraak met grond wat hutpuin en huishoudelike afval bevat. (Hierdie materiaal word gesamentlik genoem F4.6(opp.).3.) Die kakebeen en skedelfragmente (F4.6(opp.).6 kom hierin voor.

Laag 7 (vgl. sketsfige. 7h, 7i, 9)

Laag 7 is op plekke meer as 50 cm dik en bevat 'n reeks gruisvloere wat mekaar vertikaal opvolg. Vir kontroledoeleindes word die laag derhalwe arbitrêr onderverdeel in vier sub-lae, nl. lae 7(i), 7(ii), 7(iii) en 7(iv). Die laag is in so 'n mate beskadig deur springhase dat geen sinvolle plantekeninge van lae 7(i) en 7(ii) gemaak kon word nie.

Laag 7(i) (vgl. sketsfig. 9)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag	hoek P en S	:	- 90 cm
	hoek Q	:	- 89 cm
	hoek R	:	- 96 cm
Basis van die laag	hoek P	:	- 102 cm
	hoek Q	:	- 106 cm
	hoek R	:	- 104 cm
	hoek S	:	- 96 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit 'n mengsel van ligbruin, fyn sandgrond met houtskool en klipgruis. Die grond is hard gekonsolideer. Die laag lê direk onder vloer F4.6(B).2 d.w.s. onder laag 6. Oor die algemeen is 'n duidelike skeiding tussen die twee lae sigbaar behalwe langs lyn RS waar die grond as- en gruisagtig is en deurmekaar voorkom. Min kulturele materiaal kom uit laag 7(i).

Onder die basis van laag 7(i) kom oor die grootste deel van blok F4 oorblyfsels van gruisvloere voor. Die gruisvloere is so erg beskadig deur springhase en rysmiere dat die planvorm van die vloere nie bepaal kan word nie. Geen plantekeninge word hiervan gemaak nie.

Laag 7(ii) (vgl. sketsfig. 9)

Die beskadigde vloeroorblyfsels wat in die basis van laag 7(i) blootgelê is, word geneem as die oppervlakte van laag 7(ii). Langs lyn PQ kom die vloere nie voor nie en hier is geen sigbare onderskeid tussen lae 7(i) en 7(ii) nie.

Dieptemate

Oppervlakte van die laag	hoek P	:	- 102 cm
	hoek Q	:	- 106 cm
	hoek R	:	- 104 cm
	hoek S	:	- 96 cm
Basis van die laag	langs lyn PQ	:	- 120 cm
	langs lyn QR	:	- 109 cm
	langs lyn RS	:	- wissel van - 110 cm tot 119 cm

langs lyn PS : - 120 cm tot - 114 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot rooibruin sandgrond met gruis=korrels, askolle en enkele konsentrasies van bene. In hoek S kom 'n prominente beenkonsentrasie voor op 'n diepte van - 98 cm en word vir opgrawingsdoeleindes genoem F4.7(ii)S. Hieronder op 'n diepte van - 107 cm kom 'n duidelike aslens voor.

In die laag is 'n aantal gruisvloere wat erg beskadig is deur springhase. Hierdie vloere is die duidelikste sigbaar langs lyn PS, waar hulle dan genumereer en beskryf word.

Die boonste vloer vertoon op twee plekke 'n erg beskadigde, koniese opbouing na bo en het in albei gevalle moontlik 'n ronde soort platvorm gevorm. Die boonste twee of drie vloere bestaan uit rooi gruis wat op 'n paar plekke bo-oor stukkies liggeel gruisvloere lê. Hier en daar is ook stukkies mosterdgeel gruisvloere sigbaar. Hierdie stukke vloere loop egter nie tot teen lyn PQ nie.

Detail

F4.7(ii).1 (vgl. sketsfig. 9). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V5). Dit is 'n vloer wat lê op 'n diepte van ongeveer - 97 cm, is ongeveer 3 cm dik en bestaan uit growwe, geel gruis wat plek-plek verander na growwe rooi gruis. Direk onder die vloer lê 'n lagie bruin, sanderige grond wat 3 tot 4 cm dik is. (Onder hierdie sangrondlagie lê vloer F4.7(ii).2).

F4.7(ii).2 (vgl. sketsfig. 9). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V6). Dit is 'n vloer wat lê op 'n diepte van - 104 cm en is 3 cm dik. Dit bestaan uit growwe, liggeel tot groenerige gruis. Dit het 'n mooi, harde, glad afgewerkte oppervlakte.

F4.7(ii).3 (vgl. sketsfig. 9). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V7). Dit is 'n vloer wat lê op 'n diepte van - 107 cm en is 1 tot 2 cm dik. Dit bestaan uit sagte, fyn, mosterdgeel gruis. Onder die vloer lê 'n lagie sagte, fyn, bruin sand wat

as deel van laag 7(iii) opgegrawe is.

Dieptemate

Oppervlakte van die laag	hoek S	: - 119 cm
	langs lyn PS	: wissel van - 120 cm tot - 114 cm
	langs lyn PQ	: - 120 cm
	langs lyn QR	: - 109 cm
	langs lyn RS	: - 110 cm
Basis van die laag	hoeke Q en S	: - 132 cm
	langs lyn QR	: - 131 cm
	langs lyn PS	: - 132 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot rooibruin sandgrond. Langs lyn SP onder vloer F4.7(ii).3 vorm 'n lagie fyn, bruin sand die oppervlakte van laag 7(iii). Onder die sandlagie is 'n lagie grond (sowat 12 cm dik) met gebrande muurklei, houtskool, gruiskorrels en as.

Detail

- F4.7(iii).1 (vgl. sketsfig. 9). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V8). Dit is 'n klein stukkie vloer wat lê op - 118 cm en is 6 cm dik. Dit bestaan uit rooi, growwe gruis. Die vloer lê onder gebrande muurklei.
- F4.7(iii).2 (vgl. sketsfig. 9). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V9). Dit is 'n vloer wat lê op 'n diepte wat wissel van - 109 cm tot - 123 cm. Dit is 3 cm tot 5 cm dik. Dit bestaan uit baie growwe, rooi gruis wat hard gekonsolideer is. Die oppervlakte is ongelyk en swak afgewerk. Die vloer is erg beskadig deur springhase.
- F4.7(iii).3 (vgl. sketsfige. 7h, 9). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V10). Dit is 'n vloer wat lê op 'n diepte wat wissel van - 125 cm tot - 131 cm. Dit is tot 5 cm dik en bestaan uit baie hard gekonsolideerde, liggeel gruis. Die planvorm daarvan is onreëlmatig behalwe die randge-

deelte daarvan wat die naaste aan lyn RS geleë is. Hier vorm die rand 'n konkawe rand wat aansluit by vloer F4.7(iii).4. Lg. vloer lê egter 11 cm laer as eg. vloer.

In vloer F4.7(iii).3 kom heelwat onderbrekings voor, sommiges daarvan in die vorm van halfsirkelvormige voortjies met oorblyfsels van paaltjies daarin. Hier= die voortjies met paaltjies is klaarblyklik fondasies van boustrukture wat later as vloer F4.7(iii).3 is en nie met die vloer verband hou nie.

- F4.7(iii).4 (vgl. sketsfig. 7h). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V11). Dit is 'n vloer op 'n diepte wat wissel van - 128 cm tot - 134 cm. Dit is tot 3 cm dik, het 'n onreëlmatige planvorm en bestaan uit liggeel, growwe gruis. Onderbrekings kom voor in vie vloer, sommiges in die vorm van voortjies met oorblyfsels van paaltjies.
- F4.7(iii).5 (vgl. sketsfig. 7h). Dit is 'n stukkie mosterdgeel gruisvloer op 'n diepte van ongeveer - 130 cm. Aan die een kant daarvan sluit dit aan by vloer F4.7(iii).4. Aan die ander kant daarvan grens dit aan vloer F4.8(i).1. Vloer F4.7(iii).5 lê egter ongeveer 5 cm hoër as vloer F4.8(i).1 en vorm 'n regaf, glad afgewerkte vertikale rand wat dan trapvormig aansluit by vloer F4.8(i).1.
- F4.7(iii).6 (vgl. sketsfig. 7h). Dit is 'n kol growwe, rooi gruis langs lyn RS op 'n diepte van - 130 cm. Planvorm onreëlmatig.
- F4.7(iii).7 (vgl. sketsfig. 7h). Dit is 'n gat, moontlik vir 'n paal wat gestut is deur drie klippe daar digby. Dit hoort vermoedelik tot die fondasiesloot met paaloorblyfsels (genoem F4.7(iii).8).
- F4.7(iii).8 (vgl. sketsfig. 7h). Dit is 'n fondasiesloot met paaloorblyfsels en dring deur vloer F4.7(iii).3. Dit is waarskynlik later as die vloer.
- F4.7(iii).9 (vgl. sketsfig. 7h). Dit is 'n konsentrasie van ongeveer 20 ronde rivierklippies. Die klippies is bymekaar aangetref op 'n diepte van - 130 cm, 55 cm vanaf lyn QR,

135 cm vanaf lyn PQ en het op vloer F4.7(iii).3 gelê.
Die klippies is elk ongeveer 1 cm tot 2 cm in deursnee.

F4.7(iii).10 (vgl. sketsfig. 7h). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem 7(iii)Q). Dit is 'n konsentrasie bene in hoek Q op 'n diepte van - 117 cm tot - 132 cm.

Laag 7 (iv) (vgl. sketsfige. 7i, 9)

Laag 7(iv) lê onder vloere F4.7(iii).3 en F4.7(iii).4.

Dieptemate

Oppervlakte van laag	hoeke Q en S	: - 132 cm
	hoek P	: - 129 cm
	hoek R	: - 131 cm

Basis van die laag	hoeke P en R	: - 138 cm
	hoek Q	: - 140 cm
	hoek S	: - 139 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit sagte, ligbruin, fyn sandgrond met heelwat houtskool en askolle. Onder hierdie askolle is die swart gebrande oppervlakte van laag 8.

Detail

F4.7(iv).1 (vgl. sketsfige. 7i, 9). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V13). Dit is 'n vloer langs lyn PS op 'n diepte wat wissel van - 135 cm tot - 138 cm. Die vloer bestaan uit twee lagies gruis opmekaar wat elk wissel van 4 cm tot 6 cm in dikte. Die vloer bestaan uit 'n mengsel van rooi en liggeel gruis en is in 'n baie gehawende toestand - die planvorm kon nie bepaal word nie. Wit as (F4.7(iv).5) lê op en onder die vloer en is skynbaar 'n vuurmaakplek - die vloer is erg gebrand.

F4.7(iv).2 (vgl. sketsfige. 7i, 9). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V14). Dit is stukke vloer langs lyn PQ op 'n

diepte wat wissel van - 132 cm tot - 140 cm. Dit bestaan uit rooi gruis en is 5 cm tot 6 cm dik. Die planvorm is onreëlmatig.

F4.7(iv).3 (vgl. sketsfig. 7i). Dit is 'n stuk rooi gruisvloer wat gedeeltelik onder vloer F4.7(iv).2 lê. Vloer F4.7(iv).3 lê op 'n diepte van 143 cm, is 3 cm dik en bestaan uit rooi gruis. Dit het 'n glad afgewerkte, ongelyk oppervlakte en onreëlmatige planvorm.

F4.7(iv).4 (vgl. sketsfig. 7i). Dit is 'n wit askol op 'n diepte van - 138 cm en is tot 10 cm dik. Dit is waarskynlik 'n vuurmaakplek.

F4.7(iv).5 (vgl. sketsfig. 7i). Dit is 'n wit askol op vloer F4.7(iv).1 en is waarskynlik 'n vuurmaakplek. Die vloer is swart gebrand onder die as; meer as kom ook onder die vloer voor.

Opsomming van laag 7

Laag 7 bestaan uit 'n reeks vloere wat dig opmekaar lê. Die vloere is so beskadig, waarskynlik deur springhase, dat daar nie 'n samehangende beeld van die opset daarvan gevorm kan word nie. Die vloere bestaan hoofsaaklik uit rooi en liggeel, growwe gruis. Bruin tot ligbruin sandgrond wat baie houtskool bevat, asook askolle lê tussen die vloere. Laag 7 kan duidelik onderskei word van laag 6 wat gekenmerk word deur prominente mosterdgeel vloere.

Laag 8 (vgl. sketsfige. 7j, 8a, 9; foto 18)

Laag 8 is so dik dat dit onderverdeel word in vier arbitrêre lae, nl. 8(i), 8(ii), 8(iii) en 8(iv).

Laag 8(i)

Die laag lê langs lyn RS op vloer F4.8(i).1 (vgl. sketsfig. 7h) en strek dus tot 64 cm vanaf lyn RS.

Dieptemate

Die laag se oppervlakte lê op gelyke vlak met vloer F4.7(iii).3 d.w.s.

± - 125 cm. Die basis van die laag lê op vloer F4.8(i).1 d.w.s. op - 147 cm.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit sagte, fyn, rooibruin, skoon sand. In die laag kom 'n paar klippe en bene voor. Die laag kom in 'n beperkte area langs lyn RS voor. Dit lê op vloer F4.8(i).1 en word omring deur vloere F4.7(iii).4, F4.7(iii).5 en F4.7(iii).6.

Detail

F4.8(i).1 (vgl. sketsfig. 7h). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V12). Dit is 'n stukkie vloer langs wand RS en lê op 'n diepte wat wissel van - 145 cm tot - 147 cm. Die sand= laag bo-op die vloer word opgegrawe as laag 8(i). Die vloer bestaan uit rooibruin sand en het 'n harde, glad= gemaakte oppervlakte.

F4.8(i).2 (vgl. sketsfig. 7h). Dit is gedeeltes van 'n ysterring uit laag 8(i), 1 cm tot 2 cm bokant vloer F4.8(i).1.

Laag 8(ii)

Dieptemate

Oppervlakte	hoek P	: - 138 cm
	hoek Q	: - 140 cm
	hoek S	: - 139 cm
Basis	hoek P	: - 158 cm
	hoek Q	: - 157 cm
	hoek S	: - 155 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin en rooibruin tot grysbruin sandgrond met houtskool en tekens van as. Stukke geel, gebrande muurklei kom hier en daar voor. Enkele groot klippe (tot 20 cm lank) kom voor.

Laag 8(iii) (vgl. sketsfige. 7j, 9)

Dieptemate

Oppervlakte langs lyn PS : wissel van - 155 cm tot - 156 cm
langs lyn PQ : wissel van - 148 cm tot - 158 cm
langs lyn QR : - 154 cm
langs lyn RS : wissel van - 155 cm tot - 158 cm

Basis
hoek S : - 165 cm
hoek P : - 170 cm
hoek Q : - 166 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit grysbruin en ligbruin tot pienkbruin, harde sandgrond. Heelwat houtskool, bene en grys askolle kom voor.

Detail

- F4.8(iii).1 (vgl. sketsfige. 7j, 9). Gebrande hutpuin in hoek Q met oppervlakte op 'n diepte wat wissel van - 148 cm tot - 157 cm. Die basis daarvan lê op - 162 cm in hoek Q op vloer F4.8(iii).4. Meer in die middel van die blok lê die hutpuin of fyn, swart gebrande asgrond. F4.8(iii).1 bestaan uit los puingrond: geel, gebrande kleistukke met paalmerke en gladgevryfde, plat vlakke; verder ook as, houtskool en grysbruin, sagte sandgrond. Onder die hutpuin is swartgebrande sandgrond (laag 8(iv)) met 'n konsentrasie huishoudelike afval (F4.8(iv).2).
- F4.8(iii).2 (vgl. sketsfig. 7j). Dit is 'n kol gebrande hutpuin in hoek R met oppervlakte op 'n diepte wat wissel van 152 cm tot - 162 cm. Dit bestaan uit geel, gebrande hutkleistukke, grysbruin, los sandgrond en kolle swart gebrande sandgrond (d.w.s. F4.8(iii).2(1). Verkoolde plantreste (d.w.s. 2(2) en verkoolde graan met ander verkoolde plantreste (2(3)) kom in die hutpuin voor.
- F4.8(iii).3 (vgl. sketsfig. 7j). Dit is 'n grondlagie in hoek P op 'n diepte wat wissel van - 156 cm tot - 158 cm (basis: - 162 cm). Dit bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond met as, baie houtskool en verkoolde sade. In die basis daarvan is heelwat potskerwe en bene wat vermoedelik gedeeltelik behoort tot F4.8(iv).2.

Laag 8(iv) (vgl. sketsfige. 8a, 9; foto 18)

Dieptemate

Die oppervlakte lê op 'n diepte wat wissel van - 161 cm tot - 170 cm.

Algemene beskrywing

Dit vorm in werklikheid die basis van laag 8(iii). Dit bestaan uit grysbruin, asagtige sandgrond en houtskool. Konsentrasies bene en potskerwe kom verspreid deur die laag voor. Die laag lê op 'n laag harde, rooierige sandgrond (laag 9(i)) wat langs lyn PQ 'n grysbruin kleur aanneem.

Detail

- F4.8(iv).1 (vgl. sketsfige. 8a, 9). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V15). Dit is 'n gruisvloer langs lyn PS op 'n diepte wat wissel van - 165 cm tot - 169 cm. Dit is 2 cm tot 4 cm dik en bestaan uit growwe, rooi gruis. Omdat slegs 'n klein gedeelte van die vloer in blok F4 geleë is, kan die planvorm nog nie bepaal word nie.
- F4.8(iv).2 (vgl. sketsfig. 8a; foto 18). Dit is 'n groot konsentrasie houtskool, bene en potskerwe wat hoofsaaklik lê onder hutpuinlaag F4.8(iii).1. Die oppervlakte daarvan lê op 'n diepte wat wissel van - 163 cm tot - 168 cm.
- F4.8(iv).3 (vgl. sketsfig. 8a). Dit is die oorblyfsels van 'n vier-tal verkoolde houtpaaltjies. Hulle staan min of meer in 'n ry van 35 cm lank en is geleë in afvalkonsentrasie F4.8(iv).2.
- F4.8(iv).4 (vgl. sketsfig. 8a). Dit is 'n konsentrasie verkoolde graan op 'n diepte van \pm 170 cm en is geleë onder die hutpuinkonsentrasie F4.8(iii).2.

Opsomming van laag 8

Die laag bestaan uit rooibruin tot grysbruin sandgrond met heelwat houtskool, bene, potskerwe en gebrande hutpuin. Vloere wat bestaan uit rooi en liggeel growwe gruis kom voor.

Daar is oor die algemeen nie 'n duidelike skeiding tussen lae 7 en 8 sigbaar nie.

Laag 9

Die laag is so dik dat dit arbitrêr onderverdeel word in lae 9(i) en 9(ii).

Laag 9(i) (vgl. sketsfige. 8b, 9; foto 19)

Dieptemate

Oppervlakte	hoek P : - 173 cm
	hoek Q : - 164 cm
	hoek R : - 166 cm
	hoek S : - 170 cm
Basis	hoek P : - 188 cm
	hoek Q : - 174 cm
	hoek R : - 170 cm
	hoek S : - 184 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit rooi tot ligbruin, harde sandgrond. Heelwat bene en houtskool is versprei deur die laag. Langs lyn PS word die laag geskei van laag 8 deur vloer F4.8(iv).1. In die basis van laag 9(i) lê vloer F4.9(i).1. 'n Konsentrasie ronde koperstukkies en koperslak kom voor in die grond bokant die vloer. Onder laag 9(i) lê daar 'n rooibruin tot ligbruin sandgrond-laag (laag 9(ii)).

Detail

F4.9(i).1 (vgl. sketsfig. 8b). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V16). Dit is stukke van 'n vloer wat voorkom op 'n diepte wat wissel van -166 cm tot - 190 cm. Dit is 2 cm tot 3 cm dik en bestaan uit growwe, rooi gruis. Dit is gedeeltelik beskadig deur die fondasieslote van hutte (F4.9(i).2 en F4.9(i).3) en het oënskynlik geen direkte verband met die hutoorblyfsels nie.

F4.9(i).2 (vgl. sketsfig. 8b). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem

9(i)(a)). Dit is die oorblyfsels van 'n hutfondasie, bestaande uit 'n sirkelvormige reeks paalgaatjies. Die deursnee van die hut was ongeveer 130 cm. Diepte ongeveer - 185 cm.

F4.9(i).3 (vgl. sketsfig. 8b). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem 9(i)(b)). Dit is die oorblyfsels van 'n hutfondasie, bestaande uit 'n slootjie (15 cm wyd) met 'n sirkelvormige planvorm en 'n reeks paalgaatjies daarin. Die deursnee van die hut is ongeveer 130 cm. Dit lê op 'n diepte wat wissel van - 170 cm tot - 178 cm en sny deur 'n gedeelte van vloer F4.9(i).1 en is oënskynlik later as die vloer.

F4.9(i).4 (vgl. sketsfig. 8b). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem 9(i)(c)). Dit is sandgrond gemeng met rooi gruis.

F4.9(i).5 (vgl. sketsfig. 8b). Dit is 'n konsentrasie bene op 'n diepte van - 170 cm in hoek R.

Laag 9(ii) (vgl. sketsfige. 8c, 9). Laag 9(ii) lê onder vloer F4.9(i).1 en bo-op 'n aantal prominente gruisvloere.

Dieptemate

Oppervlakte	hoek P	:	- 188 cm
	hoek Q	:	- 174 cm
	hoek R	:	- 170 cm
	hoek S	:	- 184 cm

Basis	hoek P	:	- 204 cm
	hoek Q	:	- 197 cm
	hoek R	:	- 193 cm
	hoek S	:	- 205 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit grysbruin tot rooibruin sandgrond en bevat enkele bene en 'n paar stukke yster. 'n Ysterring kom voor op vloer F4.9(ii).1 en 'n plat stuk yster daar naby.

Detail

- F4.9(ii).1 (vgl. sketsfige. 8c, 9). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V17). Dit is 'n gruisvloer langs lyn PQ op 'n diepte wat wissel van - 191 cm tot - 194 cm. Dit bestaan uit liggeel, growwe gruis, is 6 cm tot 8 cm dik en het 'n onreëlmatige planvorm.
- F4.9(ii).2 (vgl. sketsfige 8c, 9). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V18). Dit is 'n vloer wat voorkom oor 'n groot deel van blok F4, hoofsaaklik langs lyn PS. Dit kom voor op 'n diepte wat wissel van - 198 cm tot - 203 cm en is tot 5 cm dik hoewel dit op plekke 'n dun gruislagie word wat moeilik sigbaar is. Dit bestaan uit growwe, rooi gruis. Die planvorm daarvan is onreëlmatig behalwe in die sentrale gedeelte van die blok, waar die rand van die vloer 'n halfsirkelvormige inham vertoon asof dit teen die buitekant van 'n sirkelvormige hutmuur gelê het. Die grond (laag 10) in die binnekant van die inham bevat heelwat gebrande hutpuin en was vermoedelik dan deel van so 'n hutmuur waarteen vloer F4.9(ii).2 kon gelê het.
- F4.9(ii).3 (vgl. sketsfige. 8c, 8d; foto 20). (Vir opgrawingsdoel= eindes genoem V19). Dit is 'n klein stukkie vloer langs lyn RS ongeveer 34 cm vanaf hoek R. Dit is geleë op 'n diepte van - 196 cm tot - 197 cm. Dit bestaan uit lig= geel gruis en het 'n gladde, netjies afgewerkte opper= vlakke. Waar dit grens aan hutfondasie F4.10.8 het die vloer 'n netjies afgewerkte vertikale rand wat 10 cm hoog is. 'n Plat klip (\pm 20 cm breed en 5 cm dik) is in 'n vertikale (regopstaande) posisie in die vloer ingebou. Die vloer word nie verwyder nie.
- F4.9(ii).4 (vgl. sketsfige. 8c, 8d; foto 20). (Vir opgrawingsdoel= eindes genoem V20). Dit is 'n stukkie vloer in hoek R. Dit bestaan uit liggeel gruis en lê op 'n diepte wat wissel van - 200 cm tot - 202 cm. Die vloer word nie verwyder nie.
- F4.9(ii).5 (vgl. sketsfige. 8c, 8d; foto 20). (Vir opgrawingsdoel= eindes genoem V21). Dit is 'n vloer met 'n sirkelvormige

planvorm. Slegs 'n gedeelte van die vloer is sigbaar in die basis van laag 9(ii) en hierdie gedeelte is hoër opgebou as die res; dit lyk na 'n soort platvormpie of trap wat lê op 'n diepte wat wissel van 208 cm tot - 211 cm; dit strek boogvormig weg na lyn RS. Die vloer lê tussen twee fondasieslote wat die planvorm aanneem van twee konsentriese sirkels: die een binne die ander. Vloer F4.9(ii).5 vorm dus die "tussen"vloer van 'n hut. Dit bestaan uit liggeel gruis en word nie verwyder nie. Dit lê gedeeltelik onder vloer F4.9(ii).2.

F4.9(ii).6 (vgl. sketsfig. 8c). Dit is 'n kol growwe, rooi gruis langs lyn QR op 'n diepte van - 200 cm. Dit grens aan vloere F4.9(ii).4 en F4.9(ii).5.

Opsomming van laag 9

Laag 9 bestaan uit die fondasies van twee klein hutjies en stukke van 'n gruisvloer in sy bokant (laag 9(i); en 'n aantal saamgeflansde gruisvloere in die basis (laag 9(ii)). Dit vorm 'n onreëlmatige patroon. Die vloere in laag 9(ii) hang egter saam met die vloergedeeltes in laag 10. Rooi tot ligbruin sandgrond kom in laag 9 voor.

Laag 10 (vgl. sketsfig. 8d, 9; foto's 20, 21)

Dieptemate

Oppervlakte	hoek P	: - 204 cm
	hoek Q	: - 197 cm
	hoek R	: - 193 cm
	hoek S	: - 205 cm
Basis	hoek P	: - 218 cm
	hoek Q	: - 210 cm
	hoek R	: - 200 cm
	hoek S	: - 215 cm

Algemene beskrywing

Laag 10 bestaan hoofsaaklik uit gebrande hutpuin en verskillende hut-

en ander vloere.

Detail

- F4.10.1 (vgl. sketsfig. 8c). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem 10(x)). Dit is 'n kol swart gebrande sandgrond op vloer F4.9(ii).5. F4.10.1 bevat ook heelwat houtskool en as. In die gebrande grond kom 'n groot aantal indiese rooi glas=kraletjies voor.
- F4.10.2 (vgl. sketsfig. 8c; foto 20). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem 10(y)). Dit is 'n kol gebrande hutpuin. In die basis daarvan is daar drie verkoolde hutpaaltjies wat deel vorm van hutfondasie F4.10.5 (vgl. sketsfig. 8d).
- F4.10.3 (vgl. sketsfige. 8d, 9). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V22). Dit is 'n vloer wat bestaan uit rooi, baie growwe gruis, is 2 cm tot 5 cm dik, lê op 'n diepte wat wissel van - 200 cm tot - 214 cm en die oppervlakte daarvan is gelyk maar baie ru. Die vloer lê halfmaanvormig teen vloer F4.9(ii).5.
- F4.10.4 (vgl. sketsfige. 8d, 8e). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem V23). Dit is 'n vloer wat lê langs lyn PQ op 'n diepte wat wissel van - 213 cm tot - 217 cm. Dit bestaan uit growwe, rooi gruis en is ongeveer 5 cm dik. Dit het 'n onreëlmatige planvorm en lê gedeeltelik onder vloer F4.10.3. 'n Lagie pienkbruin sand skei die twee vloere van mekaar.
- F4.10.5 (vgl. sketsfig. 8d; foto 20). Dit is die sirkelvormige fondasie van 'n hut se binnemuur, is ongeveer 10 cm breed en bevat verkoolde paaltjies op een plek.
- F4.10.6 (vgl. sketsfig. 8d). Dit is die sirkelvormige fondasie van dieselfde hut se buitemuur, is ongeveer 10 cm breed en bevat tekens van vergane paaltjies.
- F4.10.7 (vgl. sketsfig. 8d; foto 20). Dit is die sirkelvormige fondasiesloot van 'n tweede hut se binnemuur. Deursnee van die sirkel is ongeveer 220 cm.
- F4.10.8 (vgl. sketsfig. 8d; foto 20). Dit is die sirkelvormige fondasiesloot van die tweede hut se buitemuur. Dit is 10 cm

breed en bevat enkele verkoolde paaltjies.

- F4.10.9 (vgl. sketsfig. 8d; foto 20). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem 10(y)). Dit bestaan uit oorblyfsels van 'n swart gebrande sandvloer met enkele swart gebrande klippe en 'n stuk verkoolde hout op die vloer. Die gebrande hutpuin (F4.10.2) het bo-op hierdie oorblyfsels (F4.10.9) gelê.
- F4.10.10 (vgl. sketsfige. 8d, 9; foto 21). (Vir opgrawingsdoeleindes genoem 10(z)). Dit is 'n groot kleipot wat in 'n holte in steriele bodem staan sodat sy rand bo (op 'n diepte van - 214 cm) horisontaal gelyk is met die vlak van vloere F4.9(ii).5 en F4.10.3. Die kleipot behoort onteenseglik tot laag 10 want die lagie swart gebrande grond, as en houtskool wat op lg. vloere lê, lê ook oor die pot.

Opsomming van laag 10

Laag 10 bestaan hoofsaaklik uit die oorblyfsels (gruisvloere, paaltjies en muurpuin) van twee hutte. Die stukke vloere is op so 'n wyse saamgevoeg en later weer beskadig dat dit nie moontlik is om te bepaal hoe die werklike woonvlak op enige gegewe tydstep moes gelyk het nie.

Die fondasieslote met tekens van paaltjies daarin dui egter daarop dat daar twee hutte bestaan het. Beide hutte se planvorm het bestaan uit twee konsentriese sirkels, die een binne die ander; m.a.w. 'n sirkelvormige binnemuur (deursnee van sirkel \pm 220 cm) en 'n sirkelvormige buitemuur (deursnee van sirkel \pm 350 cm.) Die eerste hut (langs lyn RS) het afgebrand en die puin is waarskynlik gedeeltelik verwyder. Hierna is 'n soortgelyke hut (langs lyn PQ) gedeeltelik bo-oor die staanplek van die eerste gemaak. Hierdie hut het waarskynlik ook later afgebrand (soos die enkele verkoolde paaltjies in fondasiesloot F4.10.8 aantoon) maar geen noemenswaardige tekens van hutpuin is waargeneem nie.

Laag 11

Laag 11 is nie 'n woonlaag of 'n gedeelte daarvan nie. Dit is die oppervlakte van die steriele bodem onder die argeologiese afsetting. Dit bevat 'n bietjie houtskool wat afkomstig is uit die woonlae daarbo.

Steriele bodem

Dieptemate van die oppervlakte hoek P : - 218 cm
hoek Q : - 210 cm
hoek R : - 200 cm
hoek S : - 215 cm

Dit bestaan uit sagte, fyn, suiwer, ligbruin sand.

Rekonstruksie en interpretasie van die stratifikasie in blok F4

1. Die oudste hooflaag, stratum of bewoningsfase word verteenwoordig deur lae 9 en 10. Hierdie fase word veral gekenmerk deur die oorblyfsels van twee groot dubbelmuur-hutte met heelwat gruisvloer-gedeeltes. Elke hut het bestaan uit 'n sirkelvormige binne-vertrek (ongeveer 220 cm in deursnee) en 'n sirkelvormige muur buite-om (sirkeldeursnee ongeveer 350 cm). Die mure het bestaan uit paaltjies (5-8 cm dik) wat 5 cm tot 10 cm van mekaar ingeplant is in 'n fondasiesloot; en is dan met sanderige klei afgepleister om 'n muur van 10 cm tot 20 cm dik te vorm. Die vloere het bestaan uit growwe gruis wat vasgestamp is, het vermoedelik 'n glad afgewerkte oppervlakte gehad wat op plekke 'n trapagtige opbouing vertoon. Soos die aanwesigheid van verkoolde paaltjies aandui, het albei hutte afgebrand. Die een hut is ná die ander gebou, want die een se fondasieslote lê gedeeltelik oor dié van die ander.

Die eerste hut (langs lyn RS) het bestaan uit 'n sirkelvormige binne-muur (F4.10.5) en 'n sirkelvormige buitemuur (F4.10.6) met minstens een gruisvloer (F4.9(ii).5) in die tussenruimte. Die funksie van die sandvloer-gedeelte met klippe (F4.10.9) is nie duidelik nie. Geassosieer met hierdie hut is die kleipot (F4.10.10) wat feitlik teenaan die hut in steriele grond begrawe is, vermoedelik as stoorplek vir vloeistowwe of iets dergeliks. Sowel die hut-oorblyfsels as die pot het steriele bodem onder en 'n laag gebrande organiese materiaal (moontlik van 'n gras- of soortgelyke dak) en gebrande sandgrond bo-oor gehad - wat beide in dieselfde, geïsoleerde laagverband plaas. Die aanwesigheid van die pot (F4.10.10) en ook die konsentrasie glaskrale (F4.10.1) in geassosieerde verband met die hut, dui op 'n waarskynlike verbintenis met 'n vrouepersoon.

Die tweede hut, waarvan die fondasieslote gedeeltelik oor die eerste sny, bestaan eweneens uit 'n sirkelvormige binnemuur (F4.10.7) en

sirkelvormige buitemuur (F4.10.8) daaromheen. Die afmetings en bouwyse daarvan is min of meer dieselfde as dié van die vorige hut.

Die oppervlakte van hierdie bewoningslaag word gevorm deur laag 9(i) en verteenwoordig die afsluiting van hooflaag of fase 1, of is reeds 'n oorgang na fase 2. Die betekenis en verband van die vloer in hierdie laag (vloer F4.9(i).1) is nie duidelik nie. Die fondasieslootjies van die twee klein hutjies (F4.9(i).2 en F4.9(i).3) is waarskynlik later as laag 9(i), en was vermoedelik fondasies van afgebrande hutjies waarvan die puinhope (F4.8(iii).1 en F4.8(iii).2) in laag 8(iii) gevind is.

2. Die tweede oudste hooflaag word verteenwoordig deur lae 8(iv) en 8(iii).

Dié hooflaag word hoofsaaklik gekenmerk deur die oorblyfsels van twee klein hutjies sowel as 'n groot konsentrasie huishoudelike afvalmateriaal. Die fondasie van die een hutjie is vermoedelik dié wat sigbaar is in laag 9(i), nl. F4.9(i).2. Vermoedelik was die hutjie 'n stoorhutjie wat nie 'n duidelike vloer op die grond gehad het nie. Die verkoalde paaltjies in laag 8(iv) (F4.8(iv).3) is vermoedelik deel van die hutjie se muur. Die rede waarom daar twyfel bestaan oor die verwantskap tussen die muurpuin (F4.8(iii).1) in laag 8(iii), die paaltjies (F4.8(iv).2) in laag 8(iv) en hutfondasie F4.9(i).2) in laag 9(i), is die feit dat 'n konsentrasie huishoudelike afval (F4.8(iv).2) bo-oor die hutfondasie, rondom die verkoalde paaltjies en onder die muurpuin lê. Die afvallaag is dus 'n skeidingslaag. Die afval kon egter gevorm het op die grond tussen die paaltjies van die stoorhutjies indien die hutvloer so 'n soort platvormvloer 'n entjie bokant die grondoppervlakte geleë was.

Die feit dat die twee hutjies (F4.9(i).2 en F4.9(i).3) baie klein was (\pm 130 cm in deursnee), geen gruisvloere gehad het nie sowel as die aanwesigheid van hoeveelhede verkoalde graan in die hutpuin (F4.8(iii).1, F4.8(iii).2) in laag 8(iii), dui op die waarskynlikheid dat klein stoorhutjies gebruik is, o.a. as graanhouers. Hierdie graanhutjies sou waarskynlik nie vloere direk op die grond gehad het nie a.g.v. die klammigheid of rysmiere in die grond.

3. Die derde hooflaag bestaan uit lae 8(ii), 8(i), 7(iv) en 7(iii).

Die hooflaag bestaan uit 'n opeenvolging van gruisvloergedeeltes, askolle, sandgrond ens. waarvan geen spesifieke afleidings gemaak kan word nie. Die laag is afgesluit deur 'n laag gebrande hutmuurpuin (laag 7(iii) in hoek S.)

4. Die vierde hooflaag bestaan uit lae 7(i) en 7(ii). Die lae word veral gevorm deur 'n digte opeenvolging van rooi en liggeel gruisvloere, terwyl mosterdgeel gruis ook in enkele vloere voorkom.

Afgesien daarvan dat laag 7 hoofsaaklik gekenmerk word deur 'n digte opeenvolging van rooi en liggeel gruisvloere, kan geen sinvolle afleidings i.v.m. vestigingspatroon, lokale konteks ens. hiervan gemaak word nie omdat die omvang van die blok te klein is en die vloere erg beskadig is deur springhase.

5. Die vyfde hooflaag bestaan uit lae 3, 4, 5 en 6. Hierdie fase word hoofsaaklik gekenmerk deur die opvallende verskyning van mosterdgeel gruisvloere (waarvan sommige betreklik dik is), klipstrukture en die prominente aanwesigheid van gebrande hutpuin. Geen definitiewe hut-planvorms is in die beperkte ruimte van blok F4 aangetref nie, hoewel die dik vloere (F4.6(opp).1 en F.6(B).2) asook 'n dik laag gebrande hutpuin (laag 4(a)) dui op die aanwesigheid van soliede, permanente boustrukture. Die klipstrukture bestaan uit groot klippe met holtes daarin (waarskynlik vyselklippe) wat met kleiner klippe vasgepak is in gate in die grond (F4.6(opp).7); en regopstaande klippe in sommige gevalle met plat klippe wat bo-op lê (moontlik 'n soort platvorm - F4.6(opp).5). Hierdie klipstrukture, vir huishoudelike doeleindes gebruik, kom by die afgebrande hut-oorblyfsels voor en staan vermoedelik in verband met die aktiwiteite van vrouepersone. In baie gevalle is die vyselklip uit sy gemonteerde posisie uit die gat gehaal en elders gebruik, sodat al wat dan agterbly 'n gat is met klippe op die bodem en aan die kante (strukture F4.6(opp).7, F4.6(B).4, F4.6(B).5, F4.6(B).6).

Die klipstrukture en mosterdgruisvloere behoort hoofsaaklik tot laag 6. Lae 4 en 5 bestaan hoofsaaklik uit sandgrond en huishoudelike afvalmateriaal wat opgebou het op hierdie woonvloere. Hierna het die boustrukture van pale en klei afgebrand en puin nagelaat bo-oor alles heen (lae 3, 4(a), F4.6(opp).3). Laag 3 bestaan uit 'n mengsel van

sandgrond en hutpuin wat die einde van fase 3 aantoon en moontlik 'n tydperk van nie-bewoning kan aandui.

6. Die sesde en finale hooflaag bestaan uit lae 1 en 2. Laag 2 word hoofsaaklik gekenmerk deur as-agtige sandgrond; dun, mosterd=kleurige, brokkelagtige gruisvloere wat geen definitiewe planvorm het nie, beenkonsentrasies met heelwat skedel- en rugwerwel-beendere (F4.2(i).1-4) ens. Laag 1 is in werklikheid net die verweerde oppervlakte van die afsetting. Geen permanente strukture kom dus in hierdie laag voor nie.

2.3 BLOK H5

Algemeen

Vir oriëntasiedoeleindes is die hoeke van Blok H5 genommer op 'n wyse wat aangepas is by die ruitnet wat op die Suidelike Terras uitgemeet is, nl. hoeke GH/56; GH/45; HI/45; HI/56. Vir beskrywingsdoeleindes word die vier hoeke gerieflikheidshalwe die volgende genoem: GH/56 word P; GH/45 word Q; HI/45 word R; HI/56 word S (vgl. sketsfig. 10a).

Die hoogte van die huidige grondoppervlakte is die volgende.

In hoek P : + 36 cm
hoek Q : + 33 cm
hoek R : + 47 cm
hoek S : + 50 cm

Die basislyne word 60 cm bokant die zerovlak gespan, d.w.s. op + 60 cm. Blok H5 word in sy volle omvang opgegrawe, d.w.s. 12' x 12'. Die opgrawing geskied volgens die werklike, natuurlike stratifikasie van die afsetting. Waar lae baie dik is, word hulle onderverdeel in arbitrêre lae. Duidelikheidshalwe word 'n profieltekening gemaak van elk van die vier wande. Die ingewikkelde stratifikasie van lae 5 en 6 word m.b.v. 'n aanvullende profiel (profiel X-Y) skuins deur blok H5 aangedui (vgl. sketsfig. 12f).

Laag 1 (vgl. sketsfig. 10a)

Laag 1 is die boonste laag van die afsetting. Vanweë die dikte daarvan, word dit in twee arbitrêre lae onderverdeel, nl. lae 1(i) en 1(ii).

Laag 1(i)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek P : + 36 cm

hoek Q : + 33 cm

hoek R : + 47 cm

hoek S : + 50 cm

Basis van die laag : 'n arbitrêre skeiding op + 30 cm.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit grysbruin, sagte, los, humusryke sandgrond. In die basis van die laag begin enkele klippe tevoorskyn kom. Laag 1(i) vorm die verweerde oppervlakte van die afsetting. Dit is vermoedelik die rede waarom die potskerwe in hierdie laag so fyn gebreek is.

Laag 1(ii)

Dieptemate

Die oppervlakte van die laag is 'n arbitrêre skeiding op + 30 cm.

Basis van die laag	hoek P : + 16 cm
	hoek Q : + 18 cm
	hoek R : + 19 cm
	hoek S : + 26 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit grysbruin, sagte, los humusryke sandgrond met groot klippe wat tevoorskyn kom.

Opsomming van laag 1

Lae 1(i) en 1(ii) vorm saam 'n enkele laag of stratum. Dit is die boonste laag van die afsetting en laag 1(i) vorm die verweerde oppervlakte van die afsetting.

Laag 1 is 'n duidelik herkenbare laag hoewel die skeiding tussen lae 1 en 2 nie skerp is nie.

Laag 1 bestaan uit grysbruin, humusryke, sagte sandgrond.

Laag 2

Laag 2 is 'n baie dik, asagtige laag en word onderverdeel in 6 arbitrêre lae, nl. lae 2(i), 2(ii), 2(iii), 2(iv), 2(v) en 2(vi).

Laag 2(i) (vgl. sketsfige. 10b, 13, 14)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek P : + 16 cm
hoek Q : + 18 cm
hoek R : + 19 cm
hoek S : + 26 cm

Basis van die laag is 'n arbitrêre skeiding op + 10 cm.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit liggrys tot grysbruin, asagtige, fyn, sagte sandgrond met heelwat houtskool. Daar is nie 'n skerp skeiding tussen lae 1(ii) en 2(i) nie - die een gaan geleidelik oor in die ander. Laag 2(i) vorm die oppervlakte van 'n asagtige laag. Groot klippe kom onreëlmatig verspreid in die laag voor en wissel in deursnee van 5 cm tot 30 cm.

Laag 2(ii) (vgl. sketsfige. 10c, 13, 14)

Dieptemate

Oppervlakte is 'n arbitrêre skeiding op + 10 cm.
Basis is 'n arbitrêre skeiding op die 0-vlak d.w.s. 0 cm.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit liggrys tot grysbruin, fyn, sagte, asagtige sandgrond.

Detail

H5.2(ii).1. Dit is 'n konsentrasie onreëlmatig verspreide klippe in hoek S op 'n diepte van ongeveer + 16 cm tot + 12 cm.

Laag 2(iii) (vgl. sketsfige. 10d, 13, 14; foto's 24, 25)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag is 'n arbitrêre skeiding op 0 cm.

Basis van die laag in hoek P : - 14 cm
 hoek Q : - 15 cm
 hoek R : - 0 cm
 hoek S : - 7 cm

Algemene beskrywing

Laag 2(iii) is gegrawe tot op die horisontale vlak van 'n vloer, nl. vloer H5.2(iii).1 (waarvan die oppervlakte in diepte wissel). Waar die vloer nie voorkom nie, is die laag op 'n gelyke horisontale vlak daarmee afgesluit. Daar is nie 'n visueel waarneembare skeiding tussen laag 2(iii) en laag 2(iv) nie. Laag 2(iii) bestaan uit liggrys tot grysbruin, asagtige, fyn, sagte sandgrond. Op die vloer (H5.2(iii).1) lê 'n lagie grysbruin tot rooi sandgrond.

Detail

H5.2(iii).1 (vgl. sketsfige. 10d, 13, 14; foto 24) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V1)

Dit is gedeeltes van 'n mosterdgeel gruisvloer, lê op 'n diepte wat wissel van 0 cm tot - 9 cm en is 1 tot 2 cm dik. Die vloer is taamlik verweer en stukkend; die oppervlakte onegalig afgewerk en ongelyk. Planvorm onreëlmatig.

H5.2(iii).2 (vgl. sketsfig. 10d; foto's 24, 25) (vir opgrawingsdoeleindes genoem 2(iii)(a))

Dit is 'n konsentrasie klippe, bene en potskerwe sowel as 'n been-tussenskag ("linkshaft").

Laag 2(iv) (vgl. sketsfige. 10e, 13, 14)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek P : - 14 cm
 hoek Q : - 15 cm

hoek R : - 0 cm

hoek S : - 7 cm

Basis van die laag is 'n arbitrêre skeiding op - 30 cm.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit sagte, grysbruin tot liggrys, los, fyn, sande-
rige asgrond. Langs wand RS vertoon die laag effens rooierig omdat
die laag plek-plek rooierige fyn sandgrond bevat. Die laag lê
onder die vlak van vloer H5.2(iii).1 wat die laag skei van laag
2(iii). Laag 2(iv) is op plekke effens rooier as laag 2(iii).

Detail

H5.2(iv).1 (vgl. sketsfige. 10e, 13)

Dit is 'n lagie puinagtige grond in hoek P op 'n diepte van - 20 cm.
Dit bevat stukke geel, gebrande, sanderige klei en as. Dit is \pm 10
cm dik.

Laag 2 (v) (vgl. sketsfige. 10f, 13, 14)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag is 'n arbitrêre skeiding op - 30 cm.

Basis van die laag

hoek P : - 42 cm

hoek Q : - 55 cm

hoek R : - 60 cm

hoek S : - 58 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit grys tot grysbruin, sagte, los, sanderige as-
grond met askolle hier en daar.

Detail

H5.2(v).1 (vgl. sketsfig. 10f). Kollie sagte, fyn wit tot liggrys
as.

H5.2(v).2 (vgl. sketsfige. 10f, 13). Puinagtige grond met stukke

hoek R : - 74 cm

hoek S : - 58 cm

Basis van die laag

hoek P : - 80 cm

hoek Q : - 89 cm

hoek R : - 87 cm

hoek S : - 82 cm

Algemene beskrywing

Laag 3 is die oorblyfsels van 'n woonlaag en 'n groot, afgebrande hut. Die laag bestaan uit bruin grond vanaf hoek P. Die grond vorm min of meer 'n halfmaanvormige rand wat strek van wand PS tot wand PQ. Twee groot klippe kom in die laag voor. Onder die grondlaag lê die muurfondasies en vloere van 'n groot hut.

Detail

H5.3.1-7 Dit is die oorblyfsels van 'n gebrande hut.

H5.3.1 (vgl. sketsfige. 10g, 13, 14)

Dit is 'n prominente laag gebrande hutpuin wat strek vanaf wande QR en RS tot teenaan die halfmaanvormige rand van 'n grondlaag langs= aan. Die puinlaag is op plekke \pm 30 cm dik en lê op 'n mosterdgeel gruisvloer (vloer H5.3.8).

H5.3.2 (vgl. sketsfig. 10g)

Dit is 'n kol mosterdgeel gruis en lê teenaan muurtjie H5.3.3.

H5.3.3 (vgl. sketsfige. 10g, 10h, 13; foto 26)

Dit is die onderste deel van 'n gebreekte muurtjie. Die muurtjie bestaan uit fyn, mosterdgeel gruis. Dit is nog sowat 40 cm hoog en was vermoedelik nie veel hoër nie aangesien dit waarskynlik nie sonder stutte staande sou bly nie. Dit strek vanaf profiel PQ tot teenaan hutmuur H5.3.5. Die agterkant van die muurtjie (d.w.s. langs lyn PQ) toon geen afwerking nie en was gestut deur bruin grond tot pienkbruin sandgrond. Die voorkant van die muurtjie (wys in die rigting van hoek S) het 'n effens geboë, konkawe planvorm en is glad en regaf afgewerk. Dit lê bo-op vloer H5.3.4.

H5.3.4 (vgl. sketsfige 10h, 13; foto 26) (vir opgrawingsdoeleinde genoem V2)

Dit is 'n mosterdgeel gruisvloer in die binneruimte van 'n sirkelvormige hutmuur, (muur H5.3.5). Dit is 2 cm tot 3 cm dik en lê op 'n diepte van - 66 cm tot - 70 cm. Dit is die "binnevloer" van die hut. Die oppervlakte is effens ongelyk en is glad, betreklik goed afgewerk. Dit bestaan uit fyn gruis. Gate (H5.3.10) van 15 cm tot 20 cm in deursnee kom in die vloer voor - sommige is moontlik paalgate.

H5.3.5 (vgl. sketsfige. 10h, 13; foto 26)

Dit is die sirkelvormige fondasie van 'n hut se binnemuur (sirkeldeursnee volgens skatting ongeveer 300 cm). Dit bestaan uit 'n fondasieslootjie (\pm 10 cm breed) met die gaatjies van vergane paaltjies (\pm 4 cm tot 5 cm breed) wat 2 cm tot 5 cm van mekaar ingeplant was. Hierdie fondasie toon nie tekens van verbranding nie.

H5.3.6 (vgl. sketsfige. 10h, 13; foto 26) (vir opgrawingsdoeleinde genoem V2)

Dit is 'n gruisvloer in die sirkelvormige tussenruimte wat gevorm word deur die hut se binnemuur (H5.3.5) en buitemuur (H5.3.7). Die vloer (en dus die tussenruimte) is afwisselend 80 cm tot 120 cm breed. Dit is 'n vloer wat bestaan uit fyn, mosterdgeel gruis, is 1 cm tot 3 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 69 cm tot - 71 cm. Die oppervlakte is glad en goed afgewerk en effens ongelyk.

H5.3.7 (vgl. sketsfige. 10h, 13; foto 26)

Dit is die sirkelvormige fondasie van die hut se buitemuur (sirkeldeursnee volgens skatting ongeveer 500 cm). Dit bestaan uit 'n fondasieslootjie (\pm 10 cm wyd) met oorblyfsels van verkoolde pale wat 2 cm tot 6 cm van mekaar ingeplant is. Sommige pale is dikker (ongeveer 8 cm) as die ander (ongeveer 4 cm) en was ook dikker as die pale van die binnemuur (H5.3.5). Dit lyk asof die buitemuur die gewig van die dak kon gedra het. Die buitemuur (H5.3.7) was blykbaar 'n dik afgepleisterde muur en met die afbrand van die hut het die puin (H5.3.1) van die muur hoofsaaklik na buite omgeval - vandaar die groot hoeveelheid muurpuin (H5.3.1) wat buite-om muurfondasie H5.3.7 lê tot aan profiele QR en RS. Langs lyn PQ lê suiwer wit as op vloer H5.3.6 - vermoedelik is hier vuurgemaak.

H5.3.8 (vgl. sketsfige. 10h, 13, 14) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V3)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit fyn, mosterdgeel gruis. Dit lê buite-om die hut en strek vanaf hutfondasie H5.3.7 tot aan wande QR en RS. Dit lê op 'n diepte wat wissel van - 70 cm tot - 88 cm. Dit is 1 cm tot 3 cm dik, ongelyk en baie stukkend. Dit was klaarblyklik 'n woonvloer buite-om die hut.

H5.3.9 (vgl. sketsfig. 10h)

Dit is 'n konsentrasie potskerwe op vloer H5.3.8, teenaan hutmuur H5.3.7 naby hoek S. Dit lê op 'n lagie sand (5 cm dik) wat op die vloer lê.

H5.3.10 (vgl. sketsfig. 10h; foto 26)

Dit is gate in die gruisvloere. Vermoedelik is sommige daarvan paalgate.

H5.3.11 (vgl. sketsfige. 10h, 13)

Dit is 'n gat langs lyn PS en sny deur muurfondasie H5.3.7. Die gat is ongeveer 40 cm wyd en 45 cm diep en bevat wit as. Dit dring vanuit laag 2(v) deur laag 4 en is 'n versteuring wat blykbaar tot laag 2(v) behoort.

H5.3.12 (vgl. sketsfig. 11a) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V4)

Dit is 'n gruisvloer direk onder vloer H5.3.6 en het dieselfde planvorm en ligging. Dit is 1 cm tot 3 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 72 cm tot - 76 cm. Dit bestaan uit fyn, mosterdgeel gruis met 'n ongelyk oppervlakte. Dit is bedek deur 'n dun lagie bruin sandgrond en baie grys tot wit as. Langs wand PQ lê die as op vloer H5.3.12.

Opsomming van laag 3

Laag 3 bestaan uit die oorblyfsels van 'n groot, afgebrande hut. Die hut se planvorm het bestaan uit 'n sirkelvormige binneruimte (deursnee \pm 300 cm) wat gevorm word deur 'n muur (H5.3.5) van pale en klei; en 'n tussenruimte daaromheen (totale sirkeldeursnee \pm 500 cm) wat gevorm word deur 'n buitemuur (H5.3.7) van pale en klei. Die

mure was vermoedelik 10 cm tot 30 cm dik. Slegs die buitemuur (H5.3.7) het volledig afgebrand en die muurpuin lê hoofsaaklik buite om die hut. In die tussenruimte lê vloer H5.3.6 bo-op vloer H5.3.12, met 'n lagie sandgrond en as tussen-in. 'n Gruis=muurtjie (H5.3.3) lê langs lyn PQ bo-op vloer H5.3.4.

Met die bou van die hut is die muur gepleister deur eers sanderige klei tussen en om die muurpaaltjies aan te bring en is daarna afgewerk met dun pleisterlagies wat nog in die fondasie sigbaar is.

Laag 4 (vgl. sketsfige. 11b, 11c, 11d, 13, 14)

Laag 4 is sô dik dat dit arbitrêr onderverdeel word in lae 4(i) en 4(ii).

Laag 4(i) (vgl. sketsfige. 11b, 13, 14)

Dieptemate

Oppervlakte van laag 4(i)	hoek P : - 80 cm
	hoek Q : - 89 cm
	hoek R : - 87 cm
	hoek S : - 82 cm

Basis van die laag is 'n arbitrêre skeiding op - 98 cm.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond met baie houtskool en wit aslense. Drie groot klippe (⁺ 25 cm in lengte-deursnee) kom langs mekaar voor in hoek Q.

Detail

H5.4(i).1 (vgl. sketsfige. 11b, 13) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V6)

Dit is 'n sagte, pienkbruin vloer wat bestaan uit 'n mengsel van gruis en sand. Dit is 3 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 82 cm tot - 77 cm. Die oppervlakte daarvan is ongelyk. Die vloer is gehawend en beskadig, gevolglik is dit nie duidelik sigbaar in die

wande van die blok nie en kan die oorspronklike planvorm daarvan nie bepaal word nie.

H5.4(i).2 (vgl. sketsfige. 11b, 13) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V7)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis, is 2 cm tot 3 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 93 cm tot - 96 cm. Dit het 'n onreëlmatige planvorm.

Laag 4(ii) (vgl. sketsfige. 11c, 11d, 13, 14)

Oppervlakte van die laag is 'n arbitrêre skeiding op - 98 cm.

Basis van die laag	hoek P : - 128 cm
	hoek Q : - 127 cm
	hoek R : - 140 cm
	hoek S : - 112 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond met houtskool en gruis korrels. Op plekke is daar 'n neiging om te verander na rooierige sandgrond, afgewissel met grysbruin, asagtige grond met gebrande hutpuin langs lyn PQ (sketsfig. 11c). In hoek P kom 'n konsentrasie onreëlmatig verspreide klippe voor (H5.4(ii).9).

Detail

H5.4(ii).1 (vgl. sketsfige. 11c, 13, 14) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V8)

Dit is stukke van 'n vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis, is baie opgebreek, kom voor op 'n diepte wat wissel van - 104 cm tot - 115 cm en is 3 cm tot 4 cm dik. Die planvorm is onreëlmatig.

H5.4(ii).2 (vgl. sketsfig. 11d) (vir opgrawingsdoeleindes genoem Basis 4(ii)(a))

Dit is 'n kleibakkie op 'n diepte van - 116 cm en is geleë op vloer H5.4(ii).4 in houtskoolkonsentrasie H5.4(ii).3.

H5.4(ii).3 (vgl. sketsfig. 11d) (vir opgrawingsdoeleindes genoem Basis 4(ii)(b))

Dit is 'n konsentrasie houtskool gemeng met gebrande grond en lê op vloer H5.4(ii).4. Dit is vermoedelik 'n vuurmaakplek.

H5.4(ii).4 (vgl. sketsfige. lld, 13) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V9)

Dit is stukke liggeel gruisvloer met 'n onreëlmatige planvorm en lê op 'n diepte wat wissel van - 114 cm tot -132 cm. Dit wissel in dikte van 5 cm tot 12 cm. Die vloer is deur versteurings opgebreek.

H5.4(ii).5 (vgl. sketsfige. lld, 13, 14)

Dit is stukke rooi gruisvloer wat op plekke die vorm van 'n blote gruislaag aanneem en onreëlmatig deur die laag verspreid lê. Dit lê op 'n diepte wat wissel van - 108 cm tot - 134 cm en is 2 cm tot 12 cm dik. Langs lyn QR lê 'n kol mosterdgeel gruis daar bo-op. Die vloer vorm waarskynlik saam met H5.4(ii).4 deel van dieselfde woonvloer. Beide lê plek-plek op dieselfde vlak terwyl H5.4(ii).5 in hoek Q slegs gedeeltelik onder H5.4(ii).4 lê (vgl. profiel QR).

H5.4(ii).6 (vgl. sketsfige. lld, 13)

Dit is 'n halfsirkelvormige versteuring deur vloer H5.4(ii).4, is 15 cm tot 20 cm breed en is klaarblyklik in werklikheid deel van die fondasiesloot van hutmuur H5.3.5 in laag 3 hoër op in die afsetting.

H5.4(ii).7 (vgl. sketsfige. lld, 13)

Dit is 'n harde, pienk sandstrook (5 tot 6 cm breed) in die vorm van 'n halfsirkel (sirkeldeursnee \pm 100 cm) wat deur vloer H5.4(ii).4 sny. Die betekenis daarvan is onbekend.

H5.4(ii).8 (vgl. sketsfige. lld, 14)

Dit is 'n kol bruin sandgrond gemeng met gruis.

H5.4(ii).9 (vgl. sketsfige. lld, 13)

Dit is 'n konsentrasie klippe in hoek P en lê gedeeltelik op vloer H5.4(ii).4.

H5.4(ii).10 (vgl. sketsfig. lld)

Dit is 'n kol wit as met houtskool en is waarskynlik 'n vuurmaakplek.

H5.4(ii).11 (vgl. sketsfige. 11d, 14)

Dit is 'n versteuring deur vloere H5.4(ii).4 en H5.4(ii).5. Dit is moontlik die fondasiesloot van 'n reguit muur of skerm.

Opsomming van laag 4

Laag 4 word gekenmerk deur ligbruin tot grysbruin sandgrond, tekens van as, askolle, tekens van gebrande hutpuin langs lyn PQ asook 'n aantal liggeel en rooi gruisvloergedeeltes.

Laag 5 (vgl. sketsfige. 11e-11h, 13, 14; foto 27)

Laag 5 bevat 'n reeks gruisvloere en gebrande hutpuin wat 'n dik laag vorm. Die grondlae tussen die vloere word veiligheidshalwe arbitrêr onderverdeel in lae 5(i), 5(ii), 5(iii) en 5(iv). Die vloere en ander detail vorm egter so 'n samehangende geheel dat slegs een enkele reeks detailnommers wat deur lae 5(i)-(iv) loop, daaraan toegeken word. M.a.w. "sub"-lae 5(i)-(iv) ontvang nie elk 'n afsonderlike reeks detailnommers nie.

Laag 5(i)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag	in hoek P : - 128 cm
	hoek Q : - 127 cm
	hoek R : - 140 cm
	hoek S : - 112 cm

Basis van die laag	hoek P : - 138 cm
	hoek Q : - 138 cm
	hoek R : - 142 cm
	hoek S : - 132 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond met insluitings van as en heelwat houtskool. Langs lyn PQ is 'n groot lens swartgebrande grond, as en houtskool. Laag 5(i) lê o.m. bo-oor

vloere H5.5.12 en H5.5.13. 'n Deel van die laag is gebrande hut-puin (H5.5(opp).1) wat in hoek R in die oppervlakte van die laag sigbaar is.

Detail

H5.5(opp).1 (vgl. sketsfig. 11e) (vir opgrawingsdoeleindes genoem 5(i)(a))

Dit is gebrande hutpuin wat in hoek R sigbaar is waar dit 'n dun lagie vorm op vloer H5.5.12. Vanaf hoek R in die rigting van die middel van blok H5 vorm die puin 'n dik laag wat afwaarts daal. Elders in die blok vorm dit 'n dun lagie as en swartgebrande grond wat oor die hele oppervlakte van laag 5(ii) lê. Dit vorm 'n duidelike skeidingslaag.

Laag 5(ii) (vgl. sketsfige. 11f, 13, 14; foto 27)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag	in hoek P : - 138 cm
	hoek Q : - 138 cm
	hoek R : - 142 cm
	hoek S : - 132 cm

Basis van die laag	hoek P : - 144 cm
	hoek Q : - 148 cm
	hoek R : - 146 cm
	hoek S : - 145 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond in hoek S, grys asgrond met houtskool langs lyn SP en rooibruin sand tot grysbruin asgrond langs lyn PQ. Elders bestaan die laag uit grysbruin sandgrond met baie houtskool. Laag 5(ii) lê bo-oor vloere H5.5.13 en H5.5.14. Die laag lê onder vloer H5.5.11 en op gelyke horisontale vlak met H5.5.12 (vgl. sketsfige. 12(f), 14).

Detail

H5.5.1 (vgl. sketsfige. 11f, 11g, 11h, 13, 14; foto 27)

(vir opgrawingsdoeleindes genoem vl4)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis. Dit kom voor langs wande PQ en QR en strek daarvandaan tot in die sentrale area van die blok. Die planvorm van die vloer in sy geheel is onreëlmatig met 'n onderbreking naby hoek R. Die vloer lê op 'n diepte wat wissel van - 160 cm tot - 170 cm en is tot 15 cm dik. Dit bestaan uit growwe, rooi gruis.

In die vloer, 70 cm vanaf lyn QR en 60 cm vanaf lyn PQ, is 'n sirkelvormige reeks paalgaatjies (H5.5.2). Binne hierdie sirkel van paalgaatjies vorm die vloer 'n effense ronding na bo tot op 'n diepte van - 162 cm, en hier lê die hutpuin (H5.5(opp).1) direk op die vloer. Buite-om die paalgaatjies lê 'n reeks ander vloere (H5.5.11-13); asook sandgrond tussen vloer H5.5.1 (wat onder lê) en die hutpuin (wat bo-op lê). M.a.w. buite-om die sirkel van paalgaatjies (H5.5.2) het 'n opbouing van sandgrond en vloere plaasgevind maar nie aan die binnekant daarvan nie.

H5.5.2 (vgl. sketsfige. 11f-11h; foto 27)

Dit is 'n sirkelvormige reeks paalgaatjies in vloer H5.5.1. Die deursnee van die sirkel is ongeveer 140 cm. In die gaatjies is oorblyfsels van 'n klein hutjie. Die paaltjies is 4 cm tot 6 cm dik. Loodreg hieronder in laag 6 en in vloer H5.6(i).2, is 'n fondasieslootjie met paalgaatjies sigbaar; dit is waarskynlik ook deel van fondasie H5.5.2. Hierdie fondasieslootjie is ongeveer 10 cm breed. Die paaltjies is met tussenruimtes van 10 cm tot 20 cm ingeplant in die fondasieslootjie, waarna die gruisvloer (H5.5.1) vermoedelik rondom die paaltjies, binne en buite die hut neergelê is. Die gebrande muurpuin (H5.5(opp).1) in laag 5(i) was oorspronklik saam met muurfondasie H5.5.2 deel van die hutjie se muur.

H5.5.3 (vgl. sketsfig. 11f, foto 27)

Dit is 'n groot klip met 'n holte, waarskynlik 'n vyselklip, in hoek S op 'n diepte van - 130 cm. Die klip is ongeveer 30 cm breed en die vyselholte 15 cm wyd. Die klip is in 'n gat in die grond geplaas met kleiner stukklippe rondom. Laag 5(i) lê bo-oor die klip sonder tekens van 'n versteuring. Die klip word derhalwe deur laag 5(i) geïsoleer en behoort tot dieselfde laagverband as vloere H5.5.11

en H5.5.12, d.w.s. laag 5(ii).

H5.5.4 (vgl. sketsfige. 11f, 13; foto 27)

Dit is 'n gat in die sandgrond langs lyn SP. Die gat is kom-vormig, 60cm wyd en 20 cm diep. Dit bevat wit as en die bodem-oppervlakte daarvan is swartgebrand. Dit was skynbaar 'n vuurmaakplek.

H5.5.5 (vgl. sketsfig. 11f) (vir opgrawingsdoeleindes genoem
5(ii)(P))

Dit is 'n konsentrasie klippe en bene met asgrond in hoek P.

H5.5.6 (vgl. sketsfig. 11f)

Dit is 'n langwerpige stukkie yster wat in 'n vertikale posisie voorkom tussen twee paaltjies in fondasie H5.5.2 op 'n diepte van - 140 cm.

H5.5.7 (vgl. sketsfig. 11f; foto 27)

Dit is drie reekse paalgaatjies, in sekere gevalle in fondasie=slootjies. Die reekse gaatjies lê min of meer parallel met mekaar, is naby hoek S geleë, is nie baie reguit nie en vorm geen definitiewe planvorm nie. Dit sluit ook nie by spesifieke boustrukture aan so ver as wat vasgestel kon word nie. Vermoedelik was elke reeks paaltjies 'n soort skerm- of verbindingsmuur en het die een moontlik die ander met verloop van tyd vervang tydens die bewoning van die laag.

H5.5.8 (vgl. sketsfig. 11f; foto 27)

Dit is die gaatjies van 'n vyftal dun paaltjies wat 'n netjiese reguit ry gevorm het reghoekig teenaan die muur (H5.5.2) van die hutjie. Vloer H5.5.13 loop tot teenaan die paaltjies. Die paaltjies was \pm 2 cm van mekaar gespasieer.

H5.5.9 (vgl. sketsfige. 11f, 13; foto 27)

Dit is 'n laag rooi gruis wat vanaf hutfondasie H5.5.2 strek tot teenaan die reekse paaltjies (H5.5.7) en wand SP en lê op 'n diepte wat wissel van - 140 cm tot - 160 cm.

H5.5.10 (vgl. sketsfig. 11f)

Dit is die gaatjies van 'n vyftal dun paaltjies wat ongeveer 5 cm

van mekaar in 'n effens geboë ry gespaseer is.

H5.5.11 (vgl. sketsfige. 11f, 14; foto 27) (vir opgrawingsdoel=
eindes genoem V10)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis. Dit is 1 cm tot 6 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 132 cm tot - 142 cm. In hoek R het die gebrande hutpuin (H5.5(opp).1) op die vloer gelê. 'n Aantal paalgate tussen vloere H5.5.11 en H5.5.12 dui daarop dat vloer H5.5.11 moontlik tot teenaan 'n soort omheining geloop het. Langs lyn QR is die rand van die vloer op so 'n wyse afgewerk dat dit aansluit by vloer H5.5.12 wat op 'n laer vlak lê. 'n Reëlmatige planvorm is nie waargeneem nie. Dit het 'n glad afgewerkte, swartgebrande oppervlakte.

H5.5.12 (vgl. sketsfige. 11f, 14; foto 27) (vir opgrawingsdoel=
eindes genoem V11)

Dit is 'n harde vloer wat bestaan uit rooi, growwe gruis en het 'n glad gevryfde, plat oppervlakte. Dit is tot 20 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 139 cm tot - 142 cm. Onder die vloer lê 'n lagie rooibruin sand en askolle. Dit loop mooi netjies tot teenaan die hutmuur (H5.5.2), strek daarvandaan na wand QR en lê gedeeltelik onder vloer H5.5.11. Langs lyn QR sluit die vloer (H5.5.12) by vloer H5.5.11 aan. Waar die twee vloere bymekaarkom, is daar enkele paalgate, moontlik dié van 'n soort skeidings- of skermmuur (vgl. beskrywing van H5.5.11).

H5.5.13 (vgl. sketsfige. 11f, 13, 14) (vir opgrawingsdoeleindes
genoem V12)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis, is tot 10 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 135 cm tot - 147 cm. Die vloer loop mooi netjies tot teenaan hutmuur H5.5.2 en strek daarvandaan tot teen lyne PQ en QR. Dit loop tot onder vloer H5.5.12.

H5.5.14 (vgl. sketsfige. 11f, 13) (vir opgrawingsdoeleindes genoem
V13)

Dit is 'n vloer in hoek P en bestaan uit liggeel en rooi gruis. Dit lê op 'n diepte wat wissel van - 140 cm tot - 148 cm en is tot 20 cm dik. Die konsentrasie klippe en bene (H5.5.5) lê op 'n lagie rooibruin sand wat op die vloer lê.

H5.5.15 (vgl. sketsfige. 11f, 13)

Dit is 'n sirkelvormige versteuring (sirkeldeursnee \pm 160 cm) langs lyn PQ in die vorm van 'n slootjie (10 cm tot 12 cm wyd) deur die gruisvloere van laag 5(ii). Dit is vermoedelik 'n fondasiesloot van 'n hut maar is jonger as die vloere waardeur dit dring.

Laag 5(iii) (vgl. sketsfige. 11g, 13, 14)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek R : - 146 cm
 hoek S : - 145 cm

Basis van die laag in hoek R : - 154 cm
 hoek S : - 157 cm

elders hoofsaaklik - 160 cm (in die middel van die blok).

Algemene beskrywing

Laag 5(iii) word in 'n mate arbitrêr geskei van laag 5(ii) en 5(iv). Laag 5(iii) lê op plekke langs vloere H5.5.12, H5.5.13 en H5.5.14, d.w.s. op gelyke horisontale vlak met hierdie vloere en loop teen die vloere dood. Laag 5(iii) bestaan hoofsaaklik uit grysbruin, asagtige sandgrond met bene en verander langs lyn RS na rooibruin sandgrond waar dit arbitrêr geskei word van laag 5(ii). Laag 5(iii) lê slegs buite-om hutmuur H5.5.2, bo-op vloer H5.5.1, waar lg. vloer buitekant die muur voorkom.

Laag 5(iv) (vgl. sketsfige. 13, 14)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek P : - 154 cm
 hoek Q : - 158 cm
 hoek R : - 154 cm
 hoek S : - 157 cm

Basis van die laag in hoek P : - 174 cm
 hoek Q : - 170 cm
 hoek R : - 174 cm

hoek S : - 174 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan afwisselend uit rooibruin sandgrond en grysbruin, asagtige sandgrond wat hier en daar bene en houtskool bevat. Askolle kom voor in hoek P asook bene en tekens van as in hoek S. Die laag lê onder vloere H5.5.12, H5.5.13 en H5.5.14; en lê bo-op vloere H5.5.1, H5.5.19 en H5.5.20. Slegs dié gedeelte van vloer H5.5.1 wat aan die binnekant van hutmuur H5.5.21ê (d.w.s. die binne-vloer van die hutjie) is nie deur laag 5(iv) bedek nie en is die vloer hier sigbaar. Buite-om die hut lê die laag op vloer H5.5.1.

Detail

H5.5.16 (vgl. sketsfig. 11g)

Dit is kolle wit as. Die sandgrond onder die as is effens rooi gebrand. Dit is skynbaar vuurmaakplekke wat geleë was langs aan hutmuur H5.5.2.

H5.5.17 (vgl. sketsfige. 11g, 14) (vir opgrawingsdoeleindes genoem 5(iv)(x))

Dit is 'n konsentrasie bene en houtskool in grysbruin sandgrond. Enkele klippe kom daartussen voor. Dit is geleë in hoek R. 'n Koniese kleivoorwerp (vir opgrawingsdoeleindes genoem xi) kom uit H5.5.17.

H5.5.18 (vgl. sketsfige. 11g, 14)

Dit is 'n konsentrasie bene in hoek S.

H5.5.19 (vgl. sketsfige. 11h, 13, 14) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V15)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis. Dit is tot 6 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 166 cm tot - 174 cm. Die vloer is geleë in hoek S en die sigbare gedeelte daarvan dui op 'n sirkelvormige planvorm.

H5.5.20 (vgl. sketsfige. 11h, 13) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V16)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis. Dit is tot 6 cm

dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 172 cm tot - 178 cm. Die planvorm is onreëlmatig.

H5.5.21 (vgl. sketsfig. 11h)

Dit is 'n sirkelvormige versteuring (deursnee \pm 40 cm) in die rand van vloer H5.5.20. Dit blyk later dat klipstruktuur (vyselklip) H5.6(i).4 verband hou met die versteuring en dat vyselklip H5.6(i).4 deur vloer H5.5.20 in posisie geplaas is.

H5.5.22 Oorblyfsels van 'n moontlike muurfondasie of opge vulde slootjie. Dithet 'n effens geboë planvorm.

Opsomming van laag 5

Laag 5 word gekenmerk deur die aanwesigheid van prominente gruisvloere, die puin van 'n afgebrande hutjie en die aanwesigheid van 'n klip met 'n holte bo-in (n vyselklip).

Die oorspronklike binnevloer (H5.5.1) van die hut is deurgaans gebruik, terwyl rondom die hut 'n opeenvolging van rooi gruisvloere en sandgrondlae opgebou is. Uiteindelik het die hut afgebrand en het gebrande puin (H5.5(opp).1) bo-op bly lê.

Laag 6

Laag 6 word van laag 5 geskei deur vloere H5.5.1, H5.5.19 en H5.5.20. Vanaf lyn RS tot in die sentrale area van die blok lê 'n laag gebrande hutpuin in die oppervlakte van laag 6 en dien as skeidingslaag tussen lae 5 en 6.

Laag 6 is so dik dat dit onderverdeel word in lae 6(i), 6(ii) en 6(iii).

Laag 6(i) (vgl. sketsfige. 12a, 13, 14; foto 28)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoeke P, R en S : - 174 cm

Hoek Q : - 170 cm

Basis van die laag in hoek P : - 190 cm
hoek Q : - 189 cm
hoek R : - 197 cm
hoek S : - 190 cm

Algemene beskrywing

Die laag lê onder vloere H5.5.1, H5.5.19 en H5.5.20, en onder die gebrande hutpuin wat vanaf lyn RS strek tot in die sentrale area van die blok. Die oppervlakte van die laag is swart gebrand. Die laag bestaan uit rooibruin sandgrond, met 'n klein lens van wit as langs lyn QR. Heelwat bene, potskerwe en 'n ronde vryfklip kom in die laag voor. Die laag lê bo-oor vloere H5.6(i).2 en H5.6(i).6.

Detail

H5.6(i).1 (vgl. sketsfige. 12a, 13) (vir opgrawingsdoeleindes
genoem V17)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit rooi gruis. Dit is tot 4 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 180 cm tot - 186 cm. Slegs 'n gedeelte van die vloer is in hoek P sigbaar sodat die planvorm nie bepaal kan word nie.

By hoek P langs lyn PQ is 'n gedeelte van 'n sirkelvormige voortjie (12 cm wyd) in die vloer sigbaar. Stampklip H5.6(i).4 kom op die vloer voor.

H5.6(i).2 (vgl. sketsfige. 12a, 14) (vir opgrawingsdoeleindes
genoem V18)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis. Deur die vloer dring die fondasieslootjie (H5.5.2) van die afgebrande hut wat tot laag 5 behoort. Die vloer is 6 cm tot 12 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 178 cm tot - 189 cm. Ongeveer 130 cm vanaf lyn QR en 30 cm vanaf lyn PQ vorm die vloer 'n holte wat by sy rand bo sowat 100 cm wyd is en wat 20 cm diep is. In die bodem van die holte is 'n gedeelte van vloer H5.6(i).6 sigbaar. Vloer H5.6(i).2 het 'n onreëlmatige planvorm en lê gedeeltelik onder vloer H5.6(i).1.

H5.6(i).3 (vgl. sketsfige. 12a-c, 13, 14)

Dit is 'n gedeelte van 'n rooi gruisvloer in hoek Q op 'n diepte van - 175 cm. Dikte ongeveer 8 cm.

H5.6(i).4 (vgl. sketsfig. 12a; foto's 28, 29)

Dit is 'n klip met 'n gat in die bokant daarvan ("vyselklip"). Die klip is 30 cm breed en die gat daarin is 14 cm wyd en 4 cm diep. Die klip is geplaas in 'n gat wat sowat 40 cm wyd is, en is rondom vasgepak met klein stukklippe. Die bokant van die stampklip lê op 'n diepte van - 180 cm en behoort waarskynlik tot vloer H5.5.20. Die klip word nie verwyder nie. Bo-op die klip lê grysbruin asgrond wat 'n enkele potskerf bevat.

H5.6(i).5 (vgl. sketsfig. 12a)

Dit is gedeeltes van 'n bekervormige keramiekhouer op 'n diepte van - 190 cm naby lyn RS.

H5.6(i).6 (vgl. sketsfige. 12b, 12c, 13) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V19)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit rooi gruis. Dit is tot 6 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 190 cm tot 202 cm. Dit het 'n onreëlmatige planvorm, lê onder vloer H5.6(i).2 en word van lg. geskei deur 'n lagie rooibruin sand.

H5.6(i).7 (vgl. sketsfig. 12b)

Dit is 'n metaalring naby lyn RS op 'n diepte van - 201 cm.

Laag 6(ii) (vgl. sketsfige. 13, 14)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag	in hoek P	: - 190 cm
	hoek Q	: - 189 cm
	hoek R	: - 197 cm
	hoek S	: - 190 cm

Basis van die laag	in hoek P	: - 208 cm
	hoek Q	: - 202 cm
	hoek R	: - 210 cm
	hoek S	: - 204 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan afwisselend uit rooibruin sandgrond en grysbruin, asagtige sandgrond met houtskool. In die basis van die laag kom hier en daar askolle voor. Die laag word hoofsaaklik arbitrêr van laag 6(i) onderskei.

Langs lyn SP kom kolle rooi gruis voor.

Detail

H5.6(ii).1 (vir opgrawingsdoeleindes genoem V20)

Dit is 'n klein stukkie rooi, growwe gruisvloer. Dit is tot 7 cm dik en is geleë naby die middel van lyn PQ. Dit lê direk onder vloer H5.6(i).6 waar die holte deur lg. gevorm word. Vloere H5.6(i).6 en H5.6(ii).1 smelt hier saam.

Laag 6(iii) (vgl. sketsfige. 12d, 12e, 13, 14; foto 29)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek P : - 208 cm
hoek Q : - 202 cm
hoek R : - 210 cm
hoek S : - 204 cm

Basis van die laag in hoek P : - 222 cm
hoek Q : - 223 cm
hoek R : - 234 cm
hoek S : - 220 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit rooibruin tot grysbruin sandgrond. Insluitsels van as, houtskool en bene kom voor veral naby lyn QR. Hierdie deel van die laag word vir opgrawingsdoeleindes genoem 6(iii)(a).

Detail (vir opgrawingsdoeleindes genoem 6(iii)(b))

H5.6(iii).1 (vgl. sketsfige. 12d, 13)

Dit is 'n groot kol gebrande hutpuin in hoek P en langs lyn PQ. Die puin lê op 'n diepte van - 212 cm. Dit lê op vloer H5.6(iii).3 en

bestaan uit geel tot oranje en rooi, gebrande, sandgrond. Dit is baie sag en los en bevat baie as en stukke houtskool. Verkoolde sade en 'n potskerf lê bo-op die puin. Verkoolde sade kom ook voor in die puin en op die vloer (H5.6(iii).3) onder die puin. (Die vondstemateriaal word vir opgrawingsdoeleindes genoem 6(iii)(b)). Die puin is die oorblyfsels van die gebrande paal-en-kleimuur van die hut.

H5.6(iii).2 (vgl. sketsfige. 12d, 12e, 14) (vir opgrawingsdoeleindes genoem 6(iii)R)

Dit is 'n afvalgat waarvan 'n gedeelte sigbaar is in hoek R. Die rand van die gat is op 'n diepte van - 134 cm en die gat is sowat 60 cm diep. Die gat is gevul met sandgrond, as, houtskool, bene en potskerwe.

H5.6(iii).3 (vgl. sketsfige. 12e, 13; foto 29) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V21)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit liggeel, sagte, sandgrond. Dit word nie verwyder nie; dit is waarskynlik hoogstens 3 cm dik. Dit lê op 'n diepte wat wissel van - 220 cm tot 223 cm. Die vloeroppervlakte is glad gevryf, plek-plek wegverweer en op plekke swart gebrand. Die vloer lê direk onder die gebrande muurpuin (H5.6(iii).1). Die vloer het 'n sirkelvormige planvorm (sirkeldeursnee \pm 160 cm) en word omrand deur verkoolde paalstompies (H5.6(iii).4). Onder die vloer lê die oppervlakte van die steriele sandbodem wat tekens van houtskool en as bevat.

H5.6(iii).4 (vgl. sketsfige. 12e, 13; foto 29)

Dit is 'n sirkelvormige reeks verkoolde paalstompies en paalgaatjies (sirkeldeursnee 180 cm) wat die oorblyfsels is van 'n hutmuur wat afgebrand het en die puinlaag (H5.6(iii).1) gevorm het. Die paaltjies is min of meer 3 cm tot 4 cm dik en ingeplant met tussenruimtes wat wissel van 4 cm tot 8 cm.

H5.6(iii).5 (vgl. sketsfig. 12e) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V20)

Dit is 'n stukkie rooi gruisvloer op 'n diepte wat wissel van - 215 cm tot - 228 cm.

H5.6(iii).6 (vgl. sketsfig. 12e; foto 29) (vir opgrawingsdoeleindes genoem 6(iii)(a)/1)

Dit is 'n kleipot wat skuins op sy sy lê in 'n gat in die steriele bodem. Die grond in die gat rondom die pot is soortgelyk aan dié uit

laag 6(iii) en die pot behoort vermoedelik tot laag 6(iii).

Opsomming van laag 6

Laag 6 word gekenmerk deur ligbruin en rooibruin tot grysbruin sand=grond en rooi gruisvloere.

Die oorblyfsels van die afgebrande hut in laag 6(iii) vorm egter 'n afsonderlike entiteit wat in werklikheid 'n ouer woonlaag, die hoër=liggende deel van laag 6 verteenwoordig. Die hut het 'n sirkelvormige planvorm (sirkeldeursnee \pm 180 cm) met 'n dun, sagte sandvloer en mure van dun pale en sanderige klei gehad. Vermoedelik het dit 'n grasdak gehad. Verkoolde sade word direk met die hut geassosieer.

Steriele bodem

Dieptemate van die steriele bodem in hoek P : - 222 cm
hoek S : - 220 cm

Algemene beskrywing

Dit lê onder laag 6 en bestaan uit ligbruin sandgrond. 'n Toetssloot langs lyn RS dui daarop dat geen woonlae onder die steriele sand voorkom nie.

Rekonstruksie en interpretasie van die stratifikasie in blok H5

1. Die oudste hooflaag, stratum of bewoningsfase word verteenwoordig deur die oorblyfsels van 'n afgebrande hut (H5.6(iii).1, H5.6(iii).3-4) in laag 6(iii). Die oudste tekens van bewoning is in hoek Q en wel in die vorm van houtskool en as wat in die sandgrond onder die hutoorblyfsels voorkom tot op 'n diepte van - 240 cm.

Die gebrande hutoorblyfsels is dié van 'n kleinerige, sirkelvormige hut (sirkeldeursnee sowat 180 cm) wat bestaan het uit 'n muur (H5.6(iii).4) van dun pale en sanderige klei, 'n sagte sandvloer (H5.6(iii).3) en vermoedelik 'n grasdak. Die kleipot (H5.6(iii).6) was vermoedelik 'n stoorhouer en het moontlik 'n verband met die hut gehad. Die verkoolde sade in die muurpuin en onder die puin op die vloer dui op 'n assosiasie

tussen voedselreste en die kleinerige, enkelmuur-tipe hut met 'n sagte sandvloer. Die hut het waarskynlik 'n rol gespeel in kombuis=aktiwiteite hoewel dit vermoedelik nie 'n kookhut was nie (volgens die afwesigheid van vuurmaakplekke in die hut self).

2. Die tweede hooflaag bestaan uit die res van laag 6(iii) asook lae 6(i) en 6(ii). Die afsetting het hier 'n sterk neiging tot 'n ligte rooibruin, sanderige voorkoms. Rooi gruisvloere kom voor maar is los van mekaar gespaseer. Langs lyne QR en RS is laag 6 afgesluit deur 'n laag gebrande hutpuin; elders is die skeiding tussen lae 5 en 6 op plekke onseker.

3. Die derde hooflaag bestaan uit lae 5(i) tot 5(iv) en word afgesluit met 'n laag gebrande hutpuin. Die laag het plek-plek 'n neiging tot ligte rooibruin, sanderige voorkoms maar is oor die algemeen sterk asagtig van aard en grysbruin van kleur. 'n Betreklik digte konsentrasie gruisvloere kom voor asook 'n vyselklip.

Vloere H5.5.1, H5.5.19 en H5.5.20 is rooi, growwe gruisvloere wat neergelê is op min of meer dieselfde oorspronklike woonoppervlakte. Die vyselklip (H5.6(i).4) is deur vloer H5.5.20 vir huishoudelike doeleindes in die grondbodem gemonteer.

Vloer H5.5.1 het deels die vloer gevorm van 'n klein, ronde hutjie. Die hutjie se muur (sirkeldeursnee van die muur ongeveer 140 cm) het bestaan uit paaltjies en sanderige pleisterklei, vermoedelik met 'n grasdak. Rondom die hutjie het 'n aardlaag (bestaande uit rooibruin sandgrond en asagtige, grysbruin sandgrond) gevorm bo-op vloere H5.5.1, H5.5.19 en H5.5.20). Askolle (vuurmaakplekke) kom naby die hutjie in die grond voor. Huishoudelike afval, veral bene, kom voor. Dié laag is opgegrawe as laag 5(iv).

Terwyl grondlae om die hutjie gevorm het, is nuwe gruisvloere mettertyd een na die ander bo-oor die vorige aardlaag (laag 5(iv)) gelê met sandgrondlagies tussen-in. Vloer H5.5.13, wat dus op 'n hoër vlak as vloer H5.5.1 lê, smelt egter met lg. saam by hutmuur H5.5.2 waar daar nie 'n sandgrondlagie tussen-in is om die twee vloere van mekaar te skei nie. Vloer H5.5.12 lê gedeeltelik bo-oor vloer H5.5.13 en beide vloere sluit

netjies aan teen hutmuur H5.5.2. Later is vloer H5.5.11 gedeeltelik bo-oor vloer H5.5.12 gelê op so 'n wyse dat vloer H5.5.11 tot teenaan 'n soort skermmuur of paalheining (waarvan slegs die paalgate tans sigbaar was) lê. Langs lyn QR smelt die rand van vloer H5.5.11 saam met die oppervlakte van vloer H5.5.12 (waar die een vloer die ander oorvleuel) asof daar 'n deurgang was.

Die vorming van die grondlaag gaan voort (nou egter genoem laag 5(iii) - die laag lê op gelyke horisontale vlak met vloere H5.5.12 en H5.5.14, d.w.s. buite-om dié vloere heen. Die laag bestaan uit dieselfde materiaal as laag 5(iv), d.w.s. rooibruin sandgrond afgewissel deur grysbruin, asagtige sandgrond met bene hier en daar.

Bo-oor vloer H5.5.14 en op gelyke horisontale vlak met vloer H5.5.12, vorm voorts 'n verdere sandgrondlaag (laag 5(ii)) wat in voorkoms soortgelyk is aan laag 5(iii).

Hier bo-oor (d.w.s. bo-oor laag 5(ii)), langs lyn RS, word 'n volgende gruisvloer (vloer H5.5.11) gelê. Verder word 'n vlak gat (H5.5.4) gegrawe langs lyn PS en as 'n vuurmaakplek gebruik. Daar vlak naby, in hoek S, word 'n vyselklip (H5.5.3) met klein stukklippe daaromheen in 'n gat in die grond geplaas - die bokant van die stampklip lê op gelyke horisontale vlak met laag 5(ii).

Die oppervlakte van laag 5(ii), vloer H5.5.11 en 'n deel van vloer H5.5.12 sowel as die vloer (H5.5.1) in die hutjie het uiteindelik die woonoppervlakte gevorm. Op hierdie stadium het daar dus reeds 'n afsetting van soveel as 20 cm dik rondom die hutjie opgehoop. Die hutjie brand nou af en laat 'n laag gebrande muurpuin (H5.5(opp).1), as en swart gebrande grond op die afsetting agter. Bo-oor en rondom hierdie brandlaag vorm uiteindelik 'n vaalbruin tot grysbruin sandgrondlaag wat op plekke heelwat houtskool bevat en die oppervlakte van laag 5 vorm, d.w.s. laag 5(i).

4. Die vierde hooflaag bestaan uit lae 4(i) en 4(ii). Dit bestaan afwisselend uit ligbruin sandgrond en grysbruin, asagtige sandgrond. Hoewel liggeel gruisvloere voorkom, bestaan die vloere uit rooi gruis en is sommige daarvan baie dik. Langs lyn PQ is daar tekens van 'n dun sandlagie (1 cm tot 3 cm dik) wat moontlik 'n spoellagie kan wees;

dit bestaan uit ligte grysbruin sandgrond wat lê bo-oor gebrande hut=puin in die basis van laag 4. Dit is nie duidelik of hierdie hutpuin in die grond afkomstig is van die puinlaag uit laag 5 nie. Dit is moontlik dat laag 4(ii) grootliks 'n oorgangslaag is van 'n ouer na 'n jonger laag; d.w.s. hoofsaaklik 'n blote aardlaag wat op natuurlike wyse of a.g.v. nabygeleë bewoningsaktiwiteite bo-oor laag 5 gevorm het alvorens nuwe woonvloere weer bo-oor gevorm het in hoërliggende lae. Heelwat houtskool kom in laag 4 voor.

5. Die vyfde hooflaag is laag 3. Dit bestaan hoofsaaklik uit die oorblyfsels van 'n groot, afgebrande hut. Dit was 'n dubbelmuur-hut, d.w.s. 'n hut met 'n sirkelvormige binnemuur (H5.3.5, sirkeldeursnee sowat 300 cm) en 'n sirkelvormige buitemuur (H5.3.7, sirkeldeursnee sowat 500 cm) daaromheen. Die mure het bestaan uit pale wat afgepleister is met klei en het waarskynlik 'n koniese dak van pale en gras gedra. Die hutvloere in die binneste en tussenruimte was dun en het bestaan uit fyn, mosterdgeel gruis. Op die vloer (H5.3.12) wat aanvanklik die vloer in die tussenruimte was, is vuurgemaak en het as en sandgrond daarop versamel. Hierdie vloer is vervang deur 'n tweede vloer (H5.3.6) wat bo-oor heen gelê is.

In die binneruimte, teenaan muur H5.3.5, is 'n trap of platvorm of muurtjie (H5.3.3) gebou, bestaande uit mosterdgeel gruis. Die bokant daarvan is egter onherkenbaar verwoes. Die hut het afgebrand en die buitemuur het hoofsaaklik na buite omgeval.

6. Die sesde hooflaag bestaan uit lae 1(i), 1(ii), 2(i) tot 2(vi). Laag 2 bestaan uit sagte, los grysbruin asagtige sandgrond en bevat oorblyfsels van dun, brokkelagtige, vormlose, mosterdgeel gruisvloere. Laag 1 vorm die verweerde oppervlakte van die terrein.

2.4 BLOK K8

Algemeen

Die hoeke van Blok K8 is genummer op 'n wyse wat aangepas is by die nommerstelsel van die ruitnet wat op die suidelike terras uitgemeet is, nl. hoeke JK/89; JK/78; KL/78; KL/89. Vir beskrywingsdoeleindes word die vier hoeke gerieflikheidshalwe die volgende genoem JK/89 word P; JK/78 word Q, KL/78 word R, KL/89 word S (vgl. sketsfig. 15a).

Die basislyne word gespan 120 cm bokant die zerovlak, d.w.s. op + 120 cm. Die hoogte van die huidige grondoppervlakte is die volgende.

In hoek P : + 89 cm
hoek Q : + 93 cm
hoek R : + 110 cm
hoek S : + 106 cm

Blok K8 word opgegrawe in sy volle omvang, d.w.s. 366 cm x 366 cm (12 vt x 12 vt). In die gevalle waar die lae baie dik is, word hulle onderverdeel in arbitrêre lae. Duidelikheidshalwe word 'n profieltekening gemaak van elk van die vier wande. Vanweë 'n verskeidenheid klipstrukture langs wand PS word opgrawingstrappe langs dié wand gelaat en 'n profieltekening daarvan gevolglik só bemoeilik dat die tekening agterweë gelaat is.

Nadat steriele bodem bereik is en die opgrawing voltooi is, is die werk aan blok K8 afgesluit deur vanaf wand PS tot wand QR 'n toets-sloot te grawe tot op 'n diepte van -300 cm. Die grond in die toets-sloot is volkome steriel.

Laag 1 (vgl. sketsfige. 17c, 17d, 18; foto 34)

Laag 1 is so dik dat dit arbitrêr onderverdeel word in Lae 1(i), 1(ii) en 1(iii).

Laag 1(i) (vgl. sketsfige. 17c-d, 18)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag hoek P : + 89 cm
hoek Q : + 93 cm
hoek R : + 110 cm
hoek S : + 106 cm

Basis van die laag is 'n arbitrêre skeiding op + 90 cm.

Algemene beskrywing

Die laag vorm die verweerde oppervlakte van die afsetting en bestaan uit grysbruin, sagte, los, humusryke sanderige grond. Twee klippe (\pm 85 cm in lengtedeursnee) lê in die oppervlakte van die laag (vgl. sketsfig. 15a).

Laag 1(ii) (vgl. sketsfige. 17c, 17d, 18)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag is 'n arbitrêre skeiding op + 90 cm. Basis van die laag is 'n arbitrêre skeiding op + 75 cm.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin, sagte, los sandgrond. In die basis van die laag kom 'n aantal groot klippe (met 'n onreëlmatige verspreidingspatroon) te voorskyn. Op plekke is die grond gruisagtig.

Laag 1(iii) (vgl. sketsfige. 15b, 17c, 17d, 18)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag is 'n arbitrêre skeiding op + 75 cm.

Basis van die laag is 'n arbitrêre skeiding op + 60 cm.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin, sagte, los sandgrond. Op plekke is die grond gruiserig. Naby lyn RS kom 'n konsentrasie onreëlmatig verspreide klippe voor.

Opsomming van Laag 1

Die laag bestaan uit ligbruin, sagte, los, humusryke sandgrond. 'n Konsentrasie onreëlmatig verspreide klippe kom voor in die laag.

Laag 2 (vgl. sketsfige. 15c, 15d, 17c, 17d, 18; foto 34)

Daar is op die oog af nie 'n duidelike skeiding tussen lae 1 en 2 nie en die skeiding is so vaag dat dit arbitrêr van aard is. Die enigste verskille is dat Laag 2 effens ligter en gryser van kleur is as Laag 1. Laag 2 is so dik dat dit arbitrêr onderverdeel word in lae 2(i) en 2(ii).

Laag 2(i)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag is 'n arbitrêre skeiding op + 60 cm. Basis van die laag is 'n arbitrêre skeiding op + 45 cm.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin, sagte, los sandgrond. Klippies wat in grootte wissel van gruis tot 10 cm in deursnee kom voor. Heelwat fyn gebreekte potskerwe kom in die laag voor.

'n Been-tussenskag ("linkshaft") lê op 'n diepte van + 59 cm, 140 cm vanaf lyn QR en 140 cm vanaf lyn PQ. Dit lê op 'n laag harde, pienkbruin grond in die basis van laag 2(i). Die pienkbruin grond behoort tot laag 2(ii).

'n Konsentrasie groterige klippe kom voor in die sentrale deel van die

blok (sketsfig. 15c). Sommige klippe lê los van mekaar in die grond op verskillende dieptes. In die sentrale deel van die blok lê die klippe opmekaar in die vorm van 'n hoop.

Laag 2(ii)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag is 'n arbitrêre skeiding op + 45 cm.

Basis van die laag in hoek P : + 18 cm
 hoek Q : + 16 cm
 hoek R : + 37 cm
 hoek S : + 37 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit grysbruin, sagte, gruisagtige sandgrond. Tekens van as kom voor langs lyn RS.

Die kliphoop in die sentrale gedeelte van die blok, wat in laag 2(i) blootgelê is, strek in laag 2(ii) nog afwaarts tot op 5 cm tot 10 cm bokant die basis van laag 2(ii). Die klippe wissel in grootte tot 'n maksimum lengtedeursnee van 50 cm. Die basis van laag 2(ii) het 'n rooierige, sanderige voorkoms en lê direk op vloer K8.2(ii).1.

Detail

K8.2(ii).1. (vgl. sketsfige. 15d, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem VI)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit fyn, mosterdgeel gruis. Dit lê op 'n diepte wat wissel van 19 cm tot + 41 cm en is 1 cm tot 3 cm dik. Die oppervlakte van die vloer is glad afgewerk, is met 'n vaalwit aanspansel bedek, is ongelyk en baie verweer. Die vloer het nie 'n spesifieke planvorm nie, het baie verbrokkel en gedeeltes daarvan kom voor oor die hele blok.

Opsomming van laag 2

K8.3.2 (vgl. sketsfig. 15e)

Dit is 'n langwerpige kol mosterdgeel gruis naby vloer K8.3.1.

K8.3.3 (vgl. sketsfig. 15e)

Dit is 'n viertal klippe wat regop in 'n ry ingeplant is met 'n askol daar teenaan. Dit is waarskynlik 'n vuurmaakplek.

Opsomming van laag 3

Laag 3 bestaan uit grysbruin, asagtige sandgrond, 'n brokkelagtige mosterdgeel gruisvloer sonder definitiewe planvorm en 'n vuurmaakplek.

Laag 4 (vgl. sketsfige. 15f, 17c, 17d, 18; foto 34)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek P : 0 cm
hoek Q : + 2 cm
hoek R : + 16 cm
hoek S : + 22 cm

Basis van die laag in hoek P : - 15 cm
hoek Q : - 15 cm
hoek R : + 1 cm
hoek S : + 5 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin, fyn, sagte sandgrond. Die laag lê op vloer K8.4.1 en onder vloer K8.3.1.

Detail

K8.4.1 (vgl. sketsfige. 15f, 17c, 17d) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V3)

Dit is stukke van 'n vloer wat bestaan uit fyn, mosterdgeel gruis. Dit is 1 tot 5 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van 1 cm tot - 14 cm. Die vloer is baie verweer en het 'n vaalwit, ongelyke oppervlakte.

K8.5.1 (vgl. sketsfig. 15g) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V4)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit fyn, mosterdgeel gruis. Dit lê op 'n diepte wat wissel van - 6 cm tot - 14 cm en is tot 6 cm dik.

Die planvorm daarvan is onreëlmatig. In die vloer, presies in hoek R, is die oorblyfsels van 'n verkoolde paal wat 15 cm dik is. ('n Monster van die paal word vir dateringsdoeleindes geneem).

K8.5.2 (vgl. sketsfige. 15g, 17c, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V6)

Dit is stukkies mosterdgeel gruisvloer langs lyne PS en RS. Dit is 4 cm tot 5 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 12 cm tot - 25 cm.

K8.5.3 (vgl. sketsfig. 15g; foto 31) (vir opgrawingsdoeleindes genoem X)

Dit is 'n klipstruktuur wat bestaan uit 'n reeks klippe wat gerangskik is in die vorm van 'n ruwe sirkel met 'n deursnee van ongeveer 50 cm.

K8.5.4 (vgl. sketsfige. 15g, 18; foto's 31 en 32) (vir opgrawingsdoeleindes genoem Y)

Dit is 'n klipstruktuur in wand PS by hoek S. Dit bestaan uit 'n reeks klippe (waarvan sommige regop staan) in die vorm van 'n ruwe sirkel ongeveer 50 cm in deursnee), met plat klippe wat bo-op lê. Dit lyk na 'n soort platvorm.

K8.5.5 (vgl. sketsfige. 15g, 17d)

Dit is geleë in hoek Q en bestaan uit grond wat gemeng is met gebrande hutpuin. Dit vorm waarskynlik deel van 'n laag suiwer gebrande hutpuin (K8.6.4) in laag 6.

K8.5.6 (vgl. sketsfig. 15g)

Dit is 'n kol gebrande organiese materiaal (o.a. gras) in die middel van die blok.

Opsomming van laag 5

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond met insluitels van as. Gebrande hutpuin kom voor langs lyn RS en in hoek Q.

Naby hoek S kom die oorblyfsels van twee klipstrukture voor. Die een struktuur (K8.5.3) bestaan uit 'n reeks klippe in die vorm van 'n ruwe sirkel en die ander uit 'n soortgelyke sirkel maar daarby dan ook klippe wat plat bo-op lê (K8.3.4).

Mosterdgeelgruisvloere sonder definitiewe planvorm (4 cm tot 6 cm dik) kom voor.

Laag 6 (vgl. sketsfige. 15h, 17c-d, 18; foto 34)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek P : - 26 cm
hoek Q : - 31 cm
hoek R : - 9 cm

Basis van die laag in hoek P : - 47 cm
hoek Q : - 55 cm
hoek R : - 41 cm

Algemene beskrywing

Laag 6 is langs lyn RS so dik dat dit hier onderverdeel is in laag 6 en laag 6(a). Laag 6 bestaan langs lyn PQ uit ligbruin sandgrond wat op plekke verander in grysbruin, asagtige sandgrond. Hier kom heelwat verkoalde plantemateriaal voor, o.a. grasagtige materiaal. Heelwat verkoalde gras kom naby hoek Q voor onder 'n laag gebrande hutpuin (K8.6.4). Die gras het hier en daar nog wortels aan en lê op 'n diepte van - 38 cm.

Naby lyn RS bestaan laag 6 uit pienkbruin sandgrond met as en houtskool.

Laag 6(a) vorm die basis van laag 6 by lyn RS. Laag 6(a) bestaan uit pienkbruin sandgrond met baie aslense.

Detail

K8.6.1 (vgl. sketsfige. 15h, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V5).

Dit is 'n vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis. Dit is 4 cm tot 10 cm dik en lê op 'n diepte van - 12 cm tot - 24 cm. Dit is gedeeltelik sigbaar in hoek R en het hier 'n sirkelvormige planvorm.

K8.6.2 (vgl. sketsfige. 15h, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V7)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit mosterdgeel gruis. Dit is 3 cm tot 7 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 18 cm tot - 23 cm. Dit het 'n onreëlmatige planvorm.

K8.6.3 (vgl. sketsfige. 15h, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V8)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit mosterdgeel gruis en is gedeeltelik aangevul deur rooi gruis langs lyn QR. Dit is 2 cm tot 6 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 25 cm tot - 38 cm. Dit het 'n onreëlmatige planvorm. Vloer K8.6.3 word van vloer K8.6.1 geskei deur 'n fondasieslootjie.

K8.6.4 (vgl. sketsfige. 15h, 17d, 18)

Dit is 'n kol gebrande hutpuin in hoek Q. Die hutpuin lê op 'n lagie verkoolde hout en gras. Onder die verkoolde plantemateriaal is daar 'n lagie swartgebrande sandgrond (2 cm tot 3 cm dik) wat lê op 'n gruisvloer (K8.6(a).2).

K8.6(a).1 (vgl. sketsfige. 16a, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V9)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit mosterdgeel gruis. Dit is tot 5 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 36 cm tot - 38 cm. Dit het 'n onreëlmatige planvorm en lê langs lyn RS onder vloer K8.6.3.

K8.6(a).2 (vgl. sketsfige. 16b, 17d, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V10)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit mosterdgeel gruis. Dit is tot 3 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 36 cm tot - 53 cm. Dit het 'n langwerpige, onreëlmatige planvorm. Op die vloer lê 'n aantal klippe en potskerwe sowel as 'n stuk verkoolde hout (waarvan 'n C14-monster gehou is).

K8.6(a).3 (vgl. sketsfig. 16b) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V11).

Dit is 'n stuk vloer wat bestaan uit rooi gruis. Dit is 4 cm dik en lê langs lyn PS op 'n diepte wat wissel van - 42 cm tot - 52 cm. Dit het 'n onreëlmatige planvorm.

K8.6(a).4 (vgl. sketsfige. 16b, 17d) (vir opgrawingsdoeleindes
genoem V12)

Dit is stukke van 'n ligte pienkbruin vloer wat bestaan uit sand en gruis. Dit is 3 cm tot 4 cm dik en lê op 'n diepte van - 47 cm. Dit het 'n onreëlmatige planvorm.

K8.6(a).5 (vgl. sketsfig. 16b)

Dit is 'n reeks paalgaatjies (elk $\frac{1}{2}$ 2 cm in deursnee), dig teenme-
kaar gerangskik in 'n effens geboë ry, aan die een rand van vloer
K8.6(a).4.

K8.6(a).6 (vgl. sketsfig. 16b)

Dit is 'n stukkie vloer wat bestaan uit rooi gruis, het 'n onreël-
matige planvorm, is 4 cm dik en lê op 'n diepte van - 48 cm.

K8.6(a).7 (vgl. sketsfige. 16b, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem
V13)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit mosterdgeel gruis, is 1 cm tot 3 cm
dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 40 cm tot - 53 cm. Planvorm
onreëlmatig.

K8.6(a).8 (vgl. sketsfig 16b)

Dit is 'n harde, bruin grondoppervlakte wat langs lyn RS teenaan
vloer K8.6(a).7 lê en is moontlik ook deel van 'n vloer. Dit lê op
'n diepte wat wissel van - 42 cm tot - 58 cm; dit vertoon 'n skerp
afwaartse daling weg van lyn RS af.

Opsomming van laag 6

Die laag bestaan hoofsaaklik uit ligbruin sandgrond met insluitings
van as en 'n opeenvolging van gruisvloere. Die vloere bestaan ðf
uit mosterdgeel ðf rooi gruis. Dit lyk asof daar op punt R 'n groot
hut gestaan het wat later afgebrand het. Gebrande muurklei en ver-
koolde gras in hoek Q is skynbaar die oorblyfsels van 'n hut wat mure

van pale en klei en 'n grasdak gehad het.

Laag 7 (vgl. sketsfige. 16c, 17d, 18; foto's 32, 34)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek P : - 47 cm
hoek Q : - 55 cm
hoek R : - 41 cm

Basis van die laag in hoek P : - 65 cm
hoek Q : - 68 cm
hoek R : - 50 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond wat op plekke verander na grysbruin sandgrond met as en houtskool. Langs lyn RS kom baie dun lagies (mikrolagies) as voor wat moontlik tekens is van geringe ver=spoeling.

Detail

K8.7.1 (vgl. sketsfige. 16c, 18; foto 32) (vir opgrawingsdoeleindes genoem Y)

Dit is 'n klipstruktuur wat gedeeltelik sigbaar is in hoek S en bestaan uit regopstaande klippe met plat klippe wat nog gedeeltelik bo-op lê. Dit lyk na 'n soort platvorm en lê deels onder 'n soortgelyke struktuur (K8.5.4). Dit lê op 'n diepte wat wissel van - 35 cm tot - 60 cm. Die sigbare gedeelte van die struktuur is ⁺ 40 cm hoog.

K8.7.2 (vgl. sketsfige. 16c, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V14)

Dit is die randgedeelte van 'n vloer wat sigbaar is in wand RS. Dit bestaan uit rooi gruis, is tot 5 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 49 cm tot - 58 cm.

K8.7.3 (vgl. sketsfig 16c)

Dit is 'n kol rooi gruis naby wand QR en lê op 'n diepte wat wissel van - 56 cm tot 62 cm.

L.W. Klipstrukture K8.5.4 en K8.7.1 word in situ gelaat op 'n trap wat as volg genumereer word: die hoek wat die trap vorm langs lyn RS word genoem T; die hoek verder weg in blok K8 word U en die hoek langs lyn PS word V (vgl. sketsfig. 16e).

Opsomming van laag 7

Laag 7 bestaan hoofsaaklik uit ligbruin tot grysbruin sandgrond met insluitels van as. Oorblyfsels van rooi gruisvloere kom voor sowel as 'n platvorm-agtige klipstruktuur (K8.7.1) wat soortgelyk is aan dié in laag 5 (K8.5.4).

Laag 8 (vgl. sketsfige. 16d, 17d, 18; foto 34)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek P : - 65 cm
hoek Q : - 68 cm
hoek R : - 50 cm
hoek T : - 55 cm
hoek V : - 64 cm

Basis van die laag in hoek P : - 74 cm
hoek Q : - 85 cm
hoek R : - 82 cm
hoek T : - 72 cm
hoek V : - 75 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond wat op plekke verander na grysbruin sandgrond met baie houtskool. Heelwat suiwer as kom voor naby hoek R. Die laag bestaan grootliks uit mikro-spoelsandlagies, veral in hoek R. Dit lyk of afloopwater (waarskynlik reënwater) herhaaldelik lagies fyn gruis en sand opmekaar neergelê het.

Laag 8 lê op 'n gruisvloer (K8.8.1). Die laag is grootliks slegs arbitrêr geskei van laag 7 - die twee lae vorm skynbaar 'n enkele hooflaag.

Detail

K8.8.1 (vgl. sketsfige. 16d, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V15)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit mosterdgeel gruis en lê oor 'n groot deel van die blok. Dit is 2 cm tot 3 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel - 71 cm tot - 85 cm. Langs wand QR lê 'n laag mosterdgeel gruis wat tot 16 cm dik is bo-op die vloer. Die vloer se planvorm is onreëlmatig.

K8.8.2 (vgl. sketsfige. 16d, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V16)

Dit is 'n klein stukkie rooi gruisvloer langs wand RS, lê op 'n diepte wat wissel van - 73 cm tot - 79 cm, is 1 cm dik en het 'n onreëlmatige planvorm.

Opsomming van laag 8

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond wat grootliks in die vorm van mikro-spoelsandlagies neergelê is. Oorblyfsels van rooi en mosterdgeel gruisvloere kom voor.

Laag 9 (vgl. sketsfige. 16e, 17d, 18; foto 34)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek P : - 74 cm
hoek Q : - 85 cm
hoek R : - 82 cm
hoek V : - 75 cm

Basis van die laag in hoek P : - 94 cm
hoek Q : - 95 cm
hoek R : - 93 cm
hoek V : - 85 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan langs lyn PQ oorwegend uit sagte, ligbruin, fyn, sanderige grond. Langs lyne PQ en QR bestaan die laag duidelik uit mikro-spoellagies - ligbruin spoelsandlagies afgewissel met grysbruin spoelsandlagies wat klein stukkie houtskool bevat. Onder die spoelgrond in hoek Q lê 'n laag gebrande hutpuin wat weer bo-op 'n mosterdgeel gruisvloer (K8.9.1) lê. Langs lyn RS bestaan die laag hoofsaaklik uit gebrande hutpuin en as. Lense van wit as kom voor naby hoek Q.

Laag 9 lê onder vloere K8.8.1 en K8.8.2, en bo-op vloere K8.9.1, K8.9.2, K8.9.3 en K8.9.4.

Detail

K8.9.1 (vgl. sketsfige. 16e, 17d) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V17)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit mosterdgeel gruis. Dit is tot 4 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 90 cm tot - 94 cm. Dit lê langs lyn PQ en strek daarvandaan tot in die middel van die blok. Ongeveer in die middel van die vloer langs lyn PQ is daar in die vloer 'n effense holte met 'n glad afgewerkte oppervlakte. As en asgrond lê op die vloer. Planvorm onreëlmatig.

K8.9.2 (vgl. sketsfige. 16e, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V18)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit rooi gruis behalwe in hoek V waar die basis van die vloer gedeeltelik bestaan uit liggeel gruis. Die vloer is tot 3 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 87 cm tot - 93 cm. Planvorm onreëlmatig.

K8.9.3 (vgl. sketsfige. 16e, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V19)

Dit is 'n stuk vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis. Dit is 1 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 82 cm tot - 90 cm. Planvorm onreëlmatig.

K8.9.4 (vgl. sketsfige. 16e, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V20)

Dit is gedeeltes van 'n vloer wat bestaan uit 'n mengsel van rooi en geel gruis. Dit is 2 cm tot 7 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 86 cm tot - 94 cm. Dit is gedeeltelik vernietig deur 'n gat (K8.9.5) wat deur die vloer gegrawe is.

K8.9.5 (vgl. sketsfige. 16e, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem (g))

Dit is 'n gat wat langs lyn RS gegrawe is deur die hutpuin van laag 9, vermoedelik vanuit laag 8. Die gat strek afwaarts tot in laag 14. Dit is ongeveer 75 cm diep en verbreed na onder tot 'n horisontale deursnee van \pm 95 cm. Die gat het 'n onreëlmatige vorm. Dit is gevul met groot klippe wat op die bodem lê; en wit as, asook lense bruin grond en asgrond. Bene en potskerwe asook 'n klein hoeveelheid rooi gruis kom voor.

Opsomming van laag 9

Laag 9 bestaan uit ligbruin sandgrond met duidelike tekens van mikro-spoelsandlagies. Heelwat gebrande hutmuurpuin kom voor. Gruisvloere wat bestaan uit òf mosterdgeel òf rooi en liggeel gruis kom voor hoewel geen definitiewe planvorms waargeneem kan word nie. 'n Prominente gat, (K8.9.5), gevul met as, asgrond, bene, potskerwe, asook klippe op die bodem, is geleë langs lyn RS. Die gat behoort moontlik tot laag 8 maar dring deur tot in laag 14.

Laag 10 (vgl. sketsfige. 16f, 17d, 18; foto 34)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek P : - 94 cm
hoek Q : - 95 cm
hoek R : - 93 cm
hoek V : - 85 cm

Basis van die laag in hoek P : - 98 cm
hoek Q : - 103 cm
hoek R : - 100 cm
hoek V : - 98 cm

Algemene beskrywing

Die laag is op plekke baie dun. Dit bestaan hoofsaaklik uit bruin tot ligbruin sandgrond. Naby hoek R dring 'n afvalgat, K8.9.5, deur die laag (en word op gelyke vlak vir opgrawingsdoeleindes as 10(g) verwyder; K8.9.5 bevat op hierdie diepte as, bene, potskerwe, houtskool en insluitels van bruin sandgrond).

Detail

K8.10.1 (vgl. sketsfige. 16f, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V21)

Dit is verskillende stukke van 'n vloer wat bestaan uit ligte pienk tot rooi gruis. Dit is 1 cm tot 3 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 97 cm tot - 103 cm. Die planvorm kan nie vasgestel word nie a.g.v. die verbrokkelde toestand van die vloer.

K8.10.2 (vgl. sketsfige. 16f, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V22)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit rooi tot ligrooi gruis. Dit is tot 7 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 95 cm tot - 107 cm. Planvorm onreëlmatig.

K8.10.3 (vgl. sketsfige 16f, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V23)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit rooi gruis. Dit is tot 6 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 90 cm tot - 103 cm. Die planvorm is sirkelvormig (sirkeldeursnee \pm 200 cm) met tekens van 'n muur se fondasiesloot (K8.10.4) om die rand van die vloer. Die vloer was blykbaar 'n hutvloer en is versteur deur die afvalgat (K8.9.5).

K8.10.4 (vgl. sketsfig. 16f)

Dit is klaarblyklik 'n fondasiesloot rondom vloer K8.10.3 en is ongeveer 10 cm wyd.

K8.10.5 (vgl. sketsfig. 16f) (vir opgrawingsdoeleindes genoem x)

Dit is 'n klip wat ongeveer 30 cm breed is, met 'n "vysel"-holte bo-in wat 15 cm wyd en 7 cm diep is. Die klip is in 'n gat vasgepak met stutklippe rondom, behoort tot vloer K8.10.1 en is geleë op 'n

Op verskeie plekke is die skeiding tussen lae 10 en 11 bloot arbitrêr van aard.

Die afvalgat (K8.9.5) dring deur laag 11 en word op gelyke vlak vir opgrawingsdoeleindes as 11(g) verwyder. (11(g) bestaan hier uit wit as met bene en potskerwe).

Detail

K8.11.1 (vgl. sketsfig. 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V24)
Dit is 'n rooi gruisvloer wat lê onder vloer K8.10.3. (K8.11.1 is tot 32 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 95 cm tot - 114 cm). Dit het dieselfde planvorm as vloer K8.10.3. Die gat (K8.9.5) is eweneens deur hierdie vloer gegrawe.

K8.11.2 (vgl. sketsfige. 16g, 17d, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V25)

Dit is verskillende gedeeltes van 'n vloer wat bestaan uit rooi gruis. Dit is tot 8 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 111 cm tot - 124 cm.

K8.11.3. (vgl. sketsfige. 16g, 17d)

Dit is 'n lagie swartgebrande sandgrond wat in hoek P lê op vloer K8.11.2 en onder die gebrande hutpuin. K8.11.3 lê op 'n diepte wat wissel van - 115 cm tot - 120 cm.

K8.11.4 (vgl. sketsfig. 16g) (vir opgrawingsdoeleindes genoem z)

Dit is 'n gat (40 cm wyd) wat met kleinerige klippe uitgevoer is. 'n Plat klip lê op 'n diepte van - 135 cm op die bodem van die gat; langs die wande van die gat kom klippe voor tot by die borand daarvan, d.w.s. op 'n diepte van - 122 cm. Waarskynlik was K8.11.4 die gat waarin 'n groot klip met holte ("vyselklip") gemonteer is. K8.11.4 is geleë in vloer K8.11.2 langs lyn PS.

K8.11.5 (vgl. sketsfig. 16g) (vir opgrawingsdoeleindes genoem y)

Dit is 'n groot klip (25 cm breed) met 'n holte (10 cm wyd) wat in situ voorkom in 'n gat en is in posisie gehou deur kleiner stukke klippe daaromheen. Dit lê tussen vloer K8.10.1 daarbo en vloer K8.11.2

daaronder en behoort dus onteenseglik tot laag 11. K8.11.5 is middeldeer gebreek, vermoedelik tydens gebruik, en moontlik ver=vang deur klip K8.10.5 wat in situ daarnaas geleë is.

K8.11.6 (vgl. sketsfig. 16g)

Dit is 'n sirkelvormige versteuring (60 cm breed) deur vloer K8.11.2 en het 'n harde, pienkbruin sandvoering (4 cm tot 10 cm breed) om die rand daarvan. Moontlik was dit 'n gat waarin 'n klip met 'n holte daarin ("vyselklip") gemonteer was.

Opsomming van laag 11

Dit bestaan hoofsaaklik uit ligbruin sandgrond en gebrande hutpuin. Tekens van klippe met holtes, moontlik vyselklippe vir die fynmaak van graan, kom voor en dui op huishoudelike aktiwiteite. Gedeeltes van 'n rooi gruisvloer kom voor.

Laag 12 (vgl. sketsfige. 16h, 17d, 18; foto 34)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek P : - 126 cm
hoek Q : - 119 cm
hoek R : - 121 cm
hoek V : - 123 cm

Basis van die laag in hoek P : - 140 cm
hoek Q : - 134 cm
hoek R : - 138 cm
hoek V : - 137 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond wat op plekke verander na liggrys asgrond. Bene en houtskool kom voor naby wand UV. Langs wand PQ is daar versteurings in die laag wat afwaarts strek tot in laag 13 en grysbruin, asagtige sandgrond met houtskool en gebrande graan bevat. Afvalgat K8.9.5 dring afwaarts tot in laag 12, word

op gelyke vlak met laag 12 verwyder en bevat op hierdie vlak 'n konsentrasie onreëlmatig verspreide klippe en wit as.

Detail

K8.12.1 (vgl. sketsfige. 16h, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V26)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit rooi gruis, is tot 12 cm dik, lê op 'n diepte wat wissel van - 117 cm tot - 126 cm, het 'n onreëlmatige planvorm en lê direk onder vloer K8.11.2.

K8.12.2 (vgl. sketsfige. 16h, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V27)

Dit is 'n klein stukkie vloer langs lyn RQ, bestaan uit rooi gruis, is tot 6 cm dik en lê op 'n diepte van - 134 cm.

K8.12.3 (vgl. sketsfige. 16h, 17d, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V28)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit rooi gruis, is 4 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 122 cm tot - 128 cm. Dit het 'n onreëlmatige planvorm en sluit aan by die sirkelvormige buiterand van afgebrande hut K8.12.4. In hoek Q lê die vloer onder 'n lagie swartgebrande sandgrond met gebrande muurpuin van hut K8.12.4 bo-op.

K8.12.4 (vgl. sketsfige. 16h, 18)

Dit is die afgebrande oorblyfsels van 'n klein, sirkelvormige hutjie (sirkeldeursnee ongeveer 100 cm). Verkoolde muurpaaltjies is sigbaar in wand QR. Die hutjie het nie 'n duidelik gemaakte vloer gehad nie - slegs 'n ongelyke sandgrond-oppervlakte het die vloer gevorm. Die muur-oorblyfsels bestaan uit paaltjies wat in 'n fondasiesloot ingeplant is en gebrande klei.

K8.12.6 (vgl. sketsfig. 16h) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V29)

Dit is stukke van 'n rooi gruisvloer, is 4 cm dik, lê op 'n diepte van - 134 cm tot - 135 cm en het 'n onreëlmatige planvorm. 'n Sirkelvormige versteuring dring deur 'n randgedeelte van die vloer.

K8.12.7 (vgl. sketsfige. 16h, 18)

Randgedeelte van 'n gruisvloer sigbaar langs lyn RQ, in hoek R.

Oppervlakte van die laag in hoeke P, Q en V : - 152 cm
R : - 151 cm

Basis van die laag in hoeke P en R : - 165 cm
Q : - 167 cm
V : - 168 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot rooibruin sandgrond met tekens van houtskool. Bene kom voor naby hoek T. Klein kolle swart gebrande grond en as kom voor op verskillende horisontale vlakke en spesifiek in hoek Q - dit dui daarop dat die laag geleidelik gevorm het en derhalwe op verskillende tye en op verskillende vlakke die aardoppervlakte gevorm het waarop dan vuurgemaak is. Enkele bene en potskerwe is deur die laag versprei. Die laag word grootliks arbitrêr van laag 13 geskei.

Detail (vgl. sketsfige. 17a, 17d, 18)

K8.14.1 (vir opgrawingsdoeleindes genoem V30)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit rooi gruis. Dit is tot 5 cm dik, lê op 'n diepte wat wissel van - 195 cm tot - 161 cm en het 'n onreëlmatige planvorm.

K8.14.2 (vgl. sketsfig. 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V31)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit rooi gruis. Dit is tot 4 cm dik, lê op 'n diepte wat wissel van - 157 cm tot - 168 cm en het 'n onreëlmatige planvorm.

K8.14.3 (vgl. sketsfig 17a, 17d)

Dit is 'n lagie wat bestaan uit fyn, rooi gruis en is geleë in hoek P. Dit is 1 cm dik en lê op 'n diepte van - 167 cm.

Opsomming van laag 14

Die laag bestaan uit ligbruin tot rooibruin, sandgrond en oorblyfsels van rooi gruisvloere.

Laag 15 (vgl. sketsfige. 17b, 17c, 18; foto 34)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek P : - 165 cm
hoek Q : - 167 cm
hoek R : - 165 cm
hoek V : - 168 cm

Basis van die laag in hoek P : - 189 cm
hoek Q : - 192 cm
hoek R : - 187 cm
hoek V : - 186 cm

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond met tekens van houtskool. In die oppervlakte van die laag onder vloer K8.14.2 lê 'n kol as en houtskool. Die basis van die laag bevat rooi gruiskorrels. As kom voor in hoek R en naby hoek P langs lyn PQ. Die laag lê onder vloere K8.14.1 en K8.14.2, en bo-op vloere K8.15.1 en K8.15.2.

Detail

K8.15.1 (vgl. sketsfige. 17b, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V32)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit rooi gruis, is tot 6 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van - 180 cm tot - 186 cm. In hoek T is daar 'n opbouing op die vloer. Die bo-vlak van die opbouing is plat en lê op 'n diepte van - 164 cm; daarvandaan daal dit met 'n effens geboë helling afwaarts tot op die vlak van die vloergedeelte self. Die opbouing word as 'n deel van die vloer beskou. Die sigbare gedeelte van die vloer het 'n onreëlmatige planvorm.

K8.15.2 (vgl. sketsfige. 17b, 17d, 18) (vir opgrawingsdoeleindes genoem V33)

Dit is 'n vloer wat bestaan uit rooi gruis, is tot 7 cm dik, lê op 'n diepte wat wissel van - 185 cm tot - 191 cm, het 'n onreëlmatige planvorm en is onegalig afgewerk.

K8.15.3 (vgl. sketsfige. 17b, 17d, 18)

Dit is 'n bruin sandstrook, ongeveer 20 cm breed, wat deur vloer K8.15.2 sny. Die gedeelte van K8.5.3 wat in blok K8 sigbaar is, het die planvorm van 'n gedeelte van 'n ruwe sirkel.

K8.15.4 (vgl. sketsfig. 17b)

Dit is 'n strook sagte swartgebrande sanderige grond wat gebrande hutpuin bevat. Dit is \pm 30 cm breed en vorm 'n skeiding tussen vloere K8.15.1 en K8.15.2.

K8.15.5 (vgl. sketsfige. 17d, 18)

Dit is 'n gebrande vloer waarvan die rand sigbaar is in wand QR. Dit bestaan uit rooi en liggeel gruis. Dit is ongeveer 4 cm dik en lê op 'n diepte van - 190 cm. Wit as en sandgrond lê op die vloer.

Opsomming van laag 15

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond met tekens van gebrande hutpuin en rooi gruisvloere. 'n Dik opbouing van gruis kom voor op vloer K8.15.1.

Laag 16 (vgl. sketsfige. 17d, 18; foto 34)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag in hoek P : - 189 cm

hoek Q : - 192 cm

hoek R : - 187 cm

hoek V : - 186 cm

Basis van die laag in hoek P : - 202 cm

hoek Q : - 208 cm

hoek R : - 199 cm

hoek V : - 202 cm

Algemene beskrywing

Die laag lê onder vloere K8.15.1 en K8.15.2. Die laag lê op steriele

bodem. Langs lyn PS bestaan die laag hoofsaaklik uit gebrande hutpuin (K8.16.2) wat lê op swart gebrande steriele sandgrond. Elders bestaan die laag uit ligbruin sandgrond. Naby lyn PW is daar 'n kol as op geelgebrande sandgrond. Naby hoek Q is daar 'n kom-vormige gat (30 cm wyd en 40 cm diep) wat sandgrond, as en potskerwe bevat. Die gat is in steriele bodem gegrawe.

Detail

K8.16.1 (vir opgrawingsdoeleindes genoem V34)

Dit is die randgedeelte van 'n vloer wat sigbaar is in wand PS en bestaan uit liggeel en rooi gruis. Dit is 2 cm tot 3 cm dik.

K8.16.2 (vgl. sketsfige. 17d, 18)

Dit is gebrande muurpuin en vorm 'n prominente gelerige laag met harde, sanderige kleistukke. Dit is veral 'n prominente laag direk onder vloer K8.15.1.

Opsomming van laag 16

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond en lê op steriele sandbodem. Dit is dus die onderste laag van die afsetting. 'n Klein afvalgat kom voor in hoek Q, asook vloere wat uit rooi en liggeel gruis bestaan. Heelwat gebrande hutpuin (K8.16.2) kom voor, veral langs wand PS.

Laag 17 (vgl. sketsfige. 17d, 18; foto 34)

Dieptemate

Oppervlakte van die laag	in hoek P : - 202 cm
	hoek Q : - 208 cm
	hoek R : - 199 cm
	hoek V : - 202 cm

Basis van die laag is deurgaans 'n arbitrêre skeiding op - 230 cm.

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond. Met uitsondering van enkele bene en potskerwe in die oppervlakte van die laag is die sandgrond steriel. Die bene en potskerwe hoort oënskynlik tot laag 16. Naby hoek R is 'n kolletjie liggeel gruis wat vermoedelik in die bodem van 'n gat was. Die oppervlakte van laag 17 is in werklikheid die oppervlakte van steriele bodem. 'n Toetssloot (75 cm wyd) word in die steriele bodem gegrawe tot op 'n diepte van sowat - 300 cm.

Opsomming van laag 17

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond, bevat enkele bene en potskerwe, vermoedelik uit laag 16, en is origens steriel. Die laag vorm die oppervlakte van die steriele bodem.

Rekonstruksie en interpretasie van die stratifikasie in blok K8 (vgl. Foto 34)

1. Die oudste hooflaag, stratum of bewoningsfase word verteenwoordig deur lae 17 (oppervlakte van steriele bodem) en laag 16. Hoewel geen prominente, omvangryke gruisvloere of meer spesifiek hutvloere voorkom nie, dui die duidelike hutpuinlaag (K8.16.2) daarop dat 'n groot boustruktuur van klei (vermoedelik die paalen-kleimuur van 'n groot hut) hier in die nabyheid afgebrand het na 'n relatief kort bewoningsfase.
2. Die tweede hooflaag bestaan uit lae 12, 13 en 14 en 15 en word bo afgesluit deur die gebrande hutpuin in laag 12. Die hutpuin in laag 11 vorm moontlik ook deel van dié in laag 12. Die hooflaag word gekenmerk deur ligbruin sandgrond en rooi gruisvloere, o.a. met 'n dik opbouing (K8.15.1) van rooi gruis. Laag 13 neig meer tot grysbruin en grys as-agtige sandgrond. Lae 11 en 12 bestaan uit prominente gruisvloere en die muurpuin van minstens een afgebrande hut.

Die hut (K8.12.4) was klein met 'n sirkelvormige planvorm (sirkeldeursnee ongeveer 1 m). Die mure het bestaan uit paaltjies wat met klei afgepleister is. Dit het geen definitiewe vloer gehad nie, slegs 'n ongelyke sandoppervlakte kom voor in die plek

van 'n vloer. Dit is vermoedelik 'n stoorhut.

3. Die derde hooflaag bestaan uit lae 9, 10 en 11 (met uitsluiting van die hutpuin in laag 11 wat moontlik tot laag 12 behoort). Dit bestaan uit ligbruin sandgrond en baie prominente rooi gruisvloere waarvan sommige baie dik is. Die hooflaag word afgesluit deur 'n laag gebrande hutpuin wat in laag 9 lê. Langs lyn RS is die oorblyfsels van 'n hut met 'n sirkelvormige planvorm (sirkeldeursnee \pm 2 m). Die hutvloer (K8.10.3) het bestaan uit rooi gruis met 'n fondasiesloot (K8.10.4) vir 'n muur rondom. Vermoedelik is vloere K8.10.3 en K8.11.1 onderskeidelik ouer vloere van dieselfde hut. Die hut het oënskynlik paal-en-kleimure gehad wat afgebrand het en as puin in laag 9 agtergebly het. Die oorblyfsels van die hut is in 'n groot mate versteur deur die latere afvalgat K8.9.5 wat waarskynlik tydens die vorming van laag 8 gegrawe is dwarsdeur onderliggende lae.

Die aanwesigheid van klippe met holtes ("vyselklippe") in lae 10 en 11 dui waarskynlik daarop dat graan vir huishoudelike doeleindes hier fyngemaak is.

4. Die vierde hooflaag bestaan uit lae 7 en 8 en word gekenmerk deur grysbruin tot ligbruin sandgrond (wat op plekke mikrospoellagies vorm); en rooi gruisvloere, hoewel 'n prominente mosterdgeel gruisvloer (K8.8.1) ook reeds voorkom. Klipstruktuur K8.7.1 is vermoedelik die oorblyfsels van 'n ruwe platvorm wat moontlik die voetstuk vir 'n graanhouer kon wees (vgl. foto's 31-33).
5. Die vyfde hooflaag bestaan uit lae 4, 5 en 6 en bestaan uit grysbruin sandgrond wat op plekke verander na ligbruin sandgrond wat op plekke verander na ligbruin sandgrond. Die hooflaag word veral gekenmerk deur prominente mosterdgeel gruisvloere hoewel gedeeltes van rooi gruisvloere (meestal in die basis) nog voorkom. 'n Platformagtige klipstruktuur (K8.5.4) kom voor in hoek S, gedeeltelik bo-oor die soortgelyke klipstruktuur (K8.7.1) wat in laag 7 voorkom (vgl. foto 32-33).

Daar is 'n duidelike oorgang van rooi na mosterdgeel gruisvloere. Dit wil voorkom asof klipstruktuur K8.7.1 (wat stratigrafies tot hooflaag nr. 4 behoort) deur 'n proses van laagvorming met grond bedek is en vervang is deur 'n volgende, soortgelyke struktuur (wat stratigrafies behoort tot hooflaag nr. 5). By implikasie beteken dit dat die vierde en vyfde hooflae moontlik in dieselfde tydsperiode val.

Die vyfde hooflaag word afgesluit deur 'n prominente laag gebrande hutpuin (K8.4.2).

6. Die sesde hooflaag bestaan uit lae 1, 2 en 3 en word veral gekenmerk deur ligbruin tot grysbruin sandgrond met enkele, dun, brokkelagtige, vormlose mosterdgeel gruisvloergedeeltes. Laag 1 vorm die verweerde oppervlakte van die afsetting.

2.5 OPGRAWING MST 1

Algemeen (vgl. sketsfige. 3, 19; foto 35)

Die opgrawing word uitgevoer op die klein terras teen die rotse wat die sg. Mahobe se woonplek vorm. Omdat die Coertze-Sentker-ruitnet nie tot hier strek nie, word die opgrawing afsonderlik uitgemeet en die dieptemate vanaf 'n plaaslike basislyn op die grondoppervlakte gedoen.

MST 1 word uitgelê as 'n reghoekige ruitnet met 'n omvang van 12 m x 9 m, ingedeel in twaalf blokke van 3 m x 3 m elk. Die lengtelyne word chronologies met letters gemerk en die breedtelyne met syfers. Elke blok word genommer met 'n kombinasie van die voorafgaande lengte- en breedtelyn se nommers, bv. blok A2 wat ook die enigste blok is wat op hierdie stadium opgegrawe word. Volledige profieltekeninge word gemaak. Dieptemate vir die lae in die algemeen word derhalwe nie in die teks herhaal nie.

Blok A2

Algemeen

Blok A2 word volledig opgegrawe met uitsondering van 'n rand van 15 cm breed wat langs die vier kante van die blok gelaat word sodat die penne nie inval nie; en 'n trap wat vanaf laag 12 langs lyn A2-B2 gelaat word. Die trap strek tot 150 cm vanaf lyn A2-B2. Blok A2 word as basispunt gebruik. Die basislyn lê in hoek B3 presies op die grondvlak (d.w.s. 0 cm); in hoek B2 37 cm bo die grondoppervlakte; in hoek A2 6 cm onder die grondoppervlakte; in hoek A3 24 cm bokant die grondoppervlakte. Die hoekpenne word gelyk met die grondvlak in sement vasgesit (vgl. sketsfige. 28a, 28b, 28c, 28d).

Laag 1 (vgl. sketsfige. 20a, 28a-d; foto 36)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit grysbruin sandgrond en bevat gruisakorrels. Metaalslak, potskerwe en bene en 'n konsentrasie groterige klippe

(tot 30 cm lank) kom voor.

Detail

A2.1.1 (vgl. sketsfige. 20a, 28b; foto 36). 'n Stukkie mosterdgeel gruisvloer langs lyn B2-B3.

Laag 2 (vgl. sketsfige. 20b, 28a-d; foto 37)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit grysbruin sandgrond en word arbitrêr van laag 1 geskei.

Detail

A2.2.1 (vgl. sketsfig. 20b). Dit is 'n konsentrasie wit klipmateriaal op vloer A2.2.5.

A2.2.2 (vgl. sketsfig. 20b). Dit is 'n kol liggrys as, vermoedelik 'n vuurmaakplek.

A2.2.3 (vgl. sketsfig. 20b). Dit is 'n beenartefak naby lyn A3-B3.

A2.2.4 (vgl. sketsfig. 20b). Dit is 'n konsentrasie groterige klippe tot 45 cm lank) wat lê op 'n diepte wat wissel van 35 cm tot 49 cm.

A2.2.5 (vgl. sketsfige. 20b, 28a-28d). Dit is oorblyfsels van 'n mosterdgeel gruisvloer. Dit is 1 cm tot 3 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van 51 cm tot 60 cm. Die vloer is betreklik plat en glad afgewerk, goed gekonsolideer maar heelwat verweer. Planvorm onreëlmatig.

A2.2.6 (vgl. sketsfig. 20b). Dit is 'n konsentrasie klippe langs lyn B2-B3. Die individuele klippe is tot 45 cm lank en lê op 'n diepte wat wissel van 41 cm tot 45 cm. Die klippe is langs mekaar op 'n plat vlak neergelê en het moontlik as 'n soort platvorm gedien.

Opsomming van laag 2

Laag 2 bestaan uit grysbruin sandgrond, gedeeltes van 'n dun, mosterd=

geel gruisvloer, klipkonsentrasies (o.a. in die vorm van 'n platvorm) en as.

Laag 3 (vgl. sketsfige. 21a, 28a-28d)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond. Konsentrasies klippe kom voor, hoofsaaklik langs lyne A3-A2 en B2-A2. Die klippe lê gedeeltelik op vloer A2.3.1. Askolle kom voor langs lyn A3-B3 en A3-A2. Die laag word grootliks arbitrêr van laag 2 geskei.

Detail

A2.3.1 (vgl. sketsfige. 21a, 28b-28d). Dit is 'n mosterdgeel gruisvloer, ongeveer 3 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van 62 cm tot 75 cm. Dit het 'n onreëlmatige planvorm.

Opsomming van laag 3

Dit is 'n ligbruin tot grysbruin sandgrondlaag met as, klipkonsentrasies en 'n mosterdgeel gruisvloer.

Laag 4 (vgl. sketsfige 21b, 28a-28d)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond.

Detail

- A2.4.1 (vgl. sketsfige. 22a, 28b). Dit is 'n stukkie van 'n rooi, harde gruisvloer op 'n diepte van 79 cm langs lyn B2-B3. Planvorm onreëlmatig.
- A2.4.2 (vgl. sketsfige. 22a, 28a, b, d). Dit is 'n vloer wat bestaan uit lossigerige, rooi gruis. Dit het 'n onreëlmatige planvorm en lê op 'n diepte wat wissel van 81 cm tot 97 cm.
- A2.4.3 (vgl. sketsfig. 22a). Dit is 'n konsentrasie bene met as in hoek B3 op 'n diepte van 35 cm.

Opsomming van laag 4

Die laag bestaan uit lig- tot grysbruin sandgrond met oorblyfsels van rooi gruisvloere.

Laag 5 (vgl. sketsfige. 22b, 28a-28d)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit donkerbruin tot grysbruin sandgrond.

Detail

A2.5.1 Dit is oorblyfsels van 'n rooi gruisvloer wat so erg beskadig is dat dit verwyder word sonder dat 'n tekening daarvan gemaak word.

A2.5.2 (vgl. sketsfig. 22b). Dit is 'n vloer wat bestaan uit fyn, mosterdgeel gruis. Dit is 1 cm tot 2 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van 90 cm tot 95 cm. Dit het 'n onreëlmatige planvorm. Dit lê onder vloer A2.5.1 en word daarvan geskei deur 'n lagie steriele ligbruin sandgrond wat ongeveer 2 cm dik is.

A2.5.3 (vgl. sketsfig. 22b). Dit is 'n sandsteenklip met tekens van 'n klein holte (7 cm wyd) in die bokant daarvan. Dit lê op vloer A3.5.2.

Opsomming van laag 5

Dit is 'n laag wat bestaan uit donkerbruin tot grysbruin sandgrond en oorblyfsels van 'n rooi gruisvloer (A2.5.1) wat lê bo-oor dië van 'n mosterdgeel gruisvloer (A2.5.2).

Laag 6 (vgl. sketsfige. 23a, 28a-28d)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit grysbruin sandgrond. Kollie growwe, verweerde, rooi gruis kom op verskillende vlakke voor langs wande A2-B2, B2-B3 en A3-A2.

Detail

A2.6.1 (vgl. sketsfig. 23a). Dit is gedeeltes van die laag wat bestaan uit pienkbruin sandgrond en bevat heelwat kulturele materiaal.

Laag 7 (vgl. sketsfige. 23b, 28a-28d)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan afwisselend uit rooibruin en grysbruin sandgrond. Heelwat bene, klippe, potskerwe en as kom voor.

Detail

A2.7.1 (vgl. sketsfige. 23b, 28b, 28c). Dit is 'n harde, rooi gruis=

vloer. Dit is 3 cm dik en het 'n onreëlmatige planvorm. Die vloer vorm 'n trapvormige afdaling (13 cm hoog) naby lyn A2-B2.

A2.7.2 (vgl. sketsfige. 23b, 28d). Dit is 'n vloergedeelte wat bestaan uit rooi, growwe gruis, langs lyn A2-A3. Dit het 'n onreëlmatige planvorm.

A2.7.3 (vgl. sketsfig. 23b). Dit is 'n konsentrasie klippe, bene en potskerwe langs lyn B3-B2 op vloer A2.7.1.

A2.7.4 Dit is 'n paalgat (15 cm wyd en 70 cm diep) met die oorblyfsels van 'n paal daarin. Dit is geleë naby lyn B2-B3. Dit is moontlik deel van 'n boustruktuur wat afgebrand het nadat laag 7 gevorm het en voordat laag 6 gevorm het. Dit sluit laag 7 dus af.

Opsomming van laag 7

Die laag bestaan uit rooibruin tot grysbruin sandgrond, oorblyfsels van twee rooi gruisvloere en heelwat afvalmateriaal soos klippe, bene en potskerwe. Die verkoolde paal (A2.7.4) is vermoedelik deel van 'n afgebrande hutstruktuur.

Laag 8 (vgl. sketsfige. 24a, 28a-28d)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit rooi en rooibruin tot grysbruin, fyn sandgrond.

Detail

A2.8.1 (vgl. sketsfig. 24a). Dit is rooi gruis, klippe, bene en potskerwe langs lyn B2-A2. Dit kom voor op 'n diepte van 127 cm.

A2.8.2 (vgl. sketsfige. 24a, 28a-b). Dit is 'n rooi gruisvloer met glad afgewerkte oppervlakte. Dit is 7 cm dik en lê op 'n diepte van 117 cm tot 145 cm. Dit het byna 'n halfsirkelvormige planvorm en vorm 'n trappie (10 cm hoog) naby die een punt van die vloer.

A2.8.3 (vgl. sketsfige. 24a, 28b-28d). Dit is 'n liggeel gruisvloer

wat teenaan vloer A2.8.2 lê. Vloer A2.8.3 het 'n betreklik gladde oppervlakte, is 3 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van 118 cm tot 145 cm. Dit het 'n onreëlmatige planvorm.

Opsomming van laag 8

Die laag bestaan hoofsaaklik uit rooi en rooibruin tot grysbruin sandgrond, gedeeltes van rooi gruisvloere en 'n liggeel gruisvloer. Trappies (afdalings) kom in die vloere voor.

Laag 9 (vgl. sketsfige. 24b, 28a-28d)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit grysbruin sandgrond.

Detail

A2.9.1 (vgl. sketsfige. 24b, 28a-28d). Dit is 'n vloer wat bestaan uit rooi gruis. Dit is 2 cm dik. Dit het 'n onreëlmatige planvorm en strek oor die grootste deel van die blok.

Opsomming van laag 9

Dit is 'n grysbruin sandgrondlaag met 'n groot, rooi gruisvloer.

Laag 10 (vgl. sketsfige. 25a, 28a-28d)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan afwisselend uit grysbruin sandgrond en rooibruin sandgrond. In hoek A2 is 'n laag pienkbruin sandgrond met min bene en potskerwe. Langs lyn B3-B2 is 'n askol wat reeds in laag 8 sigbaar was.

Detail

A2.10.1 (vgl. sketsfige. 25a, 28a-28d). Dit is 'n vloer wat bestaan uit pienkrooi, growwe gruis. Die oppervlakte was glad afgewerk maar is betreklik verweer. Die vloer is 1 cm tot 2 cm

dik. Dit het 'n onreëlmatige planvorm.

Opsomming van laag 10

Die laag bestaan afwisselend uit rooibruin, pienkbruin en grysbruin sandgrond. Oor die grootste deel van die vloer strek 'n rooi, growwe gruisvloer (A2.10.1).

Laag 11 (vgl. sketsfige. 25b, 28a-28d)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit donkerbruin tot swart sandgrond met baie houtskool, as en gebrande hutpuin. Verkoolde paaltjies kom voor. Die laag verteenwoordig baie duidelik afgebrande boustrukture van pale en klei.

Detail

- A2.11.1 (vgl. sketsfig. 25b). Dit is 'n askol met gebrande grond en houtskool op 'n diepte van 149 cm langs lyn B3-B2.
- A2.11.2 (vgl. sketsfig. 25b). Dit is 'n askol met houtskool.
- A2.11.3 (vgl. sketsfig. 25b). Dit is 'n halfsirkelvormige reeks gebrande paaltjies (sirkeldeursnee waarskynlik ongeveer 70 cm tot 80 cm) met gebrande hutpuin en verkoolde graan wat lê op 'n aslaag wat ongeveer 5 cm dik is. Dit was vermoedelik 'n graanhutjie.
- A2.11.4 (vgl. sketsfig. 25b). Drie verkoolde pale met gebrande hutpuin.
- A2.11.5 (vgl. sketsfig. 25b). Dit is 'n reeks van ses dun, verkoolde paaltjies vlak by hut A2.11.3 en is moontlik die oorblyfsels van 'n soort skermmuur.
- A2.11.6 (vgl. sketsfig. 25b). Dit is 'n dierekakebeen.

Opsomming van laag 11

Die laag bestaan hoofsaaklik uit gebrande hutpuin.

Laag 12 (vgl. sketsfige. 26a, 28a-28d)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan afwisselend uit grysbruin sandgrond en asgrond. In hoek B3 bestaan die laag uit 'n dik laag gebrande hutmuurpuin.

Detail

A2.12.1 (vgl. sketsfig. 26a). Dit is 'n groot versteuring (85 cm breed) in die middel van die blok. Bo-op die versteuring lê 'n aantal groot potskerwe.

A2.12.2 (vgl. sketsfig. 26a). Dit is 'n konsentrasie bene en potskerwe in die basis van laag 12.

Opsomming van laag 12

Die laag bestaan uit asgrond en grysbruin sandgrond met tekens van bene, potskerwe en heelwat hutpuin in hoek B3.

Laag 13 (vgl. sketsfige. 26b, 28b-28d)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit rooierige tot rooibruin sandgrond. Rooi gruis kom hier en daar in die laag voor.

Laag 14 (vgl. sketsfige. 27a, 28b-28d)

Algemene beskrywing

Laag 14 bestaan uit twee baie prominente witterige, humus-agtige laag wat opmekaar lê. Die boonste laag (vir opgrawingsdoeleindes genoem laag 14) is baie ongelyk en is tot 15 cm dik.

Die onderste laag (vir opgrawingsdoeleindes genoem laag 14(i)) is ook ongelyk, en is tot 45 cm dik. Die laag bevat enkele bene en groterige klippe.

Laag 15 (vgl. sketsfige. 27b, 28b-28d)

Algemene beskrywing

Die oppervlakte van laag 15 bestaan uit as en asgrond met houtskool.

Die res van die laag vorm die oppervlakte van steriele grondbodem.

Die interpretasie en rekonstruksie van die stratifikasie in blok A2

Geen prominente brandpuinlae of hut- of klipstrukture is in blok A2 gevind nie. Dit is dus moeilik om die stratifikasie in hooflae of fases in te deel. 'n Betreklik tentatiewe, hipotetiese indeling word as volg voorgestel.

Die oudste hooflaag of fase is moontlik die lagie as, houtskool en gebrande sandgrond in laag 5.

Die tweede hooflaag of fase in die vorming van die afsetting is die opbouing van 'n humusagtige laag wat vermoedelik die oorblyfsels van 'n veekraal is. Hierdie fase bestaan uit lae 14 en 14(i).

Die derde fase bestaan uit lae 13 en 12 en word afgesluit deur die gebrande hutpuin in laag 11. Die gebrande hutpuin is vermoedelik dié van 'n klein graanhutjie. Die fase word ook gekenmerk deur rooi gruislae en -vloere.

Die vierde fase bestaan uit lae 10, 9, 8, 7, 6, 5 en 4. Hierdie fase word gekenmerk deur rooi gruisvloere asook die verskyning van enkele mosterdgeel gruisvloere in lae 5 en 4. Lae 9 en 10 bestaan veral uit rooi gruisvloere.

Die vyfde fase bestaan uit lae 3, 2 en 1 en word gekenmerk deur die aanwesigheid van mosterdgeel gruisvloere, tekens van platvormagtige klipstrukture en ook beenpunte ("linkshafts").

3. DIE TERREIN K2

3.1 Algemeen (vgl. sketsfig. 100)

Volgens die verslae van die navorsers wat in die dertigerjare op K2 gewerk het, asook die huidige voorkoms van die terrein-oppervlakte, is K2 in gedeel in vyf afdelings of komponente en dié is elkeen afsonderlik ondersoek.

1. Komponent 1 is die "beeskraal" waarvan Gardner in sy beskrywings melding maak. Omdat die oorblyfsels in die wand van Gardner se opgraving nog sigbaar is, en oënskynlik nie veel bykomende inligting bevat nie, is slegs 'n monster van die kraalmateriaal geneem.
2. Komponent 2 is die bewoningsarea (boustruktuur-area) aan die oostekant en noordoostekant van die beeskraal. Opgrawings Rn 2 en Ts 4 is hier op verskillende plekke gedoen.
3. Komponent 3 is die groot, sentrale ashoop wat gedeeltelik oor die beeskraal lê. Opgraving Ts 3 is hier uitgevoer.
4. Komponent 4 is 'n ashoop-agtige area buite-om die bewoningsarea (Komponent 2). Komponent 4 is ondersoek m.b.v. opgrawings Ts 5 en Ts 6.
5. Komponent 5 is die oorblyfsels van 'n bewoningsarea (boustruktuur-area) teen die helling van Bambandyanalo. Opgraving Rn 1 is hier gedoen.
6. Komponent 6 is 'n ashoop-area wat grens aan Komponent 5. Komponent 6 is ondersoek m.b.v. opgrawings Ts 1 en Ts 2.

3.2 OPGRAWING RN 1 (vgl. sketsfig. 5; foto 38)

Betreklik hoog teen die helling van Bambandyanalo is 'n gedeelte van 'n dik, hardgekonsolideerde, gladgevryfde gruisvloer gevind. 'n Klein ruitnet (Rn 1) is bo-oor die oorblyfsels uitgemeet, maar die opgrawingswerk het slegs 'n steriele grondbodem opgelewer. Die vloer is vermoedelik dié van 'n hut, maar alle tekens van bewoning het reeds a.g.v. erosie verdwyn.

3.3 OPGRAWING RN 2

Algemeen (vgl. sketsfige. 5, 29; foto 39)

Rn 2 is uitgemeet in 'n area waar tekens van boustrukture voorkom. Dit word gegrawe met die doel om moontlike woon- of ander boustrukture op te spoor. Derhalwe is Rn 2 uitgelê as 'n klein ruitnet. Rn 2 beslaan 'n area van 33 m x 15 m en is opgedeel in 3 m-vierkante. Punte A1 en A6 is as basispunte met sementblokke gemerk. Alle dieptemate is geneem vanaf die sementvlak (0-vlak of meetvlak) op punt A1. Die basislyn (d.w.s. meetvlak) is 31 cm bokant die sementvlak op punt A6.

Gardner se toetsgat nr. 10 van 1935 lê hoofsaaklik in blok B3 van Rn 2. Die toetsgat is oopgemaak en dit bevat 'n sandsteen-rotsblok met 'n aantal vyselgate in die bokant daarvan (vgl. foto 39). Tekens van rooi gruisvloere of -lae is sigbaar in die wande van die toetsgat. Derhalwe word die opgrawing begin in die aangrensende blokke in Rn 2, nl. blokke C3, B4, C4 en C5.

Blok C11 in ruitnet Rn 2 lê min of meer oor Gardner se toetsgat nr. 9 (1935).

Dit het duidelik geword dat die opgrawing op een van twee wyses uitgevoer kan word.

(a) Enkele blokke kan volledig opgegrawe word tot op steriele bodem. 'n Volledige vertikale laag-chronologie kan sodoende bestudeer word, maar die kans dat hutoorblyfsels gevind sal word, is meer beperk.

(b) 'n Groter aantal blokke kan opgegrawe word. Maar weens die wyer horisontale omvang van die opgrawing en die min beskikbare tyd, sal al die lae van bo na onder nie opgegrawe kan word nie. Daar is egter 'n groter moontlikheid dat hutte oor 'n wyer horisontale opgrawingsvlak gevind sal kan word. Derhalwe is 'n aantal klein toetsslote gegrawe tot op rotsbodem; en waar daar op hierdie wyse tekens van hutte waargeneem is, is die opgrawing uitgebrei tot die volle omvang van die betrokke blokke.

Hierdie klein toetsslote is gegrawe langs lyn C5-C9 (profiel C5-C9);

in blokke B9 en B10 (langs lyne B9/C9-B11/C11); blokke A8, C8 en D8 (profiel A8/A9-E8/E9); blok A9 (profiel A9/A10-A9/B9; blokke D7 en D8 (gedeeltelik langs lyn D7/E7-D9/E9); gedeeltelik langs lyn D9-F9; en blokke A10, A11 tot B10 (langs lyne A11-A12 en A11-B11/C11).

Vanaf hierdie toetslote is lae 1 tot 3 dan gegrawe in die volgende blokke. Blokke C3, C4, B4 en C5 (soos reeds vermeld) blok B8 met smal aangrensende gedeeltes van blokke B7, C7 en C8, met die doel om die oorblyfsels van 'n groot hut (B8.3(i).1) bloot te lê. Al hierdie materiaal word gemaklikheidshalwe gemerk met die enkele bloknommer B8. Daarbenewens word gedeeltes gegrawe van blokke C7, D7, C8 en D8. Blokke A9, D9, D10 en E10 word ook oor hulle volle oppervlakte ondersoek. Slegs 'n smal trap word in blok A9 langs lyn B9-B10 gelaat.

Tekens van verskeie gebrande hutte is op hierdie wyse gevind. Die keramiekware wat in hierdie lae gevind is, is kenmerkend van die K2- of M2-tradisie. Dit is duidelik dat 'n direkte laagverband bestaan tussen die M2-potwerk van K2 en die gebrande hutoorblyfsels. Die verband tussen die boustrukture en die keramiek (wat 'n duidelik geïdentifiseerde argeologiese kultuur of tradisie verteenwoordig) is met sekerheid bepaal.

Die beskrywing van elke afsonderlike laag geskied in breë trekke vir al die blokke gesamentlik.

Laag 1

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond en bevat relatief min kulturele materiaal. Dit vorm die verweerde oppervlakte van die terrein.

Laag 2 (vgl. sketsfige. 30, 35)

Dit is 'n laag wat strek oor die totale oppervlakte wat gegrawe is. Dit bestaan feitlik deurgaans uit growwe, rooi gruis wat op plekke gemeng is met ligbruin sandgrond. Die rooi gruis is òf oorblyfsels van 'n woonvloer òf dit is gruis wat mettertyd vanaf 'n woonvloer met sandgrond vermeng geraak het. Dit is op plekke betreklik vaag en kan daar gevolglik moeilik 'n verband tussen die rooi gruis en hutoorblyfsels

gevind word. Die rede hiervoor is die natuurlike verwerking van die terrein-oppervlakte. Die jongste, boonste tekens van bewoning in Rn 2 kom voor in laag 2.

In blokke D10 en E10 verdwyn die gruislae en bestaan laag 2 hier uit grysbruin, asagtige sandgrond met klippe, bene en potskerwe.

Onder laag 2, d.w.s. in laag 3, is daar prominente bewoningsoorblyfsels wat grootliks met liggeel of witterige gruisvloere geassosieer word.

In blok B8 is daar oorblyfsels van 'n hutvloer (B8.3(i).2) in laag 3 wat vermoedelik kontemporêr was met die vorming van die rooi gruislae waaruit laag 2 bestaan. Hoewel die hutvloer as deel van laag 3 (nl. laag 3(i)) gevorm het en as sodanig opgegrawe is, het die hut dus tog bestaan terwyl 'n rooi gruis-woonvloer (laag 2) rondomheen gevorm het. Die hut het later afgebrand en hutpuin het skynbaar oor minstens 'n gedeelte van die rooi gruis van laag 2 beland. Die vorming van laag 2 en die verspreiding van die rooi gruis korrels uit die rooi woonvloer het sedertdien vanweë natuurverwerking voortgeduur totdat 'n ligbruin sandgrondlaag (laag 1) dit uiteindelik bedek het.

Detail (vgl. sketsfige. 30, 31)

- C3.2.1 Dit is 'n rooi gruislaag, skynbaar 'n woonvloer, wat o.a. voorkom in blokke C3, B4 en C4. Dit is op plekke plat en gelyk en afgewerk soos 'n vloer. Dit is bedek deur 'n dun lagie grys as buite langs muurfondasie C4.2.3. Dit lê op 'n diepte van 30 cm tot 40 cm.
- C3.2.2 Dit is 'n grys askol wat 'n konsentrasie potskerwe en bene bevat. Dit dring deur vloer C3.2.1 en is oënskynlik 'n afvalgat.
- C3.2.3 Dit is 'n klein konsentrasie klippe, klonte gebrande graan en stukke gebrande hutpuin langs vloer C3.2.1 naby hoek C3.
- C4.2.1 Dit is 'n dik, harde, rooi gruisvloer wat opgebou is tot 'n soort platvorm. Dit lê hoër as vloer C3.2.1 en is opgebou

tot op 'n hoogte van 18 cm onder meetvlak. Langs lyn B4-B5 lê dit gedeeltelik bo-oor vloer C3.2.1. Vloer C4.2.1 vorm verder in blokke B4 en C4 'n boogvormige rand. Dit kan moontlik die vloer van 'n hutvormige struktuur wees. 'n Opgraving van die aangrensende blokke is nodig om die aard van die vloer vas te stel. In blok C5 langs lyn C5-C6 is die gruis swart gebrand.

C4.2.2 Dit is 'n boogvormige strook sandgrond wat die vorm van 'n fondasieslootjie (5 cm breed) aanneem. Dit lê min of meer om die rand van vloer C4.2.1.

C4.2.3 Dit is die oorblyfsels van dertien paaltjies wat min of meer om die rand van vloer C4.2.1 en in fondasiesloot C4.2.2 gerangskik is. Die paaltjies was 3 cm tot 5 cm breed en is onreëlmatig versprei met tussenruimtes van 15 cm, 30 cm en meer.

Laag 3 (vgl. sketsfige. 31, 32; foto's 40, 41)

Algemene beskrywing

Die laag word hoofsaaklik gekenmerk deur oorblyfsels van gebrande hutte, heelwat duidelike liggeel tot witterige gruisvloere sowel as rooi gruislae en -vloere.

In blokke C3 en C4 bestaan die laag uit ligbruin sandgrond met kolle rooierige gruisakorrels in die grond. In hoek C3 vorm die gruis 'n vaste laag. In blok C4 bestaan die oppervlakte van die laag uit ligbruin sandgrond. Askolle met klippe, bene en potskerwe kom hier en daar voor.

In blok D10 en aangrensende gedeeltes van die omliggende blokke bestaan die laag hoofsaaklik uit grys tot grysbruin asgrond met klippe, bene en potskerwe.

In blok B8 lê die oorblyfsels van twee afgebrande hutte opmekaar en word respektiewelik van bo na onder genoem lae 3(i) en 3(ii). Soos reeds vermeld, lyk dit asof die rooi gruislaag (laag 2) vasloop teen

hierdie hutoorblyfsels. In blokke D10 en E10 is laag 3 dik en bestaan uit kulturele oorblyfsels wat op verskillende vlakke lê. In die basis van die laag kom tekens van 'n gebrande hutfondasie voor - die basis van die laag word hier veiligheidshalwe as laag 3(i) verwyder omdat dit vermoedelik tot dieselfde woonoppervlakte behoort as die afgebrande hut B8.3(i).2 in laag 3(i) in blok B8.

Detail

Die detail van die onderskeie blokke word in die volgende volgorde beskryf: blokke C3, C5, A9, B8, D8, D10 en E10.

- C3.3.1 (vgl. sketsfig. 31). Tekens van 'n afgebrande hut in hoek C3. Oorblyfsels van gebrande hutpuin, paalgate en verkoolde paaltjies kom voor. Geen duidelike vloer of planvorm is sigbaar nie.
- C5.3.1 (vgl. sketsfig. 31). 'n Laag growwe, rooi gruis. Dit is tot 30 cm dik. Die oppervlakte is grof en op plekke swart gebrand. Die gedeelte wat in blok C5 sigbaar is, toon geen spesifieke planvorm nie.
- C5.3.2 (vgl. sketsfig. 31). Dit is 'n fondasiesloot by die rand van vloer C5.3.1. Dit is 10 cm tot 15 cm breed en vertoon 'n effens kronkelende planvorm. Enkele tekens van gebrande hutklei kom daarin voor.
- C5.3.3 (vgl. sketsfig. 31). Oorblyfsels van houtpaaltjies en paalgate in fondasiesloot C5.3.2. Die pale was 8 cm tot 15 cm en verder van mekaar gespasieer en was 4 cm tot 5 cm dik.
- A9.3.1 (vgl. sketsfig. 32a). 'n Kol gebrande hutpuin wat min of meer 'n sirkelvormige verspreidingspatroon vorm. Die puin lê in 'n sirkelvormige holte wat klaarblyklik gevorm is deur die opbouing van grondlae buite-om teen die hutmuur voordat dit afgebrand het. Die hutpuin lê ongeveer op 'n diepte van 40 cm.
- A9.3.2 (vgl. sketsfige. 32a-b). Oorblyfsels van enkele verkoolde paaltjies min of meer om die rand van en ook in hutpuin A9.3.1. Die oorblywende paaltjies is 4 cm tot 5 cm dik en hou klaarblyklik verband met die afgebrande hutmuur.
- A9.3.3 (vgl. sketsfige. 32a-b). Dit is 'n rooi gruisvloer, 2 cm tot

3 cm dik en lê op 'n diepte van 62 cm tot 64 cm. Dit is hard gekonsolideer. Dit het 'n sirkelvormige planvorm met 'n deursnee van 1,60 m.

A9.3.4 Dit is 'n rooi gruisvloer, 2 cm tot 7 cm dik en lê onder vloer A9.3.3.

B8.3(i).1 Dit is 'n groot kol gebrande hutpuin wat reeds onder laag 1 sigbaar was. Dit lê op vloer B8.3(i).2 en is die puin van die afgebrande muur waarvan verkoolde paaltjies (B8.3(i).3) om die vloer (B8.3(i).2) sigbaar is.

B8.3(i).2 (vgl. sketsfige. 33a, 35a-b; foto 40). Dit is 'n gruisvloer wat 6 cm tot 8 cm dik is. Dit was vermoedelik oorspronklik 'n rooi vloer maar is so erg gebrand dat dit 'n geel kleur aangeneem het. Die vloer is minstens een keer hernu want dit bestaan uit twee duidelik onderskeibare gruislae, elk met 'n glad afgewerkte oppervlakte. Dit het 'n min of meer sirkelvormige planvorm (deursnee 2 m tot 2,50 m), is 'n hutvloer en lê onder die gebrande hutpuin B8.3(i).1. Dit word omring deur 'n reeks verkoolde hutpaaltjies (B8.3(i).3). Die vloer is erg verbrokkel en die stukke van die vloer is sywaarts gekantel - vermoedelik omdat dit rus op 'n baie swak basis van gebrande hutpuin (B8.3(ii).1).

B8.3(i).3 (vgl. sketsfig. 33a). Oorblyfsels van verkoolde hutpaaltjies, 4 cm tot 5 cm dik, gespasieer met onreëlmatige tussenruimtes rondom gruisvloer B8.3(i).2. Dit was deel van 'n hutmuur wat waarskynlik uit nog meer pale bestaan het. Die paaltjies was oënskynlik in 'n fondasiesloot (tot 20 cm breed) ingeplant.

B8.3(ii).1 (vgl. sketsfige. 35a, b). Dit is 'n kol gebrande hutpuin direk onder vloer B8.3(i).2. Die puin lê bo-op vloer B8.3(ii).2.

B8.3(ii).2 (vgl. sketsfige. 33b, 35b). Dit is 'n sirkelvormige hutvloer (plansirkel ongeveer 2,80 m in deursnee). Die vloer is geleë op 'n diepte van 66 cm tot 68 cm, is 3 cm dik en bestaan uit pienkbruin sandgrond. Die vloer was oorspronklik plat afgewerk maar is in 'n gehawende toestand.

- B8.3(ii).3 (vgl. sketsfig. 33b). Dit is oorblyfsels van 'n aantal verkoalde paaltjies, ongeveer 3 cm dik en met tussenruimtes van 10 cm tot 30 cm in 'n sirkel geranskik om vloer B8.3(ii).2.
- B8.3.1 (vgl. sketsfig. 35c). Dit is 'n kol gebrande hutpuin in blok D8. Dit lê gedeeltelik onder 'n onegalige, wit gruislaag en bo-op vloer D8.3.2.
- D8.3.2 (vgl. sketsfige. 34a, 35c; foto 41). Dit is 'n dun, verweerde sandvloertjie, behoort klaarblyklik tot 'n sirkelvormige hut (sirkeldeursnee volgens skatting ongeveer 170 cm). Dit lê op 'n wit gruislaag en word nie verwyder nie. Die rand van die vloer en muurbasis van die hut is uiters onduidelik en dus moeilik herkenbaar. Diepte ongeveer 75 cm.
- D8.3.3 (vgl. sketsfig. 34a). Enkele dun, verkoalde oorblyfsels van muurpale (dikte 3 cm tot 4 cm) langs die rand van die vloer (D8.3.2).
- D10.3.1 (vgl. sketsfig. 34b). Potskerf langs lyn D11-E11.
- D10.3.2 (vgl. sketsfig. 34b). Moontlike oorblyfsels van verkoalde paaltjies. Hou moontlik verband met hutpuin D10.3.6 wat langsaan lê.
- D10.3.3 (vgl. sketsfig. 34b). Konsentrasie klippe, bene en potskerwe.
- D10.3.3(i) (vgl. sketsfig. 34b). Punt van olifant tand - waarskynlik deel van D10.3.5.
- D10.3.4 (vgl. sketsfig. 34b). Konsentrasie klippe en potskerwe.
- D10.3.5 (vgl. sketsfig. 34b). Olifant tand in erg gehawende toestand.
- D10.3.6 (vgl. sketsfig. 34b). Kol gebrande sanderige puin, moontlik van 'n klein, ligte boustruktuur wat onherkenbaar verbrand het.
- D10.3.7 (vgl. sketsfig. 34b). Klip met gladgeskuurde gebruiksoppervlakte.
- D10.3.8 (vgl. sketsfig. 34b). Sirkelvormige harde sandstrook (sirkeldeursnee ongeveer 50 cm) langs lyn D10-D11.

Interpretasie en rekonstruksie van die stratifikasie in Rn 2

Die toetslote wat gegrawe is, gee 'n weergawe van die vertikale opeenvolging van lae op 'n beperkte gedeelte van die afsetting. Die horisontale verwantskap van gestratifiseerde verskynsels soos gruisvloere, hutpuin ens. kan deels vasgestel word m.b.v. die toetslote, maar veral ook deur versigtige sywaartse opgrawing op groter skaal as wat tot hierdie stadium gedoen is.

Die afsetting in opgrawing Rn 2 bevat heelwat oorblyfsels van alledaagse lewensaktiwiteite. 'n Indeling van die afsetting in hooflae word gebaseer op twee brandpuinlae wat die een bo die ander lê en word as volg uiteengesit.

1. Die oudste en dus onderste hooflaag bestaan uit laag 5. Hierdie laag is nie opgegrawe nie en is net in die wande van die toetslote waargeneem. Dit lyk of laag 5, wat op rotsbodem en steriele sandgrond lê, bestaan uit rooibruin sandgrond met tekens van as, houtskool, tekens van rooi gruisvloere en ander bewoners-oorblyfsels.
2. Die tweede oudste hooflaag bestaan uit laag 4. Laag 4 bestaan hoofsaaklik uit rooi of liggeel tot witterige gruisvloere en tekens van gebrande muurpuin.
3. Die derde oudste hooflaag bestaan uit laag 3. Laag 3 word gekenmerk deur rooi maar veral ook liggeel tot witterige gruisvloere wat in bepaalde gevalle hard en glad afgewerk is. In laag 3 kom onteenseglike tekens van verskeie afgebrande hutte voor. Die mees prominente hutverskynsels is die twee groot enkelmuur-hutte (vgl. sketsfig. 33a-b) in blok B8 (vgl. lae 3(i) en 3(ii)). Dit wil voorkom asof die hutte van laag 3 reeds bestaan het voordat die rooi gruislae van laag 2 gevorm het. Die hut in laag 3(ii) (vgl. sketsfig. 33b) het afgebrand waarna die tweede hut (vgl. sketsfig. 33a) in laag 3(i) bo-oor die puin (B8.3(ii).1) van die eerste gebou is. Die tweede hut het later afgebrand en die puin B8.3(i).1 daarvan het deels bo-oor die rooi gruis (laag 2 genoem) versprei geraak. Intussen is die kleiner hut met 'n gruisvloer (A9.3.3) in blok A9 en die kleiner hut in blok D8 met 'n sandvloer

(D8.3.2) ook gebruik en het hulle self ook afgebrand.

Die grondafsetting met heelwat huishoudelike afvalmateriaal en diverse kulturele materiaal in blokke D10 en E10 het skynbaar gevorm in of buite die konsentrasie van hutte wat in Rn 2 waargeneem is. Hierdie hutoorblyfsels vorm egter 'n deel van 'n groter hutkompleks waarvan oorblyfsels waarskynlik buite-om Rn 2 bestaan.

4. Die vierde hooflaag bestaan uit lae 2 en 1. Lae 2 en 3 is op plekke moeilik onderskeibaar en lyk dit of laag 2 by laag 3 aansluit. Laag 2 word oor die algemeen gekenmerk deur 'n rooi gruislaag wat wyd verspreid voorkom en op plekke gemeng met grond voorkom.

Laag 1 is slegs die verweerde oppervlakte van die terrein, dit bestaan uit ligbruin sandgrond en bevat relatief min kulturele materiaal.

3.4 OPGRAWING TS 1

Algemeen (vgl. sketsfige. 36a, 38, 39; foto 46)

Die opgrawing word uitgelê in die vorm van 'n toetssloot wat afwaarts teen die helling lê. Dit is 2 m breed, 14 m lank en word opgedeel in blokke van 2 m x 2 m elk. Blokke A4, A5 en A6 word opgegrawe. Omdat die opgrawing geleë is teen die helling van Bambandyanalo, word die basislyn trapsgewyse teen die helling gespan. Kantlyn A word as basislyn gebruik. Hoekpunte A1 en A8 word as basispunte met behulp van sementblokke gemerk.

Die sementoppervlakte van punt A1 is op die grondoppervlakte en word vir opgrawingsdoeleindes as meetvlak (of 0-vlak) geneem. Die meetvlak (basislyn) vir blok A4 lê 113 cm onder die 0-vlak by punt A1. Die meetvlak van blok A5 lê 165 cm laer as die zerovlak by A1. Die meetvlak van blok A6 lê 215 cm laer as die zerovlak by punt A1.

Vir beskrywingsdoeleindes word gerieflikheidshalwe slegs die dieptemates in elke blok onder die meetvlak van daardie spesifieke blok gebruik.

Laag 1 (vgl. sketsfige. 36b, 38, 39; foto 42)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond en is op plekke asagtig in die basis. In blokke A5 en A6 kom heelwat bene en potskerwe voor in die basis van die laag. In hoek B4 kom 'n kol gruis voor. In blok A5 kom twee askolle voor.

By punt A6, aan die buitekant van Ts 1, lê 'n rotsblok met 'n horisontale lengte-deursnit van 117 cm. Bo-in die rotsblok is 'n ronde gat, skynbaar 'n vyselgat wat 8 cm diep en 17 cm wyd is. Die rots is waarskynlik gebruik as 'n vysel. Die oppervlakte steek bokant die grond uit en die basis daarvan lê in laag 3.

Detail (vgl. sketsfig. 36b)

A5.1.1 (vgl. foto 42). Dit is die oorblyfsels van 'n groot kleipot,

geleë langs lyn B5-B6, 8 cm diep onder die grondoppervlakte en 50 cm onder basisvlak A5. Die pot was vermoedelik oorspronklik in 'n gat geplaas en het sodoende grootliks behoue gebly.

- A5.1.2 Dit is 'n konsentrasie klippe, bene en potskerwe op punt B5. Diepte : ongeveer 21 cm onder basisvlak A5.
- A5.1.3 Dit is 'n konsentrasie klippe, bene en potskerwe in die sentrale deel van blok A5. Dit lê op 'n diepte wat wissel van 19 cm tot 45 cm onder basisvlak A5.
- A6.1.1 Dit is 'n tuinrollerkraal op 'n diepte van 45 cm onder basisvlak A6.
- A6.1.2 Dit is 'n gedeelte van 'n potskerf op 'n diepte van 36 cm onder basisvlak A6.
- A6.1.3 Dit is 'n konsentrasie klippe, bene en potskerwe op 'n diepte wat wissel van 29 cm tot 40 cm onder basisvlak A6.
- A6.1.4 Dit is 'n kleifiguurtjie op 'n diepte van 40 cm onder basisvlak A6.

Opsomming van laag 1

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond met tekens van as. Klippe, bene en potskerwe kom individueel en in konsentrasies voor.

Laag 2 (vgl. sketsfige. 36c, 38, 39; foto 43)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond. In blok A6 verskyn gruis-korrels in die basis van die laag. Heelwat klippe, bene, potskerwe en tekens van as kom voor.

Detail (vgl. sketsfig. 36c)

- A4.2.1 Dit is 'n gedeelte van 'n kraalvorm. Diepte : 72 cm onder basisvlak A4. Dit kom voor tussen 'n konsentrasie klippe en bene.

- A4.2.2 Dit is 'n gedeelte van 'n kraalvorm. Diepte : 82 cm onder basisvlak A4. Dit lê by 'n konsentrasie bene, klippe en potskerwe.
- A4.2.3 Dit is 'n gedeelte van 'n keramiekhouer. Diepte : 75 cm onder basisvlak A4.
- A4.2.4 Dit is 'n gedeelte van 'n kraalvorm. Diepte : 83 cm onder basisvlak A4.
- A5.2.1 Oorblyfsels van 'n kleipot. Dit lê onderstebo op 'n diepte van 33 cm onder basisvlak A5.
- A5.2.2 'n Potskerf. Diepte : 37 cm onder basisvlak A5.
- A5.2.3 'n Potskerf. Diepte : 70 cm onder basisvlak A5.

Opsomming van laag 2

Die laag bestaan hoofsaaklik uit ligbruin sandgrond met tekens van as, klippe, bene en potskerwe. Blok A4 word gekenmerk deur die aanwesigheid van gebreekte kraalvormpies.

Laag 3 (vgl. sketsfige. 36d, 38, 39; foto 44)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin, sagte, asagtige sandgrond. Heelwat klippe, bene en potskerwe kom voor. Die laag kom voor in blok A4 en loop hoofsaaklik dood in blok A5. Gruiskorrels kom voor in die basis van die laag.

Detail (vgl. sketsfig. 36d)

- A4.3.1 Oorblyfsels van 'n kleipot. Diepte : 78 cm onder basisvlak A4.
- A4.3.2 'n Potskerf. Diepte : 85 cm onder basisvlak A4.
- A4.3.3 'n Potskerf. Diepte : 83 cm onder basisvlak A4.
- A4.3.4 'n Gebreekte kraalvorm. Diepte : 79 cm onder basisvlak A4.
- A4.3.5 Gedeeltes van kraalvorms op 'n diepte wat wissel van 90 cm tot 94 cm. Geleë tussen klippe, bene en potskerwe.

- A4.3.6 Skedelgedeelte, 85 cm onder basisvlak A4.
- A5.3.1 Oorblyfsels van 'n keramiekhouer. Diepte : 36 cm onder basisvlak A5.
- A5.3.2 Oorblyfsels van 'n keramiekhouer. Diepte : 38 cm onder basisvlak A5.
- A5.3.3 Potskerf. Diepte : 43 cm onder basisvlak A5.
- A5.3.4 Potskerwe. Diepte : 70 cm onder basisvlak A5.
- A5.3.5 Tuinrollerkraal. Diepte : 45 cm onder basisvlak A5.

Opsomming van laag 3

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond met as, klippe, bene en potskerwe.

Laag 4 (vgl. sketsfige. 37a, 38, 39)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit sagte, ligbruin sandgrond. Heelwat rooi en vaalwit gruiskorrels kom in die grond voor. Rotsbodem verskyn op plekke in die basis van die laag. 'n Konsentrasie klippe met bene en potskerwe kom voor in die middel van die blok. Langs lyn A6-B6 kom 'n digte, horisontale konsentrasie klippe voor. 'n Liggrys, sagte askol kom voor op punt B6 op 'n diepte van 100 cm onder basisvlak A5. Sagte, grys asgrond kom voor op punt A6 op 'n diepte van 103 cm onder basisvlak A5. Langs lyn A4-B4 is 'n konsentrasie klippe (A4.5.1) wat lyk asof dit ingepak is in 'n holte in die rotsbodem. 'n Konsentrasie (A4.5.2) klippe, bene en potskerwe met grysbruin asgrond kom voor in 'n holte in die rotsbodem by punt A5.

Detail

- A4.4.1 'n Potskerf. Diepte : 74 cm onder basisvlak A4.
- A5.4.1 'n Tuinrollerkraal. Diepte 68 cm onder basisvlak A5.
- A5.4.2 'n Potskerf langs lyn A5-A6. Diepte : 102 cm onder basisvlak A4.

Opsomming van laag 4

Die laag bestaan uit ligbruin, fyn, sagte sandgrond. Klipkonsentrasies kom voor.

Laag 5 (vgl. sketsfige. 37a, 37b, 38, 39)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin, sagte, fyn sandgrond en lê direk op rotsbodem. Die laag is baie dun, klipperig en feitlik steriel.

Detail (vgl. sketsfig. 37a, 37b)

- A4.5.1 Dit is 'n vlak gat in die rotsbodem langs lyn A4-B4, gevul met kleiner klippe onder en groter klippe bo. Die gat is 60 cm wyd en die hoogste punt van die klipkonsentrasie is op 'n diepte van 71 cm onder die basisvlak. Die klippe het reeds in laag 4 tevoorskyn gekom.
- A4.5.2 (vgl. foto 45). Dit is 'n holte in die rotsbodem op punt A5, is ongeveer 85 cm wyd, 22 cm diep en is gevul met klippe, bene, potskerwe en sagte, grys tot grysbruin asgrond.
- A4.5.3 Dit is 'n vlak holte in die rotsbodem by lyn B4-B5. Dit is gevul met ligbruin, sanderige grond wat kulturele materiaal bevat.
- A5.5.1 Dit is 'n vlak, sirkelvormige holte in die rotsbodem en is 40 cm wyd. 'n Plat klip lê in die holte. Die holte is gevul met ligbruin sandgrond.

Opsomming van laag 5

Laag 5 is 'n dun, feitlik steriele, klipperige, ligbruin sandgrondlaag wat direk op rotsbodem lê. 'n Viertal holtes kom in die rotsbodem voor en is gevul met klippe, sandgrond en huishoudelike afvalmateriaal.

Rekonstruksie en interpretasie van die stratifikasie in Ts 1

Die afsetting vertoon 'n homogene karakter, bestaande uit ligbruin tot

grysbruin sandgrond met as, klippe, bene, potskerwe en ander kulturele afvalmateriaal. Die lae word in 'n groot mate arbitrêr van mekaar geskei. In sy geheel is die afsetting soortgelyk aan dié van 'n afvalhoop, vermoedelik aan die buitekant van 'n kompleks van woonstrukture.

3.5 OPGRAWING TS 2

Algemeen (vgl. sketsfige. 5, 40a)

Die opgrawing is uitgelê in die vorm van 'n toetssloot wat afwaarts teen die helling van Bambandyanalo lê.

Ts 2 is geleë aan die kant van 'n ou toetssloot wat in die dertigerjare gegrawe is. Omdat die A-lyn van Ts 2 op die rand van die ou opgrawing geleë is, word die B-lyn as basislyn gebruik en met sementblokke gemerk. Die basispunte is B1 en B7.

In 1972 is Ts 2 uitgelê in die vorm van 'n toetssloot van 2 m x 12 m, opgedeel in blokke van 2 m x 2 m elk. Omdat blok A1 opgegrawe is, is die basispunt (op die B-lyn) vanaf punt B1 1 m verder uitgeskuif en B0 genoem. Blokke A1, A2 en A3 is opgegrawe. In 1974 en 1975 is die opgrawing uitgebrei aangesien grafte met kultuurkenmerkende goedere in Ts 2 gevind is. Hierdie bykomende blokke is steeds as 2 m x 2 m-eenhede uitgelê en is onderskeidelik genoem blokke A4, B4, A5, B5, C5, A6, B6 en C6. Die toetssloot neem dus hier die vorm van 'n ruitnet aan.

Die 1972-opgrawing (blokke A1, A2 en A3) is afsonderlik opgegrawe en beskryf. Die 1974-75-opgrawing is afsonderlik uitgevoer en word voorts dan ook afsonderlik beskryf.

Die sementvlak op punt B0 word as O-vlak geneem. Die meetvlak (d.w.s. sementoppervlakte) van punt B6 is 245 cm laer as dié van basispunt B0.

Basisvlak (meetvlak) A1 is 18 cm laer as basispunt B0; basisvlak A2 is 68 cm laer as B0 en basisvlak A3 is 103 cm laer as B0.

In die opgrawings van 1974-1975 is die basisvlak op punt B6 (245 cm laer as B0) as 'n plaaslike basispunt gebruik. Basisvlakke A4 en B4 is 200 cm laer as B0. Basisvlakke A5, B5, C5 en C6 is 191 cm laer as B0. Basisvlakke A6 en B6 is 245 cm laer as B0.

BLOKKE A1, A2 EN A3 (1972-OPGRAWING)

Algemeen (vgl. sketsfige. 40a-d, 41a-c, 42a-b)

Die afsetting in die drie blokke word gesamentlik as 'n eenheid opgegrawe

en beskryf. So ver as moontlik word die lae van mekaar geskei op grond van visueel waarneembare verskille. Arbitrêre laagverdeling word as 'n sekondêre hulpmiddel aangewend.

Laag 1 (vgl. sketsfige. 40b, 42a-b)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin, harderige sandgrond. Dit vorm die oppervlakte van die afsetting, bevat moontlik spoelgrond van die afsetting hoër op teen die helling of is moontlik in 'n mate weggespoel. Op die grondoppervlakte lê 'n aantal potskerwe, klippe en bene onreëlmatig versprei. Ligbruin gruiskorrels kom op plekke voor. In die basis van die laag verskyn 'n aantal klippe, potskerwe en bene wat as deel van laag 2 se oppervlakte beskryf word.

In blok A2 is 'n konsentrasie klippe met bene en potskerwe wat afwaarts voorkom tot op die oppervlakte van laag 2. Die bene en potskerwe is op so 'n wyse in die afsetting geleë dat dit deel vorm van laag 2 se oppervlakte en word derhalwe as deel van laag 2 verwyder.

Detail (vgl. sketsfig. 40b)

A3.1.1 'n Kleikraal op 'n diepte van 29 cm onder basisvlak A3.

A3.1.2 'n Potskerf op 'n diepte van 44 cm onder basisvlak A3.

Opsomming van laag 1

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond met huishoudelike afval o.a. potskerwe, bene en 'n konsentrasie klippe.

Laag 2 (vgl. sketsfige 40c-d, 42a-b; foto's 47, 48)

Algemene beskrywing

Die laag bevat heelwat kulturele materiaal. Gemaklikheidshalwe word die laag dus in twee dele geïllustreer, nl. die boonste gedeelte en die onderste gedeelte daarvan onderskeidelik.

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin, sagte sandgrond. Heelwat klippe, bene en potskerwe en tekens van as kom in die laag voor. Langs lyn A3-B3 in die onderste deel van die laag is daar stukkies geel, gebrande klei en enkele stukke gekonsolideerde rooi gruis (vermoedelik stukke van 'n gruisvloer). Langs lyn A2-A3 kom ook stukkies gebrande hutklei voor. Laag 2 is op plekke ligter van kleur as laag 1.

Detail

- Al.2.1 (vgl. sketsfig. 40c). Gebreekte kraalvormpie. Diepte 59 cm onder basisvlak Al.
- Al.2.2 (vgl. sketsfig. 40c). Gebreekte tuinrollerkraal. Diepte 43 cm onder basisvlak Al.
- Al.2.3 (vgl. sketsfig. 40c). Potskerf. Diepte 64 cm onder basisvlak Al.
- Al.2.4 (vgl. sketsfig. 40c). Ronde vryfklip. Diepte 34 cm onder basisvlak Al.
- Al.2.5 (vgl. sketsfig. 40c). Vryfklip. Diepte 41 cm onder basisvlak Al.
- Al.2.6 (vgl. sketsfig. 40c). Konsentrasie volstruiseierdop- of skulpkrale. Diepte 42 cm onder basisvlak Al.
- Al.2.7 (vgl. sketsfig. 40c). Glaskraal. Diepte 40 cm onder basisvlak Al.
- Al.2.8 (vgl. sketsfig. 40c). Tuinrollerkraal. Diepte 34 cm.
- Al.2.9 (vgl. sketsfig. 40c). Gebreekte kraalvormpie. Diepte 67 cm onder basisvlak.
- A3.2.1 (vgl. sketsfig. 40d). Potskerf. Diepte 44 cm onder basisvlak A3.
- A3.2.2 (vgl. sketsfig. 40d). Potskerf. Diepte 39 cm onder basisvlak A3.
- A3.2.3 Stukke gebrande muurklei in 'n konsentrasie klippe.

Opsomming van laag 2

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin, sagte sandgrond en bevat heelwat huishoudelike afval o.a. as, klippe, bene en potskerwe. Tekens van gebrande hutpuin en rooi gruisvloere kom voor in blok A3.

Laag 3 (vgl. sketsfige. 41a, 42a-b; foto's 49, 50).

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond en tekens van as. Heelwat as, klippe, bene en potskerwe kom voor laer af in die laag.

In die basis van die laag naby lyn B1-B2 kom gebreekte kraalvormpies uit die grond wat tydens die opgrawing losgemaak is. Waarskynlik vorm dit deel van die konsentrasie gebreekte kraalvorms (A1.4.1) in laag 4.

Langs lyn A1-A2 lê 'n rooi gruishoop (afkomstig uit 'n holte (A1.4.2) in die gruisbodem direk daar langs) direk op steriele gruisbodem. Langs lyn A2-B2 lê 'n kol grysbruin, gebrande grond. In blok A2 en 'n deel van blok A3 is daar twee groot konsentrasies klippe, bene en potskerwe, onderskeidelik genoem A2.4(a) en A2.4(b). Hierdie konsentrasies kom egter hoofsaaklik laer af voor in laag 4 en in holtes in die rotsbodem (vgl. beskrywing van laag 4) en word as laag 4 opgegrawe en beskryf.

Oorblyfsels van twee grafte word gevind en word afsonderlik beskryf.

Detail (vgl. sketsfig. 41a)

- A1.3.1 Ronde klip. Diepte 49 cm onder basisvlak A1.
- A1.3.2 Gebreekte kraalvormpie. Diepte 66 cm onder basisvlak A1.
- A3.3.1 Dit is 'n kol growwe, rooi gruis langs lyn A3-A4. Dit het 'n ruwe, los oppervlakte. Planvorm onreëlmatig. Dikte: 5 cm. Diepte: wissel van 45 cm tot 57 cm onder basisvlak A3. Dit skei lae 3 en 4 van mekaar.
- A3.3.2 Dit is 'n kol liggeel gruis in hoek A4. Die gruis loop tot onder die kol rooi gruis (A3.3.1). A3.3.2 is ongeveer 4 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van 63 cm tot 72 cm onder basisvlak A3. Die oppervlakte daarvan is ru en los. Dit skei lae 3 en 4 van mekaar.

Opsomming van laag 3

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond en bevat as asook heelwat klippe, bene en potskerwe. Konsentrasies huishoudelike afvalmateriaal A2.4(a) en A2.4(b) word in laag 3 blootgelê maar behoort vermoedelik tot laag 4 omdat dit meer omvangryk voorkom in laag 4.

Laag 4 (vgl. sketsfige. 41b-c, 42a-b; foto's 51, 52)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin, klipperige sandgrond. In blok A1 loop die laag dood teen steriele bodemgruis en strek gevolglik nie tot by punt A1 nie. In blok A2 en veral blok A3 bestaan die laag uit grysbruin sandgrond met as. In blok A3 kom 'n onreëlmatige konsentrasie klippe voor.

Detail

- A1.4.1 (vgl. sketsfige. 41b-c, 42a). Dit is 'n konsentrasie gebreekte kraalvormpies en enkele stukkie houtskool in vaalbruin, sanderige grond. Diepte: 76 cm onder basisvlak A1.
- A1.4.2 (vgl. sketsfig. 41c; foto 51). Dit is 'n vlak gat in bodemgruis naby punt A2. Die gruis wat uit die gat afkomstig is, lê daar langsaan. Die gat is ongeveer 30 cm diep en 60 cm wyd. 'n Klein konsentrasie potskerwe lê in die gat.
- A2.4.1 (vgl. sketsfig 41b). Dit is metaalslak. Diepte: 72 cm onder basisvlak A2.
- A2.4(a) (vgl. sketsfige. 41a, c; foto 51). Dit is 'n vlak gat in steriele rotsbodem. Dit is ongeveer 30 cm diep en 130 cm wyd. Dit bevat ligbruin tot grys asgrond met heelwat as, klippe, bene en potskerwe.
- A2.4(a).1 (vgl. sketsfig. 41a). Oorblyfsel van 'n keramiekhouer geleë in A2.4(a)). Diepte: 53 cm onder basisvlak A2.
- A2.4(a).2 (vgl. sketsfig. 41c). Gebreekte kleifiguurtjie (geleë in A2.4(a)). Diepte 85 cm onder basisvlak A2.

- A2.4(b) (vgl. sketsfige. 41a, 41c; foto 51). Dit is 'n vlak gat in rotsbodem. Die holte is ongeveer 20 cm diep en 170 cm wyd. Dit is gevul met klippe, bene, potskerwe, as en grysbruin tot grys asgrond.
- A2.4(c) (vgl. sketsfig. 41c). Dit is 'n vlak gat in steriele bodemgruis. Dit is ongeveer 30 cm diep en tot 130 cm wyd. Dit is gevul met ligbruin tot grysbruin, asagtige sandgrond en 'n klein aantal klippe en potskerwe.

Opsomming van laag 4

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond. Vier gate in die rotsbodem kom voor en is gevul met asgrond en as, klippe, bene en potskerwe.

Graf Ts 2.G1 (vgl. sketsfige 41a, 45; foto 53)

Algemene beskrywing

Dit is die graf van 'n onvolwasse persoon. (Die linker-femur is 23 cm lank en die regter-humerus het 'n lengte van 15 cm). Die skelet lê op die regtersy met die knieë en hande opgetrek na die borsgedeelte ("embrionale" posisie). Die gesig en voorkant van die skelet kyk in 'n suidwestelike rigting. Die skelet is in 'n erg gehawende toestand en is grootliks beskadig deur opgrawers in die dertigerjare (die skelet lê in die bodem van die ou opgrawing langs Ts 2). Die graf is geleë langs lyn A1-A2 aan die buitekant van blok A1.

Die geraamte lê op rotsbodem. Dit is moeilik om presies vas te stel tot watter laag die graf behoort want die afsetting is nie duidelik gestratifiseerd nie en is om die graf hoofsaaklik verwyder deur opgrawers in die dertigerjare. Die skelet het 40 cm tot 50 cm onder die huidige grondoppervlakte gelê en behoort waarskynlik tot die laaste gedeelte van die bewoningstydperk van die onmiddellike omgewing.

Die graf is gegrawe in die asagtige grond wat heelwat huishoudelike afvalmateriaal bevat.

Grafgoedere het oënskynlik voorgekom maar is vermoedelik verwyder deur

die vroeë opgrawers. 'n Keramiekhouer en klein handelsglaskrale is die enigste grafgoedere wat nog behoue gebly het.

Detail (vgl. sketsfig 45; foto 53)

- Ts 2.G1.1 Dit is 'n ovaalvormige keramiekbak wat by die knieë van die geraamte lê.
- Ts 2.G1.2 Dit is 'n aantal klein, turkooiskleurige handelsglaskrale om die nek van die afgestorwene.
- Ts 2.G1.3 Dit is 'n aantal klein, turkooiskleurige handelsglaskrale wat oorspronklik om die linker-polsgewrig van die skelet was.

Opsomming van Graf Ts 2.G1.1

Dit is die graf van 'n onvolwasse persoon gegrawe in asagtige grond wat heelwat huishoudelike afvalmateriaal bevat. Die skeletoorblyfsels lê in 'n saamgetrekte ("embrionale") posisie, op die regtersy geplaas. Die skelet kyk in 'n suidwestelike rigting. Klein, turkooiskleurige glaskrale en 'n keramiekbak is as grafgoedere gebruik.

Graf Ts 2.G2 (vgl. sketsfige 41a, 41c, 46; foto's 50, 52, 54)

Algemene beskrywing

Die graf lê op lyn A3-A4 ongeveer 45 cm vanaf punt A4. Die vroeëre opgrawing sny deur die rand van die graf. Die skelet is in 'n gehawende toestand en is dié van 'n onvolwasse persoon. Dit lê op die regtersy met die linkerhand en knieë opgetrek na die skedel se gesigkant ("embrionale" posisie). Die skedelgesig kyk na die knieë d.w.s. in 'n noordelike rigting. Die voorkant van die skelet in sy geheel kyk ooswaarts.

Die graf is gegrawe in die afsetting wat steeds bestaan uit ligbruin tot grysbruin, asagtige sandgrond wat heelwat bene en potskerwe bevat. Die grond in die graf self is dieselfde as dié van die lae waardeur dit gegrawe is.

Die hoogste punt van die graf se grafgoedere lê ongeveer 23 cm onder

die huidige grondoppervlakte. Die graf is gegrawe deur gruislae A3.3.1 en A3.3.2 wat in die basis van laag 3 lê. So ver vasgestel kan word, kan die graf behoort tot enigeen van lae 1, 2 of 3 of 'n hoërliggende aard-afsetting wat reeds weggespoel is a.g.v. erosie.

Die linker humerus is 13 cm lank, die linker radius 11 cm, die oorblyfsels van die regter femur ongeveer 20 cm en die regter tibia 14,5 cm.

Die grafgoedere bestaan uit volstruiseierdopkrale by die nekwerwels; en gebreekte keramiekhouders (oënskynlik doelbewus gebreek) wat rondom die afgestorwene gepak is.

Detail (vgl. sketsfig. 46; foto 54)

Alle dieptemate word vanaf basisvlak A3 gemeet.

- Ts 2.G2.1 Fragmente van gebreekte keramiekhouer. Diepte 23 cm.
- Ts 2.G2.2 Gebreekte keramiekhouer. Diepte 75 cm.
- Ts 2.G2.3 Gebreekte keramiekhouer. Diepte 80 cm.
- Ts 2.G2.4 Potskerf. Diepte 78 cm.
- Ts 2.G2.5 Volstruiseierdopkrale. Dit lê in die ruimte tussen die skedelbasis, linker scapula en nekwerwels.

Opsomming van graf Ts 2.2

Die graf is dié van 'n onvolwasse persoon wat in 'n saamgetrekte posisie op die regtersy begrawe is sodat die voorkant van die persoon ooswaarts kyk. Die grafgoedere bestaan uit volstruiseierdopkrale by die nekwerwels en keramiekhouders (oënskynlik doelbewus gebreek) rondom die skelet. Die graf is gegrawe teen die helling van Bambandya-nalo, in asagtige grond wat baie huishoudelike afvalmateriaal bevat.

BLOKKE A4 EN B4 (1973-OPGRAWING)

Laag 1 (vgl. sketsfig. 43a)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond.

Detail (vgl. sketsfig. 43a)

A4.1.1 Groot klip (deursnee ongeveer 25 cm). Vorm blykbaar deel van die klipkonsentrasie A4.2.2 in laag 2. Diepte 25 cm onder basisvlak A4.

B4.1.1 Konsentrasie potskerwe, moontlik van 'n enkele pot. Diepte: 7 cm onder basisvlak B4.

Laag 2 (vgl. sketsfig 43b)

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond met heelwat as, klippe en bene.

Detail (vgl. sketsfig. 43b)

A4.2.1 Kol growwe, rooi gruis, moontlik oorblyfsels van 'n vloer. Diepte 37 cm onder basisvlak A4. Dikte 3 cm. Planvorm onreëlmatig.

A4.2.2 Konsentrasie klippe aan die rand van gruiskol A4.2.1.

A4.2.3 Klein konsentrasie klippe langs lyn A4-B4.

B4.2.1 Konsentrasie potskerwe, glas- en volstruiseierdopkrale. Klaarblyklik deel van Graf Ts 2.G3.

B4.2.2 Beendere. Blyk later gedeeltes te wees van die skelet in Graf Ts 2.G3.

B4.2.3 Kol rooi gruis langs lyn B4-C4. Diepte 36 cm onder basisvlak B4. Dikte ongeveer 3 cm. Planvorm onreëlmatig.

Laag 3 (vgl. sketsfig. 43c)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond met as.

Detail (vgl. sketsfig. 43c)

- A4.3.1 Konsentrasie klippe versprei in die vorm van 'n geboë lyn, soos om die rand van 'n sirkel.
- B4.3.1 Konsentrasie potskerwe. Diepte 48 cm onder basisvlak B4.
- B4.3.2 Klipkonsentrasie. Diepte 55 cm onder basisvlak B4.
- B4.3.3 Konsentrasie los bene en potskerwe, waarskynlik deel van die grond waarmee Graf Ts 2.G3 opgevul is.
- B4.3.4 Plat klip wat lê bo-op die graf-inhoud van Ts 2.G3.

Laag 4 (vgl. sketsfig. 43d)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond met as en heelwat bene en potskerwe.

Detail (vgl. sketsfig. 43d)

- A4.4.1 Versteuring in los, klipperige grond. Dit is vermoedelik soortgelyk aan die holtes in die rotsbodem in blok A2. Die holte is in hierdie geval egter gevul met klipperige sandgrond.
- B4.4.1 Versteuring in los, klipperige asgrond.

Graf Ts 2.G3 (vgl. sketsfige. 43d, 47; foto's 55, 56)

Algemene beskrywing

Die graf is geleë langs lyn B4-B5, 15 cm vanaf punt B5. Dit is gegrawe in asagtige sandgrond wat heelwat van die gewone huishoudelike afvalmateriaal (potskerwe, ens.) bevat. Die grond in die graf is van dieselfde aard.

Die skelet is dié van 'n onvolwasse persoon. Die hande en knieë is opgetrek na die gesig van die skedel ("embrionale" posisie) en die skelet lê op sy regtersy. Die gesig van die skedel kyk skuins afwaarts na die bodem van die graf. Die voorkant van die skelet kyk feitlik in

'n noordelike rigting.

Die grafgoedere bestaan uit keramiekhouers (oënskynlik doelbewus gebreek) wat om die skelet gepak is, 'n volledige tuinroller-glaskraal naby die onderkaak, koper-enkelringe en cowrieskulpe.

Die grafgoedere was reeds in laag 2 in die grond sigbaar en behoort dus óf tot laag 1 óf tot 'n grondlaag wat mettertyd reeds weggespoel het.

Detail (vgl. sketsfig. 47; foto 55)

- Ts 2.G3.1 Gebreekte keramiekhouer.
- Ts 2.G3.2 Gebreekte keramiekhouer.
- Ts 2.G3.3 Gebreekte keramiekhouer.
- Ts 2.G3.4 Potskerwe.
- Ts 2.G3.5 Koper-enkelringe, 5 om elke enkelgewrig.
- Ts 2.G3.6 Tuinroller-glaskraal.
- Ts 2.G3.7 Cowrieskulpe.

Opsomming van Graf Ts 2.G3

Dit is die vlak graf van 'n onvolwasse persoon, gegrawe in ashoopagtige grond aan die voet van Bambandyanalo-rant. Die skelet lê in 'n saamgetrekte ("embrionale" posisie) op sy regtersy en die voorkant daarvan kyk min of meer noordwaarts. Die grafgoedere bestaan uit gebreekte keramiekhouers, koper-enkelringe, 'n tuinroller-glaskraal en cowrieskulpe.

BLOKKE A5, B5, C5, A6, B6 en C6

Laag 1 (vgl. sketsfig. 44a)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit sagte, grysbruin sandgrond wat heelwat klippe, bene en potskerwe bevat. 'n Groot konsentrasie klippe kom voor, veral in blokke B5 en C5.

Detail (vgl. sketsfig. 44a)

- A5.0.1 Klip in oppervlakte.
- B5.1.1 Been.
- B5.1.2 Konsentrasie potskerwe.
- C5.1.1 Potskerf.
- C5.1.2 Skedelgedeeltes.
- C5.1.3 Bene.
- C5.1.4 Been.
- C5.1.5 Voetbene.
- C6.1.1 Kakebeen.
- C6.1.2 Kakebeen.

Laag 2 (vgl. sketsfig. 44b)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit sagte, grysbruin, asagtige sandgrond met heelwat klippe, bene en potskerwe wat onreëlmatig deur die afsetting versprei is. 'n Konsentrasie onreëlmatig verspreide klippe kom voor in blokke C5 en C6.

Detail (vgl. sketsfig. 44b)

- A6.2.1 Stukke gebrande hutpuin wat versprei is oor 'n aantal klippe, bene en potskerwe.
- B6.2.1 Potskerf.
- B6.2.2 'n Kol gekonsolideerde vaalwit gruis.
- C5.2.1 Konsentrasie potskerwe en bene.
- C5.2.2 Potskerf.
- C5.2.3 Klip met mika-agtige voorkoms.
- C6.2.1 Konsentrasie potskerwe.
- C6.2.2 Konsentrasie bene en potskerwe.

C6.2.3 Kakebeen.

Laag 3 (vgl. sketsfig. 44c)

Die laag bestaan uit grysbruin, asagtige sandgrond met klippe, bene en potskerwe. In blokke B5 en C5 verander die afsetting na harde rooibruin grond wat in blok B5 gruisagtig word.

Detail (vgl. sketsfig. 44c)

B5.3.1 Konsentrasie potskerwe, bene en houtskool.

C5.3.1 Gebreekte kleipot.

C5.3.2 Aslens met houtskool, 'n moontlike vuurmaakplek.

C6.3.1 Askol.

C6.3.2 Kol harde, rooi sandgrond.

Laag 4 (vgl. sketsfig. 44d)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit grysbruin, asagtige sandgrond. Die basis van die laag verander na steriele bodemgruis.

Interpretasie en rekonstruksie van die afsetting in opgraving Ts 2

Ts 2 is gegrawe teen die helling aan die voet van Bambandyanalorant. Die afsetting is hoofsaaklik ongeveer 0,5 m dik en bestaan uit asagtige sandgrond wat heelwat huishoudelike materiaal soos klippe, bene en potskerwe bevat. Die afsetting is homogeen van aard, m.a.w. dit lyk asof daar nie meer as 'n enkele fase of hoofstratum in die afsetting onderskei kan word nie.

Verskeie afgestorwe kinders is in hierdie afsetting begrawe. Die tipiese begrafniswyse bestaan daaruit dat die dooie persone op hulle sykante in 'n saamgetrekte ("embrionale") posisie in 'n klein, vlak gat in 'n sagte, asagtige afsetting begrawe is. Keramiekhouders is oënskynlik doelbewus gebreek en rondom die afgestorwene in die graf

geplaas. In sommige gevalle is koper-enkelringe, cowrieskulpe, volstruiseierdopkrale en glaskrale met die oorledene begrawe. Die begraafplaas is skynbaar 'n ashoopagtige, sagte grondafsetting buite-om die rand van 'n hutkompleks.

3.6 OPGRAWING TS 3

Algemeen (vgl. sketsfig. 48; foto's 57, 60-64)

Toetssloot Ts 3 word gegrawe op die hoogste punt van die sentrale ashoop. Die opgrawing word uitgemeet aan die rand van die ingevalle wand van Gardner se toetssloot nr. 1 van 1935. Ts 3 is aanvanklik 9 m lank en 3 m wyd, opgedeel in 3 m vierkante. Kantlyn A is geleë op die kant van die vervalde 1935-toetssloot en lyn B (parallel met lyn A) word as basislyn gebruik. Punte B en B4 word as basispunte met sementblokke gemerk. In blok A1 is die afsetting sodanig deur springhase beskadig (vgl. foto 57, sketsfig. 50a) dat die opgrawing hier gestaak is nadat die boonste 3 lae verwyder is.

Dit blyk egter op 'n vroeë stadium tydens die opgrawing dat slegs die boonste randgedeelte van Gardner se toetssloot ingeval het, dat die laer gedeelte van die oorspronklike wand daarvan deur ingevalle grond ondersteun is en sodoende behoue gebly het. Hierdie rand is 2 m tot 2,50 m buitekant Ts 3 geleë en word vir opgrawingsdoeleindes lyn O genoem. Tussen lyne O en A is daar dus 'n onversteurde afsetting. Ts 3 word derhalwe later tot teen lyn O uitgebrei. Die tussenruimte tussen lyne A en O word opgedeel in blokke O1 en O2. Vanaf laag 5 word blokke A2 en O2 gesamentlik opgegrawe tot en met laag 10.

Omdat die opgrawing van die groot ashoop met sy omvangryke afsetting 'n uiters tydrovende taak is en daar op hierdie stadium bloot net 'n kort studie van die vertikale chronologie van die stratifikasie gedoen word, is besluit om vanaf laag 11 slegs 'n toetsgat van ongeveer 2 m x 1,50 m te grawe. Die toetsgat grens aan lyn O2-O3 in blok O2. Die hoeke van die toetsgat word respektiewelik genoem O2/A, O2/B, O2/C en O2/D.

Die lae wat opgegrawe is, is die volgende.

Blok A1: lae 1 tot 3. Opgrawing hier gestaak a.g.v. versteurings deur springhase.

Blok A2: lae 1 tot 10.

Blok O2: lae 5 tot 10.

Hierna word die omvang van die opgrawing beperk tot die toetsgat in blok 02, d.w.s. lae 11 tot 24.

Die sementoppervlaktes van basispunte B en B3 is gelyk met die grondoppervlakte. Die horisontale vlak van die meetlyn B1-B3 is 119 cm bokant die sementvlak van punt B en 89 cm bokant die sementvlak van punt B4. Die meetvlak van die opgrawing lê op een enkele horisontale vlak (geen indeling in trappe nie).

Namate die opgrawing in blok 02 (toetsgat) vorder, is trappe ingesny in die wand van die opgrawing sodat die bodem van die opgrawing maklik bereik kan word en omdat die wand gedeeltelik hier wou instort.

Laag 1 (vgl. sketsfige. 49a, 54)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit grysbruin, asagtige, los sandgrond.

Detail (vgl. sketsfig. 49a)

- A1.1.1 Gebreekte kleifiguurtjie. Diepte 52 cm.
- A2.1.1 Kleivoorwerp. Diepte 22 cm.
- A2.1.2 Kleifiguurtjie. Diepte 26 cm.
- A2.1.3 Kleifiguurtjie. Diepte 26 cm.
- A2.1.4 Klipvoorwerp.
- A2.1.5 Klipvoorwerp.

Laag 2 (vgl. sketsfige 49b, 54)

Algemene beskrywing

Bestaan uit grysbruin, baie sagte, fyn, asagtige sandgrond. Word arbitrêr van laag 1 geskei hoewel laag 2 effens ligter van kleur is as laag 1.

Detail (vgl. sketsfig. 49b)

- A1.1.1 Konsentrasie klippe, bene en potskerwe in onversteurde stra-

tifikasie. Al.1.1(i) is 'n potskerf in konsentrasie Al.1.1.

A2.2.1 Beenwerktuig. Diepte 49 cm.

A2.2.2 Metaalslak. Diepte 60 cm.

A2.2.3 Potskerf. Diepte 56 cm.

Laag 3 (vgl. sketsfig. 54)

Algemene beskrywing

Bestaan uit grysbruin, baie sagte, fyn, asagtige sandgrond. Dit word arbitrêr van laag 2 geskei en lê bo-op rooibruin grond en wit aslae. Die laag is in so 'n mate deur springhase beskadig dat geen plantekening daarvan gemaak is nie.

Detail

A2.3.1 Metaalslak. Diepte 68 cm.

A2.3.2 Potskerf. Diepte 75 cm.

Laag 4 (vgl. sketsfig. 54)

Algemene geskrywing

Die laag bestaan uit grysbruin, sagte, fyn asgrond met insluitsels van as. Versteurings deur springhase kom voor. Laag 4 lê op 'n ligte rooibruin grondlaag (laag 5) met 'n rooibruin oppervlakte. Laag 4 daal skuins afwaarts in die rigting van laag A3-B3. Die laag kom net voor in blok A2 en is in so 'n mate deur springhase beskadig dat geen plantekening daarvan gemaak is nie.

Laag 5 (vgl. sketsfige. 50a, 54)

Algemene beskrywing

Laag 5 bestaan afwisselend uit rooibruin en ligbruin sandgrondlagies

sowel as wit tot liggrys aslagies. Die afsetting is baie sag en heel-
wat springhaasversteurings kom voor. Laag 5 lê bo-oor 'n laag (laag 6)
wat 'n prominente konsentrasie bene bevat. Op plekke is daar geen
wesentlike verkil tussen lae 4 en 5 nie. Laag 5 kom voor in blok A2
en strek tot in blok O2. Laag 5 verdik in die rigting van punt B3 in
so 'n mate dat dit arbitrêr onderverdeel word in lae 5(i) en 5(ii).
Laag 5 daal skuins afwaarts na lyn O3-B3.

Detail

A2.5.1 Gedeeltes van kleifiguurtjies. Diepte 90 cm.

A2.5.2 Kleifiguurtjie. Diepte 90 cm.

Laag 6 (vgl. sketsfige. 50b, 54; foto's 58, 59)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit grysbruin, asagtige sandgrond. Die laag bevat
buitengewoon baie bene en potskerwe asook klippe. Onder die laag lê
'n ligte rooibruin grondlagie wat as die oppervlakte van laag 7 beskou
word.

Detail

A2.6.1 Gebreekte keramiekhouer. Diepte 101 cm.

A2.6.2 Potskerwe. Diepte 100 cm.

A2.6.3 Potskerwe. Diepte 84 cm.

A2.6.4 Keramiekhouer. Diepte 67 cm.

A2.6.5 Gebreekte keramiekhouer. Diepte 132 cm.

A2.6.6 Potskerf. Diepte 114 cm.

A2.6.7 Potskerf. Diepte 113 cm.

O2.6.1 Beennaald. Diepte 70 cm.

O2.6.2 Klip. Reghoekige vorm, skuurmerke op 'n plat kant. Diepte 81 cm.

O2.6.3 Verkoolde graan. Diepte 122 cm.

Laag 7 (vgl. sketsfige. 51a, 54)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin fyn, sanderige, effens harde grond - word grys van kleur by punt B3. Tekens van as, heelwat houtskool en liggeel gruiskorrels kom voor in die grond. Lense wit as kom hier en daar voor, afgewissel met dun lagies ligbruin grond. Versteurings deur springhase dring deur die laag. In die oppervlakte van die laag kom 'n lagie ligte rooibruin grond voor.

Detail

02.7.1 Potskerf. Diepte 113 cm.

Laag 8 (vgl. sketsfige. 51b, 54)

Algemene beskrywing

Laag 8 bestaan afwisselend uit dun lae bruin tot ligbruin sandgrond en lae liggrys tot wit as met baie houtskool. Groot bene en potskerwe kom hier en daar voor. In hoek B3 verdik die laag duidelik afwaarts en bevat hier 'n konsentrasie klippe, bene en potskerwe. Springhaas=versteurings kom voor langs lyn 02-A2.

Detail

01.8.1 Potskerf langs lyn 02-A2. Diepte 83 cm.

01.8.2 Konsentrasie potskerwe by punt 02. Diepte 84 cm.

A2.8.1 Gebreekte kleifiguurtjie. Diepte 203 cm.

A2.8.2 Konsentrasie bene en potskerwe. Diepte 152 cm.

Laag 9 (vgl. sketsfige. 52a, 54)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan afwisselend uit lagies en lense van ligbruin sand=grond, grys asgrond en wit as. Baie houtskool kom voor.

Detail

A1.9.1 Koperslak naby lyn A2-B2. Diepte 115 cm.

- A1.9.2 Potskerf naby lyn A2-B2. Diepte 116 cm.
- A1.9.3 Gebreekte keramiekhouer naby lyn A2-B2. Diepte 117 cm.
- A1.9.4 Verkoolde graan naby lyn A2-B2. Diepte 116 cm.
- A2.9.1 'n Konsentrasie bene in hoek B3. Potskerwe en klippe kom voor. 'n Opvallende verskynsel is die prominente aanwesigheid van skedel- en kakebeengedeeltes. Diepte wissel van 170 cm tot 215 cm.

Laag 10 (vgl. sketsfige. 52b, 54)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan afwisselend uit ligbruin sandgrond en grysbruin asgrond.

Detail

- A2.10.1 'n Konsentrasie bene en potskerwe in hoek B3. Diepte ongeveer 230 cm.

Laag 11 (vgl. sketsfig. 55)

Algemene beskrywing

Vanaf laag 11 word die opgraving beperk tot die toetsgat in blok 02.

Die laag bestaan hoofsaaklik uit fyn, ligbruin sandgrond en grysbruin, fyn sanderige asgrond met lense van wit as. Die laag vertoon 'n afwaartse helling vanaf lyn 02/A-02/B.

Laag 12 (vgl. sketsfig. 55)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond met aslense. Langs lyn 02/A-02/B verdik die laag na bo en bevat heelwat bene en potskerwe in die basis.

Lae 13, 14 en 15 (vgl. sketsfig. 55)

Algemene beskrywing

Die lae bestaan uit grys tot grysbruin asgrond met lense van wit as, ligbruin sandgrond en houtskool. In laag 15 is daar klonte verkoolde graan. Die basis van laag 15 bestaan uit swart gebrande sandgrond. Die lae hiervandaan laer af lê min of meer in 'n horisontale posisie.

Laag 16 (vgl. sketsfig. 55)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond. Grys asgrond en kolle wit en grys as kom voor.

Lae 17, 18, 19, 20 en 21 (vgl. sketsfig. 55)

Algemene beskrywing

Hierdie lae bestaan net soos die hoërliggende lae uit ligbruin tot grysbruin asagtige sandgrond met lense van wit en grys as, maar het daarbenewens 'n meer ligbruin-kleurige en sanderige voorkoms as die oorliggende lae. In lae 17 tot 21 vertoon die askolle minder prominent as in die jonger lae daarbo. In lae 20 en 21 kom heelwat bene en potskerwe voor.

Lae 22 en 23 (vgl. sketsfig. 55)

Algemene beskrywing

Die lae bestaan hoofsaaklik uit donkerbruin grond wat minder sanderig van aard is as die oorliggende lae. Lae 22 en 23 vorm moontlik die rand van die beeskraal-afsetting aangesien dit op die oog af moontlik heelwat fyn organiese materiaal bevat. Geen duidelike tekens van 'n beeskraal-afsetting kom egter voor nie.

Laag 24 (vgl. sketsfig. 55)

Die laag bestaan uit ligbruin, steriele sandgrond en vorm die opper-

vlakke van steriele sandbodem. Rotsbodem lê ongeveer 25 cm tot 40 cm onder die basis van laag 24.

Rekonstruksie en interpretasie van die stratifikasie in Ts 3

Die aard van die totale afsetting is dié van 'n groot afvalhoop. Die enigste moontlike uitsondering is lae 22 en 23 wat moontlik die rand van die beeskraal kan wees. Lae 17 tot 21 het 'n minder asagtige en meer ligbruin, sanderige voorkoms as lae 1 tot 16.

Op plekke aan die ingevalle rand van Gardner se opgrawings kan gesien word hoe die ashoopafsetting gedeeltelik bo-oor die prominente wit beeskraal-afsetting lê. Die groot sentrale ashoop is dus minstens gedeeltelik jonger as die beeskraal.

3.7 OPGRAWING TS 4

Algemeen (vgl. sketsfig. 56)

Gardner se toetsgat nr. 1 van 1935 is skoongemaak en die wande bestudeer. Tekens van soliede gruisvloere en brandpuinlae is op plekke in die wande sigbaar. Gevolglik is daar besluit om 'n toetssloot (Ts 4) langs die een sykant van die ou toetsgat te grawe. Die doel van Ts 4 is die opsporing en bestudering van hutboustrukture.

Ts 4 is aanvanklik in 1972 opgegrawe as 'n toetssloot van 12 m x 3 m, opgedeel in blokke van 3 m x 3 m elk. Lyn A1-A5 is die basislyn. Punte A1 en A5 is as basispunte met sementblokke gemerk. Die basislyn (= meetvlak) is gespan 31 cm bokant die sementvlak (= grondvlak) op punt A1. Die huidige grondoppervlakte lê op punt A2 sowat 29 cm laer as die basislyn, en op punt A3 en A4 sowat 13 cm laer as die basislyn. Blokke A2 en A3 is gegrawe tot op rotsbodem. Blok A2 is later langs lyn B2-B3 met 'n afstand van 2 m sywaarts uitgebrei. Die uitbreiding is volgens die gebruiklike ruitnetsisteen genommer as blok B2. Blok B2 is slegs gegrawe tot op laag 4 want dit lyk nie of die lae dieper af in die blok baie belangrike gegewens sal oplewer nie.

In 1976 is Ts 4 uitgebrei tot 'n volwaardige ruitnet. Op lyn A1-C1 en A1-A3 is prominente hutvloere gekry, en gevolglik is Ts 4 uitgebrei m.b.v. lyne 00-D0 en 00-05 (vgl. sketsfig. 56).

Blokke A1 en B1 is volledig opgegrawe tot op rotsbodem. Blokke A0, B0 en 'n klein gedeelte van blokke C0 en C1 is gegrawe tot op rotsbodem, met uitsondering van 'n strook van 1 m breed langs lyn A0-C0 wat nie opgegrawe is nie omdat dit nie nodig was vir die blootlegging van die bg. hutoorblyfsels nie.

Blokke O1 en O2 is gegrawe tot op laag 3(iv). Laag 3(iv) bestaan uit die oorblyfsels van 'n interessante dubbelmuur-hut en is voorlopig nie verwyder nie.

Numerering van lae

Die laagnummers van die 1976-opgrawing stem nie heeltemal ooreen met

die laagnummers wat tydens die vroeëre opgraving (1972) gebruik is nie. Die lae van die verskillende opgrawings word bloksgewyse soos volg gekorreleer.

	Blokke (1972-opgraving) A2, A3, B2	Blokke (1976-opgraving) 01, 02, A0, B0, C0, A1, B1, C1
Lae	1	1
	2	2
	3	3(i), 3(ii)
	4	3(iii)
	5	3(iv)
	6	4
	7	5

In die plantekeninge en woordelike beskrywings word elke laag in al die opgegraafde blokke saam as 'n geheel beskryf, ongeag watter nommer in die onderskeie blokke tydens 'n spesifieke opgraving daaraan toegeken mag wees. Alleen op hierdie wyse kan 'n duidelike geheelbeeld van 'n hooflaag of "woon-eenheid" voorgestel word. Die nommers wat tydens die opgrawings aan die lae en laagdetail toegeken is, word egter om praktiese redes behou en ook so op die tekening aangedui. In die finale interpretasie van die stratifikasie speel hierdie verskille in laagnummers as sodanig geen praktiese rol nie.

Laag 1 (vgl. sketsfig. 62)

Algemene beskrywing

Laag 1 bestaan uit ligbruin tot grysbruin, fyn, sagte sandgrond. Die laag vorm die verweerde oppervlakte van die terrein. Rondom die ou toetsgat (nr. 1 van 1935) lê grond, wat afkomstig is uit die ou toetsgat, nog bo-op laag 1. Die laag bevat min kulturele materiaal.

Laag 2 (vgl. sketsfig. 62; foto 65)

Algemene beskrywing

Die laag word grootliks arbitrêr geskei van laag 1. Laag 2 bestaan

uit ligbruin, fyn sandgrond wat op plekke grysbruin en asagtig word. In blokke 01 en 02 bevat die laag baie asgrond, bene en potskerwe. Langs lyne A1-C1, B2-B4 en enkele kolle in die aangrensende blokke kom onreëlmatig verspreide kolle rooi gruis gemeng met sandgrond voor. Die gruiskolle het 'n onreëlmatige, onderbroke planvorm en is 2 cm tot 6 cm dik. Die gruiskolle vorm waarskynlik deel van woonvloere of -oppervlaktes. Soortgelyke gruiskolle kom ook voor in die basis van laag 2, veral in blokke A1 en B1, waar dit direk op die gebrande hutpuin van laag 3 lê. Langs lyn A1-C1 in die basis van laag 2 kom die rooi gruis gemeng met liggeel gruis voor en is dit hier tot 18 cm dik.

Detail

- 01.2.1 (vgl. foto 65). 'n Groot konsentrasie klippe, bene en potskerwe in asgrond in blok 01.
- A1.2.1 Kleipot in situ. Diepte 41 cm. Is waarskynlik in 'n gat geplaas vanuit laag 2. Die bek van die pot lê op punt A3 in die basis van laag 1 en is deur die laag bedek.
- A2.2.1 'n Stuk klei-blaaspyp met metaalslak wat daaraan vaskleef. Diepte 60 cm (d.w.s. basis van laag 2).
- A2.2.2 Miniatuur keramiekbakkie in basis van laag 2. Diepte 60 cm.
- A2.2.3 Keramiekskerf in basis van laag 2. Diepte 60 cm.

Opsomming van laag 2

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond. Dit bevat tekens van bewoning in die vorm van as, klippe, bene en potskerwe (veral in blokke 01 en 02) en gruislae (moontlik woonvloerlae).

Laag 3 (vgl. sketsfige. 57, 62-65)

Algemeen

Laag 3 is 'n baie prominente woonvloerlaag en bestaan veral uit rooi gruisvloere en die oorblyfsels van afgebrande hutte. In die basis van die laag bestaan die vloere hoofsaaklik uit liggeel tot witterige gruis.

In blokke A2, A3 en B2 (1972-opgraving), bestaan laag 3 in hoofsaak uit kolle gebrande hutpuin en 'n prominente, dik, rooi gruiswoonvloer. Die laag in sy geheel word laag 3 genoem.

In die res van die opgraving waar daar gebrande hutoorblyfsels en gruisvloere direk onder die brandpuin voorkom, is die laag beskryf as laag 3(i). Rondom hierdie hutoorblyfsels is daar 'n vertikale opbouing van stukke rooi gruisvloere met onreëlmatige verspreiding en planvorm, en word laag 3(ii) genoem.

Onder laag 3(i) en 3(ii) kom 'n opeenvolging van rooi gruisvloerdeeltes voor wat 'n onreëlmatige planvorm en verspreiding vertoon; hierdie gedeelte van die afsetting is genoem laag 3(iii). In blokke A2 en A3 is hierdie gedeelte in 1972 laag 4 genoem.

Onder laag 3(iii) is 'n laag wat hoofsaaklik bestaan uit liggeel gruis en wat laag 3(iv) genoem is. Laag 3(iv) is by laag 3 ingesluit omdat dit op plekke moeilik van laag 3(iii) geskei kan word en slegs op grond van die geel kleur van die gruis uitgesonder kan word. Laag 3(iv) bevat egter duidelike tekens van hutte en dit het later geblyk dat die laag 'n prominente woonlaag verteenwoordig. In blokke A2 en B2 is dit in 1972 oorspronklik laag 5 genoem.

Laag 3(i) (vgl. sketsfig. 57) (in blokke A2, A3 en B2 slegs laag 3 genoem tydens 1972-opgraving. Opgegrawe as laag 3(i) in 1976 in blokke A0, B0, C0, O1, A1, B1, C1 en O2).

Algemene beskrywing

Die laag is hoofsaaklik 'n woonlaag wat bestaan uit gruisvloere, hutfondasies, gebrande hutpuin en huishoudelike afvalmateriaal. Verskeie versteurings o.a. deur muise en springhase kom voor. Die vloergedeeltes e.a. verskynsels waaruit die laag bestaan, vorm nie 'n baie duidelike, verstaanbare patroon binne die beperkte omvang van die opgraving nie. Die stukke gruisvloere vorm waarskynlik almal deel van 'n oorspronklike enkele woonvloer, is tans in 'n gehawende toestand en word gevolglik nie afsonderlike detailnommers toegeken nie.

Detail (vgl. sketsfige. 57, 58, 63, 64)

- A0.3(i).1 (vgl. sketsfig. 57). Gebrande hutmuurpuin langs lyn A0-A2.
- A0.3(i).2 (vgl. sketsfig. 57). Dit is geringe tekens van 'n muur-fondasie. Dit bestaan uit 'n fondasiesloot (5 cm tot 10 cm wyd) met 'n sirkelvormige planvorm (sirkeldeursnee volgens skatting ongeveer 160 cm) asook tekens van enkele verkoolde paaltjies en paalgate. Hou vermoedelik verband met hutmuurpuin A0.3(i).1.
- A1.3(i).1 (vgl. sketsfig. 58). 'n Plat klip, 33 cm lank en 13 cm breed in blok A1. Het klein, vlak holtetjies (ongeveer 2 cm wyd) in die boonste, plat oppervlakte daarvan. Dit lyk na 'n soort stampklip waarop maroelapitte fyngestamp is. (In die oorblyfsels van die gebrande hutmuur (Bl.3(i).3) daar langsaan, kom verkoolde maroelapitte voor). Die klip lê in laag 3(i) op die rooi gruisvloere van laag 3(ii).
- A1.3(i).2 (vgl. sketsfig. 58). Konsentrasie bene wat onder gebrande hutmuurpuin Bl.3(i).1 lê.
- Bl.3(i).1 (vgl. sketsfig. 57). 'n Opvallende konsentrasie van gebrande hutmuurpuin wat deel was van hutmuur Bl.3(i).3. Duidelike stukke hutmuur-klei met paalmerke kom in die puinkonsentrasie voor.
- Bl.3(i).2 (vgl. sketsfig. 58). Oorblyfsels van 'n hutvloertjie. Bestaan uit hard gekonsolideerde, fyn sand en is geel tot swart gebrand. Is 3 cm tot 5 cm dik.
- Bl.3(i).3 (vgl. sketsfig. 57). Oorblyfsels van 'n muurfondasie. Dit bestaan uit 'n reeks paaltjies (ongeveer 3 cm dik) met 'n sirkelvormige planvorm (sirkeldeursnee ongeveer 50 cm). Dit is die muuroorblyfsels van 'n baie klein hutjie of hutagtige struktuur. Verkoolde sade en enkele potskerwe kom in die oorblyfsels van die hutjie voor.
- Bl.3(i).4 Verkoolde sade (maroelapitte). Kom voor in die puin van hutmuur Bl.3(i).3.
- Cl.3(i).1 (vgl. sketsfig 57). Gebrande muurpuin met duidelike paal=

merke op sommige van die puinstukke.

- C1.3(i).2 (vgl. sketsfige. 57, 58). 'n Verkoolde paaltjie, 3 cm dik. Was waarskynlik deel van 'n muurfondasie van 'n klein hutjie met 'n deursnee van 50 tot 60 cm.
- A2.3.1 (vgl. sketsfig. 58). Gedeelte van 'n klei-blaaspyp. Diepte 67 cm. Lê bokant rooi gruisvloer.
- A2.3.2 (vgl. sketsfig. 58). Miniatuur-kleihouertjie. Diepte 64 cm.
- A2.3.3 (vgl. sketsfig. 58). Potskerf. Diepte 63 cm.
- A2.3.4 (vgl. sketsfig. 58). Dit is 'n aantal klippe in 'n ruwe sirkel gerangskik, met 'n groter klip in die middel. Lê op stuk rooi gruisvloer.
- A2.3.5 (vgl. sketsfig. 58). Potskerwe. Lê langs A2.3.4 op rooi gruisvloer. (Die stuk vloer lê op 'n diepte van ongeveer 76 cm).
- A2.3.6 (vgl. sketsfig. 58). Verkoolde paaltjie, vir C14-datering geneem. Behoort waarskynlik tot B2.3.1(3).
- A2.3.7 (vgl. sketsfig. 58). Dit is 'n wit askol, ongeveer 3 cm dik, diepte 72 cm; lê op rooi, onreëlmatige stuk gruisvloer.
- A2.3.8 (vgl. sketsfige 57). Gebrande hutpuin langs lyn B2-B3.
- A3.3.1 (vgl. sketsfig. 58). 'n Versteuring deur 'n stuk rooi gruisvloer in blok A3 naby punt B3. Dit blyk later graf Ts 4.G1 te wees.
- A3.3.2 (vgl. sketsfig. 58). Verkoolde sade langs lyn A4-B4. Diepte 53 cm.
- A3.3.3 (vgl. sketsfig. 58). Potskerwe. Diepte 53 cm.
- A3.3.4 (vgl. sketsfig. 57). Dit is 'n rooi gruiskol wat bo-op die rooi gruis-woonvloer lê maar word daarvan geskei deur 'n lagie gebrande sandgrond en ook fyn stukkies gebrande hutpuin. Die brandlaag is ongeveer 3 cm dik.
- A3.3.5 (vgl. sketsfig. 57, 62). Gebrande muurklei met paalmerke in hoek A4.
- A3.3.6 (vgl. sketsfig. 57, 62). Konsentrasie gebrande hutpuin. Sommige stukke daarvan lyk egter na die bolaag van 'n vloer

want dit is aan albei kante afgeplat en is sowat 5 cm dik. Die puinstukke vertoon 'n onegalige verspreiding asof dit eenkant geval het of gegooi is. Die puin lê op die rooi gruis-woonvloer.

- A3.3.7 (vgl. sketsfig. 58). 'n Vlak, sirkelvormige sloot, waarskynlik 'n hutfondasie; ongeveer 10 cm breed; gegrawe in die rooi gruis-woonvloer. Sirkeldeursnee ongeveer 2 m.
- A3.3.8 (vgl. sketsfig. 58). 'n Walvormige opbouinkie op die rooi gruis-woonvloer. Dit lê aan die rand van 'n sagte kol (A3.3.9). Die opbouinkie is 6 cm tot 7 cm breed en 3 cm hoog.
- A3.3.9 (vgl. sketsfig. 58). Dit is 'n kol asagtige, grys, sagte sandgrond met rooi gruiskorrels en gebrande hutpuin. Dit is geleë op punt B4.
- A3.3.10 (vgl. sketsfig. 58). Dun, verkoolde paaltjies met hutpuin.
- A3.3.11 (vgl. sketsfig. 58). Skulp. Lê op rooi, gruis-woonvloer.
- A3.3.12 (vgl. sketsfige. 58, 62). Oorblyfsels van afgebrande hutjie waarvan slegs 'n gedeelte in hoek A4 sigbaar is. Die oorblyfsels wat sigbaar is, bestaan uit 'n sirkelvormige gruisvloer asook enkele verkoolde paaltjies (A3.3.12.(1)). Die gebrande hutpuin (A3.3.5) lê gedeeltelik oor die vloer.
- A3.3.13 (vgl. sketsfig. 58). 'n Klein kleibakkie wat bo-op gebrande grond gelê het.
- B2.3.1 (vgl. sketsfig. 58). Oorblyfsels van 'n afgebrande hut met 'n deursnee van ongeveer 2 m.
- B2.3.1(1) (vgl. sketsfig. 58). Liggeel, hard gekonsolideerde, growwe gruisvloer met 'n sirkelvormige planvorm. Die vloer is egter erg beskadig deur latere versteurings.
- B2.3.1(2) (vgl. sketsfig. 58). 'n Vloeroppervlakte wat glad afgewerk is. Vorm deel van vloer B2.3.1(1).
- B2.3.1(3) (vgl. sketsfig. 58). 'n Reeks dun, (2 cm-3 cm dik) verkoolde paalstompies, onreëlmatig versprei om die rand van vloer B2.3.1(1).
- B2.3.2 (vgl. sketsfig. 58). 'n Klipvoorwerp. Diepte 60 cm. Het

die voorkoms van 'n hamerklip.

Laag 3(ii) (vgl. sketsfige. 58, 62-65)

Algemene beskrywing

Laag 3(ii) is 'n laag wat gevorm het rondom hutmure A0.3(i).2, B1.3(i).3 en C1.3(i).2. Dit lê derhalwe op dieselfde woonoppervlakte. Hierdie opbouing het duidelik plaasgevind terwyl die hutmure nog regop gestaan het. In blokke A0 en B0 en die aangrensende gedeeltes van blokke A1 en B1 neem die laag (3(ii)) die vorm van gruisvloere of -lae aan wat klaarblyklik as woon- of werksoppervlaktes neergelê is buite-om die hutte. In blokke O2 en A2 en aangrensende gedeeltes bestaan die laag uit grysbruin asagtige sandgrond. Verder kom ligbruin sandgrond tussen die gruisvloergedeeltes voor. Laag 3(ii) kom nie as 'n laag voor in blokke A2, A3 en B2 nie.

Detail

B0.3(ii).1 (vgl. sketsfig. 58). 'n Konsentrasie klippe, bene en potskerwe in grysbruin asgrond langs lyn C0-C1. Dit is geleë buite langs die hutmuur C1.3(i).2.

Laag 3(iii) (vgl. sketsfige. 62-65). (In blokke A2, A3 en B2, laag 4 genoem).

Algemene beskrywing

In blokke A0 en B0 kom die laag voor as dik, rooi, growwe gruisvloere of - lae wat onderdeur die oorblyfsels van hutmuur A0.3(i).2 loop en aansluit teen hutmuur C1.3(i).2. Die laag is blykbaar net so oud as lg. muur en is daaromheen neergelê. Dit is veral opvallend langs lyn A1-C1. In blokke A0 en B0 lê dit bo-op die wit gruisvloere van laag 3(iv).

Op plekke in blokke A1, B1 en O2 kom die laag voor as ligbruin sandgrond wat stukke rooi gruisvloer asook enkele askolle bevat. Op plekke word die laag grysbruin en asagtig en bevat dit bene, bv. langs lyn A1-A2 en B1-B2 en veral in blok O2. In blokke O1 en O2 kom die laag voor

as rooi gruisvloergedeeltes, afgewissel deur asagtige sandgrond met bene, wat lê bo-op die liggeel gruisvloere van laag 3(iv).

Laag 3 is hoofsaaklik 'n rooi gruis-woonlaag met ander kulturele oorblyfsels. Die grond en stukke gruisvloer wat onder hierdie rooi gruislaag lê, word derhalwe in blokke A2, A3 en B2 as laag 4 beskou, maar dit kan op plekke nie baie duidelik van laag 3 onderskei word nie omdat die twee lae op plekke òf deur springhase ens. versteur is òf op plekke nou by mekaar aansluit òf omdat die omvang van die opgraving te beperk is om die werklike verwantskap tussen hierdie lae aan te toon. Laag "4" bestaan hier uit ligbruin tot grysbruin, fyn sandgrond met tekens van as en 'n paar gedeeltes van gruisvloere. 'n Liggeel gruisvloer met 'n onreëlmatige planvorm strek vanuit blok B2 tot in blok A2. Enkele onreëlmatige stukke liggeel en rooi gruisvloere of gruiskolle kom ook voor in blok A3. Dit is egter deur springhase beskadig. In blok A3 is laag 4 baie dun en verdwyn op plekke. 'n Kol fyn wit as kom voor in blok A2.

Detail (vgl. sketsfige. 59, 62)

A3.3(iii).1 'n Kleipot in situ.

O1.3(iii).1 'n Kleipot in situ.

Laag 3(iv) (In blokke A2, A3 en B2, laag 5 genoem)
(vgl. sketsfige. 59, 62-65; foto's 66, 67)

Algemene beskrywing

In blokke A2, A3 en B2 word die laag gekenmerk deur stukke rooi en liggeel gruisvloere en gruiskolle met onreëlmatige planvorms. Springhaasgate kom voor. Gebrande hutmuurpuin kom ook voor, maar behoort waarskynlik tot 'n ouer laag. In blok A3 word die laag onderverdeel as lae 5 en 5(i). Laag 5(i) wat hier onder laag 5 lê, bevat tekens van liggeel gruisvloere, gebrande muurpuin en versteurings deur springhase. A.g.v. die springhaasversteurings is dit moeilik om die presiese verband van laag 5(i) deurgaans te volg. Dit is moontlik dat laag 5(i) in werklikheid deel vorm van 'n ouer laag wat onder laag 5 lê.

In blokke A0 en B0 bestaan laag 3(iv) hoofsaaklik uit liggeel gruis=

vloere (A0.3(iv).1 en B0.3(iv).1) en 'n klein hoeveelheid bewoners=
afval in blok A0. Oorblyfsels van 'n kindergraf (Graf Ts 4.G2) kom
voor in blok A0 langs lyn A0/A1-C0/C1.

In blokke 01 en 02 kom die vloeroorblyfsels van 'n groot dubbelmuur=
hut voor (vgl. foto's 66, 67). Die vloeroorblyfsels strek gedeelte=
lik tot in blokke A1 en A2 en dit bestaan uit liggeel tot witterige
gruis. Bo-op hierdie vloer kom op plekke rooi, ruwe gruisvloerge=
deeltes voor wat geen definitiewe planvorms het nie en wat tot lae
3(i) en 3(ii) behoort. Bokant die hutoorblyfsels langs lyne 01-A1
en 01-02 kom grysbruin, asagtige sandgrond (lae 3(ii) en 3(iii))
asook groot klippe (tot 40 cm lank) voor.

Detail

- A0.3(iv).1 (vgl. sketsfig. 59). Oorblyfsels van 'n liggeel tot
witterige gruisvloer. Die vloer is grootliks beskadig
d.m.v. slootvormige versteurings. Dit het 'n onreël=
matige planvorm. Die gruis is hard gekonsolideer. Die
oppervlakte is plat afgewerk maar verweer. Diepte wissel
van 113 cm tot 124 cm. Dikte 2 cm tot 5 cm.
- A0.3(iv).2 (vgl. sketsfig. 59). 'n Plat klipvoorwerp, ongeveer 20 cm
lank, met vlak klein holtes in die plat oppervlakte
daarvan. Dit lê op vloer A0.3(iv).1. Diepte 116 cm.
- A0.3(iv).3 (vgl. sketsfig. 59). Hamerklip op vloer A0.3(iv).1.
Diepte 115 cm.
- A0.3(iv).4 (vgl. sketsfig 59). Plat beentjies met gaatjies. Diepte
126 cm. Lê op dieselfde vlak as vloer A0.3(iv).1 en word
omring deur die vloer.
- A0.3(iv).5 (vgl. sketsfig. 59). Verkoolde graan. Lê langs die
beentjies (A0.3(iv).4).
- A0.3(iv).6 (vgl. sketsfig. 59). 'n Lang been, 15 cm in lengte. Lê
langs die plat klip (A0.3(iv).2) op vloer A0.3(iv).1.
- B0.3(iv).1 (vgl. sketsfig. 59). Gedeelte van 'n groot vloer. Dit
bestaan uit hard gekonsolideerde, liggeel tot witterige
gruis. Dikte 2 cm tot 5 cm. Diepte 108 cm tot 116 cm.

Planvorm onreëlmatig. Die vloer word naby lyn CO-C1 gesny deur 'n fondasieslootjie (BO.3(iv).2). Naby die ander kant van die vloer vorm dit 'n lae, skuins, trapvormige, buitewaartse afdaling met 'n geboë planvorm. Hierdie afdaling vorm saam met die fondasieslootjie 'n reëlmatige planvorm, nl. die gedeelte van 'n onegalige sirkel wat in blok BO sigbaar is. Die vloer lyk asof dit deel van 'n hutagtige struktuur kon wees, maar dit is nie met sekerheid vasgestel nie.

- BO.3(iv).2 (vgl. sketsfig. 59). 'n Fondasieslootjie met verkoolde paaltjies. Die slootjie is reguit, ongeveer 120 cm lank en ongeveer 12 cm tot 15 cm wyd. Vier verkoolde paaltjies kom in die slootjie voor, is 5 cm tot 6 cm dik en ongeveer 10 cm van mekaar gespaseer.
- 01.3(iv).1-5 (vgl. sketsfig. 59; foto's 66, 67). Dit is die onderskeie oorblyfsels van 'n groot hutstruktuur met verskillende vloere. (Dit word in situ gelaat). Die hutstruktuur is as volg saamgestel.
- 01.3(iv).1 Dit is die binnevloer van die hut. Dit bestaan uit liggeel tot witterige, hard gekonsolideerde gruis. Oppervlakte hard, plat en glad afgewerk. Dit het 'n sirkelvormige, effens ovaalvormige planvorm. Dikte ongeveer 12 cm. Diepte 107 cm tot 122 cm. Twee holtes kom voor in die vloer en begin bymekaar aan die kant van die vloer. Die een holte is sowat 11 cm diep en het byna 'n volledige ovaalvormige planvorm; die tweede holte is 6 cm tot 10 cm diep en het 'n langwerpige planvorm.
- 01.3(iv).2 Dit is die oorblyfsels van die fondasie van die hut se binnemuur. Die fondasie bestaan uit 'n fondasiesloot en tekens van paalgate. Die fondasiesloot is 4 cm tot 15 cm wyd en minstens 30 cm diep. Die paalgate wat waargeneem is, is slegs enkele oorgeblewe holtes wat gevorm is nadat die pale wat daarin gestaan het, vergaan het. Die paaltjies moes ongeveer 5 cm dik gewees het en 3 cm tot 5 cm van mekaar gespaseer gewees het. Die fondasie het vloer 01.3(iv).1 omsluit en het dus dieselfde planvorm, d.w.s. 'n sirkelvormige, effens ovaalvormige planvorm. Dit het

'n binneruimte met 'n horisontale deursnee van ongeveer 2 m omsluit. Daar is nie tekens van 'n deuringang waargeneem nie.

01.3(iv).3 Dit is die vloer tussen die binnemuur (01.3(iv).2) en die buitemuur (01.3(iv).4) van die hut. Die vloer het dus 'n ringvormige planvorm. Die vloer is 70 cm tot 90 cm breed en 3 cm tot 4 cm dik. Diepte 104 cm tot 143 cm. Dit lê meestal nie op dieselfde diepte as die binnevloer (01.3(iv).1) nie. Naby die deuringang vorm vloer 01.3(iv).3 'n trappie met 'n skuins helling (7 cm hoog) dwars oor die breedte van die vloer. Die vloer loop by die deur uit om 'n trap net aan die buitekant van die vloer te vorm.

Die trap het 'n halfmaanvormige planvorm, is breër as die deuropening, d.w.s. die trap is 130 cm van die een kant na die ander kant waar dit aan weerskante van die deur teen die muur aansluit. Die trap se buiterand (wat die verste van die deur lê) is halfmaanvormig. Vanaf die deur tot by die verste rand is die trap 50 cm breed. Die bovlak van die trap lê feitlik horisontaal op 'n diepte wat wissel van 133 cm tot 136 cm. Aan die een kant vertoon die trap 'n skuins, geboë daling wat 10 cm hoog is.

01.3(iv).4 Dit is die fondasie van die buitemuur van die hut. Al wat daarvan oorgebly het, is 'n fondasiesloot wat hier en daar waargeneem kan word en enkele paalgaatjies. Die fondasiesloot is ongeveer 5 tot 10 cm wyd en het ook 'n sirkelvormige, effens ovaal planvorm. Die paaltjies was 3 cm tot 5 cm breed en moes 2 cm tot 5 cm van mekaar gespaseer gewees het. Min of meer aan die westekant van die hut vorm die muurfondasie 'n deuropening wat 60 cm wyd is. Geen tekens van 'n drumpel kom by die deuropening voor nie - slegs vloer 01.3(iv).3 loop egalig na buite om die trap te vorm. Die muur het 'n ruimte met 'n deursnee van 350 cm tot 370 cm omsluit. Die totale deursnee van die hut vanaf die buitekant van die buitemuur gemeet, was dus feitlik 4 m.

Die laag bestaan by uitstek uit die gebrande oorblyfsels van 'n konsentrasie hutte. Gebrande muurpuin, houtskool en liggeel gruisvloere kom oral voor, hoewel enkele rooi gruisvloere ook hier en daar deur die laag versprei is. Waar 'n hut gestaan het, is daar groter stukke hutpuin wat in baie gevalle paalmerke bevat. So 'n konsentrasie groter puinstukke word vir identifikasiedoeleindes 'n detailnommer toegeken. Verder bestaan die laag afwisselend uit ligbruin, fyn sandgrond tot grysbruin, asagtige sandgrond.

Op plekke waar die gebrande muurpuin nie op die liggeel gruisvloere lê nie, lê hierdie vloere direk onder die liggeel gruisvloer van laag 3(iv). Dit wil voorkom asof die hutstrukture in laag 4 almal gelyktydig afgebrand het en dat bewoning (d.w.s. laag 3(iv)) direk bo-op die gebrande puinlaag van laag 4 voortgesit is.

Detail

- A0.4.1 (vgl. sketsfige. 60, 61, 63). 'n Prominente konsentrasie gebrande muurpuin by punt A0. Sommige stukke is betreklik groot. Dit kom voor op 'n diepte van ongeveer 132 cm. Die puin lê op rooibruin, fyn sand met 'n swart gebrande oppervlakte.
- A0.4.2 (vgl. sketsfige. 60, 63). 'n Reeks verkoolde paaltjies. Die paaltjies is gerangskik in 'n reeks met 'n sirkelvormige planvorm. Dit is duidelik die muurbasis van 'n paal- en kleihut waarvan 'n gedeelte in blok A0 sigbaar is. Die hutjie het 'n horisontale deursnee van (volgens skatting) sowat 60 cm tot 70cm gehad. Diepte van die paaltjies 132 cm. Dikte van die paaltjies wissel van 2 cm tot 8 cm. Tussenruimte-spasiëring 2 cm tot 5 cm en selfs 10 cm of meer hoewel in laasgenoemde gevalle paaloorblyfsels tussen-in waarskynlik ontbreek.
- A0.4.3 (vgl. sketsfig. 60). 'n Groot konsentrasie verkoolde boontjiesade in die gebrande muurpuin tussen hutmuur A0.4.2 en lyn B0-B1.
- B0.4.1-B0.4.5 (vgl. sketsfige. 60, 61). Oorblyfsels van 'n moontlike

- 01.3(iv).5 Dit is stukke vloer buite-om die groot hut, meestal teen-
aan die hut. Dit bestaan uit 'n mengsel van liggeel en
rooi gruis, is nie hard gekonsolideer nie, het 'n growwe,
onafgewerkte oppervlakte, is verweer en is duidelik 'n
buitevloer of woonvloer rondom die hut. Dit is 1 cm tot
3 cm dik op plekke, lê op dieptes wat wissel van 100 cm
tot 143 cm. Planvorm onreëlmatig.
- 01.3(iv).6 'n Stuk vloer langs lyn 03-A3. Bestaan uit hard gekonso-
lideerde liggeel gruis. Planvorm onreëlmatig. Oppervlakte
plat afgewerk. Diepte 109 cm tot 110 cm. Dikte 5 cm.
Dit vertoon 'n gedeelte van 'n sirkelvormige holte wat
6 cm diep is en oorspronklik nagenoeg 50 cm wyd moes
gewees het.
- A3.5.1 Gedeelte van 'n fondasiesloot in blok A4. Tekens van
paalgate kom voor. Was vermoedelik die fondasie van 'n
hutjie wat 'n deursnee van sowat 150 cm gehad het.
Behoort waarskynlik tot hoërliggende laag.
- A3 5.2 Oorblyfsels van 'n hutfondasie gedeeltelik sigbaar langs
lyn A4-B4. Die hutjie was waarskynlik sowat 80 cm in
deursnee. Die fondasie vertoon oorblyfsels van klein
paalgaatjies.

Opsomming van laag 3

Laag 3 word arbitrêr onderverdeel in lae 3(i), 3(ii), 3(iii) en 3(iv).

Laag 3(iv) is die oudste, word gekenmerk deur omvangryke liggeel gruis-
vloere en veral die groot sirkelvormige, effens ovaal dubbelmuurhut in
blokke 01 en 02. Die hut het 'n buitemuur gehad met 'n deuropening
naby lyn 02-03. Die opening was 60 cm wyd en verleen tesame met 'n
halfmaanvormige trap (wat uit liggeel gruis bestaan) uitgang aan die
westekant van die hut. Volgens die horisontale deursnee van die hut-
oorblyfsels (vanaf die buitekant van die hutmuur gemeet) moes die hut
'n deursnee van ongeveer 4 m gehad het. Die binnemuur (01.3(iv).2)
het 'n ruimte van ongeveer 2 m in deursnee omsluit; geen tekens van 'n
deur is hier waargeneem nie. Die binnevloer (01.3(iv).1) vertoon vlak
holtes. Rondom die hut kom 'n dun buitevloer of werfvloer voor wat
bestaan uit 'n mengsel van liggeel en rooi gruis. Oorblyfsels van 'n

soliede liggeel vloer kom voor langs lyn O3-A3 en in blokke A0 en B0. Die oorspronklike doel of betekenis van hierdie vloere is nog nie duidelik nie. Laag 3(iv) word op plekke moeilik van laag 3(iii) geskei, maar sal moontlik later tydens verdere opgrawings as 'n afsonderlike laag beskou word.

Lae 3(iii) en 3(ii) bestaan afwisselend uit ligbruin sandgrond, grysbruin, asagtige sandgrond en veral reekse rooi, growwe gruisvloere. Hierdie lae het direk op die liggeel vloere van laag 3(iv) opgebou en geen definitiewe vestigingspatroon of identifiseerbare strukturele verskynsels is in die lae opgemerk nie. Laag 3(ii) is klaarblyklik sandgrond en rooi gruisvloere (buite- of werfvloere) wat buite-om die afgebrande hutoorblyfsels (laag 3(i)) opgebou het. Langs lyn C0-C1 kom 'n hoeveelheid klippe, bene en potskerwe (B6.3(ii).1) voor in grysbruin, asagtige sandgrond.

Laag 3(i) word gekenmerk deur kolle gebrande muurpuin en die fondasie van klein paal- en kleihutjies (B1.3(i).3 en C1.3(i).2) wat 'n deursnee van naastenby 60 cm gehad het. Onder die muuroorblyfsels van die een hutjie se muur (B1.3(i).3) is stukke van die sandvloer (B1.3(i).2) en maroelapitte (B1.3(i).4) gevind. Tekens van die muurfondasie (A0.3(i).2) van 'n groter hut kom voor langs lyn A0-A2.

Laag 4 (In blokke A2, A3 en B2 laag 6 genoem) (vgl. sketsfige. 60-65)

Algemene beskrywing

Tydens die opgrawing van die laag as laag 6 in blokke A2, A3 en B2 (in 1972) was dit moeilik om die laag duidelik te onderskei van die hoër- en laerliggende lae. Die rede vir hierdie probleem is die verskeie versteurings deur springhase wat die laagverband van vloer- en muurpuingedeeltes beskadig het en die klein omvang van die opgrawing wat die opvolg van die laagverband van vloere ens. beperk het.

Met die opgrawing van blokke A0, A1, B0 en B1 in 1976 het die laag (wat lg. blokke as laag 4 opgegrawe is om dit in ooreenstemming te bring met laag 4 in opgrawing Rn 2) 'n duidelik identifiseerbare patroon begin vorm.

dubbelmuur-hut langs lyn BO-CO.

- BO.4.1 'n Kol gebrande hutmuurpuin in 'n laagliggende area tussen vloere BO.4.2 en Al.4.4. Die puin lê gedeeltelik op 'n laagliggende gedeelte van vloer Al.4.4 en is vermoedelik afkomstig van muur BO.4.4.
- BO.4.2 Die oorblywende gedeelte van 'n vloer wat bestaan uit rooi, growwe gruis. Die vloer is hard, plat en glad afgewerk. Die vloer is gedeeltelik beskadig deur 'n reeks paalgate wat vermoedelik later as die vloer self is. Die vloer is 2 cm tot 5 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van 118 cm tot 128 cm. Die vloer het waarskynlik oorspronklik 'n ringvormige planvorm gehad aangesien dit lê tussen muurfondasies BO.4.4 en BO.4.5. Die vloer was sowat 60 cm breed. Dit vorm 'n lae trappie (3 cm tot 4 cm hoog) met 'n skuins helling. Die trappie lê dwars oor die breedte van die vloer.
- BO.4.3 Erg beskadigde oorblyfsels van die sirkelvormige binnevloer van die hut. Bestaan uit 'n mengsel van rooi en liggeel gruis. Oppervlakte erg verweer. Dikte sowat 3 cm tot 4 cm. Diepte sowat 126 cm. Die vloer het 'n sirkelvormige planvorm (sirkeldeursnee was vermoedelik oorspronklik ongeveer 120 cm tot 140 cm); dit word omring deur muurfondasie BO.4.5.
- BO.4.4 Dit is geringe tekens van 'n muurfondasie wat bestaan uit 'n fondasiesloot, verkoolde paaltjies en moontlike paalgate. Dit was 'n deel van die buitemuur van die hut. Die fondasiesloot was waarskynlik 5 cm tot 10 cm wyd. Die oorblyfsels van drie verkoolde paaltjies wat waarskynlik 3 cm tot 5 cm dik was, kom voor. Die paaltjies is 5 cm tot 10 cm van mekaar gespaseer. Die muurfondasie het 'n sirkelvormige planvorm. Sirkeldeursnee volgens skatting oorspronklik sowat 3 m.
- BO.4.5 Oorblyfsels van die muurfondasie van die hut se binnemuur. Dit was sowat 5 cm breed. Dit het 'n sirkelvormige planvorm gehad (sirkeldeursnee ongeveer 160 cm). Dit is erg deur rysmiere beskadig en geen verdere inligting kon daaroor verkry word nie.

- Al.4.1-4 (vgl. sketsfige. 60, 61, 64). Oorblyfsels van klein hutjie soos volg.
- Al.4.1 Die gebrande muurpuin van 'n klein hutjie. Verkoolde sade (Al.4.9) wat lyk na graan en boontjies kom in die puin voor.
- Al.4.2 Basis van die hutjie se muur. Bestaan uit die stompies van verkoolde paaltjies, in 'n sirkelvormige reeks gerangskik (sirkeldeursnee sowat 65 cm). Die paaltjies is 3 cm tot 4 cm dik en gerangskik met tussenruimtes van meestal 3 cm tot 10 cm.
- Al.4.3 Oorblywende stuk van die hutjie se vloer. Bestaan uit fyn, hard gekonsolideerde sand. Geel tot swart gebrand. Dikte 1 cm, diepte 120 cm.
- Al.4.4 Dit is 'n buitevloer buite-om hutmuur Al.4.2. Die vloer bestaan uit hard gekonsolideerde, growwe, liggeel tot wit-terige gruis. Oppervlakte plat en glad afgewerk en swart gebrand. Planvorm onreëlmatig. Dikte 1 cm tot 3 cm. Die vloer lê op 'n diepte van 116 cm tot 121 cm op 'n soort van 'n gelyk oppervlakte wat rondom die hutjie opgebou is en op plekke die voorkoms van 'n lae platvorm het. Die vloer vorm 'n skuins, trapvormige afdaling om die buiterand daarvan tot op dieptes van 128 cm tot 133 cm.
- Al.4.5 'n Vlak holte, 22 cm wyd, wat uitgevoer is met kleinerige klippe. Die holte is in die kant van vloer Al.4,5 geleë.
- Al.4.6-8 (vgl. sketsfige. 60, 61, 63). Oorblyfsels van 'n struktuur langs lyn Al-A2 soos volg.
- Al.4.6 'n Dik konsentrasie gebrande muurpuin langs lyn Al-A2. Die puin lê op vloer Al.4.7 en ligbruin sandgrond wat liggeel gruisakorrels bevat.
- Al.4.7 (vgl. sketsfig. 61). Gedeelte van 'n vloer wat sigbaar is langs lyn Al-A2. Bestaan uit liggeel, hard gekompakteerde gruis. Oppervlakte plat afgewerk, verweer en swart gebrand. Dikte 3 cm tot 4 cm. Diepte 128 cm tot 134 cm. Planvorm onreëlmatig. Die vloer het vermoedelik 'n ringvormige of sirkelvormige planvorm gehad met 'n sirkeldeursnee van sowat 3 m.

- A1.4.8 (vgl. sketsfig. 61). 'n Reeks verkoolde paaltjies langs die rand van vloer A1.4.1. Dikte van die paaltjies 3 cm tot 4 cm. Spasiëring 2 cm tot 5 cm. Is vermoedelik die paaltjies van 'n hutmuur. Die hut moes 'n horisontale deursnee van sowat 3 m gehad het.
- A1.4.9 (vgl. sketsfig. 61). Verkoolde graan en boontjies in die gebrande muurpuin A1.4.1.
- B1.4.1 (vgl. sketsfig. 61). Verkoolde graan, bene en potskerwe.
- A3.4.1-2 (vgl. sketsfige. 60, 62). Dit is die oorblyfsels van 'n klein hutjie langs lyn A3-B3.
- A3.4.1 Gebrande hutmuurpuin. Die puin lê op swart gebrande sandgrond binne die hutmuur en nie op 'n vloer nie. Die puin bevat gebrande graan (A3.6.5).
- A3.4.2 Verkoolde hutmuurpaaltjies, 2 cm tot 3 cm dik en meestal 2 cm tot 10 cm van mekaar gespaseer. Planvorm van die reeks paaltjies is sirkelvormig (sirkeldeursnee sowat 70 cm).
- A3.4.3 (vgl. sketsfig. 61). 'n Vloer wat bestaan uit rooi, growwe gruis. Die vloer is geleë buite-om die hutmuurtjie (A3.6.2). Planvorm van die vloer onreëlmatig.
- A3.4.4 (vgl. sketsfig. 61). 'n Muurtjie van harde, sanderige klei op vloer A3.6.3. Die muurtjie het 'n boogvormige planvorm wat parallel loop met hutmuur A3.6.2. Die muurtjie is sowat 220 cm lank, 20 cm breed en 10 cm hoog.
- A3.4.5 Verkoolde graan in hutpuin A3.6.1.

Opsomming van laag 4

Laag 4 word gekenmerk deur die oorblyfsels van 4 afgebrande hutte, rooi en veral liggeel gruisvloere en die aanwesigheid van verkoolde graan en boontjies in die hutpuin.

In hoek A0 is daar die oorblyfsels van 'n afgebrande klein hutjie (A0.4.1.-2). Die hutjie het 'n rooibruin sandvloer gehad. Die horisontale deursnee van die hutjie was 60 cm tot 70 cm.

Langs lyn B0-C0 kom die oorblyfsels voor van 'n moontlike dubbelmuur-hut (B0.4.1-5). Die oorblyfsels is heelwat beskadig. Die hut het 'n horisontale deursnee van sowat 3 m gehad.

Langs lyn A1-B1 is die verbrande oorblyfsels van 'n klein hutjie (A1.4.1-3) wat 'n horisontale deursnee van ongeveer 65 cm gehad het. Dit het 'n sandvloer gehad. Verkoolde graan en boontjies kom in die hutpuin voor. Die grondoppervlakte rondom die hutjie is gelyk afgewerk en bedek met 'n buitevloer (A1.4.4) wat die hutjie omring het.

Langs lyn A1-A2 is die oorblyfsels van 'n moontlike hut (A1.4.6-8) gedeeltelik sigbaar. Die hut het volgens skatting 'n horisontale deursnee van 3 m gehad.

Laag 5 (In blokke A2, A3 en B2 laag 7 genoem)

Algemene beskrywing

Die laag bevat opvallend min tekens van gruisvloere. Enkele rooi gruiskolle of rooi gruisvloertjies kom hier en daar voor. Verder bestaan die laag afwisselend uit ligbruin, fyn sandgrond met askolle en grysbruin, asagtige sandgrond met bene en potskerwe. Die laag lê op rotsbodem. Bene en potskerwe lê hier en daar direk op die rotsbodem.

Graf Ts 5.G1 (vgl. sketsfige. 58, 66; foto 68)

Die graf is aanvanklik as 'n versteuring waargeneem en A3.3.1 genoem. Dit is die graf van 'n klein kind wat in 'n lêende, saamgetrekte ("embrionale") posisie op die regtersy begrawe is.

Die linkerarm is gebuig met die elmoog skuins voor die ribbes en linkerhand naby die gesig. Die regterarm lê voor die gesig met die regterhand teen die voorkant van die skedel. Die knieë is opgetrek tot naby die ribbes en linkerelmoog. Die voorkant van die skelet kyk in 'n suidelike tot suidwestelike rigting. Stringe volstruiseierdopkrale kom voor om die bekken en knieë van die skelet.

Die kind is begrawe deur die rooi gruis-woonvloer in laag 3(ii) en

behoort waarskynlik tot lae 1 of 2.

Interpretasie en rekonstruksie van die stratifikasie in Ts 4

Die afsetting bestaan hoofsaaklik uit 4 hooflae wat van onder na bo as volg beskryf kan word.

1. Die oudste hooflaag is laag 5 (in blokke A2, A3 en B2 as laag 7 beskryf). Dit lê direk op rotsbodem. Die laag bevat beperkte tekens van klein, rooi gruisvloergedeeltes asook potskerwe en bene wat op plekke op die rotsbodem lê. Die laag bestaan afwisselend uit ligbruin sandgrond met askolle en grysbruin, asagtige sandgrond.

Dit is duidelik dat bewonersafval reg van die begin af in die vorming van die afsetting voorkom, d.w.s. op rotsbodem. Waar die oudste woonstrukture wat tot hierdie laag behoort, opgerig is, is tot dusver onbekend.

2. Die tweede oudste hooflaag is laag 4 (in blokke A2, A3 en B2 laag 6 genoem). Hierdie laag is veral opvallend vanweë die konsentrasie afgebrande hutstrukture en liggeel gruisvloere wat daarin voorkom.

Bo-op die sandgrond van laag 5 is laag 4 gevorm en word veral gekenmerk deur groot, liggeel gruisvloere en enkele rooi gruisvloere wat in en rondom die hutstrukture neergelê en hard gekompakteer is. 'n Klein hutjie (horisontale deursnee 60 cm tot 70 cm) met 'n muur van dun paaltjies (AO.4.2) en klei (AO.4.1) is by punt AO opgerig. Die hutjie het bloot 'n gewone sandoppervlakte as vloer gehad.

By lyn BO-CO is die oorblyfsels (BO.4.1-5) van vloere en muurfondasies wat vermoedelik dié van 'n dubbelmuurhut was. Tekens van 'n buitenste muur (BO.4.4) het 'n sirkelvormige planvorm en volgens skatting het die hut 'n horisontale deursnee van 3 m gehad. Die binnemuur het 'n binne-ste ruimte van (volgens skatting) sowat 160 cm in deursnee gehad. Die vloer (BO.4.2) tussen die twee mure bestaan nog uit rooi gruis terwyl die binneste vloer (BO.4.3) bestaan uit 'n mengsel van rooi en liggeel gruis. Dit wil voorkom of hierdie hut die eerste een is wat in hierdie laag gebou is.

Langs lyn Al-B1 is die klein hutjie se oorblyfsels (Al.4.1-3) wat oestaan het uit 'n paal- en kleimuur (Al.4.2) met 'n sirkelvormige planvorm (sirkeldeursnee sowat 65 cm) en 'n sandvloertjie (Al.4.3). Die hutjie was 'n stoorhutjie vir graan en boontjies (Al.4.9). Die hutjie is omring met die liggeel gruisvloer (Al.4.4) buite-om wat daarvandaan neergelê is tot teen die muur (BO.4.4) van die dubbelmuur-hut wat toe reeds bestaan het.

Langs lyn Al-A2 is daar oorblyfsels (Al.4.6-8) van 'n gedeelte van 'n paal- en kleihut wat volgens skatting sowat 3 m in deursnee was. Meer inligting oor die hut is nie beskikbaar nie.

Langs lyn A3-B3 is daar oorblyfsels van nog 'n klein paal- en kleihutjie (A3.4.1-2) met 'n horisontale deursnee van sowat 70 cm. Die hutjie het nie 'n gemaakte vloer gehad nie (slegs sandoppervlakte). Om die hutjie is 'n gruisvloer (A3.4.3) gelê en 'n klein sandmuurtjie (A3.4.4) daarop gelê. Die hutjie was eweneens 'n stoorhutjie vir graan (A3.4.3).

Hierdie hutte het almal gelyktydig afgebrand en die muurpuin het oor 'n wye area versprei.

3. Die derde oudste hooflaag bestaan uit lae 3(iv), 3(iii), 3(ii) en 3(i).

Laag 3(iv) word net soos laag 4 gekenmerk deur die aanwesigheid van prominente, liggeel gruisvloere. Hierdie vloere lê direk op die vloere en gebrande muurpuin van laag 4.

Nadat al die hutte in laag 4 afgebrand het, is daar kort daarna weer hutte met soliede, liggeel gruisvloere (laag 3 (iv)) bo-op die afgebrande oorblyfsels gebou. Die gebruik van hoofsaaklik liggeel gruis vir vloere kom in albei lae voor, maar die lae word duidelik van mekaar geskei deur die gebrande muurpuin van laag 3. Daarbenewens word laag 4 gekenmerk deur die voorkoms van 'n konsentrasie van vyf hutte waarvan twee of moontlik selfs drie klein stoorhutjies vir graan en boontjies was, terwyl in laag 3(iv) die oorblyfsels van die groot dubbelmuur-hut (Ol.3(iv).1-4) voorgekom het. Lg. hut is vir voorlopige

bewaringsdoeleindes nie verwyder nie, sodat daar op hierdie stadium geen inligting beskikbaar is oor die huttipes wat onder hierdie hut se vloere in laag 4 voorkom nie.

Die groot hut (01.3(iv).1-4) in laag 3(iv) in blokke 01 en 02 het 'n totale horisontale deursnee van byna 4 m gehad. Dit het 'n sirkelvormige dubbelmuur-planvorm gehad. Die buitenste muur vertoon 'n eenvoudige deuropening met 'n trap. Die funksie van die hut is nie duidelik nie.

Tot dusver lyk dit asof die hutte met die liggeel gruisvloere nie afgebrand het nie, maar wel op 'n spesifieke stadium in onbruik geraak het en mettertyd vernietig geraak het. Bo-op hierdie hutte se liggeel vloere het 'n opeenvolging van rooi gruisvloere met ligbruin sandgrond opgebou bv. langs lyne A1-D1, A2-A4 ens. Op ander plekke het daar grysbruin, asagtige sandgrond met klippe, bene en potskerwe opgebou op laag 3(iv) se vloere, bv. langs lyn 01-03. Hierdie opbouing van rooi vloere en asgrond bestaan hier uit lae 3(iii) en 3(ii) wat arbitrêr van mekaar geskei word. Laag 3(ii) is in werklikheid woonvloere of buitevloere rondom hutstrukture. Hierdie hutstrukture het afgebrand en die oorblyfsels daarvan is as laag 3(i) beskryf. Laag 3(i) (hutoorblyfsels) en laag 3(ii) (woonvloere rondom die hutoorblyfsels van laag 3(i)) word van mekaar geskei omdat die vorming of opbouing van laag 3(ii) en dié van laag 3(iii) tot dusver binne die beperkte omvang van die opgraving nie duidelik gevolg en verklaar kon word nie. Moontlike verwarring en kontaminasie van materiaal word sodoende uitgeskakel.

Laag 3(i) word gekenmerk deur die oorblyfsels van uitgebreide, rooi gruisvloere en die afgebrande oorblyfsels van klein hutte. Die muuroorblyfsels van klein paal- en kleihutjies (B1.3(i).3, C1.3(i).2) en A3.3.12 in assosiasie met sade dui daarop dat klein hutjies met 'n horisontale deursnee van 60 cm tot 70 cm gebruik is vir die berging van gedomestikeerde of wilde plantvoedsel. Uitgebreide rooi gruisvloere is as buite- of woonvloere rondom die hutjies neergelê. Op plekke is as, klippe, bene en potskerwe weggegooi en het daar geleidelik ashoop-afsettings (bv. B0.3(ii).1) gevorm.

Laag 3(iii) het dwarsoor laag 3(iv) gevorm. Op punt C1 is 'n (graan?)-

hutjie (Cl.3(i).1) egter direk op laag 3(iv) opgerig terwyl laag 3(iii) terselfdertyd rondom gevorm het. Hierdie hutjie is gebruik dwarsdeur die vorming van lae 3(iii), 3(ii) en 3(i) en het saam met die ander hutjies van laag 3(i) afgebrand. Intussen is die mure van 'n hut (AO.3(i).3) langs lyn AO-A1 opgerig bo-op laag 3(iii) nadat die gruisvloere van laag 3(iii) gevorm het. Eweneens is die muur (Bl.3(i).3) en vloer Bl.3(i).2) van 'n stoorhutjie langs lyn Bl-B2 op die laag 3(ii) opgerig en plantvoedsel (Bl.3(i).4) daarin gestoor. Die stampklip (Al.3(ii).2) daar langsaan dui daarop dat die pitte van die wilde vrugte daar vlak naby stukkend gestamp kon gewees het.

Al hierdie hutte het gelyktydig afgebrand en die bewoning van hierdie fase beëindig.

Dit is moontlik dat laag 3(iv) later tydens verdere opgrawings as 'n geheel afsonderlike laag geskei sal word van lae 3(i), 3(ii) en 3(iii).

Die vierde oudste hooflaag bestaan uit lae 2 en 1. Laag 2 bevat geen prominente hut- of woonvloere nie en bestaan hoofsaaklik uit asagtige sandgrond wat veral in blokke O1 en O2 klippe, bene en potskerwe (O1.2.1) bevat. Laag 1 is bloot die verweerde oppervlakte van die terrein.

3.8 OPGRAWING TS 5

Algemeen (vgl. sketsfig. 67; foto 69)

Ts 5 word gegrawe aan die suidoostelike kant van die terrein en aan die rand van Gardner se opgrawing. Die opgrawing word uitgelê in die vorm van 'n toetssloot van 10 m x 2 m, opgedeel in blokke van 2 m x 2 m elk. Die punte A1 en A6 op die A-lyn word as basispunte in sement vasgelê.

Die sementvlak op punt A6 lê gelyk met grondhoogte. Die horisontale basislyn (= meetvlak) op 'n enkele hoogte is gespan 30 cm bokant die sementvlak op punt A6. Dit is 19 cm bokant die sementvlak (= grondvlak) op punt A1.

Blokke A2, A3 en A4 word opgegrawe.

Laag 1

Algemene beskrywing (vgl. sketsfige. 68a, 69a-c)

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin, fyn, asagtige sandgrond. Dit bevat nie besonder baie bene en potskerwe nie.

Detail (vgl. sketsfige. 68a, 69a-c)

A2.1.1 Dit is 'n rooi gruislaag langs lyn A2-B2. Dit is ongeveer 3 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van 47 cm tot 60 cm. Dit het nie 'n gladde, afgewerkte oppervlakte nie. Die gruis is nie besonder hard gekompakteer nie. Dit het 'n onreëlmatige planvorm.

A2.1.2 'n Konsentrasie potskerwe op gruislaag A2.1.1.

A2.1.3 'n Tuinrollerkraal in die basis van laag 1.

A3.1.1 'n Ronde klip met skuurverwering; vermoedelik 'n skuur- of vryfklip. Diepte 21 cm.

A4.1.1 Dit is 'n ongelyk gruiskol langs lyne A3-A5 en A5-B5. Dit is

tot 10 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van 38 cm tot 53 cm. Dit het 'n onreëlmatige planvorm. Die gruis is nie hard gekompakteer nie en bevat 'n bietjie grysbruin sandgrond. Dit het nie 'n duidelike, afgewerkte oppervlakte nie en is baie ongelyk. Dit vorm waarskynlik deel van 'n woonvloer. Dit lê onder die basis van laag 1.

- A4.1.2 'n Klip met klein, vlak holtetjies (\pm 2 cm wyd) in die plat bokant daarvan. Die klip is gedeeltelik ingesink in gruislaag A4.1.1. Dit is moontlik 'n soort stamp- of vyselklip.

Laag 2 (vgl. sketsfige. 68b, 69a-c)

Algemene beskrywing

Die laag lê onder gruislae A2.1.1 en A4.1.1. Dit bestaan uit grysbruin asgrond. Dit bevat heelwat bene en potskerwe.

Detail (vgl. sketsfige. 68b, 69a-c)

- A2.2.1 Gedeeltes van 'n keramiekhouer. Diepte 46 cm.
- A3.2.1 Gedeelte van 'n keramiekhouer in die basis van laag 2. Diepte 75 cm.
- A3.2.2 'n Versteuring deur vloer A4.2.1. Dit blyk later graf Ts 5G2 te wees.
- A3.2.3 Onreëlmatige versteuring langs lyn B3-B4.
- A3.2.4 'n Kol rooi gruis op lyn A4-B4 naby punt B4.
- A4.2.1 'n Rooi gruislaag langs lyne A2-A5 en A5-B5. Dit is tot 5 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van 60 cm tot 78 cm. Dit is nie hard gekonsolideer nie, is ongelyk en het geen afgewerkte oppervlakte nie. Dit het 'n onreëlmatige planvorm.
- A4.2.2 'n Konsentrasie bene en potskerwe langs lyn A5-B5. Diepte 71 cm.

Laag 3 (vgl. sketsfige. 68c, 69a-c)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin tot grysbruin asagtige sandgrond. Die basis van die laag het op plekke 'n rooi sanderige voorkoms waar dit minder as en potskerwe bevat.

Detail (vgl. sketsfig. 68c)

A3.3.1 Dit is 'n putvormige versteuring by punt B3, aan die rand van Gardner se opgraving. Dit is ongeveer 70 cm wyd, strek afwaarts tot 'n diepte van 105 cm en bevat grysbruin asagtige sandgrond.

A4.3.1 Dit is 'n betreklike groot versteuring waarvan 'n gedeelte in hoek B5 sigbaar is. Dit is 'n gat wat minstens 1 m wyd is en gevul is met asagtige sandgrond.

Graf Ts 5.G1 (vgl. sketsfige. 68a, 70; foto 70)

Algemene beskrywing

Die grootste deel van die graf bestaan nie meer nie. Slegs die skedel en enkele ander beendere kom in situ voor langs lyn B3-B2 in die wand van Gardner se opgraving. Die res is verwyder deur vroeëre opgrawers of het verlore geraak tydens die instorting van die vroeëre opgraving se wand.

Die graf is gegrawe deur die rooi gruislaag (A2.1.1) en behoort dus tot die hoërliggende laag 1 of 'n nog hoër laag wat deur die jare heen weggespoel het.

Die skedel lê op sy regterkant en kyk in 'n suidelike rigting. Dit lê op 'n diepte van 75 cm. Oorblyfsels van een hand rus onder die skedel. Gedeeltes van 'n keramiekhouer lê voor die gesig van die skedel.

Die grond in die graf is dieselfde lig- tot grysbruin, asagtige sandgrond

wat elders in Ts 5 voorkom.

Graf Ts 5.G2 (vgl. sketsfige 68b, 71; foto 71)

Dit is die graf van 'n klein kind op lyn A4-B4. Die graf en skelet is gedeeltelik beskadig, waarskynlik deur 'n springhaas.

Die graf het reeds sigbaar geword in die oppervlakte van laag 2 as 'n versteuring (A3.2.2) deur gruiskol A3.2.4. Die graf behoort dus tot laag 1 of 'n moontlike hoërliggende laag wat met verloop van tyd weggespoel het.

Dit is die graf van 'n klein kind wat op die regtersy neergelê is. Die knieë en hande is na die borskas opgetrek. Die voorkant van die skelet kyk in 'n noordoostelike rigting, maar die nekwerwelkolom is agteroorgebui sodat die gesig van die skedel byna noord kyk. Die skedel lê op 'n diepte van 94 cm en die bekken op 104 cm.

Die grond in die graf is dieselfde as die res van die afsetting in Ts 5, d.w.s. ligbruin tot grysbruin, asagtige sandgrond.

Detail

Ts 5.G2.1 Dit is 'n bladbeen van 'n groot diersoort en is geplaas op die voorkopbeen van die skedel. Dit lê op 'n diepte van 82 cm.

Ts 5.G2.2 Dit is 'n konsentrasie indiese rooi glaskrale om die bekken-gedeelte van die skelet.

Interpretasie en rekonstruksie van die stratifikasie in Ts 5

Die afsetting bestaan uit drie lae wat nie prominent van mekaar verskil t.o.v. die stratigrafiese aard en kulturele inhoud daarvan nie. Die lae word van mekaar geskei deur ongekompakteerde, vormlose rooi gruislae wat vermoedelik deel was van woonvloere.

Die afsetting vertoon 'n asagtige karakter en bevat huishoudelike afval=

materiaal. Dit lyk na 'n omgewing aan die buitekant van 'n woonhut= area waar as of asgrond met huishoudelike afval weggegooi is.

Die grafte is dié van kinders waarvan beide op die regtersy en minstens een in 'n saamgetrekte posisie begrawe is. Die een het keramiekware as grafgoedere gehad en die ander is ter ruste gelê met 'n aantal indiese rooi glaskrale en 'n groot dier se blad of bladbeen.

Hoewel die afsetting in Ts 5 nie so ryk is aan kulturele materiaal as Ts 1 en Ts 2 nie, is daar tog 'n ooreenstemming of eenvormigheid in die algemene inhoud van die drie opgrawings.

3.9 OPGRAWING TS 6

Algemeen (vgl. sketsfig. 72a)

Opgrawing Ts 6 word uitgemeet aan die rand van Gardner se toets-sloot nr. 2 van 1935.

Die toets-sloot is 3 m x 12 m in omvang, opgedeel in blokke van 3 m x 3 m. Lyn A word as basislyn gebruik en punte A1 en A5 as basispunte met sement gemerk. Blok A2 word volledig opgegrawe asook 'n gedeelte van laag 1 in blok A3. Die horisontale meetvlak is op die sementoppervlakte op punt A5, d.w.s. ongeveer op die huidige grondoppervlakte.

Laag 1 (vgl. sketsfige. 72b-d; foto 73)

Algemene beskrywing

Die laag word duidelik gekenmerk deur 'n deurmekaar mengsel van gebrande hutpuin, houtskool, verkoolde graan, potskerwe, bene en klippe.

Laag 2 (vgl. sketsfige. 72c-d)

Algemene beskrywing

Die laag is 'n voortsetting van laag 1, word arbitrêr van laag 1 geskei en bestaan ewe-eens uit 'n mengsel van gebrande hutpuin, houtskool, verkoolde graan, potskerwe, bene en klippe.

Laag 3 (vgl. sketsfige. 72c-d)

Algemene beskrywing

Die laag is 'n voortsetting van laag 2, is soortgelyk aan laag 2 en word arbitrêr van laag 2 geskei.

Laag 4 (vgl. sketsfige. 72c-d)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan afwisselend uit ligbruin sandgrond, grysbruin asgrond en lense wit as. Dit is duidelik 'n ashoop-afsetting.

Laag 5 (vgl. sketsfig. 72c-d)

Algemene beskrywing

Laag 5 is soortgelyk aan laag 4, is in werklikheid 'n voortsetting van laag 4 en word arbitrêr van laag 4 geskei.

Onder die basis van laag 5 verander die afsetting. Die oppervlakte van hierdie andersoortige lae word as laag 6 beskryf. 'n Gedeelte van laag 6 was reeds verwyder saam met die basis van laag 5 voordat die verskil tussen die twee lae in die wande van die opgraving (profiel) opgemerk is.

Lae 6, 7 en 8 (vgl. sketsfige. 72c-d)

Lae 6 tot 8 vorm gesamentlik 'n witterige, humusagtige afsetting wat soortgelyk skyn te wees aan die sg. beeskraal wat Gardner onder die sentrale ashoop waargeneem het. In hierdie afsetting kom ook ligte grysbruin sandgrond voor. Die afsetting word hier bloot arbitrêr onderverdeel in lae 6, 7 en 8.

Laag 9 (vgl. sketsfige. 72c-d)

Algemene beskrywing

Hoewel daar 'n effens sigbare onderskeid is tussen lae 8 en 9, lyk dit asof laag 9 die basis kan vorm van die hooflaag wat gevorm word deur lae 6, 7 en 8. Laag 9 het 'n humusagtige, witterige voorkoms en bestaan daarbenewens ook uit grysbruin sandgrond. Die basis van laag 9 is deurgaans swart gebrand.

Lae 10, 11 en 12 (vgl. sketsfige. 72c-d)

Algemene beskrywing

Lae 10, 11 en 12 kan vaagweg visueel van mekaar onderskei word maar bestaan aldie uit grysbruin sandgrond. Laag 12 het ook 'n effens gruiserige voorkoms.

Vanaf lyn A2-A3 strek 'n rotsbank (bodemrots) oor die grootste deel van die blok. Lae 10, 11 en 12 strek vanaf lyn B2-B3 tot teenaan die rotsbank (vgl. sketsfig. 72d).

Laag 13 (vgl. sketsfige. 72c-d)

Algemene beskrywing

Laag 13 bestaan uit ligbruin tot grysbruin sandgrond. Die laag se algemene voorkoms lyk na 'n spoel-afsetting. Die laag kom voor in 'n laagte wat deur die bodemrots langs lyn B2-B3 gevorm word en loop van daar teen die rotsbank vas.

Interpretasie en rekonstruksie van die stratifikasie in Ts 6

Die afsetting bestaan oënskynlik uit 5 hooflae wat mekaar chronologies van onder na bo opvolg as volg.

'n Klaarblyklike sanderige laag (laag 13) wat waarskynlik bestaan uit spoelgrond wat afkomstig is van die terrein hoër op.

Grysbruin sandgrond (lae 10, 11 en 12) wat 'n hoeveelheid argeologiese materiaal bevat maar wat verder geen uitstaande kenmerke vertoon nie.

'n Humusagtige afsetting (lae 6, 7 en 8 en waarskynlik ook laag 9) wat moontlik die oorblyfsels van 'n beeskraal kan wees.

'n Ashoop-afsetting (lae 4 en 5) met prominente aslae.

'n Prominente afsetting (lae 1, 2 en 3) wat opvallende hoeveelhede gebrande hutpuin, verkoolde graan en heelwat potskerwe bevat.

Geen tekens van hutvloere of enige ander strukturele verskynsels is waargeneem nie. Dit is moontlik dat die hutpuin in lae 1 tot 3 dié kon wees van 'n graanhut wat geen gemaakte vloer gehad het nie.

4. DIE TERREIN MAPUNGUBWEKOP

4.1 Algemeen (vgl. sketsfig. 3)

Gedurende die dertigerjare is 'n groot gedeelte van die argeologiese afsetting op Mapungubwekop deur die destydse opgrawers verwyder. Dit wil tans voorkom of daar van die belangrikste bewoningslae nie meer veel oorgebly het nie.

Omdat die diepste bestaande afsetting met 'n volledige chronologie op Mapungubwekop aan die noordwestekant van Gardner se opgrawing (in Gardner se blok 7) voorkom, is die belangrikste opgrawingswerk op die kop vir die huidige projek hier gedoen. Die opgrawing is genoem Mk 1 en is min of meer geleë in Gardner se stroke (seksies) 4 en 5. Daar is gepoog om 'n chronologie van die oudste tot die jongste woonlae en vondstemateriale op Mapungubwekop hier te bepaal en om dit met die stratifikasie van die Suidelike Terras te vergelyk.

Opgrawing Mk 2 is gedoen op 'n strook tussen die opgrawings van Gardner en Van Tonder, min of meer in seksie 1 van blok 3 van Gardner se ruitnet. Dit het egter geblyk dat daar so min oorgebly het van die oorspronklike afsetting dat Mk 2 geen betroubare inligting sou oplewer nie en gevolglik is dit vir navorsingsdoeleindes buite rekening gelaat.

Opgrawing Mk 3 is geleë in seksies 4 en 5 van blok 2 van Gardner se ruitnet. Mk 3 is gegrawe teen die kant van die vroeëre opgrawing omdat verskeie vloergedeeltes hier in die wal sigbaar was wat moontlik inligting sou kon verskaf oor 'n chronologie van woonvloere en gepaardgaande vondstemateriale in die omgewing van die grafte wat in die dertigerjare opgegrawe is.

4.2 OPGRAWING MK 1

Algemeen (vgl. sketsfige. 3, 73; foto 76)

Mk 1 word uitgemeet aan die rand van Gardner se groot opgrawing op die plek waar die oorblywende afsetting die diepste blyk te wees (vgl. sketsfig. 3). Die posisie van Gardner se groot ruitnet op Mapungubwekop is nie m.b.v. vaste bakens aangedui nie. Mk 1 blyk egter geleë te wees in blok 7, in seksies 4 en 5 van Gardner se opgrawing. Blykbaar is seksie 6 deur Gardner opgegrawe en Mk 1 lê min of meer aan die rand daarvan.

Mk 1 word uitgemeet as 'n klein ruitnet van 18 m x 6 m, opgedeel in blokke van 3 m x 3 m (vgl. sketsfig. 73). Mk 1 word s6 geplaas dat die ingestorte wand van Gardner se opgrawing ingesluit word, om so=doende die waardevolle afsetting volledig te benut (vgl. foto 76). Die een lang sy van Mk 1, d.w.s. die A-lyn (lyn A1-A7) val dus binne die area wat reeds deur Gardner opgegrawe is. Die ander lang sykant van Mk 1, d.w.s. die C-lyn (lyn C1-C7), word as basislyn gebruik. Punte C1 en C7 word as basispunte gebruik en as sodanig m.b.v. sement= blokke en ysterpenne gemerk. Voorlopig word net blokke A3, A4, A5, B3, B4 en B5 opgegrawe.

Omdat die grondoppervlakte 'n helling vorm wat die span van 'n enkele meetlyn op een enkele hoogte in die opgrawing bemoeilik, word die meetvlak en dus die meetlyne in trappe uitgelê. Die hoekpenne C3 en C6 word as klein bakens in sementblokke in posisie gelaat.

Op punt C3 word die basislyn (meetvlak) vir blokke B3 en A3 geneem op 13 cm bokant die sementvlak (d.w.s. ook grondoppervlakte). Die meetvlak vir blokke B4 en A4 lê 42 cm laer as dié vir blokke B3 en A3. Die meetvlak vir blokke B5 en A5 lê 34 cm laer as dié vir blokke B4 en A4 (vgl. sketsfige. 88a, 88b, 89, 90).

Profieltekeninge word gemaak van die afsetting langs lyne A3-C3 (vgl. sketsfig. 88b), C3-C6, (sketsfig. 90), B3-B6 (sketsfig. 89) en A6-C6 (sketsfig. 88a).

Om te verhoed dat die hoekpenne van die opgrawing inval tydens die

opgraving, word 'n trap van 25 cm breed gelaat vanaf die grondoppervlakte langs die buitelyne van die gedeelte wat opgegrawe word. In laag 11 is daar langs lyn C3-C4 'n gedeelte van 'n klipstruktuur B3.11.9) sigbaar. Die res van die struktuur kom voor in blok C3. Die gedeelte van die struktuur word dus in situ op 'n trap gelaat en is met plastiek en grond bedek sodat dit later volledig blootgelê kan word.

Laag 1 (vgl. sketsfige. 74, 88a, 88b, 89, 90)

Algemene beskrywing

Laag 1 vorm die verweerde oppervlakte van die afsetting. Die laag bestaan uit sagte, ligbruin, fyn sandgrond en bevat heelwat plantwortels. Daar is nie baie bene, klippe of potskerwe in die laag nie. In die basis van die laag begin klippe en potskerwe verskyn - meestal behorende tot laag 2 wat bloot arbitrêr van laag 1 geskei word.

Opsomming van laag 1

Laag 1 bestaan uit sagte, ligbruin sandgrond en vorm die verweerde oppervlakte van die afsetting.

Laag 2 (vgl. sketsfige. 75, 88a, 88b, 89, 90; foto's 77, 78)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin, sagte sandgrond in al die blokke. Tekens van as verskyn plek-plek in die basis van die laag en behoort waarskynlik tot 'n volgende laag. In blok B5 dring 'n klipkonsentrasie (B5.6.1) vanuit 'n onderliggende laag deur tot in die basis van laag 2.

Detail

B3.2.1 (vgl. sketsfig. 75). Dit is 'n gedeelte van 'n mosterdgeel, brokkelagtige gruisvloer. Dit is 2 cm dik en lê op 'n diepte van 45 cm in blok B3. Die oppervlakte is glad afgewerk en gryswit van kleur.

- B3.2.2 (vgl. sketsfige. 75, 88b). Dit is 'n gedeelte van 'n brokkelagtige gruisvloer. Dit bestaan uit los, bruin grond en mosterdgeel gruis. Dit is 1 tot 2 cm dik en lê op 'n diepte van 39 cm in blok B3.
- B3.2.3 (vgl. sketsfig. 75). Gedeelte van 'n plat kleibak in blok B3. Diepte : 20 cm.
- B3.2.4 (vgl. sketsfig. 75). Gedeelte van 'n kleipot in blok B3. Diepte : 27 cm.
- B3.2.5 (vgl. sketsfig. 75). Klein konsentrasie potskerwe en 'n been. Diepte 40 cm in blok B3.
- B3.2.6 (vgl. sketsfig. 75). Enkele potskerwe. Diepte 36 cm in blok B3.
- B3.2.7 (vgl. sketsfig. 75). Beenwerktuig. Diepte 46 cm in blok B3.
- B3.2.8 (vgl. sketsfig. 75). Potskerf. Diepte 46 cm in blok B3.
- B3.2.9 (vgl. sketsfig. 75). Beenwerktuig tussen enkele potskerwe en bene. Diepte 58 cm in blok B3.
- B3.2.10 (vgl. sketsfig. 75). Beenwerktuig in klipkonsentrasie nr. B3.2.11. Diepte 56 cm in blok B3.
- B3.2.11 (vgl. sketsfig. 75; foto's 77, 78). Klipkonsentrasie wat strek tot in blok B4. Totale getal klippe is 47. Dit is moontlik 'n ruwe of vervalde klipstruktuur. Die klippe lê op verskillende hoogtes.
- B3.2.12 (vgl. sketsfig. 75). Konsentrasie van enkele potskerwe. Diepte 67 cm in blok B3.
- B3.2.13 (vgl. sketsfig. 75). Twee potskerwe en 'n stuk been bymekaar. Diepte in blok B3 is 55 cm (been en 63 cm (potskerf)).
- B3.2.14 (vgl. sketsfig. 75). Potskerf. Dit lê deels bo-oor B3.2.15. Diepte 64 cm in blok B3.
- B3.2.15 (vgl. sketsfig. 75, foto 78). Deel van vlakvark se bokaak. Diepte 64 cm in B3. Lê op dieselfde horisontale vlak as waarop sommige van klipstruktuur B3.2.11 se klippe lê of staan. Dit lê op 'n grondvlak met diepte 74 cm in blok B3.
- B3.2.16 (vgl. sketsfig. 75, foto 78). Potskerf direk onder agterste

- punt van B3.2.15. Diepte 70 cm in blok B3. Diepte 70 cm in blok B3.
- B3.2.17 (vgl. sketsfig. 75, foto 80). Klipstruktuur gedeeltelik sigbaar langs lyn C3-C4. Bestaan uit langwerpige klippe (tot 50 cm lank) wat vertikaal in die grond ingeplant is met plat klippe wat horisontaal bo-op lê. Horisontale deursnee van die struktuur ongeveer 90 cm. Diepte 47 cm tot 63 cm. Die struktuur is waarskynlik gebruik tydens die vorming van lae 2, 3 of 4 of aldrie.
- B3.2.18 (vgl. sketsfig. 75). Tand, klaarblyklik van 'n vlakvark. Dit lê onder die een klip wat behoort tot struktuur B3.2.11. Diepte van tand 62 cm in blok B3.
- B3.2.19 (vgl. sketsfig. 75). Potskerf. Diepte 76 cm in B3.
- B4.2.1 (vgl. sketsfig. 75, foto 77). Gedeelte van 'n mosterdgeel gruisvloer. Diepte 48 cm in blok B4. Planvorm onreëlmatig. Dikte ongeveer 3 cm.
- B4.2.2 (vgl. sketsfig. 75). Beenwerktuig. Diepte 63 cm in blok B4.
- B4.2.3 (vgl. sketsfig. 75; foto 77). Beenwerktuig. Diepte 75 cm in blok B4.
- B4.2.4 (vgl. sketsfig. 75; foto 77). Beenwerktuig. Diepte 62 cm in blok B4.
- B4.2.5 (vgl. sketsfig. 75; foto 77). Beenwerktuig. Diepte 62 cm in blok B4.
- B4.2.6 (vgl. sketsfig. 75; foto 77). Beenwerktuig. Diepte 49 cm in blok B4.
- B4.2.7 (vgl. sketsfig. 75; foto 77). Beenwerktuig, lê langs B4.2.6. Diepte 49 cm in blok B4.
- B4.2.8 (vgl. sketsfig. 75; foto 77). Beenwerktuig. Diepte 55 cm in blok B4.
- B4.2.9 (vgl. sketsfig. 75; foto 77). Beenwerktuig. Diepte 62 cm in blok B4.
- B4.2.10 (vgl. sketsfig. 75; foto 77). Beenwerktuig. Diepte 57 cm in blok B4.
- B4.2.11 (vgl. sketsfig. 75; foto 77). Beenwerktuig. Diepte 57 cm

in blok B4.

- B4.2.12 (vgl. sketsfig. 75; foto 77). Beenwerktuig. Diepte 57 cm in blok B4.
- B4.2.13 (vgl. sketsfig. 75; foto 77). Beenwerktuig. Diepte 58 cm in blok B4.
- B4.2.14 (vgl. sketsfig. 75; foto 77). Beenwerktuig. Diepte 49 cm in blok B4.
- B4.2.15- (vgl. sketsfig. 75; foto 77). 'n Konsentrasie van beenwerk=
B4.2.22 tuie. Diepte in blok B4 wissel van 51 cm tot 52 cm. Die werktuie lê in die basis van laag 2.
- B4.2.23 (vgl. sketsfige. 75, 90). Beenwerktuig. Diepte 71 cm.
- A5.2.1 (vgl. sketsfig. 75). Potskerf. Diepte 19 cm in blok A5.
- B5.2.1 (vgl. sketsfig. 75). Beenwerktuig. Diepte 55 cm in blok B5.

Opsomming van laag 2

Die laag bestaan uit ligbruin, sagte sandgrond. Dit bevat tekens van dun, mosterdgeel gruisvloere (B3.2.2, B4.2.1), klaarblyklike klipstrukture (B3.2.11, B3.2.17), beenwerktuie (been-pylpunte en tussen-skagte), asook klippe, bene en potskerwe.

Laag 3 (vgl. sketsfige. 76, 88b, 89, 90)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit sagte, ligbruin sandgrond en dun, mosterdgeel gruisvloere. Die laag word gedeeltelik van die ander lae geskei deur hierdie vloere en daarvolgens blyk dit dat die laag dun is en oënskynlik net voorkom in blokke A3 en B3.

Detail

- B3.3.1 (vgl. sketsfige. 76, 88b). Stukkies van 'n mosterdgeel gruisvloer. Planvorm onreëlmatig. Struktuur los, brokkelagtig. Oppervlakte ongelyk, verweer, hier en daar gryswit van kleur. Dikte wissel van 1 cm tot 2 cm. Diepte 42 cm tot 48 cm.

- B3.3.2 (vgl. sketsfige. 76, 88b, 89). Oorblyfsels van 'n mosterdgeel gruisvloer. Planvorm onreëlmatig. Oppervlakte glad afgewerk, baie verweer, gryswit van kleur. Baie brokkelagtig. Vloeroppervlakte oor die algemeen ongelyk, hoewel hier en daar plat afgewerk. Die vloer daal afwaarts in die rigting van lyn B4-C4. Dikte wissel van 1 cm tot 3 cm. Diepte wissel van 38 cm tot 73 cm in blokke A3 en B3.
- B3.3.3 (vgl. sketsfig. 76). Ronde klipvoorwerp. Diepte 54 cm in blok B3.

Opsomming van laag 3

Die laag bestaan uit ligbruin, sagte sandgrond en dun, mosterdgeel gruisvloere. Die laag kom byna uitsluitlik voor in blokke A3 en B3.

Laag 4 (vgl. sketsfige. 77, 88b, 89, 90).

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond wat op plekke betreklik hard is en verander na 'n rooibruin kleur. Heelwat gedeeltes van dun, mosterdgeel gruisvloere kom voor. Dit lyk asof klipstruktuur B3.2.17 gebruik is tydens vorming van hierdie laag omdat vloer nr. B3.4.2 duidelik teen die klipstruktuur aansluit (vgl. beskrywing van B3.4.2).

Detail

- B3.4.1 (vgl. sketsfige. 77, 89). Mosterdgeel gruisvloer. Planvorm onreëlmatig. Oppervlakte betreklik stygend en dalend, op plekke glad afgewerk en gryswit van kleur. Die vloer is brokkelagtig, die gruis nie hard gekonsolideer nie. Dikte wissel van 1 cm tot 2 cm. Diepte 78 cm tot 82 cm in blok B3 en 30 cm tot 40 cm in blokke A4 en B4.
- B3.4.2 (vgl. sketsfige. 77, 88b, 89, 90; foto 79). Mosterdgeel gruisvloer. Planvorm onreëlmatig. Bestaan uit los gedeeltes wat onreëlmatig versprei is oor die woon-oppervlakte. Vloer-oppervlakte glad en plat afgewerk maar ongelyk van aard. Die vloer is harder as die hoërliggende vloere en ook

minder brokkelagtig. Oppervlakte vaalwit van kleur. Die vloer daal effens afwaarts in die rigting van lyn B4-C4. Dieptemate wissel van 61 cm tot 96 cm in blok B3 en 47 cm tot 70 cm in blok B4. Diepte wissel van 1 cm tot 3 cm. Die vloer is oënskynlik op 'n paar plekke hernu en vertoon gevolglik op plekke 3 vloerlae wat gedeeltelik bo mekaar lê. Die onderskeie gedeeltes word genoem B3.4.2(1), B3.4.2(2) en B3.4.2(3). Langs lyn C3-C4 loop die vloer met 'n effense opwaartse helling vas teen klipstruktuur B3.2.17 en hou oënskynlik 'n bepaalde verband daarmee.

- B3.4.3 (vgl. sketsfig. 77). Potskerf in askol nr. B3.4.5. Die potskerf lê gedeeltelik op 'n stuk van vloer B3.4.2(1). Diepte 89 cm in blok B3.
- B3.4.4 (vgl. sketsfig. 77). Beenvoorwerp aan die rand van askol nr. B3.4.5. Diepte 69 cm.
- B3.4.5 (vgl. sketsfig. 77). 'n Askol langs lyn C3-C5. Die kol wissel van suiwer wit as tot grysbruin, sanderige asgrond. Dit lê bo-op 'n gedeelte van vloer B3.4.2 wat langs lyn C3-C5 lê. Die askol vertoon nie so dik en prominent dat dit in die profiel sigbaar is nie.
- B3.4.6 (vgl. sketsfig. 77). Potskerf in basis van askol B3.4.5. Diepte 75 cm.
- B4.4.1 (vgl. sketsfig. 77). Beenvoorwerp. Diepte 71 cm in blok B4.
- B4.4.2 (vgl. sketsfig. 77). 'n Hoop los, vaalwit gruiskorrels.

Opsomming van laag 4

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond, 'n groot askol (B3.4.5) en platvormagtige klipstruktuur (B3.2.17) langs lyn C3-C5 en groot gedeeltes van dun mosterdgeel gruisvloere (B3.4.1-2). Die laag kom nie voor in blokke A5 en B5 nie omdat dit doodloop langs lyn A5-C5.

Laag 5 (vgl. sketsfige. 78, 88b, 89, 90)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond, klein klipkonsentrasies en gedeeltes van dun, mosterdgeel gruisvloere. Die laag loop dood langs

lyn A5-C5 en kom dus nie voor in blokke A5 en B5 nie.

Detail

- B3.5.1 (vgl. sketsfig. 78). Kleinerige stuk mosterdgeel gruisvloer in blok B3. Dikte 2 cm. Diepte wissel van 90 cm tot 96 cm. Die vloer lê teenaan klipstruktuur B3.2.17 en lê terselfder=tyd bo-oor klipstruktuur B3.6.1. Planvorm onreëlmatig.
- B4.5.1 (vgl. sketsfige. 78, 89, 90). Mosterdgeel gruisvloer. Die planvorm is 'n gedeelte van 'n sirkel, was vermoedelik oorspronklik 'n volle sirkel. Die vloer is baie verweer. Oppervlakte glad afgewerk hoewel op plekke ongelyk en vaalwit van kleur. Die grotere gedeeltes van die vloer word onderskeidelik genoem B4.5.1(1), B4.5.1(2) en B4.5.1(4). 'n Sirkelvormige versteuring, nl. B4.5.1(3) kom in die vloer voor maar is waarskynlik dieselfde een wat in die hoërliggende vloer B3.4.2 voorgekom het. B4.5.1(5) is vermoedelik 'n oorblyfsel van 'n fondasiesloot en skei B3.4.1(2) van B3.4.1(4). Dikte wissel van 2 cm tot 4 cm. Diepte wissel van 92 cm in blok A3 tot 70 cm in blok B4.

Opsomming van laag 5

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond, klipkonsentrasies en gedeeltes van mosterdgeel gruisvloere. Vermoedelik het die vloergedeeltes B4.5.1(1) en B4.5.1(2) oorspronklik 'n enkele vloer gevorm wat m.b.v. 'n sirkelvormige binnemuur (B4.5.1(5) geskei is van vloergedeelte B4.5.1(4). 'n Sirkelvormige buitemuur het moontlik die boustruktuur in sy geheel omring. Die struktuur was dus vermoedelik 'n dubbelmuurhut.

Laag 6 (vgl. sketsfige. 79, 88a, 88b, 89, 90)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond, oorblyfsels van mosterdgeel gruisvloere en klipstrukture (B3.6.1 en B3.6.2). Gewone klipkonsentrasies (B3.6.1 en B5.6.1) kom voor.

Detail

Diepte 76 cm tot 80 cm. Dikte 2 cm. Dit lê ongeveer horisontaal met die bokant van klipstruktuur B3.6.1.

- A4.6.1 (vgl. sketsfig. 79). Beenwerktuig in blok A4. Diepte 88 cm.
- B4.6.1 (vgl. sketsfige. 79, 89). Stukke mosterdgeel gruisvloer. Betreklik netjies en glad afgewerk, redelik hard. Opper-vlakte vaalwit verkleur. Dikte wissel van 2 cm tot 5 cm. Diepte wissel van 72 cm in blok A4 tot 58 cm in blok B5. Planvorm onreëlmatig; behalwe die gedeelte langs lyn B4-B5 wat 'n sirkelvormige planvorm vertoon, omsluit deur 'n muur-fondasie wat tot 10 cm breed is en harde rooibruin sandgrond en oorblyfsels van 'n paal bevat. Hierdie sirkelvormige gedeelte hou vermoedelik verband met die ooreenstemmende vloer (B4.5.1) in die hoërliggende laag 5; maar die presiese aard van hierdie verband is nie duidelik nie.
- B4.6.2 (vgl. sketsfig. 79). Beenwerktuig in blok B4. Diepte 84 cm.
- B4.6.3 (vgl. sketsfig. 79). Beenwerktuig in blok B4. Diepte 88 cm.
- A5.6.1 (vgl. sketsfig. 79). Beenwerktuig in blok A5. Diepte 40 cm.
- A5.6.2 (vgl. sketsfig. 79). Beenwerktuig in blok A5. Diepte 63 cm.
- B5.6.1 (vgl. sketsfig. 79). Onreëlmatige klipkonsentrasie in blok B5. Diepte 41 cm tot 57 cm.
- B5.6.2 (vgl. sketsfig. 79). Beenwerktuig in blok B5. Diepte 77 cm.
- B5.6.3 (vgl. sketsfig. 79). Ronde klipvoorwerp in blok B5. Diepte 59 cm.
- B5.6.4 (vgl. sketsfig. 79). Beenwerktuig in blok B5. Diepte 62 cm.

Opsomming van laag 6

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond en bewoningsoorblyfsels in die vorm van mosterdgeel gruisvloere, klipplatvorme, klipkonsentrasies en huishoudelike afvalmateriaal byvoorbeeld enkele potskerwe, beendere en beenwerktuie.

Die beenwerktuie is almal afkomstig uit blokke A5 en B5 of daar vlak naby. Dit wil voorkom asof hierdie beenwerktuie afkomstig is uit die basis van laag 2 wat hier direk op laag 6 lê. Die skeiding van die

lae is op plekke bloot arbitrêr sodat oorblyfsels van laag 2 waarskynlik saam met laag 6 opgegrawe is.

Die sirkelvormige vloeroorblyfsels (B4.6.1) langs lyn B4-B5 hou moontlik verband met dié (B4.5.1) in laag 5 daarbo. Die stukke vloere en muurfondasies daaromheen het klaarblyklik deel van 'n groot sirkelvormige hut gevorm, vermoedelik 'n dubbelmuur-hut met 'n totale deursnee van ongeveer (volgens skatting) 350 cm. Vloere B4.5.1 en B4.6.1 lê egter op verskillende dieptes en die aard van die verband tussen die twee vloere is nie duidelik nie. Laag 6 het klaarblyklik groot, permanente boustrukture byvoorbeeld groot hutte en klipplatvorms bevat.

Laag 7 (vgl. sketsfige. 80, 88a, 88b, 89, 90)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond, duidelike mosterdgeel gruisvloere en enkele klein gedeeltes van rooi gruisvloere. Die vloere vertoon nie identifiseerbare planvorms nie. Onder die basis van laag 7 verskyn heelwat gruiskorrels in die grond.

Detail

- A3.7.1 (vgl. sketsfig. 80). Klein stukkies vloer bestaande uit growwe, rooi gruis. Oppervlakte plat afgewerk. Dikte 4 cm. Diepte in blok A3 wissel van 92 cm tot 95 cm.
- A3.7.2 (vgl. sketsfig. 80). Potskerf in blok A3. Diepte 88 cm.
- A3.7.3 (vgl. sketsfig. 80). Potskerf in blok A3. Diepte 100 cm.
- B3.7.1 (vgl. sketsfige. 80, 88b, 90). 'n Mosterdgeel gruisvloer. Baie netjies gemaak. Oppervlakte ietwat verweer maar glad en gelyk afgewerk en vaalwit van kleur. Hard en goed gekonsolideer. Sluit netjies aan tot teen klipstruktuur B3.6.2 en hou blykbaar verband met die klipstruktuur. Dikte wissel van 1 cm tot 3 cm. Diepte wissel van 94 cm tot 110 cm.
- B3.7.2 (vgl. sketsfig. 80). Potskerf uit klipstruktuur B3.6.1. Diepte 117 cm in blok B3.

- B3.7.3 (vgl. sketsfig. 80). Klipvoorwerp (spoelklip) uit klip=struktuur B3.6.1. Diepte 117 cm in blok B3.
- B4.7.1 (vgl. sketsfige. 80, 89). Oorblyfsels van 'n woonvloer wat onderverdeel word in B4.7.1(1), -(2), -(3) en -(4) soos volg:
- B4.7.1(1) Stuk mosterdgeel gruisvloer, betreklik hard en goed gekonsolideer. Oppervlakte glad afgewerk, gelyk, vaalwit van kleur. Dikte 2 cm tot 3 cm. Diepte wissel van 89 cm tot 84 cm in blok B4. Planvorm onreëlmatig. Sluit aan teen fondasiesloot B4.7.1(4).
- B4.7.1(2) Mosterdgeel gruisvloer met los, verweerde oppervlakte. Dikte 3 cm tot 6 cm. Diepte 83 cm. Planvorm onreëlmatig.
- B4.7.1(3) Stukke growwe, rooi gruisvloer. Oppervlakte hard en glad afgewerk. Dikte 5 cm. Diepte 85 cm tot 88 cm. Planvorm onreëlmatig.
- B4.7.1(4) Tekens van 'n sirkelvormige fondasiesloot. Is gevul met rooibruin, harde sand. Is moontlik deel van die fondasiesloot hoër op in die afsetting.
- B5.7.1 (vgl. sketsfige. 80, 90). Stuk mosterdgeel gruisvloer. Betreklik hard gekonsolideer. Oppervlakte glad afgewerk en vaalwit van kleur. Planvorm onreëlmatig. Die vloer lê aan die rand van 'n groot, gatvormige versteuring (B5.9(i).1) en die rand van die vloer wat aan die versteuring grens, toon afwaartse verbrokkeling. Dikte van die vloer 2 cm tot 4 cm, diepte 71 cm tot 78 cm.
- B5.7.2 (vgl. sketsfig. 80). 'n Stuk vloer wat bestaan uit 'n mengsel van liggeel en mosterdgeel gruis. Hard gekonsolideer. Oppervlakte vaalwit van kleur, grof en ongelyk afgewerk. Dikte wissel van 1 cm tot 3 cm. Diepte wissel van 96 cm in blok B4 tot 68 cm in blok B5.
- B5.7.3 (vgl. sketsfig. 80). Beenwerktuig. Diepte 65 cm in blok B5.
- B5.7.4 (vgl. sketsfig. 80). Potskerf. Diepte 85 cm in blok B5.

Opsomming van laag 7

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond, bevat bewonersafval en oorblyfsels van klipstrukture (platvorms B3.6.1 en B3.6.2). Die klipstrukture word hoofsaaklik met laag 7 geassosieer alhoewel hulle in laag 6 reeds blootgelê en beskryf is en miskien ook met laag 6 geassosieer kan word. Laag 7 word gekenmerk deur die aanwesigheid van mosterdgeel gruisvloere maar veral ook die verskyning van liggeel en rooi gruisvloere wat kenmerkend is van die laerliggende lae. Wat die keuse van rumateriaal vir die maak van vloere betref, is laag 7 moontlik dus 'n soort oorgangslaag.

Laag 8 (vgl. sketsfige. 81, 82, 88a, 88b, 89, 90)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond met bene en potskerwe versprei deur die laag. Enkele konsentrasies klippe, bene en potskerwe kom in die laag voor. Heelwat gedeeltes van gruisvloere is deur die laag versprei en bestaan onderskeidelik uit liggeel gruis, mosterdgeel gruis, rooi gruis of 'n mengsel van mosterdgeel en rooi gruis. Onder die basis van laag 8 is die grond (laag 9) ligbruin tot grysbruin sandgrond met baie rooi gruis korrels in die grond.

Detail

- A3.8.1 (vgl. sketsfig. 81). Stukke ruwe vloer. Bestaan uit rooi, growwe gruis. Oppervlakte plat maar grof en onafgewerk. Dikte wissel van 3 cm tot 5 cm. Diepte wissel van 99 cm tot 108 cm. Planvorm onreëlmatig. Op een plek deur rysmiere versteur.
- A3.8.2 (vgl. sketsfig. 81). 'n Stuk vloer, bestaande uit los, growwe, rooi gruis. Dikte 4 cm. Diepte wissel van 120 cm tot 123 cm. Planvorm onreëlmatig.
- B3.8.1 (vgl. sketsfige. 81, 88b, 90). Stukke vloer wat bestaan uit 'n mengsel van fyn, mosterdgeel gruis en growwe, rooi gruis. Oppervlakte ru, verweer, ongelyk. Nie baie hard nie. Dikte wissel van 1 cm tot 2 cm. Diepte wissel van 95 cm tot 121 cm.
- B3.8.2 (vgl. sketsfige. 82, 88b). 'n Stuk vloer net-net sigbaar

langs lyn C3-B3 onder vloer B3.8.1. Vloer B3.8.2 bestaan uit 'n mengsel van rooi en mosterdgeel gruis. Baie hard gekonsolideer. Oppervlakte glad en plat afgewerk maar verweer; vaalwit van kleur. Dikte wissel van 2 cm tot 5 cm. Diepte wissel van 103 cm tot 105 cm.

- B3.8.3 (vgl. sketsfige. 82, 88b). Stukke gruisvloer. Bestaan uit 'n mengsel van mosterdgeel en growwe, rooi gruis. Oppervlakte plat afgewerk maar verweer. Die een gedeelte wat genoem word B3.8.1(1) bestaan uit 3 lae, elk 2 cm tot 3 cm dik, met plat afgewerkte oppervlakte asook dun lagies (1 cm tot 2 cm dik) sandgrond en as tussen-in. Diepte wissel van 104 cm tot 118 cm in blok B3.
- B3.8.4 (vgl. sketsfig. 82, 83). Oorblyfsels van 'n kleipot in blok B3. Diepte 117 cm. Die kleipot lê gedeeltelik onder vloer B3.8.1.
- B3.8.5 (vgl. sketsfig. 82). Potskerf in blok B3. Diepte 110 cm.
- B4.8.1 (vgl. sketsfige. 81, 90). Stukke gruisvloer. Bestaan uit growwe, liggeel gruis. Oppervlakte baie verweer maar is op plekke nog plat en glad afgewerk. Dikte wissel van 2 cm tot 4 cm. Diepte wissel van 96 cm tot 107 cm. Lê ongeveer 8 cm tot 12 cm hoër as vloer B4.8.3.
- B4.8.2 (vgl. sketsfig. 81). Stukke mosterdgeel gruisvloer. Die vloer is op plekke swart gebrand. Die oppervlakte het 'n witterige aanpaksel op, is plat en glad afgewerk. Die vloer is betreklik hard gekonsolideer. Planvorm onreëlmatig. Dikte wissel van 2 cm tot 3 cm. Diepte wissel van 135 cm in blok B3 tot 98 cm in blok B4. Die vloer lê bo-oor vloer B4.8.3 maar word daarvan geskei deur 'n sandgrondlagie wat 1 cm tot 2 cm dik is.
- B4.8.3 (vgl. sketsfige. 81, 89). Dit is vloergedeeltes wat onderverdeel word in B4.8.3(1) en B4.8.3(2) soos volg:
- B4.8.3(1) 'n Vloeroorblyfsel wat bestaan uit 'n mengsel van rooi en mosterdgeel gruis. Dit bestaan meer spesifiek uit 'n rooi gruis-onderlaag en 'n mosterdgruis-bolaag. Oppervlakte plat en glad afgewerk maar verweer en vaalwit van kleur.

- Dikte wissel van 3 cm tot 4 cm. Planvorm onreëlmatig.
- B4.8.3(2) Stukke vloer wat op dieselfde horisontale vlak teenaan B4.8.3(1) lê en oënskynlik deel vorm van dieselfde vloer. B4.8.3(2) bestaan uit growwe, liggeel gruis. Oppervlakte plat en glad afgewerk maar verweer en vaalwit van kleur. Dikte 3 cm tot 5 cm. Diepte 135 cm in blok B3 tot 108 cm in blok B4.
- B4.8.4 (vgl. sketsfig. 81). 'n Klip wat ingebou is in vloer B4.8.3. Die klip is min of meer reghoekig, ongeveer 20 cm breed, 30 cm lank, staan ongeveer 10 cm bokant die vloer uit en kom voor 86 cm onder die meetvlak in blok B4.
- B4.8.5 (vgl. sketsfig. 81). Konsentrasie klippe, bene en potskerwe. Diepte wissel van 90 cm tot 100 cm in blok B4.
- B4.8.6 (vgl. sketsfig. 81). Klipvoorwerp. Diepte 90 cm in blok B4.
- B4.8.7 (vgl. sketsfig. 81). Metaalvoorwerp. Diepte 107 cm in blok B4.
- B4.8.8 (vgl. sketsfig. 81). Metaalvoorwerp. Diepte 105 cm in blok B4.
- B4.8.9 (vgl. sketsfig. 81). Kol mosterdgeel gruis. Diepte 110 cm in blok B4.
- B4.8.10 (vgl. sketsfig. 81). Metaalsnoer. Diepte 96 cm in blok B4.
- A5.8.1 (vgl. sketsfige. 81, 89). 'n Vloer wat bestaan uit rooi, growwe gruis. Oppervlakte afgewerk waar grof en ongelyk. Betreklik hard gekonsolideer. Dikte 4 cm tot 8 cm. Diepte wissel van 104 cm in blok A4 tot 83 cm in blok A5. Die gedeelte van die vloer wat oorgebly het, vertoon 'n sirkelvormige planvorm. In blok A4 is daar tekens van paaltjies aan die rand van die vloer. Die paaltjies is ongeveer 3 cm dik en 10 cm tot 15 cm van mekaar gespaseer. 'n Strokie harde, rooibruin sand van 4 cm tot 5 cm breed lê in blok B5 teen die vloer en is waarskynlik die invulling in 'n muurfondasie-sloot. Die vloer is beskadig d.m.v. slootvormige versteurings. Die breedtedeursnee van

- A5.8.1 is bykans 210 cm. A5.8.1 was waarskynlik deel van 'n hutagtige struktuur.
- A5.8.2 (vgl. sketsfig. 81). Konsentrasie klein glaskrale. Diepte 86 cm.
- B5.8.1 (vgl. sketsfig. 81). Oorblyfsels van 'n gebreekte kleipot op klip B5.8.3. Diepte 69 cm.
- B5.8.2 (vgl. sketsfig. 81). Beenwerktuig. Diepte 87 cm.
- B5.8.3 Drie plat klippe in 'n platlêende posisie bymekaar, met twee askolle daar langsaa. Diepte 67 cm tot 74 cm.

Opsomming van laag 8

Die afsetting in die laag bestaan uit ligbruin sandgrond met bene en potskerwe versprei deur die laag. 'n Deurmekaar mengsel van vloere wat bestaan uit mosterdgeel, liggeel en rooi gruis kom voor. Die oorblywende gedeelte van vloer A5.8.1 bestaan uit rooi gruis en is vermoedelik die vloer van 'n ligte, hutagtige struktuur wat dun muurpaaltjies in 'n smal, rooibruin sandfondasie op die basisvlak van die muur gehad het. Die deursnee van die struktuur was ongeveer 210 cm. Langs die struktuur, op lyn B5-C5. is daar 'n gebreekte kleipot en twee askolle versprei om drie platterige klippe. Die as, potoorblyfsels en klippe staan waarskynlik op een of ander wyse met mekaar in verband as oorblyfsels van daaglikse huishoudelike aktiwiteite.

Beenwerktuig B5.8.2 is geleë bokant die groot afvalgat B5.9(ii).1 (vgl. beskrywing van laag 9(ii)) en hou waarskynlik hiermee verband.

Laag 9

Algemeen

Laag 9 is 'n meer komplekse laag as die hoër liggende lae en bestaan uit verskeie klipstrukture, gruisvloere, groot kolle gebrande hutpuin en ander oorblyfsels. Die laag is onderverdeel in lae 9(i) en 9(ii) omdat laag 9(ii) duidelike tekens van gebrande hutpuin bevat. Albei is laag 9 genommer omdat die twee op plekke baie moeilik van mekaar geskei kan word, veral langs lyn C3-C6.

Laag 9(i) (vgl. sketsfige. 83, 88a, 88b, 89, 90; foto's 81-82)

Algemene beskrywing

Laag 9(i) bestaan uit ligbruin sandgrond. In die laag kom vyselklipstrukture en enkele oorblyfsels van gruisvloere voor. Laag 9(i) lê bo-oor gebrande hutpuin-lae wat as laag 9(ii) beskryf word.

Detail

- A3.9(i).1 (vgl. sketsfige. 83, 88b). Stukke rooi gruisvloer langs lyn A3-B3. Die gruis is nie baie grof nie. Oppervlakte verweer, ongelyk en ru. Die vloer se planvorm is onreëlmatig. Dikte wissel van 2 cm tot 4 cm. Diepte in blok A3 wissel van 106 cm tot 115 cm. Die vloer lê bokant gebrande hutpuin wat A3.9(ii).1 genoem word en word van die puin geskei deur 'n lagie ligbruin sandgrond wat 5 cm tot 7 cm dik is.
- A3.9(i).2 (vgl. sketsfig. 83). Dit is 'n klip wat gedeeltelik op vloer A3.9(i).1 lê. Die klip is 10 cm hoog en 18 cm lank. Aan die bokant daarvan het dit 'n plat oppervlakte met 'n klein holtetjie wat 2 cm wyd en 0,5 cm diep is. Dit is vermoedelik 'n vyselklip waarin sade fyn gestamp is. Dit lê op 'n diepte van 103 cm.
- B3.9(i).1 (vgl. sketsfige. 83, 88b). 'n Stuk vloer langs lyn B3-C3. Dit bestaan uit growwe, rooi gruis en is redelik hard gekonsolideer. Oppervlakte plat en grof. Dikte wissel van 2 cm tot 4 cm. Diepte wissel van 113 cm tot 115 cm in blok B3. Planvorm onreëlmatig.
- B3.9(i).2 (vgl. sketsfige. 83, 90). 'n Kol mosterdgeel gruis langs lyn C3-C4. Planvorm onreëlmatig. Dikte 7 cm. Diepte 135 cm in blok B3. Vorm moontlik deel van vloer B3.9(i).3 of vloer B3.9(ii).1.
- B3.9(i).3 (vgl. sketsfige. 83, 90). 'n Vloer wat bestaan uit mosterdgeel gruis. Oppervlakte baie verweer hoewel op plekke nog plat en glad afgewerk. Planvorm onreëlmatig. Dikte 1 cm tot 2 cm. Diepte wissel van 146 cm in blok B3

tot 115 cm in blok B4. Die vloer omring die borand van klipstruktuur B3.9(i).6 gedeeltelik.

- B3.9(i).4 (vgl. sketsfig. 83; foto 82). 'n Vyselklip-struktuur. Die vyselklip is 27 cm lank en 25 cm breed. Dit het 'n plat horisontale bovlak met 'n vyselholte in. Die holte is 15 cm breed en 10 cm diep. Die klip is in 'n gat geplaas met sy bovlak min of meer horisontaal gelyk met die woonvloer, en dan vasgepak in die gat m.b.v. klein stutklippe. Die vyselklip is middeldeer gekraak en het waarskynlik as gevolg daarvan in onbruik geraak. Diepte 127 cm in blok B3.
- B3.9(i).5 (vgl. sketsfige. 83, 84; foto's 81, 82). 'n Vyselklip-struktuur. Dit bestaan uit 'n vyselklip wat in 'n gat vasgepak is met klein stutklippe. Die vyselklip is 35 cm lank en 25 cm breed. Dit het 'n plat bo-vlak met 'n vyselholte in. Die holte is 15 cm wyd en 9 cm diep. Rondom die vyselklip het die grondlaag opgebou sodat dit hoër as die klip lê. Aan die een kant om die vyselgat is 'n halfsirkelvormige rand van harde, pienk sand. Die sandrand het 'n plat bokant, is 11 cm breed en 11 cm tot 13 cm hoog. Vloere B4.9(i).1 en B4.9(i).3 lê mooi netjies tot teenaan die struktuur en vorm daarmee saam 'n eenheid. Diepte 158 cm in blok B3.
- B3.9(i).6 (vgl. sketsfige. 83, 84; foto's 81, 82). 'n Vyselklip-struktuur. Dit bestaan uit 'n vyselklip wat m.b.v. klein stutklippe vasgepak is in 'n gat. Die vyselklip is ongeveer 30 cm lank en 23 cm breed. Die bo-vlak daarvan is plat met 'n vyselgat wat 12 cm breed en 3 cm diep is. Die vyselklip lê op 'n diepte van 154 cm in blok B3. Vloer B3.9(i).3 omsluit die borand van die vyselklip.
- B3.9(i).7 (vgl. sketsfig. 83; foto's 81, 82). Oorblyfsels van 'n klipstruktuur. Dit bestaan uit 'n plat klip, 38 cm lank en 29 cm breed, wat plat lê op 'n diepte van 148 cm; en kleiner klippe gepak om die rand aan die een kant van die plat klip. Die kleiner klippe staan hoër, d.w.s. ongeveer 135 cm. Hierdie klipkonsentrasie is soortgelyk aan die rangskikking van stutklippe onder en rondom 'n

vyselklip. Vermoedelik was struktuur B3.9(i).7 oor= spronklik 'n vyselklipstruktuur.

- B4.9(i).1 (vgl. sketsfig. 83). 'n Vloer wat bestaan uit rooi, growwe gruis. Oppervlakte op plekke effens plat afge= werk maar verder verweer en ongelyk. Diepte wissel van 145 cm in blok B3 tot 115 cm in blok B4. Dikte 2 cm.
- B5.9(i).1 (vgl. sketsfig. 83). Dit is tekens van as wat oor 'n groot deel van blok B5 strek. Dit is blykbaar deel van 'n versteuring (B5.9(ii).1) in laag 9(ii). Dit het vermoedelik minstens reeds in laag 7 direk daarbo voor= gekom want die rand van vloer B5.7.1 in laag 7 het begin verbrokkel en wegsak langs 'n askol wat in werklikheid 'n gatvormige versteuring kon wees.
- B5.9(i).2 (vgl. sketsfig. 83). Potskerf. Diepte 79 cm in blok B5. Die potskerf lê op klipkonsentrasie B5.9(i).3.
- B5.9(i).3 (vgl. sketsfig. 83). Dit is 'n konsentrasie van 9 groot klippe met kleiner klippies daarby. Die lengte van die klippe wissel van 40 cm tot minder as 10 cm. Diepte van die klippe wissel van 67 cm tot 79 cm. Rangskikking van die klippe is onreëlmatig.
- B5.9(i).4 (vgl. sketsfig. 83). Beenartefak. Diepte 92 cm in blok B5. Dit kom voor in die asagtige versteuring B5.9(i).1.

Opsomming van laag 9(i)

Die opvallendste kenmerk van die laag is die klein konsentrasie van vyselklipstrukture in blok B3. Oorblyfsels van rooi en mosterdgeel gruisvloere kom voor. Sommige vloere sluit teen die vyselklipstruk= ture aan bv. vloere (B3.9(i).3, B4.9(i).1). Een vloer (A3.9(i).1) lê bo-op hutpuin (A3.9(ii).1) van laag 9(ii).

Laag 9(ii) (vgl. sketsfige. 83, 84, 88a, 88b, 89, 90; foto's 83, 84)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan hoofsaaklik uit ligbruin sandgrond en gruisvloere met gebrande hutoorblyfsels. Die hutoorblyfsels het hoofsaaklik voor=

gekom in blokke A3, A4 en A5 maar is grootliks d.m.v. vroeëre opgrawings verwyder. 'n Kol wit as (50 cm lank) kom voor in die middel van blok B4.

Detail

- A3.9(ii).1 (vgl. sketsfige. 83, 88b). 'n Groot kol gebrande muurpuin langs lyn A3-C3. Dit vorm veral 'n dik, prominente laag langs lyn A3-B3. Dit lê onder vloer A3.9(i).1 en word van die vloer geskei deur 'n lagie ligbruin sandgrond wat hoofsaaklik 5 cm tot 7 cm dik is. Die muurpuinlaag is ongeveer 5 cm dik.
- A3.9(ii).2 (vgl. sketsfige. 84, 88b). Dit is oorblyfsels van 'n hutvloer, muurfondasie en verkoolde muurpaaltjies soos volg:
- A3.9(ii).2(1) Dit is 'n vloer wat bestaan uit gruis, nie baie grof nie en nie baie hard gekonsolideer nie. Oppervlakte swart gebrand, afgewerk maar grof en ietwat ongelyk. Die vloer bestaan uit twee lae, elk 3 cm tot 5 cm dik. Diepte wissel van 122 cm tot 126 cm in blok A3. Planvorm sirkelvormig. Die vloer is versteur deur rysmiere.
- A3.9(ii).2(2) Dit is die basis van die hutmuur, bestaande uit verkoolde paaltjies en 'n muurfondasie. Die paaltjies is 2 cm tot 3 cm dik, 3 cm tot 4 cm van mekaar gerangskik en is ingeplant in 'n sirkelvormige fondasiesloot. Die fondasiesloot is onduidelik maar is 5 cm tot vermoedelik ongeveer 10 cm wyd en is opgevol met pienkbruin sand.
- A3.9(ii).3 (vgl. sketsfige. 84, 88b). Vloergedeeltes wat bestaan uit hard gekonsolideerde sand, is egter betreklik brokkelagtig en is swart en geel gebrand. Dikte wissel van 1 cm tot 3 cm. Diepte wissel van 126 cm tot 136 cm in blokke A3 en B3. Planvorm onreëlmatig. Die vloergedeeltes is swart gebrand, lê onder hutpuin (A3.9(ii).1), is versprei rondom hutvloer A3.9(ii).2(1) en is vermoedelik oorblyfsels van 'n woonvloer rondom hut A3.9(ii).2. Die grondoppervlakte is ook swart gebrand rondom die hut waar

- vloer A3.9(ii).3 oënskynlik voor die brand reeds wegverweer het.
- A3.9(ii).4 (vgl. sketsfig. 84). Verkoolde graan in assosiasie met vloer A3.9(ii).3 en muurpuin A3.9(ii).1. Diepte 140 cm in blok A3.
- A3.9(ii).5 (vgl. sketsfig. 84). Verkoolde sade wat lê op vloer A3.9(ii).3. Diepte 130 cm in blok A3.
- A3.9(ii).6 (vgl. sketsfig. 84). Skerwe van vreemsoortige keramiek op vloer A3.9(ii).3. Diepte 130 cm in blok A3.
- B3.9(ii).1 (vgl. sketsfige. 84, 88b, 90). Stukke vloer wat bestaan uit 'n mengsel van growwe, rooi gruis en fyn, mosterdgeel gruis. Redelik hard gekonsolideer. Oppervlakte plat en glad afgewerk. Diepte wissel van 121 cm tot 130 cm. Dikte 2 cm tot 6 cm. Dit wil voorkom asof die stukke vloer oorspronklik 'n enkele, sirkelvormige vloer gevorm het. In die wand van die opgraving langs lyn C3-C4, aan die rand van die vloer, is tekens van 'n fondasie=sloot wat met die vloergruis opgevol geraak het.
- B3.9(ii).2 (vgl. sketsfig. 84). Stuk van 'n keramiekhouer. Diepte 131 cm (in blok B3).
- B3.9(ii).3 (vgl. sketsfig. 84). Verkoolde graan in 'n kol wit as. Diepte 130 cm (in blok B3).
- A4.9(ii).1 (vgl. sketsfige. 83, 89). 'n Groot kol gebrande muurpuin langs lyn B4-B6. Die muur lê op plekke direk op 'n ander (onderliggende) muurpuinlaag wat deel van laag 10 vorm en die twee puinlae is hier arbitrêr van mekaar geskei.
- A4.9(ii).2 (vgl. sketsfig. 84). Prominente stukke vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis. Oppervlakte glad afgewerk maar verweer hoewel enkele gedeeltes grof en ongelyk is. Planvorm onreëlmatig. Dikte wissel van 3 cm tot 6 cm. Diepte wissel van 102 cm in blokke A4 en B4 en 80 cm tot 92 cm in blok B5. Een stuk van die vloer sluit nou aan teen vyselklip-struktuur B3.9(1).5 (soos die geval ook is met vloer B4.9(i).1). Dit lyk

dus asof stukke vloer in lae 9(i) sowel as 9(ii) met dieselfde klipstruktuur geassosieer kan word en dus saam 'n gestratifiseerde eenheid vorm. Die een gedeelte van die vloer is swart gebrand.

- B4.9(ii).1 (vgl. sketsfige. 84, 90). 'n Stuk vloer langs lyn C4-C5. Bestaan uit rooi, growwe gruis. Oppervlakte grof en ongelyk. Dikte 3 cm tot 4 cm. Diepte wissel van 122 cm tot 124 cm in blok B4. Planvorm onreëlmatig. Is moontlik bloot net nog 'n gedeelte van vloer A4.9(ii).2.
- A5.9(ii).1 (vgl. sketsfige. 83, 84). Stukkies vloer. Bestaan uit rooi, growwe gruis. Betreklik bros; oppervlakte grof maar plat afgewerk. Dikte 2 cm tot 4 cm. Diepte 90 cm tot 98 cm in blok A5. Planvorm onreëlmatig; met uitsondering van een stukkie wat reghoekig is, d.w.s. ongeveer 75 cm breed en 10 cm lank.
- A5.9(ii).2 (vgl. sketsfig. 83). 'n Klein kol gebrande hutpuin naby lyn A6-B6. Diepte 100 cm.
- A5.9(ii).3 (vgl. sketsfig. 84). 'n Vloer wat bestaan uit rooi, growwe gruis. Oppervlakte glad afgewerk maar verweer en swart gebrand. Dikte wissel van 3 cm tot 6 cm. Diepte wissel van 82 cm tot 84 cm. Planvorm is sirkelvormig met 'n horisontale deursnee van 147 cm. Dit is waarskynlik 'n hutvloer hoewel merkbare tekens van 'n muurfondasie om die rand van die vloer nie waargeneem kon word nie.
- A5.9(ii).4 (vgl. sketsfig. 84). 'n Gruisvloer, geleë direk onder vloer A5.9(ii).3. Bestaan uit rooi, growwe gruis wat swart gebrand het. Oppervlakte baie mooi en plat afgewerk. Dikte 3 cm tot 6 cm. Diepte wissel van 85 cm tot 90 cm. Planvorm onreëlmatig.
- B5.9(ii).1 (vgl. sketsfige. 84, 88a, 89). Dit is 'n groot gat wat strek oor die grootste gedeelte van blok B5 en 'n aangrensende gedeelte van blok A5. Die gat is gevul met afvalgrond, asgrond, suiwer as, klippe, bene en potskerwe. Hierdie afvalmateriaal is reeds sporadies op=

gemerk in hoërliggende lae en o.a. aangeteken as B5.9(i).1 (vgl. sketsfig. 83). Vgl. ook laag 7: blok B5. Die rand en inhoud van die gat word egter vir die eerste keer duidelik in laag 9(ii). Die bodem van die gat is op bodemrots. Vanaf laag 9(i) opwaarts het die inhoud van die gat vermoedelik 'n effense hoop gevorm wat geleidelik deur die opeenhopende, omliggende lae bedek is. Die beenpunte wat kenmerkend is van laag 2 het vermoedelik hier beland op een of ander manier a.g.v. die sagte, versteurde toestand van die afsetting in en bokant 9(ii).B5.1. 'n Verklaring vir die aanwesigheid van die beenpunte is dat die gat self vanuit laag 2 gegrawe is, vinnig opgevul is tot op die vlak van laag 9(ii) en daarna geleidelik toegeval het en verder opgevul is met afvalmateriaal tot op die uiteindelijke horisontale vlak van laag 2.

- B5.9(ii).2 (vgl. sketsfig. 84). Beenartefak in afvalgat B5.9(ii).1. Diepte 97 cm.
- B5.9(ii).3 (vgl. sketsfig. 84). Beenartefak in afvalgat B5.9(ii).1. Diepte 95 cm.
- B5.9(ii).4 (vgl. sketsfig. 84). Beenartefak in afvalgat B5.9(ii).1. Diepte 110 cm.
- B5.9(ii).5 (vgl. sketsfig. 84). Beenartefak in afvalgat B5.9(ii).1. Diepte 107 cm.

Opsomming van laag 9(ii)

Laag 9(ii) word hoofsaaklik gekenmerk deur gebrande hutpuin (wat 'n skeiding tussen lae 9(i) en 9(ii) vorm), prominente rooi gruisvloere en vyselklippe (wat reeds in laag 9(i) beskryf is). Vloer A5.9(ii).3 is vermoedelik die oorblyfsels van 'n kleinerige hut. Tekens van 'n kleinerige afgebrande hut (A3.9(ii).2) met 'n minimum moontlike deursnee van 1 m kom voor langs lyn A3-B3.

Die groot afvalgat (B5.9(ii).1) waarvan tekens in lae 9(i) en 7 opgemerk is, behoort vermoedelik tot laag 2 omdat die beenpunte (B5.9(ii).2-4) wat daarin voorgekom het, slegs kenmerkend is van laag 2.

Oppervlakte ru, los, onafgewerk. Diepte o.a. 143 cm in blok B3. Dikte wissel baie van 7 cm tot 15 cm en meer. Die gruis omring verkoolde paaltjies (B3.10.3).

- B3.10.3 (vgl. sketsfige. 85, 90). Dit is 'n ry verkoolde paal=stompies, gerangskik in 'n sirkelvormige planvorm wat in wand C3-C4 inloop tot in blok C3. Volgens die sigbare gedeelte van die paaltjies vorm dit 'n sirkel met 'n deur=snee van ongeveer 60 cm. Die paaltjies is 3 cm tot 5 cm dik en 1 cm tot 5 cm van mekaar gerangskik. Gebrande muur=puin kom ook by die paaltjies voor. Dit is waarskynlik die oorblyfsels van 'n klein hutjie. Diepte o.a. 135 cm in blok B3.
- B3.10.4 (vgl. sketsfig. 85, foto's 86 en 87). 'n Konsentrasie potskerwe. Lê op vloer B4.10.1 onder gebrande hutpuin (A4.10.1). Op plekke lê die hutpuin ook onder die potskerwe. Diepte o.a. 167 cm in blok B3.
- B3.10.5 (vgl. sketsfige. 85, 88b). Verkoolde graan. Diepte 140 cm in blok B3.
- B3.10.6 (vgl. sketsfig. 85). Konsentrasie volstruiseierdopkrale. Diepte 146 cm in blok B3.
- B3.10.7 (vgl. sketsfig. 85). Stuk kakebeen. Diepte 147 cm in blok B3.
- B3.10.8 (vgl. sketsfig. 85). Oorblyfsels van pale en verkoolde pale aan die rand van vloer B4.10.1. Die paaltjies is 3 cm tot 5 cm dik en vertoon op plekke 'n reëlmatige rangskikking in 'n min of meer reguit ry met tussenruimtes van 5 cm tot 10 cm tussen die pale. Die paalreeks was oënskynlik 'n soort buitemuur of skermmuur en loop feitlik reghoekig teen hutmuur A4.10.5 vas.
- B3.10.9 (vgl. sketsfig. 85). Twee bene in 'n vertikale posisie teen 'n hutpaal in muur A4.10.5.
- B3.10.10 (vgl. sketsfig. 85). Twee gladde spoelklippe wat lê teen mekaar, teen bene B3.10.9 en teen dieselfde hutpaal in muur A4.10.5 as die bene.
- A4.10.1 (vgl. sketsfige. 85, 90). 'n Omvangryke kol hutpuin wat

Laag 10 (vgl. sketsfige. 85, 88a, 88b, 89, 90; foto's 85-88)

Algemene beskrywing

Laag 10 is die gebrande puin van 'n groot dubbelmuur-hut met prominente gruisvloere en oorblyfsels van daaglikse gebruiksmateriaal in die puinlaag versprei. 'n Dik afsetting ligbruin sandgrond kom veral in die basis van die laag voor.

Detail

- A3.10.1 (vgl. sketsfige. 85, 88b, 89). 'n Vloer wat bestaan uit hard gekonsolideerde, rooi, growwe gruis. Oppervlakte plat, gelyk, grof. Dikte 1 cm tot 2 cm. Diepte 130 cm tot 143 cm in blokke A3 en B3. Planvorm onreëlmatig.
- A3.10.2 (vgl. sketsfige. 85, 89). 'n Vloer wat bestaan uit hard gekonsolideerde, rooi, growwe gruis. Dikte 1 cm tot 3 cm; diepte 141 cm tot 145 cm in blokke A3 en B3. Planvorm onreëlmatig.
- A3.10.3 (vgl. sketsfige. 85, 88b, 89). 'n Vloer wat bestaan uit hard gekonsolideerde, rooi, growwe gruis. Die vloer bestaan uit 6 hernuwingslagies wat onderskeidelik genoem word A3.10.3(1)-(6). Die lagies wissel elk in dikte van 1 cm tot 3 cm; A3.10.3(6) vorm 'n opwaartse ronding waar dit verdik tot 20 cm langs lyn A3-B3. Diepte 130 cm tot 157 cm in blokke A3 en B3. Planvorm onreëlmatig.
- A3.10.4 (vgl. sketsfige. 85, 89). 'n Kol fyn, los, mosterdgeel gruis. Oppervlakte los en ongelyk. Diepte 151 cm.
- A3.10.5 (vgl. sketsfig. 85). 'n Klip met tekens van gebruikswering. Die klip is ongeveer 17 cm lank en 5 cm breed. Lê op vloer A4.10.3.
- B3.10.1 (vgl. sketsfige. 85, 88b). 'n Vloer wat bestaan uit ligrooi, growwe gruis en mosterdgeel gruis. Oppervlakte hard afgewerk maar grof en ongelyk. Dikte 2 cm tot 10 cm. Diepte 128 cm tot 130 cm in blok B3. Planvorm onreëlmatig.
- B3.10.2 (vgl. sketsfige. 85, 88b, 90). 'n Kol growwe, rooi gruis.

strek oor 'n groot deel van laag 10.

- A4.10.2 (vgl. sketsfige. 85, 89; foto's 85, 86). 'n Vloer. Bestaan uit growwe, hard gekonsolideerde, rooi gruis. Oppervlakte bestaan nie meer nie (is moontlik deur latere Mapungubwe-bewoners beskadig. Dit het 'n sirkelvormige planvorm met 'n horisontale deursnee van ongeveer 260 cm. Die vloer is op 'n paar plekke versteur deur latere hutbou-aktiwiteite vanuit hoër liggende lae. Die vloer is baie duidelik die binnevloer van 'n groot dubbelmuur-hut.
- A4.10.3 (vgl. sketsfige. 85, 90; foto's 85, 86). Dit is 'n stuk vloer tussen die twee mure van die hut. Dit bestaan uit 'n mengsel van growwe, rooi en liggeel gruis. Dit is hard gekonsolideer. Die oppervlakte is plat, glad en gelyk afgewerk en swart gebrand. Dikte wissel van 4 cm tot 17 cm. Diepte wissel van 151 cm in blok A3 tot 134 cm in blok B4. Die vloergedeelte se planvorm is 'n gedeelte van 'n sirkel: aan weerskante word dit deur die hutmure omgrens; die een uiteinde is deur vroeëre opgrawers verwyder; die ander uiteinde van die vloer vorm 'n klein afwaartse trap en loop vas teen 'n vyftal paaltjies in struktuur A4.10.6.
- A4.10.4 (vgl. sketsfige. 85, 89; foto 85). Dit is die basis van die binnemuur van die hut en bestaan uit verkoolde paaltjies wat in 'n fondasiesloot ingeplant is. Die paaltjies is 3 cm tot 4 cm dik en meestal 1 cm tot 3 cm van mekaar geplant in die fondasiesloot wat 5 cm tot 8 cm wyd is. Die sloot is verder met ligbruin sandgrond opgevul. Die muur het 'n sirkelvormige planvorm met 'n binneruimte-deursnee van ongeveer 260 cm. Op plekke kom die paal-oorblyfsels nie voor nie - waarskynlik omdat dit nie verkool het of op 'n ander wyse behoue gebly het nie.
- A4.10.5 (vgl. sketsfige. 85, 89; foto's 85, 86). Dit is oorblyfsels van die buitenste hutmuur. Dit bestaan uit 'n reeks gebrande pale wat in 'n sirkelvormige fondasiesloot ingeplant is. Die fondasiesloot is 5 cm tot 10 cm wyd. Die pale is 4 cm tot 7 cm dik (oor die algemeen dikker as dié van A4.10.4) en gespasieer met tussenruimtes van 1 cm tot 5 cm. Die muur omsluit 'n sirkelvormige ruimte met 'n deursnee van

Dit is 2 cm tot 3 cm dik en lê op 'n diepte wat wissel van 132 cm in blok B4 tot 101 cm in blok B5. Op die vloer kom twee trapvormige strukture voor, nl. A5.10.2 en A5.10.3.

- A5.10.2 (vgl. sketsfig. 85). Dit is 'n trapvormige struktuur wat bestaan uit hard gekonsolideerde, mosterdgeel gruis. Dit het 'n baie mooi, plat, glad afgewerkte oppervlakte. Dit het 'n reghoekige planvorm, is sowat 30 cm breed, was oorspronklik minstens 80 cm lank en is 10 cm tot 13 cm hoog. Dit lê met 'n lang sykant buite teen muur A4.10.4. Die bokant lê feitlik horisontaal en vorm 'n effense helling afwaarts weg van muur A4.10.4 af. Die sykante daarvan lê reg vertikaal afwaarts. Die struktuur lê op 'n vloer, (nl. A5.10.7) wat direk onder vloer A5.10.1 lê. Lg. vloer loop teen die struktuur (A5.10.2) vas. Diepte van bovlak is 82 cm tot 91 cm in blok A5.
- A5.10.3 (vgl. sketsfig. 85). Dit is 'n trap wat blykbaar deel vorm van die hut se deur in die buitenste muur. Dit bestaan uit hard gekonsolideerde, glad afgewerkte mosterdgeel gruis. Die trap het 'n langwerpige planvorm wat nie heeltemal reghoekig is nie. Die bovlak daarvan is plat, horisontaal, 10 cm tot 12 cm breed en 50 cm lank. Die lang sykante loop skuins afwaarts na buite sodat die trap aan sy onderkant 20 cm tot 30 cm breed is. Dit is 10 cm hoog. Die trap lê net aan die binnekant van die deur. Aan weerskante daarvan begin die fondasiesloot van muur A4.10.5. Die bovlak van die trap lê op 'n diepte wat wissel van 91 cm tot 95 cm in blok A5. Die trap is gemaak op 'n vloergedeelte (A5.10.7) wat onder vloer A5.10.1 lê. Lg. vloer loop teen die trap vas.
- A5.10.4 (vgl. sketsfige. 85, 88a), asook vloere A5.10.5; A5.10.6. Dit is stukke rooi gruisvloer wat opmekaar lê. Aldrie bestaan uit hard gekonsolideerde, growwe rooi gruis wat plat afgewerk is. Dikte wissel van 1 cm tot 3 cm. Die vloergedeeltes is bloot net hernuwingslae wat voor die hut bo-op vloer A5.10.7 neergelê is - ongeveer 30 cm van die hutingang af loop die vloergedeeltes dood.
- A5.10.7 Dit is oorblyfsels van 'n stuk vloer wat in die hut onder

ongeveer 470 cm. As die deursnee van die hut bereken word vanaf die buitenste muuroppervlakte, beteken dit dus 'n deursnee van naastenby 5 m.

- A4.10.6 (vgl. sketsfig. 85). Dit is 'n ingeslote ruimte tussen die binnemuur (A4.10.4) en buitemuur (A4.10.5) van die hut. Verkoolde paalstompies sluit dit af van vloere A4.10.3 en A5.10.1 wat weerskante daarvan lê. Dit het geen vloer nie, slegs 'n swart gebrande grondoppervlakte. 'n Klip, enkele bene, enkele potskerwe asook 'n hoeveelheid verkoolde sade (B4.10.5 en B4.10.6) lê rond. Dit het die voorkoms van die stutfondasie van 'n soort rak, platvorm of stoorryimte.
- A4.10.7 (vgl. sketsfig. 89). 'n Vloer wat bestaan uit hard gekonsolideerde, rooi gruis. Dikte 2 cm tot 8 cm. Oppervlakte plat afgewerk. Die vloergedeelte lê onder laag 10(ii), langsaan laag 10(iii) en bo-op laag 10(iv). Planvorm onreëlmatig.
- A4.10.8 (vgl. sketsfig. 89). 'n Stuk vloer wat bestaan uit hard gekonsolideerde rooi gruis. Oppervlakte plat afgewerk. Dikte 7 cm tot 15 cm. Dit lê in laag 10(iv), direk onder vloer A4.10.6.
- A4.10.9 (vgl. sketsfig. 89). Vloer. Bestaan uit rooi gruis, oppervlakte plat afgewerk. Planvorm onreëlmatig. Lê in laag 10(iii).
- A4.10.10 (vgl. sketsfig. 89). Vloer wat bestaan uit rooi gruis. Oppervlakte plat afgewerk. Planvorm onreëlmatig. Lê onder laag 10(iii).
- A5.10.1 (vgl. sketsfige. 85, 89). Dit is 'n vloergedeelte wat bestaan uit hard gekonsolideerde mosterdgeel gruis. Die vloer is beskadig d.m.v. fondasieslote wat vanaf hoër- liggende lae deur latere hutbouers gemaak is. Die vloergedeelte is ook geleë tussen die twee hutmure, (nl. A4.10.4 en A4.10.5) en vorm dus saam met vloer A4.10.3 'n enkele groter vloer tussen die twee hutmure. Die twee vloergedeeltes bestaan egter uit verskillende tipes gruis en word van mekaar geskei deur die ongeïdentifiseerde struktuur B4.10.6. Die vloer se oppervlakte is plat en glad afgewerk.

vloer A5.10.1 begin en by die hut se uitgang uitloop tot onderdeur vloere A5.10.4, A5.10.5 en A5.10.6. Dit bestaan uit growwe, hard gekonsolideerde rooi gruis met 'n plat afgewerkte oppervlakte. Dit wissel in dikte van 2 cm tot 8 cm. Ongeveer 30 cm voor die hutingang vorm dit 'n effense trapvormige verdikking wat skuins afdaal weg van die hut af. Vloere A5.10.4, A5.10.5 en A5.10.6 loop teen hierdie trappie dood. Vloer A5.10.7 verteenwoordig 'n vroeëre vloeroppervlakte.

- A5.10.8; A5.10.9; A5.10.10; A5.10.11 (vgl. sketsfig. 88a). Dit is stukke gruisvloere wat opmekaar lê en bestaan uit hard gekonsolideerde, plat afgewerkte, growwe rooi gruis. Die vloergeedeeltes is hernuwingslae vir 'n woonvloer buitekant die hut en loop dood teen trap A5.10.14. Dikte wissel van 1 cm tot 3 cm.
- A5.10.12 'n Stukkie vloer direk onder vloer A5.10.7, voor die ingang van die hut. Bestaan uit rooi, growwe gruis. Dit is blykbaar 'n hernuwing van vloer A5.10.13 en is dan ook 'n latere hernude oppervlakte van trap A5.10.14. Dit is 1 cm tot 2 cm dik.
- A5.10.13 'n Stukkie rooi, growwe, hard gekonsolideerde gruisvloer met 'n plat afgewerkte oppervlakte. Dit lê voor die hut, onder vloer A5.10.12 en word daarvan geskei deur 'n lagie (2 cm dik) ligbruin sandgrond. Vloer A5.10.13 is 1 cm tot 2 cm dik en was op 'n stadium die oppervlakte van trap A5.10.14.
- A5.10.14 Dit is 'n soort trap, vermoedelik oorspronklik voor die hutdeur gemaak. Dit bestaan uit growwe, rooi gruis. Dikte 10 cm tot 15 cm. Dit lê direk op vloer A5.10.16 en is opgebou teen 'n rooi gruisopbouing (A5.10.15) wat ook op vloer A5.10.16 lê.
- A5.10.15 (vgl. sketsfig. 89). Dit is 'n dik opbouing van growwe, rooi gruis op vloer A5.10.7. A5.10.15 is duidelik 'n soort opvulling waarop vloer A5.10.1 neergelê is. Direk langs aan lê 'n dik laag ligbruin, fyn sandgrond (laag 10(ii)) wat ook as 'n opvulling of 'n onderlaag vir die

- oorliggende vloere (A5.10.2, A5.10.3 ens.) gedien het.
(Die sandgrond is afsonderlik verwyder as laag 10(ii)).
- A5.10.16 (vgl. sketsfig. 89). 'n Vloer wat bestaan uit rooi, growwe, hard gekonsolideerde gruis. Oppervlakte afgewerk. Die vloer is nie plat nie - dit styg en daal heelwat. Dikte 2 cm tot 5 cm.
- A5.10.17 'n Stuk vloer wat bestaan uit rooi, growwe gruis. Oppervlakte plat, effens ongelyk. Dikte 2 cm tot 10 cm. Die vloer lê onder vloer A5.10.11 maar word van lg. geskei deur 'n lagie ligbruin sandgrond (3 cm tot 6 cm dik).
- A5.10.18; A5.10.19; A5.10.20. Dit is klein stukke rooi gruisvloer wat opmekaar lê direk onder vloer A5.10.17. A5.10.18 bestaan uit baie growwe gruis. Dikte wissel van 2 cm tot 5 cm. Die onderste gedeelte (A5.10.20) lê op 'n kleinerige kol wit as. Die vloergedeeltes lê in 'n laag ligbruin sandgrond wat onder vloer A5.10.16 lê en wat arbitrêr as laag 10(iv) verwyder word.
- A5.10.21 (vgl. sketsfig. 85). Twee stukke potskerwe op vloer A5.10.1. Diepte onderskeidelik 94 cm en 98 cm in blok A5.
- A5.10(iv).1 'n Keramiekbak wat in laag 10(iv) direk onder vloer A5.10.16 voorkom.
- B4.10.1 (vgl. sketsfige. 85, 90; foto 87). 'n Vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis wat geel en swart gebrand is. Hard gekonsolideer maar brokkelagtig. Die oppervlakte is plat en glad afgewerk maar ongelyk op 'n paar plekke. Die vloer sluit netjies aan teen hutmuur A4.10.5 en muur B3.10.8 en is duidelik 'n buitevloer gedeeltelik agter die hut. Dikte 2 cm tot 5 cm. Diepte 160 cm in blok B3 tot 141 cm in blok B4.
- B4.10.2 (vgl. sketsfige. 85, 90). 'n Stuk vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis. Hard gekonsolideer. Oppervlakte netjies plat, glad afgewerk en vaalwit verkleur. Planvorm gedeelte van 'n sirkel. Dikte 4 cm tot 6 cm. Diepte 148 cm tot 152 cm.
- B4.10.3 (vgl. sketsfige. 85, 90). Stukke vloer wat bestaan uit rooi, growwe gruis. Hard gekonsolideer. Oppervlakte plat

en gelyk afgewerk maar grof van aard. Dit het nie 'n duidelike reëlmatige planvorm nie. Waar die vloer lê langs lyn C4-C5 by punt C5, vorm dit 'n skuins trappie wat hard en glad afgewerk is en ongeveer 7 cm hoog is. 'n Gedeelte van die vloer sluit netjies teen die buitenste hutmuur (A4.10.5) aan. Teen die sykant van die hut vorm dit 'n trappie (wat grootliks beskadig is) wat 6 cm hoog is en regaf sykante het.

B4.10.4 (vgl. sketsfig. 85; foto 87). Oorblyfsels van 8 tot 9 verkoolde pale wat parallel langs mekaar op vloer B4.10.3 lê. Die pale wissel in dikte van 4 cm tot 8 cm en in lengte van 15 cm tot 185 cm. Die pale het groewe van 1 cm diep in die vloer afgedruk asof daar 'n groot gewig op die pale gerus het. Die oppervlakte van die pale vertoon plat vlakke parallel met die lengte daarvan asof dit met 'n skerp voorwerp so afgewerk is. Diepte 132 cm tot 141 cm in blok B4.

B4.10.5 (vgl. sketsfig. 85). Verkoolde saad in area A4.10.6 in die hut. Diepte 142 cm in blok B4.

B4.10.6 (vgl. sketsfig. 85). Verkoolde sade in area nr. A4.10.6 in die hut. Diepte 145 cm in blok B4.

Opsomming van laag 10

Die basis van laag 10 word gevorm deur ligbruin sandgrond wat arbitrêr onderverdeel is in lae 10(iv) en 10(iii) en wat oorblyfsels van enkele rooi gruisvloere bevat. Bo-op hierdie sandgrond lê stukke rooi gruisvloer (A4.10.8 en A4.10.7). Lg. vloere is op hulle beurt weer bedek met 'n laag sandgrond (laag 9(ii)) wat vermoedelik 'n gelyk basis is vir die groot hut daar bo-op. Die helfte van die hut en die onderliggende lae is deur vroeër opgrawers verwyder sonder dat dit gedokumenteer is.

Die hutoorblyfsels vorm die boonste deel van laag 10 en bestaan uit 'n massa gebrande muurpuin, sirkelvormige muurfondasies met trappe, gruisvloere binne die hutmure asook buite-om die hut. Die planvorm van die hut bestaan uit 'n sirkelvormige binnemuur wat 'n binneruimte

van ongeveer 260 cm omsluit; en 'n sirkelvormige buitemuur wat 'n ruimte (binnemuur ingesluit) van ongeveer 470 cm omsluit. Die bou= tegniek het o.a. bestaan uit die oprigting van paalmure in smal fondasieslote en wat dan afgepleister is met sanderige klei. Gruis= vloere in en om die hut is hierna neergelê en hard gestamp. Die vloere vorm lae trappies in en om die hut. In die deur van die buitemuur is 'n lae trappie gemaak. Die buitevloere voor en agter die hut is tot soveel as 7 keer hernu d.m.v. gruisvloergedeeltes wat bo-oor die ouer, verweerde vloere aangebring is.

Aan die sykant van die hut kom buitevloere voor wat tot teen die hut gemaak is en gedeeltelik om die hut loop tot feitlik agter die hut. Hier loop buitevloer B4.10.1 vas teen 'n dwarsmuur (B3.108) wat feitlik reghoekig teen die hut aangebou is. 'n Prominente konsentra= sie potskerwe (B3.10.4) en die platlêende verkoolde pale (B4.10.4) lê op die buitevloer (B4.10.1).

In die ongeïdentifiseerde struktuur A4.10.6 wat deel van die hut ge= vorm het, kom bene en verkoolde saad voor.

Die gebrande muurpuin van die hut lê baie prominent oor die vloere en ander oorblyfsels in die laag.

Laag 11 (vgl. sketsfige. 86, 87, 88a, 88b, 89, 90; foto's 89-92)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan hoofsaaklik uit prominente gruisvloere en oorblyfsels van minstens drie kleinerige hutte waarvan twee afgebrand het en daar= mee die laag afgesluit het. Oorblyfsels van paalmure wat nie dié van bg. hutte is nie, kom voor. Onder hierdie vloere en gebrande puin kom daar op plekke 'n sandlaag voor wat enkele stukkies gruisvloere bevat. Die laag lê direk op rotsbodem. Onder die hutpuin A5.11.1 bestaan laag 11 uit los, ligbruin sandgrond, los stukke rooi gruisvloer wat in allerlei posisies (o.a. skuins en vertikaal) lê, baie bene, pot= skerwe e.a. afval. Vyselholtes (minstens 2) kom voor in die rotsbodem onder laag 11.

Detail

- A3.11.1 (vgl. sketsfige. 86, 88b, 89; foto 89). 'n Prominente kol gebrande muurpuin in blok A3. Dit lê vanaf lyn A3-B3 tot langs muur A3.11.4. Dit is duidelik die puin van een of meer paalmure wat met 'n dik laag klei afgepleister was.
- A3.11.2 (vgl. sketsfige. 86, 88b). 'n Reeks paalgaatjies en een verkoalde paaltjie langs lyn A3-B3. Dit vorm 'n gedeelte van 'n sirkelvormige muurfondasie. Die sirkel was vermoedelik 150 cm in deursnee. In die paalgaatjies is daar tekens van wit, erg vergane hout. Die paaltjies was oorspronklik 2 cm tot 3 cm dik en is gespaseer met tussenruimtes van 1 cm tot 8 cm. Die paaltjies was deur die puinlaag bedek maar het self nie tot in die fondasie verkoal nie. Langs lyn A3-B3 is daar 'n sanderige pleistering om die paaloorblyfsels sigbaar. Die paaltjies is ingeplant in 'n fondasiesloot wat ongeveer 20 cm diep en 5 cm tot 8 cm wyd is. A3.11.2 is moontlik die muur van 'n hut wat waarskynlik 'n ruwe gruisvloer (A3.11.9) gehad het. Die grondoppervlakte wat vloer A3.11.9 bedek binne die fondasiesirkel is swart gebrand, sanderig en ongelyk.
- A3.11.3 (vgl. sketsfige. 86, 88b; foto 89). Halfsirkelvormige slootjie, 6 cm tot 8 cm breed en 6 cm diep. Gevul met gebrande muurpuin.
- A3.11.4 (vgl. sketsfige. 86, 89; foto 89). 'n Reeks verkoalde paaltjies en drie paalgaatjies. Dikte wissel van 1,5 cm tot 6 cm. Die paaltjies is onreëlmatig gerangskik met tussenruimtes van 5 cm tot minder as 1 cm. Geen duidelike tekens van 'n kleifondasie kom voor nie, maar die paaltjies lê só in die gebrande muurkleistukke dat dit lyk na oorblyfsels van 'n paalmuur wat met sanderige klei afgepleister is. Dit was 'n stuk muur met 'n effens geboë planvorm. Diepte 175 cm tot 195 cm in blok A3.
- A3.11.5 (vgl. sketsfig. 86; foto 89). 'n Reeks paalgaatjies met 'n min of meer reguit planvorm. Die paalgaatjies is 2 cm tot 4 cm wyd en 2 cm tot 6 cm ver van mekaar gerangskik.
- A3.11.6 (vgl. sketsfig. 86). Verkoalde saad. Diepte 182 cm in blok A3.
- A3.11.7 (vgl. sketsfig. 86). 'n Klein konsentrasie potskerwe.

- Diepte 182 cm. Lê in gebrande muurpuin A3.11.1.
- A3.11.8 (vgl. sketsfig. 86). Verkoolde graan. Diepte 164 cm. Lê in hutpuin A3.11.1.
- A3.11.9 (vgl. sketsfig. 87). Stukkie rooi gruisvloer. Planvorm onreëlmatig. Diepte 207 cm in blok A3. Is waarskynlik die vloer van die hutjie waarvan hutfondasie A3.11.2 die muurbasis was.
- B3.11.1-3 Oorblyfsels van 'n gebrande hut.
- B3.11.1 (vgl. sketsfig. 86). Gebrande muurpuin in blok B3.
- B3.11.2 (vgl. sketsfige. 86, 89; foto 92). Dit is die oorblyfsels van verkoolde paaltjies en paalgaatjies van 'n hut met 'n sirkelvormige planvorm in blok B3. Die deursnee van die plansirkel is ongeveer 190 cm. Die paaltjies is ingeplant in 'n fondasiesloot van 10 cm breed. Dit blyk dat paaltjies wat ongeveer 4 cm dik was, ongeveer 20 cm tot 50 cm ver van mekaar in die fondasiesloot aan die binnekant van die muur ingeplant is. Buite-om teenaan hierdie pale is daar 'n reeks van pale digter opmekaar ingeplant. Lg. was 2 cm tot 5 cm dik en is 2 cm tot 10 cm ver van mekaar gespasieer. Die muurfondasie het nie volledig behoue gebly nie.
- B3.11.3 (vgl. sketsfig. 87; foto 92). Dit is die vloer van die hut in blok B3. Bestaan uit fyn sand, geel tot swart gebrand en baie brokkelagtig. Oppervlakte afgewerk maar effens ongelyk en gedeeltelik wegverweer. Dikte 1 cm tot 3 cm. Diepte 199 cm. Op die vloer lê 'n konsentrasie gebrande bene; ook enkele potskerwe (B3.11.5) en verkoolde saad (B3.11.6).
- B3.11.4 (vgl. sketsfig. 86). 'n Reeks paalgaatjies, gerangskik in die vorm van 'n gedeelte van 'n sirkel, 3 cm tot 5 cm wyd, 5 cm tot 10 cm van mekaar gespasieer. Geleë aan die binnekant van B3.11.2 maar die verband daarmee is nie duidelik nie.
- B3.11.5 (vgl. sketsfig. 87; foto 92). K2-agtige potskerwe onder hutpuin B3.11.1, op vloer B3.11.3.

- B3.11.6 (vgl. sketsfig. 87). Verkoalde sade oral uit die hutpuin op vloer B3.11.3.
- B3.11.7 (vgl. sketsfig. 87; foto 92). 'n Konsentrasie gebrande bene, onreëlmatig versprei, onder die hutpuin B3.11.1. op vloer B3.11.3.
- B3.11.8 (vgl. sketsfig. 86; foto 91). 'n Konsentrasie bene wat in 'n vertikale posisie ingeplant is in sandgrond langs lyn B3-C3. Die bene is onreëlmatig versprei en is bedek met gebrande muurpuin. Diepte 160 cm tot 170 cm in blok B3.
- B3.11.9 (vgl. sketsfig. 86). 'n Gedeelte van 'n klipsirkel sigbaar langs lyn C3-C4. Bestaan uit 'n reeks plat klippe wat in 'n vertikale posisie teenmekaar ingeplant is in die vorm van 'n sirkel. Sirkeldeursnee ongeveer 120 cm. Die binnekant van die sirkel opgevul met ligbruin sandgrond tot pienkbruin sand. Breedte van klippe naastenby 20 cm tot 40 cm. (Word in situ op 'n trap gelaat en met plastiek en grond bedek vir latere volledige opgraving).
- B3.11.10 (vgl. sketsfig. 86). 'n Reguit reeks van sewe verkoalde paaltjies; 2 cm tot 4 cm dik, 2 cm van mekaar gerangskik. Geleë langs klipstruktuur B3.11.9.
- B3.11.11 (vgl. sketsfig. 86). 'n Ystervoorwerp, geleë langs klipstruktuur B3.11.9.
- B3.11.12 (vgl. sketsfige. 86, 90). Stukke vloer langs lyn C3-C5. Bestaan uit rooi, growwe gruis. Oppervlakte verweer en op plekke swart gebrand. Planvorm onreëlmatig.
- B4.11.1 (vgl. sketsfige. 86, 89). Gebrande muurpuin wat gedeeltelik op vloer A4.11.2 en gedeeltelik op rotsbodem lê. Langs lyn B4-B6 is die hutpuin tot 20 cm dik op vloer A4.11.2.
- B4.11.2 (vgl. sketsfig. 87). 'n Klein stukkie vloer wat bestaan uit rooi, growwe gruis in blok B4. Die stukkie vloer lê aan die een kant daarvan op 'n diepte van 169 cm, waarvan dit 'n konkawe afdaling vorm tot op 'n diepte van 176 cm. Dit lê op vloer A4.11.5.
- B4.11.3 (vgl. sketsfige. 86, 90). 'n Stuk vloer. Bestaan uit fyn, mosterdgeel gruis. Betreklik hard gekonsolideer. Opper-

vlakke plat, glad afgewerk. Planvorm onreëlmatig. Dikte 3 cm tot 4 cm. Diepte 159 cm in blok B4.

- B4.11.4 (vgl. sketsfig. 87). Klein kolletjies swart gebrande grond met stukkies houtskool en stukkies groen, vergane koper op rotsbodem. Dit lyk of koper hier verwerk is.
- A4.11.1 (vgl. sketsfig. 86). Gebrande muurpuin. Lê op vloere A4.11.2 en A4.11.5.
- A4.11.2 (vgl. sketsfige. 87, 89). 'n Groot stuk vloer wat bestaan uit rooi, growwe gruis. Redelik hard gekonsolideer. Oppervlakke afgewerk maar grof en effens ongelyk. Oppervlakte rooi tot swart gebrand. Planvorm onreëlmatig. In blok A4 grens die een sykant van die vloer aan 'n harde, ligbruin sandstrook (A4.11.3). Dikte 2 cm tot 3 cm. Diepte 184 cm in blok A4 tot 162 cm in blok B5. Die vloer word van rotsbodem geskei deur 'n lagie ligbruin sandgrond. 'n Dik muurpuinlaag (A4.11.1) lê op die vloer.
- A4.11.3 (vgl. sketsfige. 86, 87, 89). 'n Strook baie harde, ligbruin sand, 12 cm tot 13 cm breed, grens aan die een sykant van vloer A4.11.2. Diepte 172 cm. Staan tot 10 cm hoër as die vloer self. 'n Paalgat kom daarin voor - dit suggereer die moontlikheid van 'n soort muurbasis.
- A4.11.4 (vgl. sketsfige. 86, 87, 89). 'n Boogvormige reeks paalgaatjies in 'n fondasiesloot. Die paalgaatjies is 2 cm tot 5 cm van mekaar gespaseer. Die fondasiesloot is 10 cm wyd.
- A4.11.5 (vgl. sketsfige. 87, 88b). 'n Vloer wat bestaan uit baie growwe, rooi gruis. Redelik hard gekonsolideer. Oppervlakke grof en ongelyk. Planvorm onreëlmatig. Dit is 'n vloer wat strek oor gedeeltes van blokke A3, B3, A4 en B4. Dikte 3 cm tot 4 cm. Diepte 170 cm in blok B3 tot 177 cm in blok A4.
- Naby lyn B3-C3 vorm die vloer 'n skuins trap wat vanaf 'n diepte van 188 cm afdaal na 'n diepte van 200 cm in die rigting van lyn B4-C4. Hier het die vloer se rand ook 'n sirkelvormige planvorm, asof dit vroeër buite teen die muur van 'n hut aangelê was.

- A4.11.6 (vgl. sketsfig. 87). 'n Klein keramiekvoorwerp. Lê in wit as in 'n vlak holte in steriele sandgrond onder vloer A4.11.2. Diepte 202 cm in blok A4.
- A4.11.7 (vgl. sketsfig. 87). Klipwerktuig op vloer A4.11.2.
- A5.11.1 (vgl. sketsfig. 86). Gebrande muurpuin.
- A5.11.2 (vgl. sketsfig. 86, 87). Oorblyfsels van 'n hutmuurfondasie. Bestaan uit 'n reeks paalgaatjies in 'n fondasiesloot. Die paalgaatjies is 2 cm tot 3 cm wyd en 5 cm tot 10 cm van mekaar gespasieer. Die fondasiesloot is 10 cm tot 15 cm wyd en het 'n sirkelvormige planvorm met 'n deursnee van 150 cm. Die paalgaatjies bevat die wit, erg vergane oorblyfsels van paaltjies wat op plekke in blok B5 tot in laag 10(iv) opwaarts strek. Die lae is hier deurmekaar en moeilik om te volg. Met uitsondering van vloergedeelte A5.11.4 kom definitiewe aanduidings van 'n vloer wat spesifiek 'n hutvloer kan wees, in hierdie hutoorblyfsels voor. Lg. hoort vermoedelik tot laag 10(iv).
- A5.11.3 (vgl. sketsfig. 87). 'n Stuk vloer wat bestaan uit rooi, growwe gruis. Hard gekonsolideer. Oppervlakte plat en glad afgewerk. Planvorm onreëlmatig. Dikte 2 cm tot 4 cm. Diepte 155 cm tot 175 cm.
- A5.11.4 (vgl. sketsfig. 87). Klein stukkie rooi gruisvloer binnekant hutmuursirkel (A5.11.2).

Opsomming van laag 11

Laag 11 is die onderste laag van die afsetting en lê direk op rotsbodem en op kolle steriele sand wat op die rotsbodem lê. Laag 11 loop op plekke vas teen die opwaartse helling van die rotsbodem.

Laag 11 bestaan onderlangs op plekke uit ligbruin sandgrond wat kolletjies wit as en houtskool asook enkele stukkies rooi gruisvloere bevat. Onder hutpuin A5.11.1 bestaan die laag uit 'n deurmekaarspul van ligbruin sandgrond, stukke opgebreekte gruisvloer, bene en potskerwe. Bo-oor hierdie onderste sandgrondlaag kom op plekke 'n uitgebreide gruisvloer (A4.11.5) voor.

Bo-oor vloer A4.11.5 in blok B4 is 'n hut (met 'n deursnee van naasten= by 2 m) gebou. Die hut het 'n muur (B3.11.2) en 'n dun sandvloer (B3.11.3) gehad. Op die vloer het heelwat bene (B3.11.7), verkoolde sade (B3.11.6) en potskerwe (B3.11.5) gelê. Die hut het afgebrand. Om die hut is gruisvloere (A4.11.2, B4.11.2) gelê.

In blok A3 is oorblyfsels van 'n dik paal-en-kleimuur (A3.11.4) en die mure van 'n klein hutjie (A3.11.2) wat albei ook afgebrand het.

Langs lyn B4-B6 en in blok A5 is oorblyfsels van 'n hutfondasie (A5.11.2) wat vermoedelik tot laag 10(iv) behoort (vgl. sketsfig. 89), en 'n dik laag gebrande muurpuin (B4.11.1) wat op gruisvloer A4.11.2 lê. Lg. vloer lê feitlik in die basis van laag 11.

Rekonstruksie en interpretasie van die stratifikasie in opgrawing Mk 1

Die afsetting lê op 'n ongelyk rotsbodem en 'n lagie steriele sand wat op plekke op die rotsbodem lê. Die afsetting bestaan in hoofsaak uit 5 fases.

1. Die oudste hooflaag, -stratum of bewoningsfase word verteenwoordig deur laag 11.

Op die plekke waar die rotsbodem laer lê as op ander plekke, het 'n ligbruin sandgrondlaag opgebou direk op die rotsbodem asook op die steriele sand wat op die rotsbodem lê. Die ligbruin sandgrond-laag bevat kolle wit en liggrys as met houtskool. Enkele stukkies van rooi gruisvloere of -lagies kom in die sandgrond voor.

Oor 'n groot deel van hierdie sandgrondlaag, d.w.s. in blokke A3, B3, A4 en B4, is 'n rooi gruisvloer (A4.11.5) neergelê. Die vloer het nie 'n definitiewe planvorm nie en was klaarblyklik 'n buitevloer rondom boustrukture. Moontlik het daar op punt B3 'n hutagtige struktuur met 'n sirkelvormige planvorm gestaan aangesien die vloer (A4.11.3) se rand hier 'n egalige konkawe ronding vertoon.

Klein kolletjies met swart gebrande grond, houtskool en erg vergane koperkorrels (B4.11.4) in blok B3 dui moontlik daarop dat koper-rumateriaal hier m.b.v. een of ander verhittingstegniek verwerk is. Die grond is hier egter deur termiete versteur.

Gruisvloer B4.11.5 het gedeeltelik met ligbruin sandgrond bedek geraak en is ander gruisvloer-gedeeltes bo-oor gelê. Hoewel gedeeltes van vloer B4.11.5 waarskynlik tog nog in gebruik was (bv. in blokke A3 en A4) is daar langs lyn B4-C4 'n kleinerige hut bo-op die vloer gebou. Dié hut was ongeveer 2 m in deursnee en het bestaan uit 'n muur (B3.11.2) van dun paaltjies wat met sanderige klei afgepleister was, 'n dun, brokkelagtige sandvloer (B3.11.3) en vermoedelik 'n koniese grasdak. Daar was geen tekens van 'n deuropening wat behoue kon gebly het nie. Op die hutvloer (B3.11.3) het verkoolde sade, (B3.11.6), gebrande bene (B3.11.7) en stukke van 'n bekeragtige, K2-agtige keramiekhouer (B3.11.5) gelê. Die hut staan dus in verband met voedselreste en was moontlik 'n eetplek. Terwyl dié hut in gebruik was, was daar ook etlike ander boustrukture in gebruik, nl. die lae sirkelvormige klipstruktuur (B3.11.9) by punt C3; die paalmuurtjie (B3.11.10) daar langsaan; die eienaardige regopstaande bene (B3.11.8) langs lyn B3-C3; die dik paal- en kleimuur (A3.11.4) waarteen vloer A4.11.5 aansluit in blok A3; die sirkelvormige paal- en kleimuur (A3.11.2) wat waarskynlik deel van 'n hut was langs lyn A3-B3; en 'n paal- en kleimuur waarvan slegs die dik laag gebrande puin op vloer A4.11.2 langs lyn B4-B6 gevind is. Hierdie strukture was gelyktydig gebruik en dié wat uit pale of pale en klei bestaan het, het gelyktydig afgebrand.

Dit is moontlik dat die ligbruin sandgrond onder vloer A4.11.5 in werklikheid 'n ouer laag kan wees as dié bokant die vloer.

2. Die tweede hooflaag bestaan uit laag 10(i), 10(ii), 10(iii) en 10(iv). In die omgewing van lyn A5-C5 het 'n laag ligbruin sandgrond (laag 10(iv)) opgebou op die gebrande muurpuin van laag 11. Die sirkelvormige muurfondasie (A5.11.2) in blok A5 is waarskynlik vanuit laag 10(iv) tot in die muurpuin van laag 11 gegrawe. Die muurfondasie is dié van 'n hut wat mure van pale en klei gehad het en 'n deursnee van naastebly 170 cm gehad het. Die hut het in onbruik geraak, is vernietig en gruisvloer A4.10.7 is daar bo-oor gelê (vgl. sketsfig. 89).

Langsaan vloer A4.10.7 het 'n sandgrondlaag (laag 10(iii)) opgebou op vloer A4.10.10 en later tot op vloer A4.10.9. Lg. vloer lê bokant vloer A4.10.10 en is dus jonger (vgl. sketsfig. 89).

Laag 10(ii) bestaan uit ligbruin sandgrond wat deels arbitrêr van

laag 10(iii) geskei word en deels bo-op vloer A4.10.7 lê. Laag 10(ii) is waarskynlik gedeeltelik 'n natuurlike opbouing van 'n sandgrondlaag en gedeeltelik 'n laag wat kunsmatig deur mense neergelê is om te dien as basis van die vloere wat daar bo-op lê. Op vloer A4.10.7 lê laag 10(ii) tot 20 cm dik en loop dit vas teen die vertikale sykant van 'n rooi gruis-opbouing (A5.10.16). Lg. gruis-opbouing is later sywaarts vergroot deur nog 'n dik laag rooi gruis (A5.10.15) daar teenaan neer te lê.

Op hierdie rooi gruis-opbouings en laag 10(ii) is daar 'n groot hut in 'n dig opeenvolgende reeks gruisvloere opgebou. Naby punt C3 langs lyn C3-C4 is 'n klein hutjie gebou. Die sandgrond om en tussen die digte opeenvolging van gruisvloere is as laag 10(i) verwyder.

Die groot hut het oorspronklik 'n horisontale deursnee van feitlik 5 m gehad. Dit het bestaan uit 'n buitenste muur (A4.10.5) met 'n sirkelvormige planvorm, bestaande uit paaltjies wat naby mekaar in 'n fondasiesloot ingeplant is en met sanderige klei afgepleister is. In die middel van hierdie sirkelvormige ruimte wat sodoende gevorm is, was 'n tweede sirkelvormige muur (A4.10.4) wat 'n kleiner ruimte omsluit het, d.w.s. ongeveer 270 cm. In die sykant van die hut tussen die twee mure, was 'n ongeïdentifiseerde struktuur (A4.10.6) wat o.m. uit regopstaande paaltjies bestaan het. Vermoedelik was dit 'n soort platvorm of rak. Verkoolde sade en enkele stukke been het gelê op die grondoppervlakte binne hierdie struktuur, waar daar dan ook geen gruisvloer voorkom nie. Origens bestaan die vloervlak tussen die twee mure uit 'n rooi gruisvloer (A4.10.3) met 'n lae trappie in die agterkant van die hut en 'n mosterdgeel gruisvloergedeelte (A5.10.1) in die voorkant van die hut. In die binneruimte van die hut lê 'n dik gruisvloer (A4.10.2). Die deur in die buitemuur het bestaan uit twee dik pale wat die deurkosyne gevorm het en 'n platvormagtige trap (A5.10.3) wat die drumpel aan die binnekant gevorm het. Buitevloere voor die hut (bv. A5.10.11) is herhaaldelik hernu (vloere A5.10.10 tot A5.10.4). Aan die agterkant van die hut is die oorspronklike buitevloer (A3.10.6) insgelyks hernu met 'n vertikale opeenvolging van latere vloere (A3.10.5 tot A3.10.1).

Aan die sykant van die hut is 'n buitemuur (B3.10.8) reghoekig teen die hut vasgebou, vermoedelik om die area agter die hut of aan die

sykant van die hut af te skerm. Vanaf hierdie skermmuur strek stukke buitevloer (B4.10.1, B4.10.3) teenaan om die hut na die voorkant van die hut toe. Hierdie lg. vloere was klaarblyklik dié van 'n leefruimte of binneplaasruimte waar daaglikse dagtake uitgevoer is. Die dwarslêende pale (B4.10.4) was vermoedelik 'n soort platvorm of rak. Die potskerfkonsentrasie (B3.10.4) is oorblyfsels van keramiekhouders wat vermoedelik in gebruik was voordat die hut afgebrand het.

Die klein hutjie (B3.10.3) langs lyn C3-C4 was vermoedelik 'n stoorhutjie wat verband gehou het met die groot hut. Die funksie van die groot hut was tot dusver nog nie duidelik nie.

Hierdie bewoningsfase is beëindig met die afbrand van die hutte.

3. Die derde hooflaag word gevorm deur lae 9(i) en 9(ii). Die skeiding tussen lae 8, 9(i), 9(ii) en 10 is op plekke nie duidelik nie. In hoofsaak is laag 9(i) en 9(ii) 'n laag wat bestaan uit gruisvloere en gebrande muurpuin. Op plekke lê die gebrande muurpuin van laag 9 en dié van laag 10 direk opmekaar en kan dit moeilik van mekaar onderskei word.

Gruisvloer A4.9(ii).2 lê bo-op die gebrande muurpuin van laag 10 en skei lae 9 en 10 dus op hierdie punt. Langs lyn B5-B6 skei vloere A4.9(ii).1 en A4.9(ii).4 die hutpuin van lae 9 en 10 van mekaar.

Vloer A5.9(ii).3 het 'n redelik reëlmatige sirkelvormige planvorm en was waarskynlik die vloer van 'n hut met 'n horisontale deursnee van ongeveer 150 cm. Hoewel gebrande muurpuin op die vloer self lê, is daar geen tekens van 'n gebrande muurfondasie nie. Dit kan òf beteken dat die hut in onbruik geraak het en die mure dus nie meer bestaan het nie, sodat die muurpuin dié van 'n ander boustruktuur was; òf die hut was tog nog in gebruik, maar die mure het nie tot op die fondasie afgebrand nie.

Vloer B3.9(ii).1 op punt C3 is vermoedelik min of meer net so oud as vloer A5.9(ii).3. Die oorblywende gedeeltes van vloer B3.9(ii).1 vertoon eweneens 'n sirkelvormige planvorm.

Langs lyn A3-B3 is die oorblyfsels van 'n afgebrande enkelmuur-hut wat 'n deursnee van ongeveer 3 m moes gehad het. Die gebrande muur=

puin van die hut lê op die gruisvloer (A3.9(ii).2(1) van die hut en ook daaromheen. In hierdie muurpuin kom verkoolde graan (A3.9(ii).4) en ander sade (A3.9(ii).5) voor wat dui op 'n assosiasie tussen die hut A3.9(ii).2 en gedomestikeerde plantvoedsel. Die verkoolde graan is vermoedelik fyngestamp in die vysselklippe (B3.9(i).4, B3.9(i).5, B3.9(i).6) daar naby. Die vloergedeelte (A4.9(ii).2) wat aansluit teen die vysselklip (B3.9(i).5) in blok B3 dui waarskynlik op 'n verbintenis tussen sommige van hierdie vysselklippe en vloergedeeltes uit laag 9(ii). Die vysselklippe hou ook baie duidelik verband met laag 9(i). In laag 9(i) is vloergedeeltes B4.9(i).1 en B3.9(i).3 netjies tot teen die vysselklippe aangebou terwyl vysselklip B3.9(i).5 gedeeltelik netjies omrand is met 'n boogvormige, harde sandstrook. Die afbrand van hutstruktuur A3.9(ii).2 en ander boustrukture het die bewoning van laag 9 beëindig.

4. Die vierde hooflaag bestaan uit lae 7 en 8. Dit word veral gekenmerk deur die aanwesigheid van liggeel en rooi gruisvloere wat nog steeds voorkom; die gebruik van mosterdgeel gruis vir vloere (wat in die ouer lae 'n skaars verskynsel is); en ook die aanwesigheid van platvormagtige klipstrukture.

In laag 8 kom 'n aantal vloergedeeltes voor wat of bestaan uit suiwer rooi, liggeel of mosterdgeel gruis, of rooi gruis wat gemeng is met mosterdgeel gruis. Die vloergedeeltes vertoon almal 'n onreëlmatige planvorm met uitsondering van vloer A5.8.1. Lg. vloer is duidelik dié van 'n sirkelvormige hutstruktuur. Aan die rand van vloer A5.8.1 kom daar aan die een kant tekens van enkele paaltjies voor - dit was waarskynlik 'n enkelmuur-hut met 'n horisontale deursnee van ongeveer 210 cm.

Langsaan hutvloer A5.8.1 lê drie plat klippe bymekaar met wit askolle aan weerskante (B5.8.3) en die oorblyfsels van 'n gebreekte pot (B5.8.1) deels bo-op die een klip. Vermoedelik was die klippe 'n soort platvorm of pakplek vir kleipotte ens. wat vir kookdoeleindes gebruik is. Die askolle was vermoedelik vuurmaakplekke. Langs lyn B3-C3 kom 'n konsentrasie bene, klippe en potskerwe (B4.8.5) voor wat daarop dui dat afvalmateriaal hier weggegooi is.

Die kleipot (B3.8.4) naby hoek C3 is vermoedelik 'n stoorhouer wat in

'n gat in die woonoppervlakte geplaas is. Dit het later in onbruik geraak en vloer B3.8.1 is gedeeltelik bo-oor gelê.

Dit wil dus voorkom asof voedsel en vloeistowwe hier in laag 8 geberg (B3.8.4) en gekook (B5.8.1, B5.8.3) is, terwyl die voedselreste e.a. huishoudelike afval (B4.8.5) ook hier weggegooi is.

In laag 7 bestaan die vloere uit die volgende materiaal: Vloer A3.7.1 bestaan uit rooi gruis. Vloer B5.7.2 bestaan uit liggeel gruis. Vloere B3.7.1, B4.7.1(1) en B5.7.1 bestaan uit mosterdgeel gruis. Vloer B5.7.1 is 'n dun maar harde en goed afgewerkte vloer wat aan die een sykant daarvan 'n reëlmatige, effens geboë rand vorm asof dit teenaan 'n muur neergelê is. Die klem lê in hierdie laag op mosterdgeel gruisvloere. Daarbenewens behoort die platvormagtige klipstrukture B3.6.1 en B3.6.2 tot hierdie laag. 'n Opvallende verskynsel is die konsentrasie bene tussen die stutte van elke platvorm net onder die horisontale platvormblad. Die sandgrondlaag in laag 6 bedek net-net die oppervlaktes van die twee klipstrukture.

5. Die vyfde oudste hooflaag wat gevorm is, bestaan uit lae 4, 5 en 6. Dié hooflaag verskil van die vierde hooflaag bloot net in dié opsig dat daar in die vyfde hooflaag net vloere van mosterdgeel gruis voorkom - dus geen rooi en liggeel gruisvloere nie.

Die vyfde hooflaag word gekenmerk deur grotere, harde, mosterdgeel gruisvloere en die aanwesigheid van die platvormagtige klipstruktuur B3.2.17.

Vloer B4.6.1 in laag 6 lê direk bokant vloer B4.5.1 in laag 5 en albei is redelik harde mosterdgeel gruisvloere met 'n planvorm wat oorspronklik sirkelvormig moes gewees het. Minstens een van die twee vloere het vermoedelik behoort tot 'n dubbelmuur-hut. Van die vloere en hutmuurfondasies het daar egter nie veel behoue gebly nie.

In laag 6 het die plat, horisontale oppervlaktes ("bladgedeeltes") van die platvormagtige klipstrukture B3.6.1 en B3.6.2 sigbaar geword. In die basis van laag 5 lê 'n stuk mosterdgeel gruisvloer (B3.5.1) op klipstruktuur B3.6.1 en sluit netjies aan teen klipstruktuur B3.2.17. In die basis van laag 4 lê vloer B3.4.2(i) netjies tot teenaan klipstruktuur B3.2.17. Dit lyk of dié klipstruktuur tydens die vorming

- A3.6.1 (vgl. sketsfige. 79, 88b). Stukkie mosterdgeel gruisvloer langs lyn B3-A3. Planvorm onseker (slegs 'n klein gedeelte sigbaar). Diepte 78 cm in blok A3. Dikte 2 cm.
- A3.6.2 (vgl. sketsfig. 79). Enkele stukkies mosterdgeel gruisvloer. Die meeste stukke lê skuins, asof dit tesame met los grond neergegooi is. Diepte 78 cm. Was moontlik deel van vloer A3.6.1.
- A3.6.3 (vgl. sketsfig. 79). Konsentrasie klippe by punt B3. Diepte wissel van 70 cm tot 85 cm in blokke A3 en B3. Verspreiding van die klippe is onreëlmatig.
- B3.6.1 (vgl. sketsfige. 79, 90; foto 80). 'n Soort ruwe klip-plat-vorm. 'n Aantal plat klippe lê onreëlmatig gerangskik teenmekaar bo-op 'n aantal stutklippe. Dit strek gedeeltelik tot onder klipstruktuur B3.2.17. Horisontale deursnee van B3.6.1 is ongeveer 150 cm. Diepte wissel van 97 cm tot 104 cm in blok B3. Ligbruin, sagte sandgrond en heelwat onreëlmatig verspreide bene kom voor onder die platlêende klippe. Volgens die diepte van die struktuur en die bene daarbinne t.o.v. die omliggende lae, lyk dit asof die struktuur tydens die vorming van laag 7 gebruik moes gewees het.
- B3.6.2 (vgl. sketsfige. 79, 88b; foto 95). 'n Soort ruwe klipplatform langs lyn C3-B3. Dit bestaan uit platlêende plat klippe wat van onder af gestut word deur regopstaande langwerpige klippe. Die horisontale deursnee van die platform is ongeveer 80 cm. Die lengte van die regopstaande klippe is tot ongeveer 25 cm. Onder die platlêende klippe, d.w.s. tussen die regopstaande klippe, bestaan die grond uit sagte, ligbruin sandgrond met heelwat onreëlmatigverspreide bene. Die regopstaande klippe dring deur mosterdgeel gruisvloere in laag 7 en op plekke selfs laag 8. Volgens die hoogte van die klipstruktuur in verhouding tot die lae, blyk dit dat die struktuur slegs tydens die vorming van laag 7 of laag 6 of albei gebruik moes gewees het. Diepte van die struktuur 78 cm tot 80 cm.
- B3.6.3 (vgl. sketsfige. 79, 90). Stuk mosterdgeel gruisvloer langs lyn C3-C4. Oppervlakte baie verweer. Planvorm onreëlmatig.

van lae 5 en 4 in gebruik was.

Laag 4 word ook gekenmerk deur die voorkoms van grotere mosterdgeel gruisvloere, bv. vloer B3.4.2 wat oor 'n groot deel van die afsetting strek. 'n Eienaardige verskynsel is die groot, halfsirkelvormige askol wat klipstruktuur B3.2.17 omring.

6. Die sesde en jongste hooflaag bestaan uit lae 1, 2 en 3 en word gekenmerk deur dun, brokkelagtige mosterdgeel gruisvloere. Laag 3 kom feitlik net voor in blokke A3 en B3. Laag 2 strek oor al die blokke en word benewens enkele stukkies mosterdgeel gruisvloere ook gekenmerk deur 'n onreëlmatige klipstruktuur (B3.2.11) waarvan die funksie nie duidelik is nie, en 'n groot getal beenpunte en beentussenskagte. Heelwat klippe, bene en potskerwe is deur die laag versprei.

In blok B5 is 'n konsentrasie van klein klippe (B5.6.1) wat ook in die oppervlakte van laag 6 voorkom (aangesien lae 3, 4 en 5 nie tot hier strek nie, is laag 6 die laag wat hier in blok B5 direk onder laag 2 lê). Onder hierdie klipkonsentrasie is die groot gat (B5.9(ii).4) wat as en afvalmateriaal bevat. Die gat is eers later in laag 9(ii) duidelik waargeneem, maar die aanwesigheid van beentussenskagte of -punte (wat slegs kenmerkend van laag 2 is) dui op die waarskynlikheid dat die gat vanuit laag 2 gegrawe en opgevul is; en dat die klipkonsentrasie B5.6.1 bo-oor gevorm is en gevolglik ook met laag 2 verband hou.

Laag 1 vorm die verweerde oppervlakte van die afsetting.

4.3 OPGRAWING MK 3

Algemeen (vgl. sketsfige 3, 91)

In die ingestorte wand aan die oostelike rand van Gardner se opgraving is die randgedeeltes van dun, mosterdgeel gruisvloere in situ sigbaar. Omdat hierdie gedeelte van die afsetting die mees belowende stratifikasie relatief na aan die graf-area is, is besluit om 'n opgraving hier uit te voer. Hierdie opgraving is genoem Mk 3.

Die opgraving word uitgemeet aan die kant van Gardner se opgraving. Dit neem die vorm aan van 'n toets sloot van 3 m x 6 m, opgedeel in twee blokke van 3 m x 3 m. Die lang sy van die toets sloot op die rand van die opgraving word genoem lyn B; en die lang sy verder weg word lyn A genoem. Lyn A is die basislyn met punt A1 en A3 as basispunte (vgl. sketsfig. 91).

Die opgraving van Mk 3 word voorlopig beperk tot 'n strook van 1 m breed langs lyn B1-B3. Die binnerand van hierdie strook wat parallel met lyn B1-B3 lê, word genoem B1/A1-B3/A3; in die middel waar die lyn gesny word deur lyn A2-B2 word die kruispunt genoem B2/A2.

Die ligging van die huidige grondoppervlakte onder die horisontale meetlyn B1/A1-B3/A3 is 9 cm op punt B1/A1, 45 cm op punt B2/A2 en 82 cm op punt B3/A3.

Laag 1 (vgl. sketsfige. 92a, 96)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin, fyn sandgrond. Die laag word gegrawe tot op 'n arbitrêre diepte van 15 cm onder die grondoppervlakte. In blok A2 vertoon die basis van die laag baie klipperig.

Laag 2 (vgl. sketsfige. 92b, 96)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan ook uit ligbruin, fyn sandgrond. Dit is egter effens

stewiger gekompakteer as laag 1. Twee goue krale benewens enkele ander kulturele voorwerpe kom in die laag voor.

Detail (vgl. sketsfig. 92)

- Al.2.1 'n Kleipot in situ. Die bekrand daarvan word in laag 2 sigbaar. Dit is vermoedelik 'n stoorhouer wat in die grond geplaas is en behoort dan tot laag 2.
- Al.2.2 Beenwerktuig 40 cm vanaf lyn B1/A1-B2/A2 en 80 cm vanaf lyn B2/A2-B2. Diepte 59 cm.
- Al.2.3 Stukkies skilpaddop 45 cm vanaf lyn B1/A1-B2/A2 en 85 cm vanaf lyn B1-B1/A1. Diepte 56 cm.
- A2.2.1 'n Sandkol (in blok A2) wat ligter van kleur en fyner is as die omliggende afsetting. 'n Konsentrasie klippe kom ook hier voor.

Laag 3 (vgl. sketsfige. 92c, 93a, 96)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin, fyn sandgrond. Heelwat onreëlmatig verspreide klippe kom in die laag voor.

Detail (vgl. sketsfige. 92c, 93a, 96)

- Al.3.1 'n Aantal beenfragmente tussen die klippe langs lyn B1-B2. Diepte 148 cm.
- Al.3.2 Mosterdgeel gruisvloer langs lyn B1-B1/A1. Diepte 58 cm tot 60 cm. Dikte 3 cm. Planvorm onreëlmatig. Oppervlakte plat, effens ongelyk en bedek deur wit aanpaksel.
- A2.3.1 'n Sagte sandkol in blok A2.
- A2.3.2 Potskerwe. Diepte 83 cm.
- A2.3.3 Mosterdgeel gruisvloer. Planvorm onreëlmatig. Diepte wissel van 93 cm tot 113 cm. Dikte 2 cm tot 3 cm. Oppervlakte plat afgewerk en ongelyk.
- A2.3.4 Konsentrasie onreëlmatig verspreide klippe op vloer A2.3.3.

Laag 4 (vgl. sketsfige. 93b-c, 94a, 96)

Algemene beskrywing

Laag 4 is so dik dat dit deels arbitrêr onderverdeel word, veral op vlakke waar vloergedeeltes voorkom. Dit word onderverdeel in lae 4(i); 4(ii) en 4(iii).

Laag 4(i) (vgl. sketsfige. 93b, 96)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit fyn, ligbruin sandgrond. In blok A2 lê die laag op 'n vloer (A2.4(i).1).

Detail (vgl. sketsfige. 93b, 96)

A2.4(i).1 Gedeeltes van 'n mosterdgeel gruisvloer. Planvorm onreëlmatig. Dikte 2 cm tot 3 cm. Diepte 110 cm tot 132 cm. Oppervlakte ongelyk.

Laag 4(ii) (vgl. sketsfige. 93c, 96)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit fyn, ligbruin sandgrond. In blok A1 kom 'n aantal onreëlmatig verspreide klippe voor.

Detail (vgl. sketsfige. 93c, 96)

A2.4(ii).1 Gedeeltes van 'n mosterdgeel gruisvloer. Planvorm onreëlmatig. Diepte 138 cm tot 156 cm. Dikte 2 cm tot 3 cm. Oppervlakte ongelyk.

Laag 4(iii) (vgl. sketsfige. 94a, 96)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit fyn, ligbruin sandgrond.

Detail (vgl. sketsfige. 94a, 96)

A1.4(iii).1 Gedeeltes van 'n mosterdgeel gruisvloer. Planvorm: slegs enkele onreëlmatige fragmente sigbaar. Dikte 2 cm tot 3 cm. Diepte 103 cm tot 124 cm.

A2.4(iii).1 Gedeeltes van 'n mosterdgeel gruisvloer. Planvorm: slegs enkele onreëlmatige fragmente sigbaar. Dikte 2 cm tot 3 cm. Diepte 122 cm tot 170 cm.

Laag 5 (vgl. sketsfige. 94b, 96)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin, fyn sandgrond.

Detail (vgl. sketsfige. 94b, 96)

A1.5.1 Mosterdgeel gruisvloer. Planvorm onreëlmatig. Dikte 3 cm. Diepte 113 cm tot 119 cm. Oppervlakte plat en glad afgewerk maar verweer. Die vloer is hard gekompakteer.

A1.5.2 Stukkies mosterdgeel gruisvloer. Diepte 144 cm.

A2.5.1 Stuk mosterdgeel gruisvloer. Dikte 6 cm. Diepte 165 cm tot 172 cm. Planvorm onreëlmatig. Hard gekompakteer. Oppervlakte plat en grof.

A2.5.2 Stukkies mosterdgeel gruisvloer. Oppervlakte plat en glad afgewerk met witterige aanpaksel. Dikte 3 cm tot 5 cm. Diepte 158 cm.

Laag 6 (vgl. sketsfige. 94c, 96)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin, fyn sandgrond.

Detail (vgl. sketsfige 94c, 96)

A1.6.1 Mosterdgeel gruisvloer. Hard gekonsolideer. Oppervlakte plat, glad afgewerk en swart gebrand. Dikte 2 cm tot 3 cm. Diepte 123 cm tot 140 cm. Planvorm onreëlmatig.

- A1.6.2 Stuk vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis. Die gruis is redelik los, d.w.s. nie hard gekompakteer nie. Dit het nie 'n plat of afgewerkte oppervlakte nie. Dikte 8 cm. Diepte 125 cm tot 130 cm. Sluit by vloer A1.6.1 aan en vorm waarskynlik saam daarmee 'n enkele woonvloer.
- A2.6.1 'n Vloer wat bestaan uit fyn, mosterdgeel gruis. Die gruis is baie hard gekonsolideer. Oppervlakte hard, plat afgewerk en swart gebrand. Dikte 2 cm tot 10 cm. Diepte 153 cm tot 181 cm.
- A2.6.2 Klein konsentrasie bene en potskerwe. Diepte 164 cm.
- A2.6.3 Verkoolde sade. Diepte 162 cm tot 175 cm.

Laag 7 (vgl. sketsfige. 95, 96)

Algemene beskrywing

Die laag bestaan uit ligbruin sandgrond.

Detail (vgl. sketsfige. 95, 96)

- A1.7.1 'n Kol hard gekompakteerde gruis. Oppervlakte plat afgewerk. Dikte 4 cm. Diepte 135 cm tot 140 cm. Planvorm onreëlmatig.
- A2.7.1 Stukke vloer wat bestaan uit growwe, rooi gruis gemeng met growwe, liggeel gruis. Fyn, mosterdgeel gruis kom hier en daar voor. Die vloer bestaan op plekke uit twee lae. Die gruis is hard gekonsolideer. Die oppervlakte is ongelyk. Dikte 2 cm tot 5 cm. Diepte 174 cm tot 190 cm.

Steriele bodem

Onder laag 7 is 'n laag steriele ligbruin tot rooi sandgrond wat heelwat verweerde sandsteenstukke bevat. Onder hier laag lê soliede rotsbodem.

Interpretasie en rekonstruksie van die stratifikasie in Mk 3

Die afsetting bestaan in sy geheel uit ligbruin sandgrond wat min

kulturele materiaal bevat. Geen oorblyfsels van hutte was in die lae aanwesig nie hoewel verskeie vloergedeeltes 'n aanduiding gee van die posisie wat die afsetting hier in die stratigrafiese chronologie van Mapungubwe inneem.

Die aanwesigheid van rooi gruisvloergedeeltes in laag 7 en rooi sowel as mosterdgeel gruisvloergedeeltes in lae 6 en 5 skep die indruk dat hierdie lae min of meer behoort tot die tweede laaste bewoningsfase van Mapungubwekop en Suidelike Terras.

Die dun mosterdgruisvloere van lae 4 tot 1 sowel as die aanwesigheid van die beenwerktuig ("linkshaft") nr A1.2.2 plaas hierdie lae chronologies in die laaste bewoningsfase van Mapungubwe.

'n Direkte stratigrafiese verband tussen die afsetting van Mk 3 en die graf-area bestaan nie meer nie (dit is in die dertigerjare verwyder). Tog wil dit voorkom asof slegs die afsetting van hoofsaaklik die laaste bewoningsfase die rotsplate bedek het waar die grafte in die dertigerjare opgegrawe is. Slegs nadat die afsetting gedurende die laaste bewoningsfase op die klipplate gevorm het, was die grond diep genoeg om grafte daarin te grawe.